UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LITURGIE AS ONTMOETINGSRUIMTE.

## Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure.

JACO BARNARD

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

# Liturgie as ontmoetingsruimte.

## Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure.

Deur

Jaco Barnard

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike vervulling van die vereiste vir die graad MTh in die

Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

aan die Universiteit van Pretoria

September 2016

Studieleier: Prof. Cas Wepener



© University of Pretoria

**OPGEDRA AAN:**

My vrou, Erika, en my ouers, Johan en Estelle Barnard, in en deur wie ek elke dag God ontmoet.

Aan my Abba Vader vir Wie ek bo alles liefhet.

Laus Deo Semper



© University of Pretoria

**VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID**
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Die Departement van Praktiese Teologie lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word.

Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook 'n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit 'n ander outeur se werk (bv. 'n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in 'n effense gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of 'n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur 'n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplagieerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir 'n beslissing. Plagiaat word as 'n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u 'n student in die Departement Praktiese Teologie is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name: Ds. Jaco Barnard

Studentenommer: 16303182

Onderwerp van werkstuk: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure.



© University of Pretoria

**Verklaring**

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.

2. Ek verklaar dat hierdie verhandeling my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.

3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.

4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

**HANDTEKENING:** Jaco Barnard



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology


## OPSOMMING

Die navorsing wil vanuit ŉ studie van liturgie as veld binne die Praktiese Teologie die rol van ontmoetings binne die erediens en daaglikse kerkwees verken. Die navorsing fokus op drie ontmoetings: Eerstens, die ontmoeting tussen God en mens. Tweedens, ontmoetings met mekaar (waar lidmate deel word van mekaar se stories en lewenswerklikhede). Derdens, ontmoetings met die samelewing (die missionale gerigtheid van ons gemeentewees, waar lidmate in aanraking gebring word met die nood in ŉ stukkende wêreld en hulle gestuurdheid daarheen besef).

Die navorsing ondersoek die impak van hierdie *ontmoetings* op Christelike identiteit en gepaardgaande lewenswyse. Daar gaan vanuit die oortuiging te werk dat liturgie en lewe ten nouste verbonde is en die voorgestelde ontmoetings uiteindelik nie alleen lidmate wil behou nie, maar hulle leefstyl in Suid-Afrika wil vorm binne 'n voortgaande oorgangsproses. Dit is vanuit hierdie ontmoetings dat nuwe lewenswerklikhede moontlik word wat ŉ impak op die individu, gemeente en samelewing kan maak.

Die studie sluit empiriese navorsing, waar die eredienservarings (ten opsigte van die fokus-ontmoetings) van lidmate vanuit ŉ  gemeente in die noorde van Pretoria, na afloop van die gemeente se primêre erediens en die impak daarvan op hul identiteit en lewe verken word, in. Met hierdie empiriese navorsing as hulpmiddel, verken die navorsing die belangrikheid van hierdie ontmoetings binne die erediens, met die doel om die lewensimpakterende potensiaal van die erediens en ons daaglikse kerkwees tot sy volle reg te laat kom.


**Sleutelbegrippe:**

Liturgie, erediens, aanbidding, ritueel, ruimte, identiteit, ontmoetings, sosiaal kapitaal en missionaal.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faculty of Theology


## ABSTRACT

This research, with its focus on liturgy as a field inside practical theology, investigates the role of *encounters* during the Sunday sermon as well as the sermon of our daily lives. Three encounters are identified and studied. Firstly, the personal encounter between the individual and God. Secondly, encounters between people (where individuals share in each others stories and realities). Thirdly, encounters with the world and society (the missional encounters with the world in need).

This research aims to study the impact of these *encounters* upon Christian identity and the subsequent way of life. The starting point for this research comes from the conviction that liturgy and life are deeply related to one another and that these encounters will therefore not only help maintain church members, but also shape their lives within a unique South African society which is in a continuous transitional phase. These *encounters* are not only necessary, but also needed to facilitate possibilities for new life realities, which in turn will help shape individual, congregational and societal lives.

The research also includes emperical research where the experiences (with regards to the identified encounters) of church members after a traditional sermon, as well as the impact (or lack thereof) on their lives are observed. The findings serves as a valuable resource in determining the possible impact of *encounters* during the sermon, with the goal of maximising the life-changing potential of church sermons.



**Key words:**

Liturgy, sermon, worship, ritual, space, identity, encounters, social capital, missional.




© University of Pretoria

**INHOUDSOPGAWE:**

**BLADSY**

**OPSOMMING** 6

**ABSTRACT** 7

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

1.1 Navorsingsprobleem 15
1.2 Titel 23
1.3 Metodologie 26
1.4 Skema 27
1.5 Kernbegrippe 29
1.5.1 Liturgie 29
1.5.2 Aanbidding 29
1.5.3 Erediens 30
1.5.4 Ritueel 30
1.5.5 Ruimte 31
1.5.6 Identiteit 31
1.6 Beperkinge tot hierdie navorsing 32
1.7 Samevatting 33

## HOOFSTUK 2

## LITURGIE AS ONTMOETINGSRUIMTE: 'n TEORETIESE EN METODOLOGIESE VERTREKPUNT

2.1 Inleiding 34
2.2 Terminologiese verkenning van Liturgie 35
2.3 Historiese lyne in die ontwikkeling van die Liturgie 36



© University of Pretoria

2.3.1 Die Nuwe Testamentiese Tydperk: 'n Tyd van liturgiese eenvoud 37

2.3.2 Die Derde eeu: Eenvoud begin plek maak vir tradisie 38

2.3.3 Die Vierde eeu: Staatsgodsdiens & rigiede eenvormigheid 39

2.3.4 Die Middeleeue: Nuwe vorms, maar ook liturgiese misbruike 41

2.3.5 Die Reformasie: Liturgie van die lewe 43

2.3.6 Onlangse verwikkelinge: Terug na die bronne 45

2.4 Eietydse tendense en uitdagings rondom die liturgie 46

2.4.1 Van "Blended worship" na Konvergensie-liturgie 47

2.4.2 Afrika-Renaissance: Terug na die kulturele wortels 50

2.4.2.1 Die taal van die liggaam 51

2.4.2.2 Die taal van die geesteswêreld 51

2.4.2.3 Die taal van materialisme 51

2.4.2.4 Die [letterlike] taal van die Bybel 52

2.4.2.5 Die taal van genesing 52

2.4.3 Liturgiese tendense binne die NG Kerk 53

2.4.3.1 Transformerende ontmoetingsruimte 53

2.4.3.2 Feestelike ontmoetingsruimte 54

2.5 Ontmoetings binne die liturgie 55

2.6 Liturgie as ruimte 57

2.7 Samevatting 58



© University of Pretoria

## HOOFSTUK 3

### ONTMOETINGS TUSSEN GOD EN MENS: DIE ROL VAN GODSBEELDE IN DIE VERSTAAN VAN IDENTITEIT AS BEELD VAN GOD


| | |
|---|---|
| 3.1 Inleiding | 60 |
| 3.2 Hoe God ons ontmoet | 61 |
| 3.2.1 God ontmoet ons deur Sy Woord | 62 |
| 3.2.2 God ontmoet ons in die erediens | 62 |
| 3.2.3 God ontmoet ons in die sakramente | 63 |
| 3.2.4 God ontmoet ons deur ander gelowiges en die kerk as liggaam van Christus | 64 |
| 3.2.5 God ontmoet ons in dade van gehoorsaamheid en diens | 65 |
| 3.2.6 God ontmoet ons in gebed | 65 |
| 3.2.7 God ontmoet ons op 'n spesiale manier in tye van swaarkry, hartseer en lyding | 66 |
| 3.3 Godsbeelde en Attribute in die liturgie | 67 |
| 3.3.1 God van die verbond: God wat inisiërend optree | 68 |
| 3.3.2 God as Skepper en Herskepper: God wat transformerend optree | 69 |
| 3.3.3 God as Verlosser en Heelmaker: God wat versoenend optree | 70 |
| 3.4 Van Godsbeelde na beeld van God | 71 |
| 3.4.1 Die mens as beeld van die Verbondsgod | 74 |
| 3.4.2 Die mens as beeld van die Skeppergod | 76 |
| 3.4.3 Die mens as beeld van die versoenende God | 77 |
| 3.5 Samevatting | 78 |




© University of Pretoria

## HOOFSTUK 4

### ONTMOETINGS MET MEKAAR: VAN 'n INDIVIDUELE NA 'n GEMEENSKAPLIKE VERSTAAN VAN CHRISTELIKE IDENTITEIT.

4.1 Inleiding 80

4.2 Koinonia: Van sosiale identiteit na gemeenskapsidentiteit 82

4.2.1 Social Identity Theory: Op die weg na 'n kollektiewe verstaan van identiteit 83

4.2.2 Koinonia: Ontmoetings met die oog op Christelike gemeenskap 85

4.3 Die rol van sosiale kapitaal in die vorming van koinonia 86

4.3.1 Die rol van liturgie en ritueel in die vorming van sosiale kapitaal 87

4.3.2 Die sosiale dimensie van liturgie en ritueel 89

4.3.3 Die rol van leierskap in die vorming van sosiale kapitaal 92

4.4 Sosiale geheue en identiteit: Ons is wie/wat ons onthou 94

4.5 Samevatting 96

## HOOFSTUK 5

### ONTMOETINGS MET DIE SAMELEWING: DIE KERK [EN GELOWIGE] SE IDENTITEIT AS GESTUURDES

5.1 Inleiding 99

5.2 Missio Dei: Van 'n ontmoeting met die God "wat stuur" na die verstaan van die kerk [en elke gelowige] se identiteit as "gestuurde" 101

5.2.1 Teologiese begronding 101

5.2.2 Die Missio Dei binne 'n Suid-Afrikaanse kerklike- en samelewingskonteks 102

5.2.2.1 Missio Dei en eskatologie 104



© University of Pretoria

5.2.2.2 Missio Dei en verlossing 105

5.3 ʼn Missionale ekklesiologie: Die volgende tree op ons ondersoek na ʼn lewensimpakterende Christelike identiteit en lewenswyse 106

5.4 Missionale liturgie: Die rol van liturgie as ruimte waar die mens die nood in die wêreld ontmoet, en sy/haar rol as gestuurde na die wêreld ontdek. 111

5.4.1 Nie missionalisties nie, maar missionaal 112

5.4.2 Opregte Bybelse gasvryheid 113

5.4.3 Teologies & Antropologies 113

5.4.4 ʼn Verskeidenheid van 'heilige' ruimtes 113

5.4.5 Inkulturasie & Interkulturasie 114

5.4.6 Biddende gemeenskap 114

5.4.7 Lewende gemeenskap 115

5.4.8 Ervaringsgegrond 115

5.4.9 Deelnemend & Interaktief 116

5.4.10 Die gebruik van narratief 116

5.5 Samevatting 117

## HOOFSTUK 6

**EMPIRIESE ONDERSOEK: IN GESPREK MET LIDMATE OOR HUL EREDIENS ERVARINGS.**

6.1 Inleiding 119

6.2 Metode van empiriese ondersoek 120

6.3 Biografiese inligting met betrekking tot die deelnemende gemeente 122

6.4 Enkele observasies met betrekking tot die erediens en liturgie 123

6.4.1 Liturgiese ruimte 123



© University of Pretoria

6.4.2 Liturgiese verloop 123

6.5 Die erediens as ontmoetingsruimte: In gesprek met gewone lidmate 128

6.5.1 Fokuspunte in die gesprek 128

6.5.2 Liturgie as ontmoetingsruimte 129

6.5.3 Ontmoetings tussen God en mens 133

6.5.4 Ontmoetings met mekaar 136

6.5.5 Ontmoetings met die samelewing 138

6.6 Samevatting 140

## HOOFSTUK 7

### SAMEVATTENDE OPMERKINGS AS WEGWYSERS VIR DIE TOEKOMS

7.1 Inleiding 142

7.2 Deskriptief-Empiriese taak: Wat is besig om te gebeur? 144

7.3 Interpretatiewe taak: Waarom is dit besig om te gebeur? 146

7.4 Normatiewe taak: Wat is veronderstel om te gebeur? 146

7.4.1 Ontmoetings tussen God en mens 148

7.4.2 Ontmoetings met mekaar 150

7.4.3 Ontmoetings met die samelewing 151

7.4.4 Die verband tussen die ontmoetings 152

7.5 Pragmatiese taak: Hoe moet ons reageer op wat besig is om te gebeur? 154

7.6 Slotopmerkings 154

BIBLIOGRAFIE 158



© University of Pretoria

ADDENDUM A: INGELIGTE TOESTEMMING VANAF DIE BESTUURSRAAD VAN DIE DEELNEMENDE GEMEENTE 182

ADDENDUM B: INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 1 184

ADDENDUM C: INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 2 186

ADDENDUM D: INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 3 188

ADDENDUM E: INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 4 190

ADDENDUM F: INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 5 192

ADDENDUM G: TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 1 194

ADDENDUM H: TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 2 202

ADDENDUM I: TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 3 207

ADDENDUM J: TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 4 214

ADDENDUM K: TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 5 225



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 NAVORSINGSPROBLEEM

*If you have a new world,*

*you need a new church.*

*You have a new world!*

(Brian D. McLaren in *Church on the other side*)

Die politieke oorgang na ŉ regering van nasionale eenheid in April 1994 het ŉ definitiewe oorgangstyd vir kerk en samelewing in Suid-Afrika te weeg gebring. Hierdie oorgangstyd het nie net radikale skuiwe in die onderwys, en op sosiale en plaaslike bestuursvlak beteken nie, maar die kerk ook genoodsaak om nuut te dink oor die kerk (en elke gelowige) se rol daarbinne (Burger 1995:13; Vos & Pieterse 1997:131-138). Hierdie oorgangstyd staan ook bekend as die liminale fase. Victor Turner verduidelik dat ŉ oorgangsritueel uit drie fases bestaan, naamlik: losmaking, liminaliteit en herintegrasie. Turner verduidelik hierdie fases as volg:

> The first phase (of separation) comprises symbolic behavior signifying the detachment of the individual or group either from an earlier fixed point in the social structure, from a set of cultural conditions (a 'state'), or from both. During the intervening 'liminal' period, the characteristics of the ritual subject (the 'passenger') are ambiguous; he passes through a cultural realm that has few or none of the attributes of the past or coming state. In the third phase (reaggregation or reincorporation), the passage is consummated. The ritual subject, individual, or corporate, is in a relatively stable state once more and, by virtue of this, has rights and obligations vis-à-vis others of a clearly defined and 'structural' type; he is expected to behave in accordance with certain customary norms and ethical standards binding on incumbents of social position in a system of such positions (Turner 1969:94-95).

Turner verduidelik dat die tweede fase die periode van liminaliteit is, en gekenmerk word as ŉ oorgangstyd waardeur ŉ toestand van *communitas* bereik kan word. Die fases voor en na liminaliteit staan bekend as *societas* en word gekenmerk deur struktuur en orde. *Communitas* daarenteen is ŉ ongestruktureerde periode van onsekerheid en oorgang (Turner 1969:93). Cas Wepener gebruik die digbundel deur Antjie Krog, genaamd: *Lady Anne* (1989) as



© University of Pretoria

verduideliking van die betekenis van liminaliteit. In die bundel gebruik Antjie Krog die tongvis as metafoor – ŉ vis wat in die proses is om aan te pas by sy nuwe konteks (vlak, sanderige water) en waarvan die proses ŉ liggaamlike aanpassing behels, insluitend taal (Wepener 2011:189-208).

Die vraag moet egter gevra word of Suid-Afrika, meer as twee dekades sedert 1994, nog steeds in ŉ periode van liminaliteit is, al dan nie? Die bevindinge van die *SA Reconciliation Barometer* vir 2014, wat die opinies van burgers rakende politiese en sosio-ekonomiese transformasie en rekonsiliasie toets, skets die volgende prentjie:

Hoogtepunte:

- Suid-Afrikaners is van mening dat daar goeie vordering ten opsigte van nasionale transformasie gemaak is sedert 1994 (59,2%) en voel dat daar met die proses volhard moet word (69,7%).
- Die oorgrote meerderheid is van mening dat die strewe na ŉ volwaardige eenheid in Suid-Afrika baie belangrik is (71%).
- Daar is ŉ toename sedert 1994 in Suid-Afrikaners wat geen rassisme in hul daaglikse lewe ervaar nie (35,6%).

Laagtepunte:

- Die meerderheid Suid-Afrikaners voel dat armoede en ongelykheid steeds die grootste bedreiging vir transformasie en rekonsiliasie inhou.
- Die meerderheid Suid-Afrikaners voel dat rasseverhoudinge nie verbeter het sedert 1994 nie (61,4%) en dat hulle uitdagings ten opsigte van vertroue in ander rassegroepe ondervind (67,3%).
- Alhoewel die meerderheid Suid-Afrikaners die behoefte het om meer gereelde kontak met verskillende rassegroepe te hê, voel hulle dat ruimtelike en ekonomiese hindernisse hierdie onmoontlik maak.

Cas Wepener beskryf die huidige situasie in Suid-Afrika as volg:

> Where are we in South Africa today? We have come a long way.
> We have protested and marched.
> We have grieved and embraced.



© University of Pretoria

> We have joined gatherings on rugby fields and started to adapt, although we have often felt like fish whose eyes and fins have moved sideways.
> And we are currently all part of the constant ritual-liturgical flow, reminiscent of the tides of the ocean.
> But I believe it is time to catch those soles that are still swimming in this ocean, skin them, fry them and serve them with a glass of Cape Chardonnay.
> Liminality has served us well. There were as many interpretations of the South African context as there were researchers, we got and are still getting and concomitantly the usefulness of liminality in that context. I believe, however, that with regards to reconciliation and transformation in a post-apartheid South Africa ritual-liturgically, we have moved beyond liminality as a country, and so we as scholars or liturgists should too (Wepener 2011:203).

Wepener is van mening dat diskoers binne teologiese literatuur oor versoening, geregtigheid en genesing verby die idee van liminaliteit moet beweeg, aangesien die fase van liminaliteit baie maklik ŉ wegkruipplek en verskoning kan wees om nie daadwerklik betrokke te raak in ŉ soeke na ŉ nuwe *societas* in Suid-Afrika, gekenmerk deur rekonsiliasie, transformasie en eenheid nie (Wepener 2011:206-207).

Die eksistensiële vraagstuk vir die individu is een van identiteit. In die voortslepende oorgangstyd word die individu gekonfronteer met die vraag: Wie is ek en hoe verstaan ek my plek en doel binne die huidige konteks van Suid-Afrika (in die vorming van ŉ nuwe ***societas***)? Wepener en Pauw is van mening dat identiteit nooit ŉ gegewe is nie, maar ontstaan uit die interaksies tussen ŉ individu en die individu se omgewing, omstandighede en ander groepe. Hierdie interaksie tussen individu en omgewing beteken dat ons nie uit vrye wil onsself identifiseer nie, maar ook ander identifiseer en deur ander geïdentifiseer word. Anders gestel: identiteit gaan dus oor die daaglikse omgang waarin mense keuses maak oor hulleself, oor ander en oor hulle omgewing (Wepener en Pauw 2004:116). Binne die verstaan van identiteit as ŉ sosiale konstruksie is dit onvermydelik dat die huidige oorgangstyd met al sy uitdagings ŉ definitiewe impak op die individu (en dus kerk) se identiteitsvorming sal hê.

Om ŉ beter begrip aangaande die impak van die voortslepende oorgangstyd op die individu se identiteit en selfverstaan te ontwikkel is dit nodig om die bevindinge van die humanistiese sielkundige, Abraham Maslow, soos saamgevat in sy *hierarchy of needs,* in gedagte te hou. Volgens Maslow word ŉ individu se gedrag, identiteit en geluk bepaal deur verskeie motiewe of behoeftes. Maslow het bevind dat die individu se basiese behoeftes fisiologies van aard is,



© University of Pretoria

byvoorbeeld: kos om te eet, water om te drink, ŉ dak oor jou kop, ensovoorts. Daarna volg behoeftes van veiligheid en aanvaarding deur ander. Maslow het bevind dat indien die individu se basiese behoeftes nie aan voldoen word nie, dit ŉ direkte invloed op die persoon se identiteit- en lewensvervulling sal hê (Morris 1999:366-367).

Die wesenlike van die uitdagings wat tans deur individue in Suid-Afrika in die gesig gestaar word is uitdagings wat ŉ direkte invloed op die individu se basiese motiewe of behoeftes het. Gebrek aan dienslewering, korrupsie, misdaad, geweld, asook toenemende vlakke van werkloosheid en armoede (sien ook Pieterse 2001), is maar enkele uitdagings wat elke Suid-Afrikaner daagliks in die gesig staar:

- Die huidige nasionale werkloosheidsyfer word gereken op 25,5% terwyl daar, sedert September 2015, ŉ afname van ongeveer 4% met betrekking tot indiensneming in die myn-, produksie- en konstruksiebedryf plaasgevind het (Statistics South Africa, Statistical Release P0277).
- In dieselfde tyd het daar ŉ gemiddelde vergoedingstoename van ongeveer 6.2% oor alle sektore plaasgevind (Statistics South Africa, Statistical Release P0277). Hierdie statistiek verskaf redes vir die groeiende spanning ten opsigte van werkloosheid, aangesien daar ŉ toename in die vergoeding van enkeles is, wat egter lei tot die verlies van indiensneming aan ander.
- In 2015 alleen is daar 2 250 257 gevalle van misdaad in Suid-Afrika aangeteken. Hiervan was 17 805 gevalle van moord; 53 617 gevalle van seksuele misdade; 17 537 gevalle van poging tot moord en 344 044 gevalle van fisiese aanranding (Crime Stats South Africa).
- Volgens *Transparency International (TI)* se globale *Corruption Perception Index (CPI)*, het die toename in korrupsie veroorsaak dat Suid-Afrika met 34 plekke verswak het en tans die 72ste posisie uit 175 lande betree.

Afrika as geheel is besig om ekonomies dood te bloei. Afrika se totale skuld word bereken op US$227,2 biljoen, $379 per man, vrou of kind in Afrika. Hierdie dra by tot die uiterste vlakke van armoede, hongersnood, siekte en ekologiese verwoesting wat in Afrika ervaar word (Ahmed et al. 2007:6). Hierdie faktore dra by tot ŉ algehele gevoel van onsekerheid, wanhoop en woede wat al ŉ geruime tyd deel van mense se lewe is.



© University of Pretoria

Aangesien Christelike identiteit altyd ŉ vorm van groepsidentiteit is, het dit tot gevolg dat die huidige uitdagings waarmee die individu daagliks mee gekonfronteer word, ook op die kerk (as liggaam van gelowiges) van toepassing is (Wepener en Pauw 2004:118). Hierdie uitdagings het verskillende manifestasies binne gemeentes in verskillende wêrelddele. In enkele kerkverbande in die Westerse wêreld word ŉ vinnige afname in lidmaatgetalle ervaar. Wat nog meer kommerwekkend is, is dat sommige gemeentes grond verloor, veral onder groepe wat nie lank gelede as die kerk se mees getroue ondersteuners beskou is nie. Nog meer: dit wil voorkom asof die jonger generasie belangstelling in die kerk verloor (Drane 2001:2).

Op plaaslike bodem gee die bevindinge van Kerkspieël se meningsopname vir 2010, soos gepubliseer in die Junie uitgawe van Kruisgewys vir 2013, aan ons ŉ interessante blik op die huidige toestand van gemeentes in die NG Kerk familie:

Hoogtepunte:

- Volgens die 2010 opgawe het dit geblyk dat 91% van lidmate (wat deel van die steekproef uitgemaak het) van mening is dat die erediens ŉ direkte invloed op hulle daaglikse lewe het.
- Die meeste persone het ook vermeld dat hulle geestelike groei beleef, waarvan 40% hierdie groei aan die erediensbelewenis en gemeentelike aktiwiteite toeskryf.
- Oor die vraag na watter aspek van die gemeente vir die persoon die meeste waarde het, het 40% van die deelnemers gevoel dat betrokkenheid by die nood van die groter gemeenskap vir hulle van groot belang is, terwyl 59% die prediking en erediens genoem het.
- 87% van alle deelnemers ervaar God se teenwoordigheid in die erediens, terwyl 67% genoem het dat hulle somtyds frustrasie tydens die erediens en prediking beleef.

Uitdagings:

- Van die uitdagings wat die kerk in die gesig staar, is dat slegs 33,9% van lidmate hul gemeente as groeiend ervaar.
- Slegs 32,1% van lidmate voel dat hulle aangemoedig word om hul gawes te ontdek en te gebruik.



© University of Pretoria

- Alhoewel 80% van die gemeentes aandag gee aan armoede en werkloosheid, skenk minder as 50% van gemeentes aandag aan MIV/VIGS, rassisme en seksisme.
- Ongeveer 42,1% van lidmate neem glad nie aan groepsaktiwiteite binne die gemeente deel nie, terwyl 61,9% van die lidmate glad nie deelneem aan aktiwiteite van gemeentes wat na die wyer gemeenskap uitreik nie.

Gerrie ter Haar wys in haar boek, *How God became African*, tereg daarop dat daar ŉ definitiewe groei binne die Pinkster- en Onafhanklike kerke in Afrika plaasvind (Ter Haar 2009:7-9 & 21). Ben de Klerk wys egter op ŉ groeiende spanning tussen die moderne Westerse lewe en wêreldbeeld en die tradisionele Afrika-bestaan en wêreldbeeld. Die gevolg van hierdie konflik is dat individue (en gemeentes) geneig is om terug te keer na hul verlede en tradisionele wortels – ŉ proses wat as ŉ moontlike Afrika-Renaissance beskryf kan word (De Klerk 2013:21).

Nelus Niemandt stem saam dat die kerk dit moeilik het om kreatiewe oplossings vir die vinnige tempo waarteen die wêreld aan die verander is, te vind. Hy waarsku egter dat, binne die NG Kerk familie, daar nie teruggekyk moet word na die verlede nie, maar eerder op nuwe vars maniere oor ons kerk-wees gedink moet word. Ons tradisionele manier van dink oor die kerk, laat doodgewoon nie nuwe, vars oplossings vir die huidige tydsgees se uitdagings nie (Niemandt 2013:17). John Drane deel hierdie sentiment en verduidelik dat die kerk steeds funksioneer vanuit ŉ grootliks modernistiese wêreldbeeld. Alhoewel die kerk met haar inherente tradisies baie het om te bied vir vandag se samelewing, raak ons nog net aan die oppervlak van die werklike behoeftes van die postmoderne individu. Om die werklike potensiaal van ons Christelike identiteit en roeping te ontdek, is dit nodig om radikaal nuut te besin oor die fundamentele wese van ons manier van kerk-wees en kerk-doen (Drane 2001:8). William Easum skryf:

> A new form of congregational life is dragging Christians kicking and screaming into the twenty-first century. The self-understanding, focus, corporate culture, leadership, organizational style, and strategies are radically different from those experienced throughout the twentieth century. The future church offers new opportunities and problems and requires a new mindset...We live in a time unlike any other time that any living person has known. It's not merely that things are changing. Change itself has changed, thereby changing the rules by which we live (Easum 1995:16-22)



© University of Pretoria

Brian McLaren is ook van mening dat die kerk binne hierdie oorgangstyd bereid moet wees om die verlede agter te laat, die werklikheid en erns van die uitdagings wat bestaan in die gesig te staar en die oorgangstyd ten volle te benut (McLaren 2006:24). Alhoewel die fokus op nuwe kreatiewe maniere van kerk-wees en kerk-doen belangrik is, waarsku Thomas Long daarteen om die verlede en die waarde daarvan agter te laat. In *Beyond the Worship Wars* gebruik hy die metafoor van ŉ swaai wat momentum bou soos dit heen en weer beweeg, om te verduidelik dat vir ons om nuut te dink oor die toekoms, dit ook nodig is om die goeie uit die verlede te behou. Lewende gemeentes was volgens hom juis dié wat daarin geslaag het om voortdurend nuut te word binne die veranderende konteks, maar steeds getrou te bly aan die ryke geskiedenis en erfenis van die kerk (Long 2001:9-11). Die navorser steun dié siening van Long, en die navorsing wat volg gaan nuwe moontlikhede vir die erediens en liturgie verken vanuit ŉ waardering vir die ryke liturgiese tradisie binne die NG Kerk.

Die *societas* vóór die oorgangstyd sal verskil in Suid-Afrika van die *societas* ná die oorgangstyd en die aard van die *societas* ná die oorgangstyd sal grootliks bepaal word deur die keuses en gebeure binne die huidige liminale fase van *communitas* (Wepener 2011:200). Coenie Burger skryf dat verandering en aanpassing ŉ onvermydelike deel van elke mens se lewe is – net so ook die lewe van die kerk en samelewing. Verder beklemtoon hy dat hierdie oorgangstye by uitstek leertye vir kinders van God is. Hierdie leer [vormings] proses geskied na drie kante toe. Oorgangstye help ons om met meer onderskeiding na die lewe en die werklike sin daarvan te kyk. Dit help ons ook om ons rol daarbinne beter te verstaan. In die tweede plek skep oorgangstye dikwels ŉ geleentheid vir selfontdekking. ŉ Persoon ontdek wié jy werklik is, maar ook wie jy werklik wil wees. In die derde plek skep oorgangstye ŉ ruimte waarbinne ons God van nader kan leer ken (Burger 1995:17-18).

Die kerk word vandag steeds deur God geroep om die sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees. Die kerk as liggaam van Christus was nog altyd een wat rigtinggewend en lewensvormend op die samelewing ingewerk het. ŉ Missionale kerk bring verandering aangesien God se liefde alles verander. Daarom het die kerk die lewensveranderende kapasiteit wanneer dit vanuit die liefde van God lewe binne ŉ snel-veranderende wêreld (Niemandt 2013:31). In Jeremia 29:7 vind ons die opdrag van die Here dat kinders van die Here die belange van die plek waar Hy hulle geplaas het moet bevorder, aangesien die



© University of Pretoria

belange van die stad (of land) ook hulle belange is. Die kerk se gestuurdheid na die wêreld word ook telkemale deur Jesus bevestig. Deur God se Woord en Gees word die liefde van God uitgestrek na die wêreld in nood. Hierdie beweging van God na die wêreld vorm die basis vir die kerk (en elke gelowige) se missionale roeping. Die missionale bestaan van die kerk moet gesien word as deelname aan die missionale lewe van Jesus Christus (Migliore 2004:266).

Eusebius McKaiser skryf oor die onvermoë van politici om 'n daadwerklike oplossing vir die uitdagings wat Suid-Afrikaners in die gesig staar te vind, as volg:

> There is a deep emotional disconnect between formal logic and the real world. There are shortcomings in the communication arsenal of someone who only uses the tools of formal logic to engage the universe. It doesn't connect with the headspace, and with the hearts of real people...To get through to people you have to engage them as human beings (McKaiser 2014:70-71).

Alhoewel bogenoemde opmerking op die politici gemik is, vind ons steeds 'n waardevolle les vir die kerk daarin, naamlik: Die kerk se missionale gerigtheid na die wêreld moet nie net in retoriek en dialoog wees nie, maar wel deur daadwerklik betrokke te raak in die lewenswerklikhede van mense. 'n Missionale kerk inkarneer die evangelie en lewe vanuit die oortuiging dat God die alledaagse bestaan en lewenswerklikhede só ernstig opgeneem het dat God mens geword het. Die missionale kerk neem ook verhoudings ernstig op. Dit is deel van die identiteit van die kerk. Die wese van die kerk is gebou op 'n verhouding met Jesus Christus, wat ons uitstuur om in verhouding met ons naaste te lewe (Niemandt 2013:31-32). Artikels 53 en 54 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, beskryf die roeping van die kerk as volg:

> Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente: laat God sy Woord verkondig, bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand, laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer, laat Hy sy opdrag om die skepping en lewer te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en word sy geregtigheid en versoening verkondig. Só laat Hy sy koninkryk kom… Die Kerk moet met priesterlike bewoënheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef (Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir 2013: 14-15).



© University of Pretoria

Samevattend, is die missionale kerk ŉ groeiende gemeenskap van gelowiges wat deur die Heilige Gees geroep, versamel, toegerus en uitgestuur word om deel te neem aan God se plan vir hierdie wêreld (Van Gelder 2007:18).

Die erediens staan sentraal tot die ontdekking en realisering van die kerk se lewensimpakterende potensiaal in ons bepaalde tydsgees. Dirkie Smit skryf tereg dat die erediens in die hart van die gereformeerde lewe staan, aangesien die erediens die vormende rol binne die gereformeerde tradisie vervul (Smit 2009:106-107). Die erediens se volle potensiaal word ontsluit wanneer ruimte gelaat word vir die ervaring van God se teenwoordigheid, vir pogings om gasvryheid teenoor vreemdelinge te bewys en wanneer daar duidelike lyne getrek word tussen die erediensgebeure en die gemeente se roeping na die wêreld (Van der Merwe 2009a:148-157).

Tydens die Algemene Sinode van 2013 word die belangrike rol wat liturgie in die uitleef van die kerk se roeping vertolk, as volg verwoord:

> Die nadenke oor missionale kerk het dus belangrike implikasies vir die liturgie en die erediens. ’n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie. Die manier waarop die kerk aanbid, vertel alles oor die aard en wese van die kerk. Die hartklop van die kerk is immers die erediens waar mense byeenkom om God te aanbid en te verheerlik. Daarom moet leitourgia of aanbidding as ’n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word (Verslag: Missionale aard en roeping van die NG Kerk).

Die navorsing gaan daarom vanuit die oortuiging te werk dat liturgie en lewe ten nouste verbonde is en dat die verkenning van die rol van ontmoetings binne die liturgie noodsaaklik is, nie alleen om lidmate te behou nie, maar hulle leefstyl in Suid-Afrika wil te vorm binne hierdie voortgaande oorgangsproses. Dit is vanuit hierdie ontmoetings dat nuwe lewenswerklikhede moontlik word wat ŉ impak op die individu, gemeente en samelewing kan maak.

### 1.2 TITEL

Die voorgestelde navorsingstitel word soos volg verwoord: *Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure.*



© University of Pretoria

Die primêre vraagstelling van hierdie navorsing is: Watter rol speel ontmoetings in die vorming van ŉ Christelike identiteit en lewenswyse? Die navorsing gaan poog om die verband tussen ontmoetings en die eksistensiële vraagstuk na identiteit binne ŉ vinnig veranderende wêreld te verken. Coenie Burger verduidelik dat die kerk (en elke gelowige) drie eksistensiële vrae het. Eerstens, die vraag na God: waar vind ek God en hoe leer ek God beter ken? Tweedens, die vraag na onsself en ons selfverstaan. Laastens, die vraag na die sin van die lewe: hoe kry ek sin gemaak van die wêreld daarbuite en hoe vind ek my plek en rol daarin (Burger 2005:13)? Die navorsing gaan die rol van ontmoetings in die beantwoording van hierdie drie vrae verken. Die navorsing gaan fokus op drie ontmoetings:

- Eerstens, ŉ ontmoeting tussen God en mens, waar die mens God persoonlik en intiem op nuwe maniere leer ken;
- Tweedens word die mens genooi om ander persone in hul eie lewenswerklikhede te ontmoet en so ontdek die mens ŉ nuwe verstaan van hulleself in die stories van ander;
- Derdens, word die mens genooi na ŉ ontmoeting met die wêreld en die nood daarin. So word ŉ dieper insig in die doel van die lewe en die mens se rol daarin bekom.

In die titel word beklemtoon dat ek myself in die veld van die praktiese teologie plaas met ŉ definitiewe fokus op die liturgie. Praktiese Teologie is die wetenskap van die teologiese, kritiese en hermeneutiese refleksie op die intensies en betekenis van menslike aksies soos dit in die daaglikse bestaan gestalte vind (Louw 2008:71). Richard Osmer verduidelik dat die Praktiese Teologie altyd ŉ hermeneutiese aangeleentheid is en gevolglik nooit neutraal of objektief is nie. Praktiese Teologie is gevolglik altyd ŉ proses van interpretasie waardeur betekenis aan sekere gebeure gegee word. Osmer verduidelik dat hierdie proses van interpretasie hoofsaaklik uit vier take bestaan:

1. Die eerste taak is die deskriptief-empiriese taak wat vra: *“Wat is besig om te gebeur?”*
2. Die tweede taak is die interpretatiewe taak wat fokus op die vraag: *“Waarom is dit besig om te gebeur?”*
3. Die normatiewe taak is die derde taak van praktiese teologiese interpretasie en wil bepaal *“wat is veronderstel om te gebeur?”*
4. Die laaste taak is die pragmatiese taak en hier is die fokus op *“hoe moet ons reageer op wat besig is om te gebeur?”*



© University of Pretoria

Osmer gebruik die beeld van ŉ hermeneutiese spiraal (*sien figuur 1) om die verhouding tussen hierdie vier take te verduidelik. Alhoewel elke taak sy eie dinamika en funksie het, staan hulle ook in noue verhouding met mekaar (Osmer 2011:)

*Figuur 1: Richard Osmer se hermeneutiese spiraal




Marcel Barnard beskryf, tydens sy intreerede as Kerklike Hoogleraar in Liturgiek by die Universiteit van Amsterdam op  6 Junie 2000, liturgiek as die wetenskap van Christelike rituele en simbole waardeur God tot die mens nader en die mens tot God. Hierdie navorsing gaan spesifiek fokus op twee onderafdelings van liturgie, naamlik: *Ruimtelikheid* en *Ontmoetings*. Liturgie verwys na die ruimte waarbinne die erediens en daaglikse kerkwees plaasvind. Die belangrikheid van ruimtelikheid as ŉ element van Liturgie word deur Wepener & Pauw as volg verwoord:

> Tyd, saam met ruimte, is ŉ dimensie waardeur die mens met die werklikheid rondom hom omgaan. Dit is ŉ onontkombare gegewe dat daar alleen binne die kader van tyd geleef en dus ook beleef kan word en dus ook een van die kaders waarbinne GOD tot die mens en die mens tot GOD nader...Die wyse waarop daar omgegaan word met die tyd het ook invloed op die mens se identiteit (Wepener en Pauw 2004:111-112).

Johan van der Merwe noem dat een van die hedendaagse liturgiese skuiwe ŉ siening weg van ŉ dialogiese of gespreksmodel, na ŉ ontmoetingsmodel is. Waar ŉ gespreksmodel tipies sou bestaan uit losstaande 'agendapunte' in die liturgie wat baie meganies deurgewerk is, is daar ŉ nuwe fokus op die liturgie as ontmoetingsruimte waarbinne God en mens mekaar ontmoet (Van der Merwe 2009b:251). Hierdie navorsing wil hierby aansluit, maar ook verder daarop uitbrei deur twee verdere ontmoetings te verken: die ontmoetings met mekaar (koinonia) en ontmoetings met die wêreld (die missionale dimensie van ons kerk-wees).



© University of Pretoria

### 1.3 METODOLOGIE

Metodologie geskied nooit binne 'n vakuum nie. Dit is nodig om die verskillende makro- en mikrokontekste van die individu en hoé hierdie kontekste met mekaar omgaan, te verreken (Struwig & Stead 2001:12). Om hierdie rede is besluit op 'n kwalitatiewe metodologie vir hierdie studie. Kwalitatiewe navorsing verken antwoorde op vrae deur persone binne 'n gegewe sosiale omgewing te bestudeer. Bruce Berg (2004:7) stel dit as volg:

> Qualitative researchers, then, are most interested in how humans arrange themselves and their settings and how inhabitants of these settings make sense of their surroundings through symbols, rituals, social structures, social roles, and so forth.

Kwalitatiewe navorsing stel ook belang in die verstaan van die onderwerp wat verken word vanuit die perspektief van die persone wat by die navorsing betrek word. Jy verken dus die onderwerp deur die 'bril' van die individu (Berg 2004:7). Die persoon en konteks van die navorser, en die moontlike impak daarvan op hierdie navorsing moet ook verreken word. Die navorser is 'n leraar binne die Nederduitse Gereformeerde kerk en werksaam in 'n stadsgemeente in die Ooste van Pretoria. Die navorser se eie liefde vir en belangstelling in die erediens is beslis 'n bydraende faktor vir hierdie navorsing se fokus op die erediens en die belangrike rol daarvan in die kerk en elke gelowige se bestaan.

Getrou aan die kwalitatiewe-sosiologiese benadering, gaan hierdie navorsing empiriese data en teoretiese perspektiewe met mekaar verbind (Berg 2004:4). Die metode van navorsing gaan hoofsaaklik op 'n literatuurstudie berus, maar aangevul word deur empiriese data. Daar bestaan reeds 'n groot verskeidenheid van boeke en teologiese artikels wat oor verskeie aspekte aangaande die onderwerp van liturgie geskryf is en uitdrukking gee aan die uiteenlopende standpunte wat daar onder geleerdes bestaan. Die verslae van verskillende kerklike-sinodes, asook relevante internet-gebaseerde bronne gaan ook bestudeer word. Alhoewel daar reeds menige navorsing oor die onderwerp van Liturgie gedoen is, is daar nog nie navorsing wat spesifiek op Liturgie as ruimte vir ontmoetings en die impak daarvan op Christelike identiteit en -lewe, fokus nie. Met hierdie studie gaan gepoog word om hierdie navorsingleemte aan te spreek.



© University of Pretoria

Tydens haar intreerede by die Universiteit van Pretoria, op 28 Augustus 2012, beskryf Yolanda Dreyer dit die taak van Praktiese Teologie is om te luister na die ongehoorde stemme. Om hierdie rede gaan die studie ook empiriese navorsing insluit waar die ervarings van vyf individue, binne een gemeente, tydens die erediens en die impak van die erediens op hul lewensbeskouing verken gaan word. Aangesien die navorsing te make het met die persoonlike ervarings van individue, is besluit op ŉ kwalitatiewe navorsingsbenadering. Waar kwantitatiewe navorsing fokus op meetbare inligting, stel kwalitatiewe navorsing belang in konsepte, definisies, eienskappe, metafore, simbole en verduidelikings van gebeure of belewenisse (Berg 2004:3).

Met hierdie empiriese navorsing as hulpmiddel, gaan die navorsing voortgaan om die rol van ontmoetings binne die erediens uiteen te sit, met die doel om die lewensimpakterende potensiaal van die erediens tot sy volle reg te laat kom.

Aangesien die persoonlike ervarings van individue in hierdie navorsing verken word, gaan die navorsing streng etiese riglyne in die kwalitatiewe werk volg. Deelname aan die navorsing gaan op vrywillige basis geskied, ingeligte toestemming vir deelname aan die navorsing sal verkry word, en die konfidensialiteit van die deelnemer, asook die betrokke gemeente sal verseker word. ŉ Afskrif van die resultate sal ook beskikbaar gestel word sou die gemeente of individu dit versoek.

### 1.4 SKEMA

Die navorsingskema gaan saamgestel word vanuit die drie ontmoetings (ontmoetings tussen God en mens; ontmoetings met mekaar en ontmoetings met die samelewing) as raamwerk.

In die eerste hoofstuk word ŉ uiteensetting van die ondersoek gegee. Die titel, probleemstelling, verwagting, navorsingsmetodologie, en navorsingskema word beskryf.



© University of Pretoria

Hoofstuk twee gaan fokus op die terminologiese en metodologiese verkenning van liturgie as daaglikse *ontmoetingsruimte*. Daar gaan ondersoek ingestel word na die hedendaagse liturgiese gebruike binne die NG Kerk van Suid-Afrika. Die nuwe paradigmatiese skuiwe rondom liturgie in die erediens gaan verken word. Die aard en rol van die erediens rakende die mens en kerk, asook die belangrikheid van ontmoetings in die erediens gaan bespreek word.

In hoofstuk drie word die ontmoetings tussen God en mens bespreek. Daar word gekyk na die wyse waarop God die mens ontmoet en Homself aan die mens openbaar. Die impak van hierdie ontmoetings op die mens se lewensuitkyk en identiteit word bespreek.

Hoofstuk vier fokus op die impak van ontmoetings tussen mense. Namate ons tot ŉ dieper kennis van God kom, word ons al meer bewus daarvan dat ons genooi word na ontmoetings met mekaar en mekaar se eie, unieke lewenswerklikhede. In hierdie hoofstuk gaan die geestelike, psigologiese en fisiese impak van hierdie ontmoetings bestudeer word.

In hoofstuk vyf word die missionale roeping van die kerk uitgelig. Wanneer die mens God op nuwe maniere ontmoet, kom die mens al meer onder die indruk van die mens se gestuurdheid na die wêreld. Wanneer die mens die samelewing met al sy nood ontmoet, word die mens opgeroep om daadwerklik daarby betrokke te raak.

Hoofstuk ses bevat empiriese navorsing waar lidmate se erediensbelewenis (ten opsigte van die fokusontmoetings), en die impak daarvan (of gebrek aan impak) op hul lewe verken word. Die bevindinge van die navorsing gaan as hulpbron dien vir die ontsluiting van die erediens se potensiaal as ontmoetingsruimte.

In hoofstuk sewe bereik die navorsing sy klimaks en word ŉ saak vir die belangrikheid van ontmoetings binne die erediens gestel. Die navorsing gaan ook ondersoek instel na die potensiaal van die erediens as dag-tot-dag ruimte, en nie net as weeklikse samekoms nie. Die afleidings wat in die navorsing gemaak word, wil dien as wegwysers vir toekomstige



© University of Pretoria

ondersoeke na die rol van ontmoetings in die erediens, in dus die liturgie as ontmoetingsruimte.

### 1.5 Kernbegrippe

In hierdie navorsing word liturgie as *ontmoetingsruimte* verken in die beantwoording van die bogenoemde navorsingsvraagstelling. In hierdie ontdekkingsreis gaan enkele sleutelbegrippe as wegwysers dien, naamlik: *liturgie*, *aanbidding*, *erediens*, *rituele*, *ruimte* en *identiteit*. Vir die doel van hierdie navorsing is dit nodig om die betekenis van hierdie begrippe kortliks uit te pak deur middel van ŉ terminologiese verkenning daarvan. Hierdie begrippe sal in die hoofstukke wat volg verder verhaal en in meer diepte verken word. Aangesien hierdie navorsing binne die kader van die Liturgie plaasvind kom dit eerste aan die woord, waarna die ander begrippe as elemente van of binne die liturgie bespreek word.

#### 1.5.1 Liturgie

Die term *liturgie* kan kortliks beskryf word as alle religieuse handelings wat die gelowige uitvoer wanneer hy/sy God dien (Louw & Nida 1988:533). *Liturgie* beteken in sy eenvoudigste vorm 'diens' (Jenni & Westerman 1997:1406). In die volgende hoofstuk van hierdie navorsing word die liturgie in diepte op terminologiese en metodologiese wyse verken.

#### 1.5.2 Aanbidding

*Aanbidding* kan oor die algemeen eerbied, bewondering, toewyding, verering en danksegging beteken en is nie net gerig op God of gode nie, maar kan ook die verering van persone (heiliges, sportsterre, ens.) insluit (Barnard et al. 2014:355). Hierdie navorsing gaan egter alleenlik fokus op die verstaan van aanbidding binne ŉ Christelike konteks. Hiervolgens verwys *aanbidding* na die konsentrasiepunt van die algehele geloofsbestaan soos wat dit in die liturgiese rituele uitgedruk en gevorm word. Aanbidding is gesentreer op die Drie-Enige God en loop hand aan hand met gebed, waardeur die persoon in ŉ ontmoeting met God deelneem (Barnard et al. 2014:356). Schleiermacher (1988:166) verwoord aanbidding as 'unausprechliche Gefühl' (onuitspreeklike gevoel) en verduidelik dat dit nie net oor blote



© University of Pretoria

emosies en gevoel gaan nie, maar eerder oor ‘n diepe besef van die menslike wese as “ek is”, wat tot volheid kom in die besef van “wie ek voor God is”.

### 1.5.3 EREDIENS

Die *erediens* word in wese verstaan as die samekoms van kinders van die Here met hulle Here (Rossouw 1988:263; Clasen et al. 2007:11). Die tradisionele verstaan van die erediens binne die Gereformeerde tradisie is, dat dit die openbare samekoms van die hele gemeente as gemeente, onder leiding van die ampte beteken (Rossouw 1988:263; Clasen et al. 2007:11; Burger 2009:18).

Reeds in die Ou- en Nuwe Testament vind ons die erediens as sentrale element in die gelowige se verhouding met God. Veral in die boek Handelinge sien ons hoedat Christene die gewoonte gehad het om bymekaar te kom op die dag van die Sabbat (die dag van JESUS se opstanding) vir erediens (o.a. Hand 20:7). Die erediens, binne die Christelike geloof vind haar wortels in die liefdesverhouding tussen die drie-enige God en Sy volk, die kerk (Burger 2009:18).

Hierdie navorsing wil op hierdie tradisionele siening voortbou en daarop uitbou deur die erediens te verken as enige openbare godsdiensbeoefening, wat nie net tot die weeklikse gemeentelike samekoms beperk is nie, maar in alle fasette van die alledaagse lewe kan geskied.

### 1.5.4 RITUEEL

*Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (1993) beskryf rituele breedweg as die bepalings of gebruike waarvolgens die eredienshandelinge plaasvind (Labuschagne & Eksteen 1993:710). Ten opsigte van die liturgie kan rituele beskryf word as die menslike behoefte aan, of geneigdheid tot dramatisering, en ŉ manier van kommunikeer (Smith & Dreyer 2014:1). Sorenson (2007:282-283) verduidelik dat rituele uitdrukking gee aan die bo-natuurlike, maar ook spesifiek sosiale handelinge, op só ŉ wyse dat dit in die teenwoordigheid van ander, of saam met ander uitgevoer word. Ritueel kan ook verstaan word as die vloeibare ruimte



© University of Pretoria

waarbinne *dink* en *doen* mekaar ontmoet: In rituele handelinge word daar *gedoen*, en saam met die handeling word daar ook *gedink* (Bell 1992:30-46)

Ritueel kan nie los van kultuur verstaan word nie, aangesien ŉ bepaalde kultuur op die rituele gebruike inspeel (Smith & Dreyer 2014:2). In hierdie navorsing gaan spesifiek gefokus word op die rol van liturgiese rituele binne die Suid-Afrikaanse landskap met sy groot verskeidenheid kulture.

### 1.5.5 RUIMTE

*Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (1993) verwoord *ruimte* as die afstand tussen twee voorwerpe, speelruimte of ŉ plek wat deur grense bepaal is. Eliade (1959:36,44) wys op die mens se inherente behoefte om sy/haar wêreld te orden en verduidelik dit aan die hand van ruimte as ŉ vaste punt, ŉ 'axis mundi', waaraan die mens sy/haar bestaan kan begrond. In die antieke tyd was die tempel die middelpunt van die individu se bestaanswêreld en bepalend vir die wêreldbeeld van die gelowiges, die 'imago mundi' (Eliade 1959:43).

Alhoewel *ruimte* voorheen as ŉ meetbare en tasbare realiteit gesien is, het die bydraes van persone soos Lefebre and Soja daartoe gelei dat ruimte gesien word as 'always becoming, in process, and unavoidably caught up in power relations' (Hubbard, Kitchin & Valentine 2004:4, 10). Ruimte behels dus meer as bloot fisiese ruimte, maar strek ook tot waar die mens se gedagtes, ervarings en verbeelding gaan.

In die hoofstuk wat volg word ŉ meer volledige verstaan van ruimte en meer spesifiek ruimtelikheid, binne die liturgie uitgepak.

### 1.5.6 IDENTITEIT

Die betekenis van *identiteit* vind sy wortels in die vraag: "Wie is ek en waarom is ek hier?" Identiteit kan verstaan word as die persoon se soeke na sy/haar rol binne die groter bestaansrealiteit (Popenoe, Cunningham & Boult 1998:323). Wepener & Pauw (2004:115-



© University of Pretoria

116) verduidelik dat identiteit oor veel meer as blote tydlose eienskappe soos taal, familienaam, geslag en kultuur gaan, maar ook deur tydgebonde en kontekstuele eienskappe beïnvloed word. Identiteit is dus waarskynlik nie ŉ gegewe nie, maar die resultaat van ŉ persoon se interaksie met sy/haar omgewing, asook ander persone (soos ook vroeër in hierdie hoofstuk kortliks bespreek).

Wanneer identiteit vanuit ŉ Christelike invalshoek bespreek word, kom die betekenis van die persoon as *Imago Dei* (beeld van God), *Imago Christi* (beeld van Christus) en *imago Trinitas* (beeld van die Drie-Eenheid) aan die woord (Migliore 2004:139-142). Die implikasie hiervan gaan verder in hoofstuk drie van hierdie navorsing uiteengesit word.

### 1.6 BEPERKINGE TOT HIERDIE NAVORSING

Vanweë die beperkte bestek van hierdie navorsing as mini-verhandeling, word die keuse gemaak om hoofsaaklik van sekondêre bronne gebruik te maak.

Ter wille van eenstemmigheid in skryfstyl en taalgebruik word daar deurgaans in dié navorsing na God in die manlike vorm verwys. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die navorser nie van mening is dat God tot enige geslag (manlik of vroulik) beperk mag/moet word nie, maar bloot ŉ keuse ter wille van eenstemmige taalgebruik uitoefen. Dus, waar God, die beeld van God en die mens as beeld van God ter sprake kom – en ter wille van eenstemmige taalgebruik in die manlike vorm verwoord word - moet dit ten alle tye as inklusief van alle persone, ongeag van taal, kultuur of geslag gelees en verstaan word.

Vanweë die beperkte bestek van dié navorsing word die erediensbelewenis, van slegs vyf lidmate, van een gemeente gebruik vir die empiriese ondersoek. Hiermee kan dus nie ŉ verteenwoordigende prentjie van die NG Kerk in Suid-Afrika as geheel geskets word nie, maar bloot ŉ inisiële en oorsigtelike verkenning van dié navorsing se belangstellingsveld. Verdere, meer omvattende navorsing word beslis aanbeveel ten einde ŉ verteenwoordigende beeld van die NG Kerk in alle dele van Suid-Afrika te bekom. Hierdie is bloot die eerste tree op hierdie reis.



© University of Pretoria

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die eerste tree op die ontdekkingsreis na die onontdekte skat van die liturgie as ontmoetingsruimte gegee. Die probleemstelling en konteks vir dié navorsing is beskryf en die vraagstelling, naamlik: *Watter rol speel ontmoetings in die vorming van 'n Christelike identiteit en lewenswyse* is verwoord. Die beoogde navorsingsmetodologie is bespreek en enkele kernbegrippe is identifiseer en kortliks verduidelik.

Aangesien die navorser hierdie ontdekkingsreis met 'n fokus op die liturgie as veld binne die Praktiese Teologie onderneem, kom die liturgie as ontmoetingsruimte eerste aan die woord.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# LITURGIE AS ONTMOETINGSRUIMTE: TEORETIESE EN METODOLOGIESE VERTREKPUNTE

## 2.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die titel en fokus van dié navorsing duidelik verwoord, naamlik: *Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure*. Die primêre vraagstelling is geïdentifiseer, naamlik: Watter rol speel ontmoetings in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse? Met hierdie vraagstelling word verwoord dat die navorsing gaan poog om die verband tussen ontmoetings en die eksistensiële vraagstuk na identiteit binne 'n vinnig veranderende wêreld te verken.

In sy *Practical Theology: An Introduction* uit 2008 werk Richard Osmer met vier vrae: Wat gaan aan (deskriptief-empiriese taak)? Waarom gaan dit aan (interpretatiewe taak)? Wat behoort aan te gaan (normatiewe taak)? En wat gaan ons doen (pragmatiese taak)? In hierdie hoofstuk gaan die liturgie as ontmoetingsruimte verken word aan die hand van Osmer se eerste twee vrae. Die huidige stand van sake *(Wat gaan aan?)* binne die kerk word verken, terwyl die historiese ontwikkelingslyne binne die liturgie, asook die huidige tydsgees as kwalifiserende hulpbronne, dien om te verstaan waarom die liturgie tans daar uitsien soos wat dit doen *(Waarom gaan dit aan?)*.

'n Beskrywing van die navorsingsmetodiek is in die voorafgaande hoofstuk bespreek, terwyl daar 'n uiteensetting van die navorsingskema voorsien is. Getrou aan hierdie navorsingskema gaan daar in hierdie hoofstuk gefokus word op liturgie as ontmoetingsruimte. 'n Kort terminologiese verduideliking word aangegee, waarna 'n kort samevatting van die belangrikste ontwikkelinge binne die liturgie volg. Aangesien 'n volledige beskrywing van alle elemente van die liturgie doodgewoon nie moontlik is binne die beperkte skopus van hierdie navorsing nie, word spesiale aandag gegee aan twee aspekte van die liturgie, naamlik: *ruimtelikheid* en *ontmoetings*.



© University of Pretoria

## 2.2 Terminologiese verkenning van Liturgie

Soos reeds onder punt 1.5.1 van die vorige hoofstuk genoem, kan die begrip *liturgie* kortliks beskryf word as alle religieuse handelings wat die gelowige uitvoer wanneer hy/sy God dien (Louw & Nida 1988:533). Liturgie is om hierdie rede ŉ onlosmaaklike deel van die Christelike geloof en kerk van Jesus Christus (Van der Schyff & De Klerk 2010:603). Die term *liturgie* beteken in sy eenvoudigste vorm 'diens' (Jenni & Westerman 1997:1406). Die term *liturgie* is in die Septuaginta (LXX) met λειτουργια (leiturgia) vertaal. Hierdie is waarskynlik ŉ samestelling van λειτοσ (van die volk) en εργον (werk). In die Ou Testamentiese tyd is hierdie term meestal gebruik ten opsigte van die kultiese diens in die tempel, hoewel daar ook, toe reeds, tekens van die gebruik van die term ten opsigte van die alledaagse lewe te vinde was (Van der Schyff & De Klerk 2010:606-608). Francois Wessels (2009:31) verduidelik ook dat die Joodse wortels van die Christelike erediens hoofsaaklik teruggaan na die liturgie van die Sinagoge. Die Joodse liturgie is egter nie net ŉ beskrywing van die sinagoge gebeure nie, maar wel ook van alle fasette van Joodse aanbidding – waarvan ŉ groot deel juis buite die sinagoge, in die huis en alledaagse lewe, plaasgevind het (Reif 1999:341).

Ook in die Nuwe Testament is λειτουργια gebruik om na die dienswerk van die volk te verwys (Vos & Pieterse 1997:4). Op semantiese gronde plaas Louw en Nida (1988:461,533) die gebruik van die term λειτουργια in twee hoofdomeine, naamlik: as algemene term vir hulp en diens in die gewone samelewing, maar ook as sterk religieuse aktiwiteit wat rondom die tempeldiens en latere Nuwe Testamentiese kerk sentreer. Die Nuwe Testamentiese gebruik van λειτουργια stem dus grootliks ooreen met die Ou Testamentiese kultiese gebruik daarvan, hoewel daar ŉ ruimer betekenisveld daaraan gekoppel word wat die gebruik daarvan laat uitkring tot die alledaagse bestaan van die gelowige individu (Van der Schyff & De Klerk 2010:610).

Die semantiese gebruik van die begrip λειτουργια in die Ou en Nuwe Testament het aanleiding gegee tot die oortuiging dat liturgie die dien van God in kerklik-kultiese konteks, maar ook in die konteks van die alledaagse lewe kan beteken. In die huidige, gereformeerde konteks word die verstaan van die term *liturgie* nie beperk tot die erediens nie, maar ook as



© University of Pretoria

deel van die daaglikse bestaanswyse van die individu gereken (Van der Schyff & De Klerk 2010:612). De Klerk (2000:90-91) noem dat liturgie in verband met gemeenskapsbeoefening met God verstaan moet word. Liturgie staan ook in verband met ons daaglikse Godsdiens-beoefening (Trimp 1983:59) en die liturgiese belewing en lewe (Senn 2000:159). Vos (1995:485) verwoord verder dat die liturgie gesien kan word as die 'daarstelling van die gemeenskap met God', met die verstaan dat gemeenskap met God, erediens en die daaglikse lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is.

Met hierdie kort terminologiese verkenning as wegspringplek is dit nodig om die eerste spore van die liturgiese uitlewing binne die kerklike geskiedenis te verken, met die fokus op die belangrikste ontwikkelinge binne die liturgiese wetenskap en gebruike binne die kerk.

### 2.3 Historiese lyne in die ontwikkeling van die Liturgie

Deur die eeue is die liturgie meestal as die handelinge en vieringe rondom die erediens beskou. Sedert die tweede eeu ná Christus en gedurende die sestiende-eeuse Reformasie, het daar ŉ nuwe belangstelling in die liturgie van die lewe ontstaan (Barnard 1981:51). Wat nog meer opvallend is wanneer ons na die geskiedenis van die liturgie kyk, is dat daar deurgaans ŉ soort ossillasie voorkom tussen eenheid en verskeidenheid (Baumstark 2011:89-95). Hierdie is ook duidelik sigbaar in die onlangse geskiedenis van die NG Kerk en ander hoofstroomkerke. Wepener (2009b:70) verduidelik dit as volg:

> So veertig jaar gelede sou iemand wat ŉ NG erediens op bykans enige plek in Suid-Afrika besoek het, presies geweet het wat om te verwag. Soos wat die eredienskommissie van die Algemene Sinode ŉ redelik vaste orde voorgeskryf het in hulle handleiding vir die erediens, so is die erediens ook gevier. In die laaste vyftien na twintig jaar het die werk van die Liturgiese Beweging ook Suid-Afrika bereik met ŉ gepaardgaande vloedgolf van liturgiese kreatiwiteit wat daardeur aangemoedig is. Verskillende instansies het verskillende liturgiese hulpmiddels die lig laat sien. Wanneer iemand vandag ŉ NG erediens besoek, sal dit nie altyd liturgies gesproke so duidelik vir die persoon wees of sy haarself in ŉ NG erediens bevind al dan nie. Hierdie kreatiwiteit en ryke verskeidenheid vra nou, ŉ paar dekades later, ook weer vir ŉ mate van eenvormigheid.

Om die hele geskiedenis van die liturgie in slegs een hoofstuk weer te gee, is nie moontlik nie. Daarom word daar voorts bloot ŉ oorsig oor enkele historiese lyne in die ontwikkeling van die liturgie gegee. Wepener (2009b:71) gebruik die viering van vergifnis en versoening



© University of Pretoria

in die erediens as lens om die verskillende tydsgewrigte te illustreer. Hierdie navorsing gaan hierdie lens benut in die bespreking wat volg, aangesien versoening alles te make het met verhoudings, wat hierdie studie uiteindelik wil dien. Soos reeds in hoofstuk een van hierdie navorsing bespreek, is transformasie en versoening veral twee belangrike elemente binne die huidige samelewings-uitdagings binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Aangesien hierdie navorsing slegs ŉ mini-verhandeling is en nie in die eerste instansie op die Liturgie-geskiedenis fokus nie, word die keuse gemaak om op sekondêre bronne te fokus in die verkenning van die historiese tydslyne wat volg.

### 2.3.1 DIE NUWE-TESTAMENTIESE TYDPERK: ŉ TYD VAN LITURGIESE EENVOUD

> Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en GOD geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die HERE het elke dag nuwe mense wat gered word, by die gemeente gevoeg (Handelinge 2:46-47).

Met hierdie woorde word die DNA van die liturgiese beoefening van die eerste gemeente in Jerusalem aan ons bekendgestel (Baumstark 2011:53). Die vroeë na-apostoliese, christelike kerke blyk nie ŉ uitvoerige liturgie te gehad het nie (Harper 1991:16). Net so het die vroeë kerke nie ŉ sekere getal sakramente, of ŉ spesifieke ritueel wanneer dit by die gebruik daarvan gekom het nie, geken nie (White 2000:184). Ook Stringer (2005:48-49) wys daarop dat daar geen bewyse in die Bybelse bronne is vir enige dominante liturgiese tradisie in Rome of Antiochië nie. Twee rituele wat wel prominent in Paulus se briewe voorkom is die samekoms van aanbidding, en die gesamentlike maaltyd. Ook ten opsigte van vergifnis en versoening noem Wepener (2009b:73) dat daar in die eerste paar eeue ná Jesus se opstanding en hemelvaart nie een aanvaarde sisteem met betrekking tot boetedoening in die kerk was nie, met sommige geleerdes wat van mening is dat die evangeliese 70 maal 7 in hierdie dae gegeld het ten opsigte van die liturgiese viering van vergifnis en versoening.

Godsdiensbeoefening het in daardie tyd ŉ baie sterk huislike karakter gehad (Heyns 1903:17-18). Nagmaal is spontaan gevier en die liturgie is daagliks en in alle fasette van die lewe saam beoefen tot opbou van ŉ sterk geloofsgemeenskap (Klauser 1973:8). Ook vergifnis en



© University of Pretoria

versoening is waarskynlik met liturgiese eenvoud gevier (Wepener 2009b:73). Die vroeë kerke het ten doel gehad om aanbidding ŉ belangrike komponent van elke Christen se daaglikse lewe te maak (Maynard-Reid 2000:30).

Daar is ook duidelik Charismatiese invloede in hierdie tyd teenwoordig gewees. Nie net maak die evangelies spesiale vermelding van Jesus (en die dissipels) se genesing van siekes, melaatses, blindes en nog meer nie, maar ook lees ons in Handelinge hoedat die gelowiges presies gedoen het wat Jesus gedoen het, met die gevolg dat genesing, wonderwerke en eksorsisme in die kragveld van die Heilige Gees deel was van die vroeë kerke se lewe (Denny 2013: 28,30). Stringer (2005:49) wys ook daarop dat ŉ meer Charismatiese tradisie agter die werke van Lukas, Johannes en ander in die Nuwe Testament te vinde is.

Hierdie tydperk was nie net gekenmerk deur eenvoud in die liturgiese uitlewing nie, maar ook ŉ groot diversiteit binne die verskillende gemeentes. Om hierdie rede word daar in die Liturgiewetenskap verkies om na die vroeë kerke in die meervoud vorm te verwys, aangesien daar baie beslis ŉ verskeidenheid in die liturgiese uitlewing in hierdie tydperk teenwoordig was. Om te praat van die vroeë kerk in die enkelvoud sal doodgewoon nie reg laat geskied aan die diversiteit wat ŉ onlosmaaklike deel van hierdie tydperk in die liturgie was nie. Die Bybelse getuienis rakende die kerk is slegs verteenwoordigend van ŉ klein wêrelddeel, wat toe reeds deel was van ŉ groter wêreld en kan dus nie verteenwoordigend van die totaliteit van Christelike liturgiese gebruike en aanbidding wees nie (Stringer 2005:57).

Daarom is dit nodig om ons aandag nou te skuif na ŉ tydperk van groter samehang en eenheid binne die liturgiese landskap.

### 2.3.2 DIE DERDE EEU: EENVOUD BEGIN PLEK MAAK VIR TRADISIE

Hierdie tydperk strek vanaf die einde van die Nuwe Testament (of die dood van die laaste Apostel) tot en met die konsilie van Chalcedon in 451nC (Denny 2013:33). In die tyd van Justinus Martelaar (140 nC) het godsdiensbeoefening ŉ meer kerklike karakter begin aanneem, wat die klem op die belangrikheid van die liturgie van die lewe verswak het



© University of Pretoria

(Jonker, s.a.:54). Die eenvoud en soepelheid van die Nuwe Testamentiese tydperk het vroeg die winde van verandering ervaar en die kerk het geleidelik al strenger begin geword. Hierdie tydperk word gekenmerk deur die ontwikkeling van die aanvanklike liturgiese eenvoud tot ʼn meer uitgebreide liturgiese tradisie (Wepener 2009b:73,75).

Daar is onderskeid gemaak tussen vergeeflike en onvergeeflike of publieke sonde. Vergeeflike sondes is in die Nagmaalviering opgeneem deurdat dit daar bely is en vergifnis ontvang is. Die tekens van die nagmaal is in sommige gevalle ook gestuur na persone wat sieklik, of gevangenes was (White 2000:168). In *From Fast to Feast* noem Wepener (2009a:52) dat in die geval van onvergeeflike sonde (soos moord, egbreuk, en diefstal), ʼn persoon se oortreding nie op individualistiese wyse beskou en hanteer is nie, maar as ʼn publieke sonde, aangesien ʼn persoon se optrede ook ʼn impak op die res van die gemeenskap sou uitoefen. Hierdie publieke sondes, wat nie alleen die sondaar nie, maar ook die wyer gemeenskap waarvan hy/sy deel was, geraak het, is anders hanteer. In die derde eeu het daar vir hierdie publieke sondes in sekere areas ʼn eie, spesiale boetesisteem of versoeningsritueel ontwikkel. Hier vind ons dus ʼn poging om liturgiese vryheid en verskeidenheid te omskep tot ʼn liturgiese werkswyse wat groter eenstemmigheid en ordelikheid sou verseker (Wepener 2009b:74). Versoening is nie alleenlik as die herstel van verhoudings gesien nie, maar binne die meer Charismatiese paradigma ook as ʼn vorm van genesing van dié wat siek is (White 2000:168).

In die dekades wat gevolg het, het daar radikale veranderinge ten opsigte van die status van die Christelike godsdiens plaasgevind. Hierdie veranderinge het ʼn direkte impak op die erediens en liturgie gehad (Wepener 2009b:75).

### 2.3.3 DIE VIERDE EEU: STAATSGODSDIENS & RIGIEDE EENVORMIGHEID

Met die Edik van Milaan (312 nC) is die status van die Christelike godsdiens verander van onwettige godsdiens na wettige godsdiens, met die gevolg dat die kerk nou ʼn publieke kerk geword het (Wepener 2003:195). Bykans sewentig jaar daarna, onder leiding van keiser Theodosius (380 nC) is die Christelike godsdiens as staatsgodsdiens verklaar. Dit het daartoe bygedra dat meer en meer mense hulle tot die Christelike geloof ‘bekeer’ het. Dit het die



© University of Pretoria

behoefte laat ontstaan om hierdie groeiende kerk doeltreffend te organiseer (Wepener 2009b:75-76). Baumstark (2011:98) beskryf hierdie gebeure as volg:

> A series of various factors led to a gradual decrease in the variety characteristics of the liturgy at its origins. One of decisive importance was the tightly organized system of church administration that evolved in the Roman provinces following the state's embrace of Christianity. As the church came to enjoy a relationship to Rome as close as could be imagined, it modeled its organization upon the system of political administration used throughout the empire. During its earliest days, the Christian world had conceived church organization to be simply the community with its bishop. The church of the empire, emulating the Roman organization of governance, created layers of hierarchy to arch over these communities...With a zeal characteristic of new initiatives, these hierarchical enitities extended their influence over every aspect of ecclesial en religious life.

Die begrip *Christianisation* word deur geleerdes gebruik om die gebeure wat tussen die vierde en sewende eeu n.C. oor Europa, Noord-Afrika en groot dele van die Midde-Ooste plaasgevind het, te beskryf. Hiermee word bedoel dat alhoewel die formele strukture van die kerk toegeneem het en meeste mense teen die einde van dié tydperk hulle tot die Christelike geloof bekeer het, die bekering van die Ryk nie in een enkele beweging geskied het nie. Dit was die sameloop van komplekse ontwikkeling binne verskillende fasette van die gemeenskap en het teen verskillende tempo's in verskillende dele van die ryk geskied (Stringer 2005:59).

Een van die wyses waarop die kerk georganiseer was, was deur die ontstaan van plaaslike sinodes (Wepener 2003:198). Hierdie sinodes was verantwoordelik vir die uitvaardiging van voorskrifte (*canones*) vir die viering van vergifnis en versoening. Daar was dus nou algemeen aanvaarde maniere waarop boetes geskied het (Leijssen 1998:17). Daar is ook besin oor die rol van die kerklike jaar in versoening en gevolglik is lydenstyd veral afgesonder vir boetelinge wat hulle op Aswoensdag aanmeld en dan weer op Paassondag versoen word. Ook deur middel van kleredrag is die status van die boeteling op publieke wyse bekend gemaak. Boetelinge is egter nie deur die kerk verwerp nie, maar net tydelik in 'n soort 'tussen-ruimte' geplaas met die oog op berou en bekering (Wepener 2009b:76-77).

Hierdie winde van verandering is nie net op kerklike vlak ervaar nie, maar inderdaad ook op persoonlike vlak. Die radikale skuiwe binne alle areas van die lewe tussen 315nC en 550nC



© University of Pretoria

het daartoe gelei dat die fundamentele wyse waarop mans en vroue hulle eie identiteit beskou, verander het (Stringer 2005:59).

ŉ Laaste opmerking oor hierdie tydperk is nodig. Een van die beginsels van *Christianisation* is dat daar vir die meerderheid van ŉ tydperk geen dominante diskoers te bespeur is nie, en dat dit daarom nie moontlik is om tot die slotsom te kom dat die gemeenskap van die vroeë Middeleeue 'Christen' was nie. Dit het nog ŉ reeks veranderinge in die agste en negende eeu geverg vir die Christelike diskoers om tot dominansie te kom, veral binne die Oostelike- en Westelike Ryke (Stringer 2005:59). Met die koms van die Middeleeue, sou ook die liturgiese landskap radikale veranderinge ondergaan.

#### 2.3.4 DIE MIDDELEEUE: NUWE VORMS, MAAR OOK LITURGIESE MISBRUIKE

Hierdie tydperk het begin met die val van die Westerse Romeinse Ryk, en het geduur tot en met die Reformasie. Die daagliks lewe van ŉ individu was tot ŉ groot mate bepaal deur sy/haar welstand. Dit het ŉ reuse skeiding tussen die gewone persoon, en die here van daardie tyd tot gevolg gehad, beide in terme van materiële welstand en status. Gedurende hierdie tydperk het die kerk se rol, veral as bepalende institusie vir die daaglikse lewe toegeneem (Denny 2013:46).

Die kerk het as instelling gegroei, maar saam met dit ook die mag van die ampsdraers. Dit het tot gevolg gehad dat die afstand tussen die sogenaamde geestelikes wat in die erediens voorgegaan het en die leke wat passief meegedoen het, vergroot het. Die vorm van die erediens was oor die algemeen vas en formeel (Wepener 2009b:78). Die geestelikes het in die erediens voorgegaan met liturgiese handelinge wat vir die gewone persoon meestal onverstaanbaar was (Denny 2013:46).

Die gebruike rondom vergifnis en versoening kan in die Middeleeue in twee tipes verdeel word, naamlik: die Mediterreense en die insulêre (van die Latynse woord *insula* wat "eiland" beteken). Eersgenoemde was soortgelyk aan die boeteprosedure soos tot dusver genoem, maar net nog swaarder en meer dramaties, met die boetekleed en as wat veral klem gekry het.



© University of Pretoria

Die insulêre boete is deur die Ierse monnike na Europa, en later die res van die wêreld gebring. Hier vind ons die eerste spore wat vandag steeds bekend staan as die *privaat bieg*. Anders as die publieke boete, was hierdie *privaat bieg* herhaalbaar. Dat die monnike ŉ belangrike rol gespeel het in die kerk was te danke aan die feit dat hulle in gereelde kontak met die samelewing was en die vertroue van veral die werkersklas gehad het. Hierdie monnike was gesien as die mees ervare leiers en is genader vir alle lewensprobleme en uitdagings. Die monnike was vir die gewone individu die bewys dat die kerk haarself distansieer van die sekularisasie in die res van die wêreld. Hierdie monnike se leer en lewe het egter nie altyd ooreengekom nie, en is hulle magsposisies dikwels misbruik, ten koste van die nikswetende, ongeleerde werkersklas (Wegman 1976:246). Hierdie wanpraktyke is onder andere sigbaar in die liturgiese gebruike rondom vergifnis en versoening deurdat die gebruik ontstaan het dat jy jou vergifnis deur middel van ŉ opgelegde tarief kon koop. Vele priesters het begin handel dryf met hierdie boeteproses en hulleself verryk, terwyl die versoening en vergifnis deur Jesus se kruisdood en opstanding op die agtergrond geplaas is (Wepener 2009b:79).

In sy boek getiteld *A Sociological History of Christian Worship* identifiseer Martin Stringer (2005) twee diskoerse binne hierdie tydperk, naamlik: die *hegemoniese* diskoers (600-900 nC) en die *demoniese* diskoers (1200-1500 nC). Die *hegemoniese* diskoers verwys na hoe Christelike idees en gebruike as deel van die regeringsbeleid deur die heersende partye gebruik was om liturgie vir hul eie politiese agendas te manipuleer en te benut (Stringer 2005:89). Die *demoniese* diskoers daarenteen verwys na die liturgiese gebruike waardeur sommige dele van die gemeenskap (die werkersklas en latere middelklas) hulself teenstrydig met die algemeen aanvaarde, heersende liturgiese gebruike van die kerk outoriteite geplaas het. In ŉ poging om die invloedsfeer van hierdie diskoers te neutraliseer en die kerklike diskoers as die dominante diskoers in stand te hou, het kerkleiers dikwels hierdie gebruike as 'bygeloof' gebrandmerk (Stringer 2005:151). Om hierdie rede word daar dikwels verkeerdelik na hierdie periode verwys as ŉ tydperk van besonder baie bygeloof met ŉ oormaat klem op die misterie-kant van aanbidding in die erediens. In ŉ "ongepubliseerde artikel" (2016) sluit Cas Wepener hierby aan en verduidelik dat hierdie diskoerse in wese gaan oor die gebruik en misbruik van mag, beide deur die politiese leiers en kerklike leiers van die dag.



© University of Pretoria

Dit sou egter onbillik wees om hierdie wangebruike op só wyse te veralgemeen dat die idee geskep word dat dit kenmerkend van alle dele van die Ryk was. Dit was egter nie die geval nie. In Noord-Italië het die kerk grootliks haar integriteit behou te danke aan die feit dat die biskoppe hulleself met die plaaslike gemeenskap geassosieer het. Waar biskoppe egter hulself van die plaaslike gemeenskap gedistansieer en met die keiserlike regering geassosieer het (soos in die Suidelike dele van Duitsland en Switserland), het die wanpraktyke toegeneem en het die kerk haar integriteit prysgegee (Stringer 2005:178).

Die kerk as dominante diskoers sou egter uitgedaag word met die ontstaan van die middelklas. Stringer (2005:178) skets die veranderende tonele aan die einde van hierdie tydperk as volg:

> The merchant class, therefore, was caught; they had no obvious place within the old order and had no obvious means of changing that order to their own advantage apart from the complete overthrow of that order. Where they could, they managed to control the cities and adapt the devotional life of the cities to their own ends, as we have seen. However, even here they had to acknowledge the greater sacred power of the church and often came into dispute wit the wider church in relation to their own devotional lives.

Die tyd was ryp vir nuwe veranderinge, veranderinge wat sou kom met die aanbreek van die Reformasie.

### 2.3.5 Die Reformasie: Liturgie van die lewe

Met die aanbreek van die sestiende-eeuse Reformasie word die waarde van die Woorddiens aan die kerkvolk herontdek, met verrykende gevolge vir die Liturgie. Calvyn het die teenwoordigheid van Christus in en deur die Heilige Gees in die erediens, maar ook in die mens se daaglikse lewe beklemtoon (Van der Schyff & De Klerk 2010:611). Calvyn het gereeld in sy preke gefokus op die belangrike en onlosmaaklike band tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Hierdie band was vir hom noodsaaklik vir die groei van ŉ sigbare gemeenskap van heiliges (Brienen 1987:175-176).

Daar is nie weggedoen met die gebruik van die privaat bieg nie, maar die goeie en regte gebruik daarvan is aangemoedig. Slegs die feit dat gelowiges gedwing is om te bieg is



© University of Pretoria

afgewys, saam met die gedagte dat jy enigsins God se vergifnis kan verdien deur te bieg. Ook die erediens is in hierdie tyd gekenmerk deur groter eenvoud en verstaanbaarheid. Huisbesoek het ook in hierdie tyd ŉ belangrike rol begin speel, en was dit die geleentheid waar die predikant op gereelde basis by persone kon uitkom en kennis neem van hulle behoeftes en ook hulle oortredings. Tydens hierdie besoek was die gedagte om aan die hand van die Bybel en met pastorale sensitiwiteit God se liefde en genade in Jesus Christus te verwoord, en die persoon te begelei om God se vergifnis en versoening te ervaar (Wepener 2009b:81). Ook het die skuldbelydenis en genadeverkondiging ŉ plek in die erediens gekry en kon die hele gemeente saam hulle sonde bely en vergifnis ontvang. Laasgenoemde is ŉ voorbeeld van die gebruik tydens die Reformasie om prakties-liturgies met hulle hervormings te konsentreer op wat hulle as die kern van elke ritueel beskou het. Dit het daartoe gelei dat alles in die landstaal vertaal is, terwyl lang formuliere geskryf is om die betekenis duidelik en verstaanbaar aan die gelowige persoon te kommunikeer (Wepener 2009b:82).

Hierdie liturgiese ontwikkelinge van die Reformasie het egter met die verloop van tyd in die agtiende/negentiende eeu vervaag tot ŉ statiese, formalistiese liturgie. Die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) het egter weer grootskaalse reformasie in die liturgie teweeggebring (Van Tongeren 1997:178-179). Een van belangrike bydraes van hierdie konsilie was ŉ nuwe waardering vir die liturgie van die lewe. ŉ Gevolg van die *Sacrosanctum Concilium* was dat liturgie beskou was as ŉ funksie van die hele kerk as liggaam van Christus waarby alle lidmate aktief betrokke was op grond van hulle doop (SC 7-14). Fenwick en Spinks (1995:64) stel dit as volg: 'The liturgy enables the faithful to express in their lives and show forth to others the mystery of Christ and real nature of the Church'. Thomas Long (2001:3-4) wys ook op die impak van hierdie konsilie op die liturgiese landskap as hy sê:

> On December 4,1963, a worship eartquake of major seismic proportion hit the Roman Catholic Church. On that day the Constitution on the Sacred Liturgy, one of the most significant of the documents coming out of the Second Vativan Council, was issued, sounding the trumpet for a worship revolution. The Constitution called for sweeping reforms in worship, and the results were breathtaking – and controversial. Roman Catholic congregations began worshipping in their own language (instead of Latin), and they discovered a more joyful celebration of the sacraments, a renewed emphasis on the centrality of Scripture in worship, an enlivened practice of biblical preaching, and a more active congregational praticipation in worship.



© University of Pretoria

Die gebeure van die Tweede Vatikaanse Konsilie het uitkringend ingewerk op die Protestante deurdat dit hulle genoodsaak het om ook weer nuut te besin oor hul eie aanbidding en liturgie (Long 2001:4).

### 2.3.6 ONLANGSE VERWIKKELINGE: TERUG NA DIE BRONNE

Vandag is dit bykans onmoontlik om oor die algemeen te praat van die liturgiese gebruik (en ook die erediens) in die NG Kerk. In die artikel "Die Suid-Afrikaanse liturgiese landskap" skryf Hennie Pieterse (2012) dat die liturgiese landskap vandag binne Suid-Afrika deur diversiteit gekenmerk word. Hierdie diversiteit is nie net kenmerkend van ŉ Suid-Afrikaanse konteks nie, maar ook van die wêreldwye liturgiese landskap (Immink 2011:20). Schreiter (1985:3) verwys na 'local theologies' en verduidelik dat verskillende gemeentes oor hul eie plaaslike teologiese sienswyses kan beskik wat gevorm is deur hul denominasie se eie geskiedenis, tradisie en konteks. Hierdie subkultuur het op sy beurt weer ŉ invloed op die liturgiese inrigting van plaaslike gemeentes.

Deur die lens van die versoening/vergifnis praktyk, speel hierdie rituele steeds ŉ belangrike rol in sommige gemeentes en lidmate se lewens, terwyl dit in ander gemeentes weer totaal afwesig is. In ander gemeentes is dit weer vervang met nuwe vorms. Die proefbundel vir die erediens in die NG Kerk getiteld *Vir die erediens* wat in 2007 verskyn het, was ŉ nuwe poging om weer, na die omvangryke verskeidenheid in die NG Kerk wat gevolg het op die eenvormigheid van vroeër jare, êrens tussenin ŉ nie-voorskriftelike riglyn vir die liturgie-uitlewing in gemeentes te bied (Wepener 2009b:84). In 2010 is hierdie proefbundel met die nuwe amptelike eredienshandleiding getiteld *Handleiding vir die erediens* vervang (Wepener & Bartlett 2014:3). Hierdie nuwe handleiding vir die erediens toon ŉ ekumeniese openheid wat onder andere gereflekteer word deur die verkenning van liturgiese handelinge vanuit ander tradisies (Clasen 2012:1).

In baie opsigte was die negentiende eeu ŉ tydperk gekenmerk deur vooruitgang, ook in die liturgie (Baldovin 2013:518). Die aanbreek van die sogenaamde *Liturgiese Beweging* (sedert die 19de eeu) het verrykende gevolge vir die waardering van die belangrikheid van die erediens tot gevolg gehad. In die tweede helfte van die twintigste eeu het daar in verskeie



© University of Pretoria

teologiese velde ŉ draai na die mens plaasgevind, wat ook in die liturgiewetenskap neerslag gevind het (Miller-McLemore 2012:1). Die invloed van die *Liturgiese Beweging* het rondom die 1950's in Suid-Afrika arriveer en die liturgiese landskap binne die NG Kerk merkwaardig verander. Hierdie beweging het gepoog om "vanuit ŉ teologiese en historiese herbronning", die Gereformeerde liturgie weer in lyn te bring met die Gereformeerde tradisie (Vos & Wepener 2014:13). Met die slagspreuk "terug na die bronne" het die Liturgiek ŉ ongekende opbloei beleef en grootskaalse liturgiese studies die lig laat sien. Hierdie studie het weer op hul beurt liturgie beoefening merkwaardig beïnvloed (Wepener 2009b:84).

Met hierdie historiese ontwikkelings lyne met betrekking tot die Liturgiek in gedagte, gaan daar vervolgens gekyk word na die huidige stand van sake binne gemeentes in die VSA, Afrika, asook Suid-Afrika.

### 2.4 Eietydse tendense en uitdagings rondom die liturgie

Wanneer ons die eietydse tendense rondom die liturgie verken, bring dit ons aan die een kant ook by die uitdagings wat daar tans aan die erediens gebied word en aan die ander kant is hierdie bewegings binne die liturgie ook tekens van wat in die toekoms dalk nog sterker op die bestaanswyse van deursnee-gemeentes en hul lidmate kan inspeel (Wepener 2009c:181). Die eietydse liturgiese tendense en die impak daarvan binne die NG Kerk word vervolgens verken. Dus gaan daar na tendense oor die algemeen ondersoek ingestel word, maar spesifiek oor die uitdagings wat hierdie tendense aan die gereformeerde erediens en liturgie stel.

Tydens die derde internasionale seminaar van die *Lutheran World Federation* (LWF) wat in Januarie 1996 in Kenia plaasgevind het, is bevind dat dit nie ŉ eenvoudige taak om ŉ algehele prentjie van liturgiese tendense te skets is nie, aangesien liturgie altyd *kontekstueel*, *transkultureel*, *kontra-kultureel* en *kruiskultureel* is (Nairobi Statement 1996). Enige viering van ons is *kontekstueel* in die wêreld en dra die unieke kenmerke van ons plaaslike kultuur en leefwêreld. Tog is daar *transkulturele* elemente van ons vierings, met ander woorde sake wat wêreldwyd geldend is, byvoorbeeld die feit dat ons net een Here Jesus aanbid en net een doop bedien, ongeag die plaaslike kultuur. Dan is daar ook nog die *kontra-kulturele* kant aan die erediens, naamlik: daardie kant wat die sake wat deel geword het van die leefwêreld en



© University of Pretoria

gebruike van gemeentes, maar wat in stryd met die evangelie en belydenis is, uitdaag en profeties aanspreek. Laastens is daar die *kruiskulturele* element wat die waarde van verskillende kulturele elemente en tradisies erken. Die *kruiskulturele* element wil die ekumeniese eenheid versterk deur die deel van verskillende kulturele elemente binne die liturgie. Liturgiese *inkulturasie* praat verder van ŉ kritiese wederkerige verhouding tussen ons kultuur en die erediens, en waarin sekere kulturele elemente opgeneem word en ander deur die erediens uitgedaag word en sekere elemente van die erediens weer deur die kultuur uitgedaag word (Nairobi Statement 1996; Wepener 2009c:191).

Alhoewel die verkenning van liturgiese tendense ŉ ingewikkelde en diverse proses is, gaan enkele belangrike tendense en uitdagings binne die kerk in verskillende dele van die wêreld verken word in die hoop dat dit aan ons ŉ waardevolle perspektief op die huidige stand van sake binne die liturgie sal gee.

#### 2.4.1 VAN "BLENDED WORSHIP" NA KONVERGENSIE-LITURGIE

Alhoewel die afstand tussen die kontinente etlike duisende kilometers ver is, het geen Teologiese konteks in ons eie dag vermoedelik ŉ groter invloed op Afrika (en ook Suid-Afrika) as die VSA nie. Johan Cilliers (2013:3) stel dit as volg: 'It would seem as if especially Americanism has exerted its grip on the African spirituality of the integration of life, threatening to shatter and indeed fragment it'.

Afrika-spiritualiteit word onder andere geken aan die term *ubunye*, wat letterlik beteken: "ons is een". In Afrika word die lewe nie verdeel in verskillende sfere (sekulêr en spiritueel) nie, maar word dit as 'n geheel beskou. Lewe as sodanig is spiritueel (Cilliers 2008a; cf. Skhakane 1995:106). Een van die kenmerke van *Amerikanisme* daarenteen is die privatisering en individualisering van alle areas van die lewe. Die Amerikaanse droom belowe ŉ goeie lewe, vervulling van drome en sukses wat gemeet word aan persoonlike satisfaksie van die self. Die gedagte van gemeenskap en eenheid word versmoor ten gunste van ŉ individualistiese en gefragmenteerde samelewing (Cilliers 2013:4).



© University of Pretoria

In *Beyond the Worship Wars*, het Thomas Long hoofstroom-denominasies in die VSA verken. Hy beskryf dan die huidige liturgiese tendense en uitdagings in die VSA met twee terme, naamlik: *Seeker friendly* services en *Blended Worship* (Long 2001:5,12). Long gebruik Willow Creek gemeente as ŉ voorbeeld van *Seeker friendly* aanbidding en verduidelik dit as volg:

> Willow Creek leaders studied the religious attitudes and hungers of seekers and built these seeker services around what they understood to be Harry's and Mary's needs and desires. The services are contemporary in language and music; highly visual, employing dramatic skits and multimedia presentations; choreographed and paced to the "high standards in the secular marketplace"... (Long 2001:7).

Alhoewel hierdie aanbiddingstyl suksesvol blyk te wees as jy dit meet aan lidmaat getalle en erediensbywoning, is die uitdaging dat hierdie aanbidding styl sy wortels in die sekulêre, televisiewêreld eerder as in die evangelie storie het (Long 2001:10). De Klerk (2013:42) waarsku ook teen die gevaar van hierdie aanbiddingswyse, aangesien die liturgie in só 'n benadering veel eerder fokus op wat die individu se "wil" vir die liturgie is, as God se "wil" daarvoor.

Die konsep van *Blended Worship* het sy oorsprong in die werke van Robert Webber getiteld *Planning Blended Worship: The creative Mixture of Old and New* (1998). *Blended Worship*, verduidelik Long, is ŉ aanbiddingstyl waarby verskillende elemente (tradisioneel en kontemporêr; oud en nuut) op ŉ lukraak wyse vermeng word (amper soos ŉ mengelslaai) in ŉ poging om individuele voorkeure van die individu tevrede te stel (Long 2001:12). Ook Wepener & Bartlett (2014:3) is dit eens dat 'blended' of konvergensie-liturgie nie net kenmerkend van die liturgiese landskap in die VSA is nie, maar ook binne die NG Kerk in Suid-Afrika. Net soos met sy kritiek van die *Seeker friendly* aanbiddingstyl, noem Long dat ook *Blended worship* sy wortels het in die voorkeure en giere van die individu, in plaas van die evangelie van God. Wat volgens hom die uiteindelike doel moet wees, is gemeentes wie se erediens en liturgie spreek tot die huidige Amerikaanse kulturele milieu, maar steeds kongruent met die ryke tradisie van die Christelike kerk, en die evangelie van Jesus Christus is (Long 2001:12).



© University of Pretoria

Johan van der Merwe deel Long se sentiment en noem dat daar tans ŉ liturgiese klemverskuiwing weg van *blended worship* na ŉ *konvergensie liturgie* is. Hy verduidelik dat *konvergensie liturgie* 'die saamvloei van liturgiese bronne uit die breër Christelike tradisie met kontemporêre uitdrukkings vorms in die één stroom van die plaaslike gemeente se liturgie' is (Van der Merwe 2009b:251).

Long gaan voort en beskryf die eienskappe van wat hy die 'vital and faithful' gemeentes noem – gemeentes, wat binne die huidige Amerikaanse konteks daarin slaag om op dinamiese wyse die evangelie van Jesus Christus op kontemporêre en aktuele wyse, die lewe van die gewone persoon laat betree. Long (2001:13) identifiseer die volgende eienskappe (uitdagings) vir die gemeentes in die VSA, maar ook in alle dele van die wêreld:

1. Lewende en getroue gemeentes maak tydens aanbidding ruimte vir die ervaring van die misterie van God;
2. Lewende en getroue gemeentes het doelbewuste pogings om gasvryheid teenoor die vreemdeling te betoon;
3. Lewende en getroue gemeentes maak die inherente, dramatiese inhoud van die evangelie sigbaar binne die liturgie en erediens ervaring;
4. Lewende en getroue gemeentes beklemtoon musiek wat van uitstekende gehalte, maar ook eklekties in styl en genre is;
5. Lewende en getroue gemeentes gaan kreatief met die kerklike en liturgiese ruimte te werk;
6. Lewende en getroue gemeentes maak ŉ sterk konneksie tussen aanbidding en die missionale roeping van die gemeente;
7. Lewende en getroue gemeentes het ŉ relatief stabiele diensorde en ŉ wye repertoire van aanbidding elemente wat die gemeente mee vertroud is;
8. Lewende en getroue gemeentes skuif vreugdevolle lof en aanbidding na die einde van die erediens;
9. Lewende en getroue gemeentes het leraars met charisma.

Hierdie invloed van die Westerse denkwyse speel wel ŉ definitiewe rol in die liturgiese landskap binne Afrika en ook Suid-Afrika. Hierdie denkwyse word egter nie altyd met oop



© University of Pretoria

arms aanvaar en omhels nie, en is dikwels ŉ bron van spanning binne die kerk en samelewing. Hierdie is veral sigbaar in die huidige tendens binne die Afrika konteks.

### 2.4.2 AFRIKA-RENAISSANCE: TERUG NA DIE KULTURELE WORTELS

Die spanning tussen die Westerse wêreldbeeld (en gepaardgaande lewenswyse) en die tradisionele Afrika-wêreldbeeld, is tasbaar binne die individu, gemeenskappe en gemeentes van Afrika. Die reaksie van die meerderheid Afrikane is om terug te gryp na hul verlede en antieke tradisies. Hierdie teruggrypende beweging word die *African Renaissance* genoem. Ben de Klerk waarsku dat die rol van liturgie binne die kerk in Afrika baie noukeurig oordink moet word, aangesien dit ŉ baie belangrike rol te speel het om te sorg dat Bybelse transformasie hierdie *renaissance* beweging stuur (De Klerk 2013:21).

Aangesien die Afrikaan in wese ŉ geestelike individu is en sy/haar kultuur na aan die hart is, word die individu se optrede en denkwyse deur die individu se godsdienstige waardes bepaal. Liturgie as kommunikatiewe middel het ŉ besliste effek op die visie, aspirasie en hoop van die Afrikaan. In ŉ poging om weg te breek van die Westerse invloed op die samelewing en kerk, is daar tans in Afrika hernude pogings om ook in die liturgie terug te keer na wat eg aan die Afrika-konteks is. Gemeentes het byvoorbeeld teruggekeer na die gebruik van tradisionele musiek, instrumente (Afrika-trom) en gebare binne die liturgie (De Klerk 2013:26). Hierdie is egter hoofsaaklik voorbeelde van veranderinge binne die uiterlike uitdrukking van die liturgie.

Vir liturgie om waarlik ŉ transformerende invloed binne die Afrika-konteks uit te oefen, is daar tans ŉ herwaardering vir die belangrikheid van *inkulturasie* binne die liturgie. Dit beteken dat enige veranderinge binne die liturgie meer as bloot eksterne verandering van liturgiese vorms moet wees, maar eerder ŉ proses waar die historiese wortels en waardes van die huidige liturgiese gebruike bepaal moet word. Die hoofdoel van *inkulturasie* in om die boodskap van God te kommunikeer in die kulturele konteks van die gemeente (Felde 1998:43).



© University of Pretoria

Taal speel veral ŉ belangrike rol in die vorming van liturgiese identiteit (De Klerk 2013:55). Die Liturgiese reformasie in Sub-Sahara Afrika is veral sigbaar binne die taal van die liturgie en die besef van die belangrike rol daarvan (Wepener 2014:86). Wepener identifiseer enkele belangrike liturgiese taal kategorieë wat veral relevant tot die Sub-Sahara Afrika konteks is, as volg:

#### 2.4.2.1 Die taal van die liggaam

Die taal van die liggaam in Sub-Sahara Afrika behels meer as bloot geskrewe en gesproke taal. Alhoewel die liturgiese taal binne Afrika wel verander het van Duits, Germaans en Engels na Xhosa, Sepedi en Tshivenda, het die veranderinge baie organies plaasgevind en is dit veral sigbaar in die liggaamstaal binne die liturgiese uitlewing. Dans, sang, speel van musikale instrumente en ander liggaamlike gebare is kenmerkend van die liturgiese taal van die liggaam binne die kerk Sub-Sahara Afrika (Wepener 2014:87).

#### 2.4.2.2 Die taal van die Geesteswêreld

Binne die Afrika-kultuur word die geesteswêreld nie as metafoor beskou nie, maar as ŉ integrale deel van ons daaglikse realiteit. Die grondslag vir die beskouing oor die geesteswêreld is die Afrika-perspektief op tyd. Tyd, binne ŉ Afrika-konteks, beweeg ‘agteruit’ in plaas van ‘vooruit’, en die individu se fokus is gerig op wat was, in plaas van wat nog voorlê. Daarom bestaan die geloof dat, wanneer ŉ persoon tot sterwe kom, word die persoon deel van die *living dead*. Hierdie ‘persoon’ leef nog voort in die gedagtes van die volgende vyf generasies, waarna die ‘persoon’ na die wêreld van die geeste oorbeweeg – ŉ ruimte tussen God, die *living dead* en die lewendes. Hierdie realiteit impakteer op die liturgiese meelewing in veral die Pinkster-kerke van Afrika, wat tot gevolg het dat vorme van bonatuurlike, hiperkinetiese manifestering, die spreek in tale en eksorsisme deel vorm van die aanbidding binne Sub-Sahara Afrika gemeentes (Wepener 2014:89).

#### 2.4.2.3 Die taal van materialisme

Rakende liturgie, taal en kultuur, is die impak van die sogenaamde “voorspoed-teologie”, veral binne die Pinkster-kerke onmiskenbaar. Daar is ŉ beduidende klem op kousaliteit binne



© University of Pretoria

die liturgiese taalgebruik, wat tot die geloof lei dat God dié wat Hom dien en gehoorsaam op bonatuurlike [materiële] wyse seën (Wepener 2014:90).

#### 2.4.2.4 Die [letterlike] taal van die Bybel

Binne die Sub-Sahara kerkkonteks is daar die sterk oortuiging dat rituele, simbole en vieringe hulle vorme vanuit die Bybel verkry en dat hulle presies soos in die Bybel uitgevoer moet word. Binne die Afrika-konteks is daar veral ŉ klem op die rol van die Ou Testament. Die hermeneutiese tendens onder meeste Pinkster-kerke in Afrika is om die Bybel baie letterlik te lees en dan raakpunte tussen die Bybelse konteks en hul konteks te soek (Wepener 2014:92).

#### 2.4.2.5 Die taal van genesing

Een van die hoofredes waarom persone in Afrika aanbid, is vir die ervaring van genesing – dikwels op misterieuse en bonatuurlike wyse. Lidmate skuif maklik van een gemeente na ŉ ander indien hulle van mening is dat die genesing by een beter geskied as by ŉ ander. Tydens eredienste word die taal van genesing uitgeleef binne gebed, maar ook in die handoplegging. Die pastoor/profeet is die agent deur wie se aanraking die Heilige Gees genesing aan die persoon bring.

Bybelse transformasie (soos bepleit deur Ben de Klerk) sal moet erns maak met die belangrike rol wat bogenoemde voorbeelde van liturgiese taal binne Afrika speel (Wepener 2014:94). Die uitdaging binne Sub-Sahara Afrika is dat liturgiese taal die alledaagse spreektaal van die individu moet weerspieël, maar steeds op so wyse dat die eer aan God die primêre fokus bly (De Klerk 2013:55).

Alhoewel hierdie uitdagings van die Afrika konteks op die voorstoep van Suid-Afrika (en spesifiek die NG Kerk) lê, word die grootste uitdagings binne Suid-Afrika gevind binne die diverse samelewing met sy verskeidenheid tale, kulture en gebruike.



© University of Pretoria

### 2.4.3 LITURGIESE TENDENSE BINNE DIE NG KERK:

Die rykdom en potensiaal binne die Liturgiewetenskap as dissipline was vir baie lank onontgin binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die rol wat die Protestantse tradisie binne die teologiese fakulteite gespeel het was moontlik ŉ bydraende faktor in dié verband (Wepener & Bartlett 2014:1). Die liturgiese landskap in Suid-Afrika is egter aan die verander, te danke aan die invloed van verskeie kragte en onder andere ook die bydraes van Teoloë soos Coenie Burger, Ben de Klerk, Julian Müller, Hennie Pieterse, Cas Vos, Cas Wepener en selfs ŉ Nederlander soos Marcel Barnard en ander.

Om ŉ volle uiteensetting van al die tendense binne die liturgiese landskap van Suid-Afrika te verhaal, is doodgewoon nie moontlik, gegewe die beperkte skopus van hierdie studie nie. Daarom gaan daar, in ag genome die fokus van hierdie navorsing, gekyk word na drie tendense wat veral van belang is, naamlik: Die liturgie as transformasie-agent, die erediens as fees; en liturgie as ontmoetingsruimte.

#### 2.4.3.1 TRANSFORMERENDE ONTMOETINGSRUIMTE

In die vorming van identiteit, binne die Suid-Afrikaanse konteks staan die begrip, *multikulturalisme* prominent. Ben de Klerk (2013:55) reken dat *multikulturalisme* nie meer ŉ bysaak is nie, maar moontlik die kenmerkende eienskap van die Suid-Afrikaanse konteks en kultuur is. Die uitdaging is dus nie om te bepaal watter kulturele elemente korrek is nie, maar eerder om op verantwoordelike wyse die waarde wat verskillende kulturele elemente tot liturgiese identiteit in die kerk kan bydra te bepaal (McGaughey 1999:73).

Die uitdagings vir die tradisioneel Afrikaanse kerke is juis om die Suid-Afrikaanse kultuur (en inderdaad multikultuur) in diepte te analiseer ten einde ŉ beter begrip daarvoor te ontgin. Die Afrikaanse liturgie moet waaksaam wees teen die gevare van die globale verbruikerskultuur (soos onder punt 2.4.1 verduidelik), terwyl dit ook sy verhouding tot die Afrika kultuur moet verreken (De Klerk 2013:55). Brink (1995:2,3) noem dat die huidige uitdaging vir die kerk in Suid-Afrika juis is om die 'beste' van die verskillende kulture te verreken binne die vorming van ŉ nuwe, meer inklusiewe liturgiese identiteit en gemeenskap.



© University of Pretoria

Veral binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar tans hernude waardering vir die rol van liturgie as transformasie-agent. Dirkie Smit (2004b:888) verduidelik dat daar vandag ŉ diepe belangstelling in die noue verband tussen liturgie en etiek, erediens en lewe bestaan. Hierdie belangstelling is wedersyds: diegene wat in die liturgie en erediens belangstel kyk met nuwe begrip na die rol daarvan binne die alledaagse lewensruimte, terwyl dié wat op die etiek fokus weer met nuwe oë kyk na die belangrike rol wat aanbidding in die etiek speel. Sedert die vierde eeu het die gebruik ontstaan om die verhouding tussen geloof, aanbidding en die lewe met die slagspreuk *lex orandi* (reël van die geloof), *lex credendi* (reël van aanbidding), *lex convivendi* (reël van die lewe) te verwoord. Hierdie verhouding tussen geloof, aanbidding en die lewe moet nie op liniêre wyse verstaan word nie, maar eerder as dinamiese wisselwerking waarin geloof, aanbidding en lewe op mekaar inspeel, mekaar vorm, en mekaar verryk. Wat egter wel vasstaan, is die besef dat geloof, aanbidding en lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind is (Smit 2004b:889-890,905).

Veral binne die voortslepende oorgangstyd binne Suid-Afrika, het die liturgie ŉ belangrike rol te speel in die skep van geloofservarings wat ŉ impak op die individu se lewensbeskouing het en aan transformasie prosesse nuwe momentum gee. Die uitdaging, ook binne die NG Kerk, is om só te werk te gaan dat liturgie nie ŉ 'blote kultiese Sondag onderonsie is nie, maar ŉ liturgie as ŉ visionêre geloofshandeling wat die formasie én karakter van die menslike lewe en menslike samelewing beslissend kan bepaal' (Müller 2006a:600). Ten opsigte van liturgiese identiteit binne ŉ Suid-Afrikaanse konteks is die uitdaging om die seer en verdeeldheid van die verlede in ons liturgie op te neem, maar ook ŉ weg na nuwe toekoms-moontlikhede te beskryf (Müller 2006a:601).

#### 2.4.3.2 FEESTELIKE ONTMOETINGSRUIMTE

Een van die dominante diskoerse binne die liturgiese landskap in Suid-Afrika is dié van die *feestelikheid* van die erediens (Wepener & Bartlett 2014:2). In sy boek *Die erediens as fees* verduidelik Julian Müller dat die erediens nie eerstens ŉ stuk vormgodsdiens moet wees nie, maar ŉ feestelike geleentheid wat deur blydskap en genot gekenmerk word. Hierdie feestelike karakter sal moontlik daartoe bydrae dat meer persone nie net in die erediens belangstel nie, maar ook daaraan deelneem (Müller 1990:1-2).



© University of Pretoria

Hierdie fokus op die erediens as fees staan nie krities teen die tradisionele Reformatoriese slagspreuk *Praedicatio verbi Dei est verbum Dei* wat die waarde van die gepredikte en dus verbaal gespreekte woord in liturgie beklemtoon nie, maar wil dit eerder aanvul en verryk deur die waardering van ook die liggaamlike deelname en belewenis binne die erediens-liturgie. Die liggaamlike deelname in die vorm van sig, gevoel, smaak en selfs reuk is volgens Wepener (2006:387) belangrike elemente van die persoon se eredienservaring. ŉ Persoon se deelname aan liturgiese rituele behoort altyd ook liggaamlike deelname te wees, waarby die persoon in sy/haar volheid aan dié rituele deelneem en daarby betrokke is (Barnard et al. 2014:207). Vir die liturgiewetenskap het hierdie skuif daartoe bygedra dat die gemeente, deelnemend aan die rituele bestudeer kan en moet word (Wepener & Vos 2014:16).

Dus is daar ŉ duidelike klemverskuiwing te bespeur weg van die erediens as monoloog met die liturg as prediker en die lidmaat as passiewe luisteraar, na ŉ deelnemende eredienservaring waar die liturgie ruimte laat vir beide liturg en lidmaat om aktief daaraan deel te neem. Dit is nie onbelangrik dat die navorser nie hierdie klemverskuiwing as een van monoloog na *dialoog* verwoord nie. Vir baie lank is die erediens as dialoog beskou en het dit in die vorm van ŉ gespreksmodel funksioneer. Hierdie was tereg ŉ poging om van die monologiese denkwyse afstand te doen. Vandag trek ons al egter verder op hierdie reis deur die liturgiese landskap en vind ons nou ŉ verdere klemverskuiwing vanaf die erediens as dialoog, na die erediens as ontmoetings (Van der Merwe 2009b:250).

Saam met die bogenoemde belangstelling in die rol van ontmoetings, is daar tans ŉ nuwe belangstelling in die rol van 'ruimte' binne die liturgie (Cilliers 2008b:1). Om hierdie rede is dit nodig om enkele verdere opmerking oor liturgie vas te pen, veral ten opsigte van twee konsepte wat van kardinale belang vir die bydrae wat hierdie navorsing tot die liturgie wil voeg is. Hierdie konsepte is *ontmoetings* en *ruimte*.

### 2.5 ONTMOETINGS BINNE DIE LITURGIE

Aan die begin van die twintigste eeu het die NG liturgie in Suid-Afrika grootliks inligting rakende God kommunikeer. In die tweede deel van dié eeu het die liturgiese landskap



© University of Pretoria

merkwaardige verandering ondergaan met ŉ nuwe waardering vir die rol van persoonlike betrokkenheid [ontmoetings] met God (De Klerk 2013:56). Johan van der Merwe (2009b:251) stem saam dat daar ŉ hedendaagse skuiwe in die liturgie weg van ŉ gespreksmodel (bestaande uit 'agendapunte' wat op meganiese wyse hanteer word), na ŉ *ontmoetingsmodel* waar die individu nie net God se woorde leer ken nie, maar God self. Brink (1997:43) stel dit as volg: 'Pastor, when you teach, I learn something; when you preach, I meet God'.

Behalwe vir hierdie *ontmoeting* met God, moet die liturgie ook die koinonia najaag, terwyl dit ook die missionale roeping van die kerk beklemtoon (De Klerk 2013:56). Die navorser is van mening dat ontmoetings ŉ kardinaal belangrike deel van hierdie proses is. Nie net is dit nodig om "van God" te praat nie, maar ook om "met God" te praat. In verband met die koinonia is dit nodig om nie net teoreties "oor mense" te kommunikeer nie, maar "met mense" in hul eie lewenswerklikhede te kommunikeer. Laastens vind die missionale roeping van die kerk neerslag wanneer ons nie "oor die wêreld" praat nie, maar in persoonlike aanraking met die nood van ander kom, dit aan ons lywe voel en ons ŉ dieper begrip en insig vir die gebrokenheid te gee. Ontmoetings (persoonlik en intiem) binne die liturgiese ruimtes van die lewe en die rol daarvan, moet deel vorm van elke geleentheid wanneer daar oor die liturgie besin word.

Cilliers (2008b:7) wys op die rol van liturgiese *ruimte* om hierdie *ontmoetings* moontlik te maak, en noem dat *gedesentraliseerde ruimte* die plek is waar God die ruimte betree (ons *ontmoet*) en Sy aangesig na ons toe draai. Wanneer die individu binne die ruimte van God se aangesig kom, dui dit nie op ŉ fisiese ruimte nie, maar op ŉ misterieuse ontmoetingsgebeure. Die navorser ondersteun hierdie standpunt en is dit eens dat liturgiese ruimte en die wyse waarop dit benut word bogenoemde ontmoetings nie net kan fasiliteer nie, maar ook kan help realiseer. Enkele opmerkings oor die verstaan van ruimtelikheid ten opsigte van die liturgie kom daarom nou aan die beurt.



© University of Pretoria

### 2.6 LITURGIE AS RUIMTE

Waar ruimte voorheen as ŉ karteerbare gegewe gereken is, het standpunte van Lefebre en Soja grootliks daartoe gelei dat ruimte al hoe meer as ŉ konstante proses van wording beskou kan word (Hubbard, Kitching & Valentine 2004:4 e.v., 10). Soja (1996:72) verduidelik verder dat ook ten opsigte van ruimtelikheid daar ŉ ossilasieproses te bespeur is, aangesien die samelewing eweneens ruimte produseer, maar ook daardeur gevorm word. Die Griekse term vir ruimte (*chora*) het ŉ baie breë betekenis, en kan onder andere as "potensiaal vir verandering" beskou word. Ruimte (*chora*) is ŉ middel waardeur eindelose nuwe moontlikhede, om nuwe lewenswaarhede te ontdek, ontstaan (Cilliers 2008b:3). Cilliers (2008b:2-3) is van mening dat ruimte in vier breë kategorieë verdeel kan word, naamlik:

- Die eerste ruimte *(fisiese ruimte)* wat geografies aangedui kan word en dus na fisiese plekke verwys, byvoorbeeld: Pretoria of Tafelberg;
- Die tweede ruimte word die *verbeelde ruimte* genoem en kan dus konsepte, idees en drome van hoe ŉ ruimte behoort te wees insluit;
- Die derde ruimte is *geleerde of eksistensiële ruimte* en verwys na die onmiddellike omstandighede waarbinne ŉ persoon van dag tot dag bestaan. Hierdie ruimte kan ook op verskillende maniere ingekleur word deur byvoorbeeld: meubels, voertuie of kulturele merkers (monumente, parke, ensovoorts).
- Die vierde kan *antisiperende ruimte* genoem word en sluit aan by die tweede ruimte, alhoewel dit ook die tweede ruimte oorskry. Cilliers omskryf hierdie ruimte as ŉ 'antisiperende vooruitgrype op transendentele werklikhede'. In hierdie ruimte dring die transendentele werklikheid die huidige werklikheid binne, in die vorm dat die persoon nou reeds in die transendentele moontlikheid glo.

Cilliers (2008b:4) verduidelik dat liturgiese ruimte wel die eerste en derde ruimtes insluit, maar dit wil transendeer om tweede en vierde ruimtes, vol verbeelding en antisipasie te word. Daarom noem hy die liturgiese ruimte ŉ 'atmosfeer van verbeelding en antisipasie'. As ruimte het die liturgie ten doel om nuwe werklikhede te identifiseer en te laat realiseer.

Daar kan ook ŉ verdere onderskeid getref word tussen *gesentraliseerde* en *gedesentraliseerde* ruimte. *Gesentraliseerde* ruimte verwys daarna dat ŉ spesifieke ruimte as



© University of Pretoria

heilige plek afgesonder is, soos byvoorbeeld die tempel. Hierteenoor lees ons veral in Genesis van *gedesentraliseerde* ruimte waar die (Heilige) ruimte so versprei word dat dit in alle ruimtes van die alledaagse lewe kan voorkom. God ontmoet nie vir Moses in die tempel nie, maar by ŉ doringbos (Kunin 1998:28). Een van die kenmerke wat hierdie *gedesentraliseerde* ruimtes heilig of andersoortig maak is dié van *liminaliteit*. Kunin (1998:30) beskryf die liturgie as liminale ruimte en noem dat liminaliteit een van die gedeelde eienskappe van alle Bybelse heilige ruimtes is. ŉ Verstaan van liturgiese ruimte as *gedesentraliseerd* ontsluit ŉ veel ruimer verstaan van die liturgie as nie net gebeure binne die erediens nie, maar ook binne die liturgie van die lewe.

### 2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die Liturgie as ontmoetingsruimte verken. Na ŉ kort terminologiese omskrywing van die betekenis van Liturgie is daar vertrek op ŉ voëlvlugreis na die historiese ontwikkelingslyn binne die Liturgie. Die huidige stand van sake binne verskillende kulturele kontekste is ook verken met die doel om ŉ beter begrip vir die liturgie soos dit tans daarna uitsien te bekom. Wat vir die doel van hierdie studie veral van belang is, is die hernude belangstelling in twee elemente van die liturgie, naamlik: *ruimte* en *ontmoetings*.

Ná die verkenning in hierdie hoofstuk moet die moontlikheid erken word dat die verkenning van Liturgie as *ontmoetingsruimte* nie net van groot waarde kan wees nie, maar eerder ŉ noodsaaklikheid indien ons die lewensimpakterende en transformerende krag van die liturgie wil ontsluit. Cilliers (2008b:12) deel hierdie sentiment en is van mening dat die konsep van ruimte ŉ legio moontlikhede vir liturgiese besinning bied.

Hierdie navorsing wil bou op die bydraes van teoloë soos Bartlett, Cilliers, Müller en Wepener en (met hulle toestemming) daarop uitbou deur ŉ bespreking van die liturgie as ŉ feestelike en transformerende *ontmoetingsruimte*. Aangesien daar nog nie omvattende navorsing oor die aard en rol van ontmoetings in die liturgie bestaan nie, gaan die navorsing in die hoofstukke wat volg probeer om hierdie navorsings-vakuum te vul deur die ontmoetings tussen God en mens (Christopraxis), die ontmoetings van lidmate met mekaar



© University of Pretoria

(koinonia) en die ontmoetings tussen die individu en die wêreld (missionale dimensie) te verken.

Binne die gereformeerde erediens gaan dit eerstens oor God se teenwoordigheid by ons, wat deur die Heilige Gees bemiddel word. Daarom kom die ontmoeting tussen God en mens in die volgende hoofstuk aan die woord.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

## ONTMOETINGS TUSSEN GOD EN MENS:

## DIE ROL VAN GODSBEELDE IN DIE VERSTAAN VAN IDENTITEIT AS BEELD VAN GOD

### 3.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die eerste tree op die ontdekkingsreis na die rol van ontmoetings in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse gegee. Aangesien hierdie navorsing in die veld van die Praktiese Teologie afspeel, met ʼn definitiewe fokus op die Liturgie, is hierdie eerste tree geneem deur ʼn terminologiese en metodologiese verkenning van die liturgie as ontmoetingsruimte.

Enkele historiese lyne in die ontwikkeling van die liturgie is verken, terwyl die huidige uitdagings en tendense binne die liturgiese landskap in die VSA, Afrika en ook Suid-Afrika kortliks vermeld is. Verdere motivering vir hierdie spesifieke navorsingsfokus is verleen deur te wys op die hedendaagse belangstelling in die rol van ruimtelikheid en ontmoetings in die liturgie.

Die volgende treë van hierdie ontdekkingsreis word vervolgens in hierdie hoofstuk geneem en kom die eerste ontmoeting, naamlik: die *ontmoeting tussen God en mens*, aan die woord. Enkele ontmoetingsverhale waar God die mens ontmoet word as vertrekpunt weergegee. Die teenwoordigheid van Godsbeelde (en attribute) in die liturgie en die impak daarvan op die vorming van Christelike identiteit, word verken deur veral te fokus op die verstaan van identiteit as *imago Dei* (beeld van God). Die navorsing gaan vanuit die oortuiging te werk dat ons verstaan van Wie God is, ʻn direkte impak op ʻn persoon se selfverstaan en identiteit kan hê.

Die beginpunt van hierdie ontdekking van God se identiteit (en uiteindelik ook ons eie identiteit) vind plaas in die heilige (gesentraliseerde en gedesentraliseerde) ruimtes waar God tot die ruimte toetree, ons daar ontmoet en Homself aan ons openbaar (Cilliers 2008b:5-6). In die bespreking wat volg kom hierdie besondere ontmoetings met die lewende God aan die woord.



© University of Pretoria

### 3.2 HOE GOD ONS ONTMOET

Coenie Burger (2005:13-14) skryf in *Ontmoetings met die lewende God* dat gelowiges met drie vrae leef, naamlik: die *vraag na God* (Wie is God en hoe kan ek God beter leer ken), die *vraag na onsself en ons selfverstaan* (Wie is ek) en laastens die *vraag na die sin van die lewe* (hoe kry ek sin gemaak van die wêreld daarbuite en vind ek my plek daarin). Hy gaan dan voort en verduidelik dat die Bybelse saak van roeping ons kan help in die beantwoording van hierdie drie vrae. Roepingsverhale in die Bybel het volgens hom dit in gemeen dat die Here mense help om hierdie vrae te beantwoord. Die Bybelse roepingsverhale behels altyd ‘n *nuwe ontmoeting met God* waarin die mens God beter en op nuwe wyses leer ken, ‘n *nuwe verstaan van hulleself* en hul lewensdoel en laastens ‘n *dieper insig in die lewe* en waar hulle in die groter prentjie inpas.

Die verhaal van Moses (Eks. 1) se ontmoeting met die Here is ‘n praktiese voorbeeld van die aard en impak van die ontmoeting tussen God en mens. God ontmoet Moses nie in die tempel (gesentraliseerde ruimte) nie, maar by die doringbos (gedesentraliseerde ruimte). Hierdie opsigself is belangrik aangesien dit tot gevolg het dat (heilige) ruimte versprei word en so die konkrete en daaglikse binnekom. Die woestyn word nou ingeruim as tempel (Cilliers 2008b:6). Die ontmoeting wat binne hierdie ingeruimde tempel plaasvind, is ‘n natuurlike uitvloeisel van God se toetrede tot die ruimte. Om binne die ruimte van God se teenwoordigheid te kom dui nie in die eerste plek op fisiese ruimte nie, maar eerder op die misterieuse en lewende ontmoetingsgebeure (Cilliers 2008b:7). Wat hier veral van belang is, is dat God die eerste tree neem deur Sy aangesig na Moses te draai. God inisieer die ontmoetingsgebeure deurdat God, Moses ontmoet.

Die wyse waarop God vir Moses ontmoet is ook van belang. Moses sien God nie direk nie, maar hoor God se stem in die doringbos wat aanhou brand. Burger is van mening dat die gelowige vinnig sal moet leer dat God ontmoet word, nie deur God te *sien* nie, maar deur te leer om na God se stem te *luister* (Burger 2005:35). Ten einde ‘n beter verstaan van die wyse waarop God ons ontmoet te bekom, is dit nodig om enkele praktiese maniere waardeur hierdie ontmoeting tussen God en mens plaasvind, uit te lig. Dit is nodig om daarop te wys dat die voorbeelde slegs enkele belangrike ontmoetingswyses wil identifiseer, en dus geensins as ‘n allesomvattende weergawe beskou moet word nie. Daar kan baie maklik nog ander voorbeelde geïdentifiseer word wat nie hieronder bespreek word nie. Nogtans gaan die



© University of Pretoria

voorbeelde wat volg die leser help om die aard en impak van hierdie ontmoeting tussen God en mens op ‘n praktiese wyse beter te verstaan.

### 3.2.1 GOD ONTMOET ONS DEUR SY WOORD.

As gelowiges glo ons dat die Here met ons praat en ons ontmoet veral deur God se Woord. Met *Woord* word hier in die eerste plek na die Bybel verwys, maar ook in die tweede plek na die lewe, leer en voorbeeld van Jesus Christus. God ontmoet ons nie alleenlik in buitengewone ervarings nie, maar veral in die getroue, verwagtingvolle lees van die Woord (Burger 2005:55). Die navorsing wil by hierdie siening van Burger aansluit, maar ook daarop uitbrei deur die rol van die gepredikte Woord ook hier in te sluit as wyse waarop God ons ontmoet en Sy stem laat hoor (Immink 2001:228-229). God se teenwoordigheid word werklik deur die Heilige Gees wat deur die beloftes van die gepredikte woord in ons harte werk (Smit 2009:100; Immink 2001:229).

### 3.2.2 GOD ONTMOET ONS IN DIE EREDIENS

In dié navorsing is die belangrikheid van alledaagse ruimte uitgewys en dat heilige ruimtes nie net tot die tempel (Sondag-erediens) beperk is nie, maar ook in die alledaagse ruimtes gestalte vind. Nietemin kan die belangrike rol wat die Sondag-erediens speel nie misken word nie. Beide in die Ou en die Nuwe Testament het die erediens ‘n belangrike rol gespeel as plek van ontmoeting tussen God en mens. Die erediens word gesien as die samekoms van God met Sy volk, waar God Sy kinders ontmoet, met hulle kommunikeer, leer en vorm (Rossouw 1988:263-264). Veral in die Nuwe Testamentiese tyd is die gebruik gevestig om op die eerste dag van die week (die dag van Jesus se opstanding) bymekaar te kom. Die doel van hierdie geleentheid was om Christus se opstanding te herdenk in die teenwoordigheid van die lewende, opgestane Here. Om die erediens by te woon beteken meer as bloot ‘n rituele handeling en godsdienstige verpligting, maar veel eerder om in die teenwoordigheid van God te kom met die doel om God beter te leer ken (Burger 2005:56). Daarom moet ons beskouing van die erediens nie wees as ‘n geleentheid bestaande uit sekere elemente wat binne ‘n vasgestelde tydsduur moet afspeel nie, maar veel eerder as ŉ dinamiese en lewende ontmoetingsgebeure (Vos 2010:1).



© University of Pretoria

Oor die vraag na die eie aard van die gereformeerde erediens noem Dirkie Smit dat dit in die gereformeerde erediens hoofsaaklik gaan oor God se teenwoordigheid by ons. Vir die gereformeerde lewensgevoel is die lewende God by ons teenwoordig, nie in die kerk self of in ons subjektiewe gevoelens nie, maar deur die bemiddeling van die Heilige Gees (Smit 2009:100). Die rol van liturgie is om deur simbole en simboliese handelinge, deur kuns en musiek, deur appél op emosie en vele ander wyses ‘n atmosfeer te skep waarbinne die persoon kan ervaar dat hy/sy God beleef en ontmoet (Smit 2009:101).

### 3.2.3 GOD ONTMOET ONS IN DIE SAKRAMENTE

Een van die spesiale maniere waarop God ons ontmoet en Hom aan ons openbaar, is in die sakramente, naamlik: die *doop* en *nagmaal*. Die teenwoordigheid van God word deur die Heilige Gees bemiddel en verseël deur die sakramente (Smit 2009:100). In die doop leer ken ons God as die Een wat ons liefgehad en vertrou het lank voordat ons Hom liefgehad en vertrou het. Ook wanneer die gelowige in die erediens getuies is van ‘n kind (of volwassene) wat gedoop word, behoort hy/sy opnuut weer aan die betekenis daarvan ook vir sy/haar lewe te besin en só die liefdevolle, getroue God opnuut weer ontmoet. Tydens die gebruik van die nagmaal word ons aan Jesus herinner (‘gebruik dit tot My gedagtenis’), maar ook met Jesus verenig (‘Dit is My liggaam...my bloed’). Só wil die gebruik van die nagmaal ons beide tot ‘n dieper kennis van God se identiteit en ook ‘n dieper verhouding met Hom bring (Burger 2005:57-58).

Zimmerman wys verder op die impak wat hierdie ontmoeting tussen God en mens deur die doop en nagmaal op die Christelike identiteit en selfverstaan het. Die *nagmaal* en *doop* is volgens haar die sigbare uitbeelding van God se plan vir ŉ gebroke wêreld in Jesus Christus se kruisdood en opstanding. Die ontologiese dinamika van die nagmaal en doop konkretiseer die hier-en-nou realiteit van die daaglikse Christelike lewenswyse. Dit herinner ons dat Christelike identiteit meer as bloot ŉ uiterlike kledingstuk is, maar eerder ŉ dinamiese lewenswyse gegrond op die daaglikse keuses oor ons Christelike aktiwiteit in hierdie oorgangstyd waarin ons onsself bevind. Die nagmaal en doop verteenwoordig ŉ openbare verbintenis om as lede van die liggaam van Christus, God se roeping vir ons te gehoorsaam en uit te leef (Zimmerman 1993:78). In die nagmaal ontmoet ons God as die Een wat deur die geskiedenis versoening bewerk het en steeds bewerk (Uytenbogaardt 2002:161). Veral binne



© University of Pretoria

die Suid-Afrikaanse konteks word die gelowige só opgeroep om sy/haar identiteit en lewensroeping te verstaan binne hierdie voorbeeld van versoening.

### 3.2.4 GOD ONTMOET ONS DEUR ANDER GELOWIGES EN DIE KERK AS LIGGAAM VAN CHRISTUS

Dit is opmerklik wanneer gelowiges begin vertel hoe God hulle ontmoet het, om te hoor hoe ander gelowiges ‘n pertinente rol hierin vervul het. Anders gestel: God ontmoet ons dikwels deur ander gelowiges (of persone) te gebruik. Veral in die Ou en Nuwe Testamentiese tyd het God dikwels die volk ontmoet deur middel van die priesters en profete wat as middelaars van God se Woord opgetree het. Dit is veral ook hier dat die prediker, as Woordverkondiger, ‘n belangrike rol te speel het in die fasilitering van ‘n ontmoeting tussen God en mens (Burger 2005:60). Hierdie ontmoeting geskied egter nie alleenlik deur middel van woord nie, maar dikwels deur ander persone se optrede en manier van leef. Ons ontmoet dikwels God in die omgee van ander, of deur die gekruisigde hande en voete van gelowiges wat lewe soos wat Jesus geleef het (Burger 2005:59). Dit het tot gevolg dat ons as Christene moet leer nie net om te praat nie, maar ook om te luister...na die Here...wat Homself aan ons wys in die woorde, lewe en stories van ander mense (hierdie gaan in meer diepte in hoofstuk vier van hierdie navorsing vasgepen word).

Hierdie ontmoetings tussen God en mens deur middel van die kerk as liggaam, dra by tot die verstaan van ‘n persoon se Christelike identiteit as kollektiewe identiteit – gesetel in die gemeenskap met ander gelowiges. Zimmerman stem saam dat dié simbool van die *liggaam van Christus* verteenwoordigend van die kollektiewe identiteit van elke gelowige is. Hierdie simbool verteenwoordig wie ons is, en wat die doel van die gelowige individu se bestaan is, naamlik: ŉ skuif weg van ŉ individualistiese identiteitsvorming waar die individu buite die Christelike tradisie bestaan, na ŉ nuwe identiteit wat gerig is op die aktiewe deelname aan die Christelike tradisie as deel van ŉ groter liggaam – die liggaam van Christus. Hierdie kollektiewe identiteit vind gestalte binne die gemeenskap van gelowiges. Christene ervaar die “een-wees” met Christus en mekaar (cum unus) wanneer ons as aanbiddende gemeenskap voor Christus staan. Liturgiese gemeenskap is die uitbeelding van ons ware identiteit (Zimmerman 1993:79; Immink 2001:230). Hierdie gemeenskap van gelowiges vind neerslag in die Christelike geloof in God wat Homself as die Drie-Enige God aan ons openbaar en ontmoet. Hierdie gemeenskap van gelowiges word soteriologies beskou as gawe, en vind dit



© University of Pretoria

Christologies gestalte in die doop en nagmaal (Van den Brom 2009:142,144). Ook Hans Uytenbogaardt (2002:169) wys op die impak van die nagmaal as gemeenskaplike handeling as herinnering dat elke gelowige – persoonlik en kollektief – opgeroep word om aktief deel te neem aan die versoenende handeling van God deur Jesus Christus.

### 3.2.5 GOD ONTMOET ONS IN DADE VAN GEHOORSAAMHEID EN DIENS

Burger waarsku dat wanneer ons op die wyses waarop God ons ontmoet let, die rol van dade van gehoorsaamheid en diens nie gering geskat moet word nie – alhoewel dit op ‘n ander vlak as die vorige wyses van ontmoeting lê. Die verhaal van Petrus wat geroep word om op die water te loop kan dien as voorbeeld van die belangrike rol wat dade van gehoorsaamheid in die ontmoeting met God speel. Alhoewel Petrus getwyfel het, het die gebeure nietemin ‘n definitiewe impak op sy lewe gehad en het hier ‘n besondere, intieme ontmoeting tussen Jesus en Petrus plaasgevind. Ook in die verhaal van Abraham wat uit gehoorsaamheid aan God vir Isak neem om hom te offer, lei dit tot ‘n besondere ontmoetingsgebeure tussen Abraham en God, waar Abraham die Here ontmoet as die Een wat altyd weer getrou is. Gehoorsaamheid versterk nie net ons geloof nie, maar help ons ook om God op onverwagse plekke en manier te ontmoet, leer ken en vertrou (Burger 2005:60-61). Jesus se woorde ‘vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen’ wys moontlik ook op die ontmoeting tussen God en mens deur middel van dade van gehoorsaamheid en diens (Matteus 25:40).

### 3.2.6 GOD ONTMOET ONS IN GEBED

Die ontdekking van ons ware identiteit in Christus is nie iets wat ons by onsself ten volle kan begryp nie. Daarom is die geloofstandpunt dat God in liefde uitreik na ons en Homself aan ons openbaar, van uiterste belang in die vorming van ons identiteit. God ontmoet ons, leer ons en vorm ons – dikwels in die vorm van *gebed* as stilwordmoment in God se teenwoordigheid. Louis van Tongeren (2001:194) wys tereg daarop dat gebed ŉ kernritueel vir die Christelike geloof is. Hy wys verder daarop dat, alhoewel daar ŉ reuse verskeidenheid gebedsvorme bestaan, gebed altyd ŉ ontmoetingsgeleentheid tussen die biddende persoon, God en die wêreld is. Gebed kan ook beskryf word as ŉ ontmoeting tussen God en mens, wat die gelowige dring tot selfondersoek en wil vorm na die beeld van God (Lilienthal 1998:66-67).



© University of Pretoria

Die aspek van stilte is ŉ kerndeel van gebed as liturgiese simbool – veral in die gejaagde samelewing van vandag, met sy "geraas". Gebed het nie net ŉ impak op ons eie identiteit nie, maar ook op die gesamentlike identiteit as liggaam van Christus. Gebed stimuleer, inspireer en motiveer ŉ lewenswyse wat gekenmerk word aan deelname aan God se koninkryks plan vir hierdie wêreld (Zimmerman 1993:82-83).

#### 3.2.7 GOD ONTMOET ONS OP 'N SPESIALE MANIER IN TYE VAN SWAARKRY, HARTSEER EN LYDING

Burger sluit af deur te noem dat die mens in sekere tye en situasies vatbaarder daarvoor is om die Here se stem te hoor. As 'n reël is dit vir die gelowige moeilik om die Here se stem in die gewone gang van die oorvol lewe met sy 'geraas' te hoor. Tye van swaarkry, hartseer en lyding ruk die gelowige dikwels tot stilstand en het tot gevolg dat die gelowige meer doelgerig na God se stem en teenwoordigheid soek. Die Ou Testament verwys veral na die sogenaamde Woestynervarings as tye waar die volk doelbewus na God se stem en teenwoordigheid binne hulle swaarkry gesoek het. Hierdie ervarings lei dikwels tot besondere ontmoetingsgebeure tussen God en mens (Burger 2005:62).

Ter afsluiting van hierdie vlugtige verkenning van enkele wyses waarop God ons ontmoet, moet daarop gelet word dat bogenoemde ontmoetingsgebeure op enige plek (topos) kan plaasvind, maar dat God se teenwoordigheid nie in terme van fisiese ruimtelikheid beperk en verstaan kan word nie. Daarom moet daar van liturgie as *spirituele ontmoetingsruimte* gepraat word, 'n tipe voor-ruimte, waarin daar telkens nuwe betekenis en sin ontdek word, namate God die mens ontmoet en ons God se diepste, innerlik wese leer ken. Dit het tot gevolg dat die mens met nuwe oë na God, jouself en die werklikheid kyk (Cilliers 2008b:8).

Op hierdie punt is dit nodig om enkele opmerkings oor Godsbeelde in die liturgie te maak. Godsbeelde is 'n baie breë konsep en kan nie volledig in hierdie navorsing verhaal word nie. Vanweë die beperkte skopus van hierdie navorsing word gekies om slegs enkele opmerkings oor Godsbeelde, wat veral vir die fokusarea van hierdie navorsing van belang is, vas te pen.



© University of Pretoria

### 3.3 GODSBEELDE & ATTRIBUTE IN DIE LITURGIE

Tot dusver in die verkenning van die ontmoeting tussen God en mens is daar gewys op die verskillende wyses waarop God die mens ontmoet. Die leser moet deurgaans ingedagte hou dat, in die bespreking van hierdie ontmoeting, die navorsingsvraagstuk na identiteit intrinsiek teenwoordig is. Die navorsing verken nie bloot die aard van hierdie ontmoeting tussen God en mens nie, maar wil uiteindelik die impak daarvan op die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse ondersoek. Die uitgangspunt van hierdie navorsing is dat, in ons soeke na die vraag: *Wie is ek?* daar eerstens gevra moet word: *Wie is God?* Vanuit die gereformeerde perspektief is die fokus nie net op die feit dat God teenwoordig is nie, maar ook op die opregte soeke na Wie dié God is wat so by ons teenwoordig is. Verder is dit ook nodig om die mate waartoe die liturgiese gebruike en vernuwing inspeel op ons Godsbeeld in hierdie gesprek te verreken (Smit 2009:102).

Nie net speel die erediens en liturgiese gebruike ŉ rol op ŉ persoon se bepaalde Godsbeeld nie, maar só ook die persoon se agtergrond, opbrengs, lewenservaringe en nog meer. Dit het tot gevolg dat erediensgangers die erediens met sekere verwagtings betree, verwagtings wat reeds van kleintyd af gevorm is (Durand 2007). Die verlange na God en die verwagting om God beter te leer ken is die grondmotief vir die ontmoeting met God en die aantrekkingskrag om die erediens by te woon (Vos 2010:1). Smit (2009:103) wys verder daarop dat die werklike uitdaging vir die liturgie nie net in die vorm van bepaalde Godsbeelde voorkom nie, maar ook om te sorg dat hierdie Godsbeelde getrou is aan die beeld van God soos in Sy Woord aan ons openbaar word. Dit is juis hier waar die moderne wêreldbeeld met sy gepaardgaande waardes (wat dikwels in stryd met God se Woord is) besondere uitdagings vir die kerk as liggaam van Christus inhou.

ŉ Volledige bespreking van die vraag: *Wie is God?* kan op sigself vele hoofstukke in beslag neem. Die rykdom van Godsbeelde is bloot te divers om in sy volheid in hierdie hoofstuk weergegee te word. Aangesien die navorsingsprobleem betrekking het tot die uitdagings van die huidige Suid-Afrikaanse konteks binne die voortgaande oorgangsproses, word enkele Godsbeelde of attribute van God uitgelig, wat veral relevant tot die betrokke uitdagings is, om die impak van hierdie Godsbeelde en attribute op die gelowige persoon se identiteit en selfverstaan, te verken. Die leser word daarop gewys dat in die bespreking wat volg die Drie-



© University of Pretoria

Eenheid aan die woord kom in elke bespreking van God – aangesien God gelyk Vader, Seun en Gees is. Ook is die missionale waarheid dat God 'n sturende God is intrinsiek teenwoordig in al drie voorbeelde wat bespreek word. God as Verbondsgod wat inisiërend optree, God as Skepper en herskepper (transformerende God) en die God wat ons verlos, heelmaak en met Homself versoen kom vervolgens aan die woord. 'n Kort verduideliking van die spesifieke Godsbeeld of attribuut word verken en verder uitgepak deur die impak daarvan op die gelowige se identiteit en selfverstaan te ondersoek.

### 3.3.1 GOD VAN DIE VERBOND: GOD WAT INISIËREND OPTREE

'Ek sal by julle bly en julle God wees, en julle sal My volk wees' (Lev 26:12). Met hierdie woorde ontmoet ons God as die Verbondsgod, die God wat die inisiatief neem en 'n verhouding tussen God en mens tot stand bring. Hierdie verbond word nie beskou as 'n wetlike kontrak nie, maar 'n Goddelike belofte. Die profeet Jeremia (31:31-33) praat verder van 'n 'nuwe verbond' wat op die harte van God se kinders geskryf sal wees – 'n verbond wat in vervulling gebring word met die koms van Jesus Christus (Migliore 2004:407).

Ons ontmoet God as Verbondsgod reeds aan die begin van die erediens tydens die votum en seëngroet. Die votum verteenwoordig God se inisiëring van die ontmoetingsgebeure wat volg. God as Verbondsgod neem die eerste tree en maak hierdie ontmoeting tussen God en mens moontlik. In die liturgie word die seëngroet die moment waartydens God die mens in 'n ontmoeting intrek. Vos (2010:2) beskryf die seëngroet as 'die guns wat God aan mense toesê' en waarmee die mens God in verskillende gestaltes kan ontmoet.

Ook ontmoet ons God as Verbondsgod in die viering van die doop. Binne die gereformeerde geloofsoortuiging word God se verbond gevier deur die kinderdoop, as 'n sigbare teken van God se liefde en genade, wat ook hierdie kindjie in die verbondsgemeenskap insluit (Van der Merwe 2009c:134). Tydens die doop word ons daaraan herinner dat God deur Sy genade in Jesus Christus ons in 'n persoonlike en intieme verhouding met God plaas – 'n verhouding waarin God belowe om ons God te wees, en ons Sy kinders. Dié verbond wys nie net op God se belofte nie, maar op die feit dat God die inisiatief neem en die verhouding tot stand laat kom. God neem die eerste tree uit liefde vir die mens (McKim 2001:136,137). Die doop is



© University of Pretoria

die sigbare teken dat God na die mens uitreik selfs voordat ons geweet het hoe om na Hom uit te reik, en dat hierdie God voortgaan om na ons uit te reik en ons lief te hê (Van der Merwe 2009c:136).

Hierdie ontmoeting met God as die Verbondsgod behoort die gelowige te dring om opnuut weer te besin oor sy/haar identiteit as iemand wat in Christus en Sy gemeente ingelyf is. Van der Merwe (2009c:136) verduidelik dat doop ŉ baken, ŉ oriëntasiepunt vir die gelowige se identiteit en selfverstaan is. Die nagmaal en doop verteenwoordig ŉ openbare verbintenis om as lede van die liggaam van Christus, God se roeping vir ons te gehoorsaam en te leef (Zimmerman 1993:78).

### 3.3.2 GOD AS SKEPPER EN HERSKEPPER: GOD WAT TRANSFORMEREND OPTREE

Die attribuut van God as Skeppergod vind sy wortels in die Ou Testament (Genesis 1,2). Die belangrikheid van hierdie attribuut word gesien in die feit dat dit nie alleenlik in die eerste twee hoofstukke van Genesis voorkom nie, maar ook diep ingebed is in die wysheids- en profetiese literatuur van die Ou Testament. Dat hierdie beeld van God ook vir die gelowiges in die Nuwe Testament van belang was, is sigbaar in die beskouing van Jesus Christus as Verlosser en herskepper - die Een wat alles nuut maak (McGrath 2001:296).

Die beskouing van God as Skepper word ook verbind aan die verstaan van God se voorsiening. Ons vind die fokus op God se Skeppende en herskeppende teenwoordigheid in Jesus se beloftes van sorg – nie net vir die mens nie, maar vir die ganse skepping (McKim 2001:47). Net soos wat God as Skepper sorg vir die diere op die aarde en die voëls in die lug, net so sorg Hy ook vir die mens (Mat. 6). Vos (2010:4) wys op die liturgie se belangrike rol in dié ontmoeting tussen God en mens in die mens se nood. Hy verduidelik dat die liturgie moet wys op die teenwoordigheid van God te midde van die ‘einas en amens’ van die lewe (Vos 1995:5). So bring die verskillende liturgiese elemente die gelowige(s) binne ŉ ontmoeting met God en tot die besef dat God teenwoordig binne die pyn en vreugde is (Vos 2010:4).



© University of Pretoria

Nie net sorg God vir Sy skepping nie, maar maak Hy die mens deelnemende partye in hierdie voorsiening vir die skepping. Wanneer ons God as Skepper en herskepper ontmoet, word die gelowige daarvan bewus dat hy/sy opgeroep word om aan God se skeppingswerk en sorg deel te neem (McKim 2001:47). In Jesus Christus word die doel van die skepping en elke skepsel gevind, aangesien alles deur Hom en vir Hom geskape is (Kol 1:16).

Wanneer God as Skepper ons ontmoet, leer ken ons God as die *ganse andere*, en word God as Skepper duidelik onderskei van Sy skepsels deurdat God die skepping transendeer en daaroor regeer. Daar bestaan dus ŉ ontologiese verskil tussen God en mens, God en die skepping. Om God as Skepper te ontmoet en leer ken beteken verder dat ons God as vrygewige en verwelkomende God leer ken. God hoef nie te geskep het nie, maar het gekies om te skep – God kies dus om in verhouding met Sy skepping te bestaan, daarvoor te sorg en daarvoor lief te wees. Ons kan sê dat God in Sy genade *ruimte* maak vir ŉ ontmoeting/verhouding tussen God en mens (Migliore 2004:100). Die Skeppergod is nie net die God wat ons geskape het nie, maar ook die God wat ons uitnooi en met ope arms verwelkom in ŉ lewende ontmoeting en verhouding met Hom.

### 3.3.3 God as Verlosser en Heelmaker: God wat versoenend optree

Versoening kan onder andere verstaan word as die oorkoming van vervreemding, of die herstel van ŉ verhouding deur middel van vergifnis en onvoorwaardelike liefde (Louw 2008:76). In Jesus se kruisdood en opstanding herstel Hy die gebroke verhouding tussen God en mens – so word God en mens met mekaar versoen. Weereens moet die inisiërende optrede van God op die voorgrond geplaas word, aangesien God weereens die eerste tree neem, deur Sy Seun te stuur en so God met die mens te versoen (McKim 2001:87,89). God se skeppingsdade word ook onlosmaaklik verbind aan Sy versoenende optrede. Nie net is God die Skeppergod wat die skepping tot stand laat kom nie, maar ook die Versoenende God wat die skepping versoen/nuutmaak/heelmaak in Jesus Christus (McKim 2001:40; Pannenberg 1991:22).

In die liturgie doen die gelowige[s] beide individueel en kollektief ŉ oproep na God om God se genadige gesig na hulle te draai. Skuldbelydenis & verootmoediging, genadeverkondiging



© University of Pretoria

en geloofsbelydenis is enkele liturgiese momente wat hulself leen tot die ontmoeting tussen mens en die genadige, versoenende God. Ook speel gebed ŉ belangrike rol in hierdie ontmoeting tussen die mens (met sy skuld) en die versoenende God. Gebed bring die gelowige in ontmoeting met die God wat hoor, Sy hart wegdraai van toorn en die mens met God versoen (Vos 2010:4).

Die dood en opstanding van Jesus Christus is die vergestalting van God se versoenende optrede en vorm die spilpunt waarom Christelike aanbidding draai. Cilliers (2009:514) verduidelik dat Christelike aanbidding ŉ viering van die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus as groot verlossingsdaad waarmee God die mens met Hom versoen het, en so ŉ nuwe lewe met ŉ nuwe toekoms oopsluit, is.

### 3.4 VAN GODSBEELD NA BEELD VAN GOD

In ons bespreking van die ontmoeting tussen God en mens is dit nodig om daarop te wys dat hierdie ontmoeting, alhoewel hoe belangrik en nodig, nie die doel opsigself is nie, maar iets wat moet lei tot meer. Die ontmoeting kan daarom gesien word as die middel tot die doel. Die doel is dat vanuit hierdie ontmoeting daar verhouding moet groei: verhouding met God en ook ŉ verhouding met ander! Hierdie waarheid is van sentrale belang in ons soeke na die impak van ontmoetings op die verstaan van Christelike identiteit en lewenswyse, aangesien hierdie verhoudingsbeginsel die kern van God se wil vir die mens se lewe is.

Coenie Burger (2005:83) deel hierdie siening en verduidelik dat 'wanneer gepraat word oor hoe God met mense wil leef, praat die Bybel amper sonder uitsondering verhoudingstaal en gebruik dit verhoudingsmetafore en -voorbeelde'. In ŉ artikel oor die beeld van God binne die gefragmenteerde Suid Afrikaanse samelewing, skryf De Klerk, De Wet en Letsosa (2011:5) dat die rol van die prediker tydens die erediens is om die individu tot die besef van die uitdagings van sy/haar eie bestaan, maar ook die interkonnektiwiteit van sy/haar bestaan met die groter samelewing te laat kom. Selfs binne die gefragmenteerde Suid-Afrikaanse samelewing met die gepaardgaande uitdagings van armoede, geweld, HIV/VIGS, werkloosheid en nog meer, lewe baie Suid-Afrikaners onder die illusie dat hulle ŉ tipe 'eilandbestaan' voer, waar hulle wel hier is, maar tog ook nie hier is nie. Cilliers (2009:518)



© University of Pretoria

wys daarop dat die liturgie daarop gerig is om die individu tot die besef te bring dat sy/haar lewe nie los van die samelewing gesien kan word nie en hom/haar uitdaag om die lewe deur ŉ geheel en al nuwe perspektief te beskou. Die liturgie is daarop gerig om, deur middel van ŉ ontmoeting met God, die strate en markplein te betree en my eie lewe te verstaan binne die groter geheel (Plantinga & Rozenboom 2003:3). Die rol van Godsbeelde in die liturgie is hier veral van belang aangesien dit die individu nie net tot ŉ beter begrip van God se identiteit laat kom nie, maar ook tot ŉ dieper insig van sy/haar identiteit en doel binne hierdie gefragmenteerde samelewing (Cilliers 2008b:7).

Dit is onvermydelik dat die mens se leefwêreld, konteks, kultuur en ervarings ŉ impak het op die persoon se Godsbeskouïng (De Klerk, De Wet & Letsosa 2011:2). Tot ŉ sekere mate is die vorm van Godsbeelde ook ŉ subjektiewe konstruksie en wissel dit dus van persoon tot persoon. Hierdie is egter nie voor op die agenda van hierdie navorsing nie en wil die navorsing veel eerder fokus op die impak van Godsbeelde op die mense se verstaan van sy/haar identiteit. Die navorsing gaan vanuit die oortuiging te werk dat die vraag na identiteit allereers gevind kan word vanuit die beskouing van die mens as *Imago Dei* (beeld van God).

God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou en Hy hulle geskep' (Gen. 1:27). In hierdie woorde vind ons die ontstaan binne die Christelike tradisie om die mens as beeld van God te verstaan (McGrath 2001:440). Oor die omvang van wat met *beeld van God* verstaan word, is al deur verskillende geleerdes debatteer. Sommige geleerdes verwys na self-bewussyn, die menslike rede, vryheid van keuse en verbeelding as eienskappe wat wys op die mens as beeld van God. Ander teoloë (bv., Bonhoeffer & Barth) is van mening dat ŉ lewe in verhouding met God en ander die ware kenmerk van die mens as beeld van God is (Migliore 2004:412-413). Die verstaan van die mens as *Imago Dei* kan natuurlik nie op ontologiese wyse geskied nie (dit sou immers nie moontlik wees nie), maar vind die verstaan van die mens as beeld van God gestalte binne aksie – meer spesifiek binne bedieningsaksie waar die mens aktief betrokke is in die bediening van Jesus Christus, deur bemiddeling van die Heilige Gees (Root 2014:96).



© University of Pretoria

McKim (2001:32) wys op die implikasie van die Trinitariese verstaan van die *Imago Dei* en dat, aangesien God geopenbaar word in die gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees, die mens se ware identiteit en lewensvervulling ook in gemeenskap en relationaliteit tot ander gevind word – nie in isolasie nie. Die verstaan van *Imago Dei*, rig ons verstaan van Christelike identiteit tot ŉ lewe-in-verhouding, eerder as ŉ lewe-buite-verhouding. Indien liefde die kenmerk van die Trinitariese God is, dan behoort diegene wat lewe as beeld van God se lewe gekenmerk te word deur liefde – in alle gemeenskappe en in alle areas van die lewe. Aangesien die Drie-Eenheid die vrylike en gelyke gemeenskap tussen die Persone van die Drie-Eenheid is, word die mens se selfverstaan ook gevind binne die gemeenskap van gelykes – wat kies om saam te lewe binne die kerk en die wêreld (Boff 1988:118-120). Die belangrikheid van die Christelike geloof in die Drie-Enige God vir die verstaan van identiteit, veral binne die Suid-Afrikaanse konteks word op besondere wyse deur Shirley Guthrie (1994:94) saamgevat:

> For if in the divine community there is no above and below, superior and inferior, but only free society of equals who are different from each other but live together in mutual openness, respect, and self-giving love, so it is in a truly human society of people who are sexually, racially, socially, politically, and religiously different from each other. We share love with others...

In die merkwaardige boek getiteld *Christopraxis: A Practical Theology of the Cross* vertel Andrew Root (2014:32-51) ŉ reeks verhale waar persone ŉ persoonlike ontmoeting met God gehad het wanneer hulle betrokke geraak het by die lewens van ander. Hierdie ervarings het hulle gelei tot die diepe besef van hul identiteit as gestuurdes om, soos Jesus die lewenswerklikhede van ander betree het, uit te reik na ander en daadwerklik betrokke te raak by die nood in ander se lewe, en die uitdagings van die samelewing. Hy wys daarop dat in hierdie ontmoeting met God, die mens nie net God op intiemer wyse ervaar, beleef en leer ken het nie, maar vanuit hierdie ontmoeting met God ŉ dieper verstaan van sy/haar eie identiteit en lewensdoel ontgin het. Die ontdekking van God se beeld, het gelei tot die verstaan van hul eie identiteit as beeld van God.

Hy verduidelik verder dat *Christopraxis* nie bloot ŉ doktrinale Christologiese punt is nie, maar ŉ eksperensiële een. Die fokus van die begrip Christopraxis is nie bloot hoe mense dink oor Christus nie, maar hoe hulle Jesus beleef, ervaar en leef (Root 2014:90-91). Die begrip *Christopraxis* gaan vanuit die oortuiging te werk dat die bediening van Jesus nie ŉ



© University of Pretoria

geskiedkundige gebeurtenis is nie, maar steeds ŉ voortgaande werklikheid is. Jesus se bediening gaan vandag steeds voort, veral deur middel van die lewens van Sy volgelinge wat as *Imago Christi* (beeld van CHRISTUS) lewe (Root 2014:91-92; Anderson 2001:58). Ray Anderson (1997:29) omskryf *Christopraxis* verder as die ontdekking van die beeld van God en Godswaarhede deur middel van ŉ ontmoeting en persoonlike belewenis van Christus in die wêreld by wyse van bediening - praktiese meelewing/deelname aan Jesus se bediening. Aangesien God in wese ŉ missionale God is, het dit die praktiese implikasie dat die mens ook (as beeld van God) sy/haar identiteit vind binne die besef van sy/haar gestuurdheid na ander en die wêreld in nood (Root 2014:97). Soos Niemandt (2013:93) dit in *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede* stel:

> Die soort leierskap wat ons vandag verg, is in hierdie boek beskryf as die veranderings van mense en instellings, onder die leiding van die Heilige Gees, om deur betekenisvolle verhoudings deel te word van God se sending na die wêreld. Dit gaan om verandering, om nuwe drome te droom en nuwe moontlikhede raak te sien en mense begelei om daar uit te kom.

Die navorser is oortuig daarvan dat, vir die mens se ontdekking van sy/haar identiteit en lewensvervulling, die verstaan van identiteit nie allereers as sosiale konstruksie verstaan moet word nie (alhoewel die invloed van sosiale stimuli nie ontken kan word nie), maar vanuit ŉ ontmoeting met God gekonstrueer moet word en gevolglik vanuit die verstaan van sy/haar identiteit as beeld van God. Vir die gelowige individu is dit die praxis van sy/haar identiteit. Hierdie verstaan van die mens as beeld van God sou baie definitiewe praktiese implikasies vir sy/haar bestaan binne die Suid-Afrikaanse samelewing tot gevolg hê. Die Godsbeelde en attribute wat vroeër in dié hoofstuk aan die woord gekom het, word gebruik as merkers om hierdie praktiese implikasie van die mens as *Imago Dei* te verwoord.

### 3.4.1 DIE MENS AS BEELD VAN DIE VERBONDSGOD

Binne die ontmoeting met God as die Verbondsgod ontdek die mens God wat inisiërend optree, tot die mens nader en ŉ verhouding tussen God en mens tot stand bring. God weet nie net van die mens nie, maar soek na die mens en betree die lewenswerklikhede van die mens, omdat God die mens – alle mense – liefhet (Burger 2005:38). Hierdie verstaan van God het aangrypende praktiese implikasies vir die identiteit en lewe van die gelowige individu en die kerk as geheel.



© University of Pretoria

Kyk ons na die roepingsverhaal van Moses, dan ontdek ons dat God nie Moses ontmoet en dan die opdrag gee om ŉ sistematiese teologie te skryf nie – God ontmoet Moses, en stuur Moses om aktief en prakties betrokke te raak in die nood van ander. Nie net vind ons hier die bewys van God se getrouheid aan Sy verbond nie, maar ook dat God die mens deelmaak daarvan. God het belowe om vir Sy kinders te sorg en tot hulle nood toe te tree – en Hy kies om Moses hiervan deel te maak. Moses word die instrument waardeur God die lewenswerklikhede van Sy volk betree (Root 2014:98).

Die verstaan van God as die Verbondsgod het tot gevolg dat die gelowige opgeroep word om inisiërend eerder as reaktief op te tree. Vanuit die verstaan van die mens (en kerk) as *Imago Dei,* word die gelowige (en kerk) gestuur na ander en die wêreld in nood, om ander op te soek en ŉ verhouding tot stand te bring. Die gelowige (en kerk) vind sy/haar roeping daarin om die eerste tree tot versoening, transformasie en heling te neem, eerder as om te wag dat iemand anders die eerste tree neem. Dion Forster (2015:3) wys op die belangrike rol wat die Christelike 'hoop' binne die Suid-Afrikaanse konteks kan vervul. Veral binne die kompleksiteit van die uitdagings wat Suid-Afrikaners in die gesig staar, is die rol van die kerk as draer van hoop veral belangrik. Christelike hoop, gesetel in die geloof dat God getrou en teenwoordig is, ontken nie die uitdagings wat die individu in die gesig staar nie, maar transendeer dit. Die evangelie van Jesus Christus is nie net ŉ geestelike bron van hoop wat tot die spirituele dimensie van die mens beperk is nie, maar ŉ baie praktiese hoop wat alle areas van die lewe insluit (Naude 1995:167). God se verbondsbelofte beslaan alle areas en lewenswerklikhede van die mens, en gevolglik gee dit nie net aan die gelowige individu ŉ hoop wat alle uitdagings transendeer nie, maar stuur dit ook die gelowige individu (en kerk) om ŉ draer van hoop vir ander te wees. In die *Message to the People of South Africa* het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke die rol van die kerk (en elke gelowige) binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap as volg verwoord:

> The task of the Church is to enable people to see the power of God at work, changing hostility into love of the brethren, and to express God's reconciliation here and now. For we are not required to wait for a distant 'heaven' where all problems will have been solved. What Christ had done, he has done already.We can accept his work or reject it; we can hide from it or seek to live by it. But we cannot postpone it, for it is already achieved; and we cannot destroy it, for it is the work of the eternal God (SACC 1968).



© University of Pretoria

### 3.4.2 DIE MENS AS BEELD VAN DIE SKEPPERGOD

Die geloof in God as Skepper en herskepper wys onder andere daarop dat God nie eenmalig geskep het nie, maar dat hierdie skeppingsdaad deur die eeue strek, deur alle tye en plekke (Smit 2003:15). God het nie net geskep nie, maar is steeds besig om te skep en te herskep – om nuut te maak en te transformeer. Die motief vir God se skeppende en herskeppende optrede is liefde. Juis omdat God Sy skepping/skepsels lief het laat Hy nooit die werk van Sy hande vaar, gee God dit nooit prys nie en sorg God daarvoor (Smit 2003:17).

Vanuit ŉ ontmoeting met God ontdek die gelowige individu ŉ God wat hom/haar geskape het, maar ook vanuit God se liefde vir hom/haar sorg en voorsien. Nog meer: God maak die gelowige individu verantwoordelik vir God se skepping en ontdek die gelowige sy/haar identiteit as gestuurde om te sorg en lief te wees vir God se skepping en skepsels. Hierdie het beide ekologiese en sosiologiese implikasies vir die lewe van die gelowige individu en die kerk as liggaam van Christus. Op ekologiese vlak word elke gelowige (en die kerk) as beeld van God verantwoordelik vir die versorging van die natuur en natuurlike hulpbronne binne Suid-Afrika. Só word die individu se identiteit nie binne ŉ spirituele vakuum verstaan nie, maar gesien as deel van alle areas van die daagliks lewe. Dit bring die uitdagings binne Suid-Afrika in terme van landbou, watervoorsiening en versorging, natuurbewaring en nog meer tot op die voorgrond van elke gelowige se identiteit en lewensbeskouing. Die individu ontdek nie net sy/haar identiteit binne ŉ persoonlik ontmoeting met God nie, maar ook wanneer hy/sy as vennote van God se skeppingswerk optree en lewe.

Op sosiologiese vlak het die beeld van God as Skeppergod tot gevolg dat elke individu (en die kerk) sy/haar identiteit moet verstaan binne die kader van God se transformerende optrede – God wat alles (ook verhoudings) genees, heelmaak en vernuwe. As beeld van God beteken dit dat die kerk en elke gelowige as transformasie-agente binne die Suid-Afrikaans konteks moet optree. Dit is juis hier waar die liturgie ŉ belangrike rol te speel het. Müller (2006a:601) verwoord dit as volg en word uitgebreid aangehaal:

> …die liturgie is een van die vormgewende transformasiekragte in die samelewing wat bestudeer moet word in samehang met ander vormgewende kragte in die samelewing. Liturgie is dan nie maar net die bestudering van die gelowige respons op die openbaring van God nie; dit is nie net responsief nie maar konstruktief en transformatief deurdat dit 'n alternatiewe sosiale verbeelding voed, 'n verbeelding wat alternatiewe lewenswêrelde oophou en daardeur



© University of Pretoria

> transformasieprosesse inisieer en aan die gang hou in situasies en diskussies wat dreig om vaste loop in genoemde verkalkingsprosesse. Dit is ’n liturgie wat wegkom van ’n eenrigting vrome aanbidding wat té maklik en oorgerus die wêreld verlaat of dit laat soos dit “nou een maal maar is”. Dit is ’n liturgie wat die las van ’n geskiedenis van verdeeldheid en veronregting opneem, die etiese slaankrag van die erediens nie onder ’n maatemmer verberg nie. Dan word dit ’n liturgie wat ’n weg, ’n uitweg aandui én open, deur genoemde alternatiewe wêreld te beskrywe wat daartoe toegang verleen, geloofsoë open en energiegelaaide hoop genereer. So ’n liturgie wil God se heilsteenwoordigheid telkens opnuut inkarneer en herbevestig want God maak in Sy inkarnasie lewensruimtes oop waarin transformasieprosesse kan gedy.

### 3.4.3 DIE MENS AS BEELD VAN DIE VERSOENENDE GOD

Aartsbiskop Desmond Tutu (in Bothma & Petersen 1996:8) het in sy voorwoord vir *To remember and to heal* daarna verwys dat die kerk ȉn sentrale rol te speel het ten opsigte van genesing en versoening binne die Suid-Afrikaanse konteks. In die artikel genaamd *Liturgy and ethics* stel Paul Ramsay (1979:139 ev.) ȉn saak vir die belangrike rol wat die liturgie in dié verband speel. Liturgie en moraliteit is volgens hom onlosmaaklik aan mekaar verbind. Senn (1997:xiii) verduidelik verder dat liturgie die kerk se openbare uitlewing van haar geloof asook die voorstelling van haar meelewing aan die goeie boodskap van vergifnis, versoening en ȉn nuwe lewe in Christus is. Müller (2006b:643) is dit eens dat die kerk tydens die erediens rondom die liturgie vergader en daardeur gevorm word sodat, wanneer die kerk verdaag sy haar roeping tot versoening en geregtigheid op praktiese wyse in die wêreld sal uitleef.

Binne die verstaan van die kerk as *Imago Dei* is die kerk beide kollektief en individueel, in alle areas van die lewe ȉn sakramentele beliggaming van versoening, genesing en heelmaking. Die viering van die één doop, die eenheid teenwoordig in die nagmaal, asook die woordverkondiging is enkele liturgiese momente waardeur die eenheid van die kerk eerstens binne die ruimte van die erediens sigbaar uitgebeeld kan word, tot so mate dat die gelowige individu die versoenende God kan ontmoet wat hom/haar roep tot ȉn lewe van versoening ook buite die mure van die kerk – in die daaglikse beweegruimtes (Müller 2006b:657).

Op hierdie punt is dit nodig om te verwys na die insigte van Henry Nouwen (1984) in *The living reminder* waar hy tereg sê dat elke individu dikwels met sy/haar eie wonde sit. Dit is juis hierdie gebrokenheid wat uiters noodsaaklik is aangesien dit die individu help om sy/haar



© University of Pretoria

eie gebrokenheid raak te sien. Wanneer ons ons eie gebrokenheid raaksien, ontdek ons ook God se genade, verlossing en genesing vir gebroke mense – vir ons eie seer – maar ook vir die seer van ander. So ontmoet ons God as geneser van ons wonde, maar ook die God wat ons roep om Sy genesende instrumente aan ander te wees.

### 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontmoeting tussen God en mens verken as ‘n volgende tree op die ontdekkingsreis na die impak van ontmoetings op Christelike identiteit en lewenswyse. Daar is kortliks gekyk na enkele maniere waarop God die mens ontmoet asook die rol van die liturgie binne hierdie ontmoetingsgebeure. Die ontstaan en rol van Godsbeelde (en attribute) asook die teenwoordigheid daarvan binne die liturgie is oorsigtelik verken en prakties verduidelik aan die hand van enkele Godsbeelde en attribute as voorbeeld, naamlik: God as die Verbondsgod, God as Skepper en Herskepper en laastens God as Verlosser en heelmaker. Hierdie Godsbeelde en attribute is as voorbeelde gebruik vanweë hulle relevansie tot die spesifieke uitdagings wat die individu en kerk binne Suid-Afrika in die gesig staar – veral ten opsigte van transformasie en versoening.

In ‘n eerste poging om ŉ antwoord op die navorsingsvraagstuk te verwoord, is die impak van hierdie Godsbeelde op ons verstaan van Christelike identiteit as *Imago Dei* (beeld van God) uiteengesit. In hierdie eerste tree op die ontdekkingsreis blyk daar reeds spore van bewyse te wees wat bevestig dat ontmoetings wel ŉ invloed op Christelike identiteit en gevolglik lewenswyse het. In hierdie hoofstuk is ŉ sterk saak gestel vir die teenwoordigheid van Godsbeelde in die liturgie en daaglikse lewe asook die impak daarvan op ons manier van dink oor identiteit as *Imago Dei*. Burger (2005:30) verleen ŉ gepaste afsluiting vir hierdie hoofstuk asook ŉ oorgang na die hoofstuk wat volg:

> Dit is eenvoudig so – sê die Bybel – dat, hoe beter ons die Here ken, hoe sterker is die moontlikheid dat ons onsself en die wêreld rondom ons sal verstaan...Dit vra dat jy die Here sal hoor wat ons elkeen roep en in ŉ persoonlike verhouding met ons elkeen wil leef. In die proses sal Hy jou telkens met jouself konfronteer en jou help om al hoe meer die mens te word wat Hy wil hê jy moet wees. Deel van jou verlossing gaan daarin bestaan dat Hy jou gereeld buitetoe gaan jaag om iets vir ander te gaan doen en só die nood van die wêreld te verlig.



© University of Pretoria

In die hoofstuk wat volg kom die ontmoeting tussen mense – tussen die individu en ander persone – aan die woord as natuurlike uitvloeisel van die ontmoeting tussen God en mens.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

## ONTMOETINGS MET MEKAAR:

## VAN ’n INDIVIDUELE NA ’n GEMEENSKAPLIKE VERSTAAN VAN CHRISTELIKE IDENTITEIT

### 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk het die ontdekkingsreis na die rol van ontmoetings in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse koers ingeslaan na die verkenning van die ontmoeting tussen God en mens. Nie net is die aard van hierdie ontmoeting tussen God en mens verken nie, maar is daar veral gefokus op die impak van hierdie ontmoeting op die individu se identiteit en selfverstaan. Daar is ondersoek ingestel na die verskillende wyses waarop God die mens ontmoet. Daar is verder enkele opmerkings gemaak oor die rol van Godsbeelde binne die liturgie, waarna spesiale aandag gegee is aan enkele attribute van God wat vanuit hierdie Godsbeelde spruit. Ten slotte is ’n sterk saak gestel vir die impak van hierdie Godsbeelde en attribute op die verstaan van ’n individu se identiteit as *Imago Dei* – beeld van God.

In hoofstuk een van hierdie navorsing is daar reeds vlugtig verwys na die kompleksiteit verbonde aan ons verstaan van identiteit. Hierdie kompleksiteit word deur sosioloë in die term *dialektiek* verwoord wat daarop wys dat identiteit nie ’n tydlose gegewe is nie, maar veel eerder die gevolg van ’n prosesmatige en voortdurende interaksie tussen ’n individu en die individu se omgewing, omstandighede en ander groepe. Hierdie interaksie tussen individu en omgewing beteken dat ons nie uit vrye wil onsself identifiseer nie, maar ook ander identifiseer en deur ander geïdentifiseer word. Anders gestel: identiteit gaan dus oor die daaglikse omgang waarin mense keuses maak oor hulleself, oor ander en oor hulle omgewing (Wepener en Pauw 2004:116).

Identiteit is ook nie uitsluitlik ’n individuele aangeleentheid nie, maar moet veel eerder verstaan word as ’n dinamiese wisselwerking tussen individuele en kollektiewe prosesse. Die verskillende ontmoetings, soos in hierdie navorsing uiteengesit word, help om hierdie dinamiese wisselwerking tussen die individuele en kollektiewe beter te begryp. Die ontmoeting tussen God en mens (soos in die voorafgaande hoofstuk verken) kan gesien word as ‘n individuele komponent van identiteit (alhoewel die kollektiewe hier ook intrinsiek



© University of Pretoria

teenwoordig is) waar die persoonlike ontmoeting tussen God en mens die individu se selfverstaan as beeld van God wil help vorm. Vanuit hierdie ontmoeting tussen God en mens kom die mens nie net tot ŉ dieper verstaan van sy/haar identiteit nie, maar word hy/sy ook gestuur om iets vir iemand anders te beteken en só te help om die nood in die wêreld te verlig (Burger 2005:30). Hierdie oproep om uit te reik na ander en betrokke te raak in die lewens van ander, wys op die kollektiewe dimensie van identiteit as ŉ uitvloeisel van die ontmoeting tussen God en mens.

Coleman Baker (2012) wys daarop dat beide die Ou- en Nuwe Testament op die belangrikheid van ŉ kollektiewe verstaan van identiteit wys. Bybelse identiteit (en die identiteit van die vroeë Christelike kerk) is deurgaans kollektiewe identiteit. Hy stel dit as volg:

> The Hebrew Bible's concern with shaping group identity is evident in the distinction made between God's chosen covenant people, Israel, and all other people groups in the Ancient Near East. The Christian Testament's stress on group identity formation is evident in the emphasis on shaping an identity that is characterized by its contested connections with early Judaism as well as its distinction from early Judaism because of its faith in Jesus as the Risen Messiah and its rejection of some Judean customs (Baker 2012:129).

Hays (1996:196) wys ook daarop dat die verstaan van die kerk as *gemeenskap* van sentrale belang in die Bybel is. Hy verduidelik dat die morele riglyne van die Nuwe Testament nie die individu as primêre fokus het nie, maar die kollektiewe gehoorsaamheid van die kerk. Gemeenskap (koinonia) is volgens hom nie bloot ŉ konsep nie, maar die konkrete, sosiale vergestalting van God se Koninkryksplan vir en deur Sy mense. Wanneer ons vra na God se wil is die vraag dus nie 'Wat moet *ek* doen nie', maar 'Wat moet *ons* doen' (Hays 1996:197). Met die navorsing se fokus op Christelike identiteit kan dus gesê word dat die primêre vraag nie "Wie is *ek*" is nie, maar eerder "Wie is *ons*".

In die hoofstuk wat volg gaan spesiale aandag verleen word aan die ontmoeting tussen mense ten einde 'n dieper verstaan van die aard en impak van kollektiewe identiteit, veral ten opsigte van die kerk as geloofsgemeenskap te bekom. Daar gaan ondersoek ingestel word na die belangrikheid van *social memory*[1] in die vorming van sosiale identiteit. Verskeie sosiale

[1] Alhoewel die term *social memory* meer bekend in Engels is, word dit voorts in Afrikaans uitgedruk as *sosiale geheue* ten einde 'n meer konsekwente skryfstyl te verseker.



© University of Pretoria

identiteitsteorieë gaan kortliks uiteengesit word, waarna die begrip *social capital* [2] verduidelik gaan word met die doel om ŉ saak te stel vir die belangrikheid van interpersoonlike ontmoetings, nie net binne die kerk as geloofsgemeenskap nie, maar ook vir die groter samelewing. Aangesien die navorsing gerig is op die Liturgie as veld binne die Praktiese Teologie word die rol wat die liturgie in hierdie proses speel deurgaans verreken.

Eerstens is dit nodig om enkele opmerkings oor die verstaan van die kerk as *koinonia* (gemeenskap van gelowiges) te maak as grondslag vir die gesprek wat volg.

### 4.2 KOINONIA: VAN SOSIALE IDENTITEIT NA GEMEENSKAPS IDENTITEIT.

In hoofstuk een van hierdie navorsing is reeds gewys op die uitdagings wat die moderne verbruikerskultuur in die samelewing vir die kerk en ook die individuele gelowige tot gevolg het. Hierdie kultuur dra by tot ŉ individualistiese gees in die samelewing wat ook deursyfer tot die kerk. Een voorbeeld hiervan is dat die kleingroepbeweging, wat juis vir die bevordering van koinonia ingerig word, maklik lei tot 'n na-binne gekeerdheid waar individue se behoeftes voorkeur geniet binne hulle individuele waardes en spiritualiteite (Wuthnow 1994:200). Guder (1998:4) verduidelik dat hierdie individualistiese gees te make het met 'n veel dieper identiteitskrisis in die Christelike kerk. Hierdie identiteitskrisis noodsaak die Christelike kerk om haar bestaansdoel vanuit die *Missio Dei* te herontdek. Die kerk se identiteit is nie *kerk-gebaseerd* nie, maar wel *koninkryk-gebaseerd*. Só verstaan word die kerk as gemeenskap beskou, wat altyd gestuur word na ander in nood. As lid van die kerk word die individu se selfverstaan ook herkonstrueer weg van ŉ individualistiese beskouing na ŉ verstaan van sy/haar identiteit as 'in verhouding tot en met ander'. Die bydraes van verskeie navorsers ten opsigte van die sogenaamde Sosiale Identiteitsteorie help ons om die wyse waarop hierdie verhoudings ontstaan en funksioneer beter te begryp.

---

[2] Alhoewel die term *social capital* meer bekend in engels is, word dit voorts in Afrikaans uitgedruk as *sosiale kapitaal* ten einde 'n meer konsekwente skryfstyl te verseker.



© University of Pretoria

#### 4.2.1 SOCIAL IDENTITY THEORY[3]: OP DIE WEG NA 'n KOLLEKTIEWE VERSTAAN VAN IDENTITEIT.

Wanneer dit by die sosiale, interpersoonlike verhoudings tussen mense kom, is dit opmerklik dat die mens tot groepering geneig is. Die samestelling van hierdie groepe word onder andere bepaal op grond van ras, kultuur, geloof en nog meer. Hierdie groepe het op hulle beurt ŉ direkte invloed op die respons van die individu binne sekere omstandighede (Ysseldek, et al. 2010:60). Die *Sosiale Identiteitsteorie* (wat sy ontstaan te danke het aan die bydraes van Henri Tajfel en John Turner) gee ŉ beskrywing van die verhouding tussen die persoon se identiteit of selfbegrip en die sosiale groep waaraan hy/sy behoort. Volgens die SIT kan sosiale identiteit verwoord word as die 'aspects of an individual's self-image that derive from the social categories to which he percieves himself as belonging' (Tajfel 1986:16). Die groep waaraan ŉ individu behoort bied beskerming wanneer die individu se selfbeeld of welstand bedreig word, terwyl die groep individue ook kan help om sekere doelwitte te bereik (soos byvoorbeeld sosiale verandering deur middel van politieke aksie).

Daar is egter ook ŉ skadukant aan hierdie proses deurdat die SIT ook daarop wys dat identifisering met die groep se samestelling en waardes dikwels daartoe kan lei dat persone hulle groep van ander groepe onderskei (Ysseldek, et al. 2010:61). In *The Social Identity Theory of Intergroup Behavior* wat in 1986 gepubliseer is verduidelik Tajfel en Turner (1986:13) dat die blote feit dat ŉ persoon tot ŉ groep behoort genoegsaam is om te lei tot intergroep-diskriminasie tot voordeel van die persoon se 'in-groep'. Mense kategoriseer hulleself volgens groepe in ŉ poging om ŉ positiewe selfbeeld en waardering te bekom. Een van die wyses waarop hierdie kategorisering plaasvind is deur onderskeid te tref tussen sy/haar groep (in-groep) en ander groepe wat verskil op grond verskeie sosiale faktore (uit-groep). As gevolg van hierdie onderskeiding het dit tot gevolg dat die uit-groep (en elke persoon wat daaraan behoort) negatief beskou word, terwyl die in-groep gunstig beskou word (Tajfel & Turner 1986:17).

Tajfel (1982:63) onderskei verder tussen drie fasette van kategorisering wat deel van die persoon se besluitneming vorm, naamlik: *Kognitief* (die realisering dat hy/sy tot ŉ groep

[3] Alhoewel die term *social identity* meer bekend in engels is, word dit voorts in Afrikaans uitgedruk as *sosiale identiteits teorie* (SIT) ten einde 'n meer konsekwente skryfstyl te verseker.



© University of Pretoria

behoort), *Beoordeling* (die realisering van die waarde wat aan die groep geheg word) en *Emosioneel* (gesindheid teenoor die in-groep en uit-groep). Na Tajfel se dood het Turner die werk voortgesit en op die SIT uitgebrei deur nie net te fokus op die inter-groep prosesse nie, maar ook op die intra-groep prosesse. Turner (1987) se bydrae staan bekend as die *Self-Categorization Theory* en onderskei drie verdere vlakke van self-kategorisering wat ŉ rol in identiteitsvorming speel, naamlik: *oorkoepelende identiteit* (die kategorie wat ander kategorieë vervang, soos byvoorbeeld die persoon as mens), *sosiale in-groep identiteit* (die verskeie groepe waaraan die individu behoort) en *ondergeskikte identiteit* (persoonlike identiteit). Wat veral van belang is vanuit die bydraes van Tajfel en Turner, is dat ook sosiale identiteit nie ŉ permanente gegewe is nie, maar eerder as vloeibare konstruksie beskou moet word en dus altyd in ŉ proses van wording is (Blake 2012:130).

Binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse konteks het die kerk as religieuse groep ŉ baie belangrike rol te speel in die sosiale en interpersoonlike verhoudings van individue. Die landskap van die Suid-Afrikaanse gemeenskap dui op die sterk rol wat geloof in die lewe van die mens speel. Tydens ŉ opname in 2001 het Hendriks bevind dat 79.8% van die Suid-Afrikaanse bevolking Christene is, terwyl ŉ verdere 4% aan ander gelowe behoort. Met betrekking tot die Christelike geloof dui dit op ŉ toename van byna 5% sedert die vorige opname in 1996. Volgens statistiek voorsien deur die *Community Agency for Social Enquiry* (CASE), woon ongeveer 91% van persone tussen die ouderdom van 18 en 35 jaar aanbiddingsgeleenthede by (Wepener 2006b:50-51). Die *World Values Survey* (2000) wys verder daarop dat die Christelike kerk bykans 63% van die Christelike bevolking in die land op ŉ weeklikse basis bereik.

Hierdie gegewens skets ŉ duidelike beeld van die definitiewe en uiters belangrike rol wat die kerk in die vorming van sosiale identiteit te speel het. Hierdie werklikheid word verder bevestig deur die bevindings van verskeie onlangse nasionaal sosiale opnames deur onder andere die *Human Sciences Research Council* (HSRC) en die *Institute for Justice and Reconciliation* (IJR) wat dui op die hoë vlakke van vertroue wat die kerk en ander godsdienstige instansies in die oë van die publiek het (Wepener et al. 2010:67-68). Hierdie gegewens dui op die potensiële impak wat die Christelike kerk as religieuse gemeenskap [groep] op individue, maar veral ook op die Suid-Afrikaanse gemeenskap in sy geheel kan hê.



© University of Pretoria

Verdere navorsing oor hierdie moontlike impak is beslis van uiterste belang binne die Suid-Afrikaanse konteks binne sy voortslepende oorgangstyd en gepaardgaande uitdagings van armoede, versoening, transformasie en nog meer.

#### 4.2.2 KOINONIA: ONTMOETINGS MET DIE OOG OP CHRISTELIKE GEMEENSKAP

Alhoewel die insigte van die SIT en SCT ons help om die wyse waarop mense sosiaal verkeer en groepeer beter te begryp, is die navorser van mening dat die kerk, as *Corpus Christi* (liggaam van Christus) beslis ook tot gemeenskap tussen persone gerig is, maar op die bevindinge van Tajfel en Turner wil uitbrei en verdiep. Alhoewel die kerk ook aan die proses van groepvorming onderworpe is, is die bestaansdoel van die kerk nie bloot groepering nie, maar die vorm van ware, intieme en interpersoonlike gemeenskap (koinonia).

Vanuit ‘n missionêre verstaan (en met die bediening van Jesus as model) word die kerk nie net geroep om betrokke te raak in die verligting van fisiese nood nie, maar is die kerk allereers bemoei met die menslike toestand. Jesus het onder andere ook spesiale aandag geskenk aan die mens in sy/haar gebroke geestelike toestand en verhoudings (Ries & Hendriks 2013:1). Knoetze (2009:60) stel dit as volg:

> The thing that seems to stand out above all else in the sending forth of the Church then, is … service, diaconia, the second great characteristic of the ministry of Jesus and of the Church.

In die gemeentepraktyk word die betrokkenheid by ’n diverse kulturele samelewing en sy uitdagings makliker as hulpverlening en/of barmhartigheid beleef (Ries & Hendriks 2013:2). Dit het tot gevolg dat gemeenskapsbetrokkenheid eerder beskou word as die ondersteuning van projekte, in plaas van verhoudingsbou as ŉ vorm van koinonia. Na aanleiding van die bevindinge van kerkspieëlnavorsing in 1989, 1993, 1996, 2000 en 2005, skryf Kobus Schoeman (2010:135) dat ‘bringing members of the out-group nearer is more difficult, and supporting a ministry for them is much more acceptable than accepting them as members of one’s congregation’. Die uitdaging vir die kerk se uitleef van haar missionale roeping en invloed ten opsigte van die sosiale uitdagings binne Suid-Afrika, lê in die vestiging van ŉ saambestaan tussen die betrokkenheid by sosiale uitdagings (diakonia) en gepaardgaande



© University of Pretoria

pogings tot effektiewe verhoudingsbou (koinonia) oor kulturele grense heen. Die einddoel is die vestiging van gesonde verhoudings wat deur die Goeie Nuus van die evangelie saamgebind word (Ries & Hendriks 2013:2).

Dat die mens geneig is om met sekere groepe te assosieer op grond van verskeie sosiale kriteria, en op grond van hierdie kriteria ander groepe uitsluit of selfs negatief beoordeel, is ŉ werklikheid wat nie misken kan word nie. Hierdie groepering van *in-groepe* en *uit-groepe* is beslis een van die uitdagings wat die kerk in die gesig staar in die uitleef van haar roeping binne Suid-Afrika met sy reeds verdeelde samelewing. Die navorser is van mening dat die uitdaging vir die kerk daarin lê om verhoudings tussen persone tot stand te bring wat hierdie onderskeidings transendeer. Die eerste tree op hierdie belangrike proses is reeds geneem in die menigte studies oor *Sosiale Kapitaal* en die moontlike impak daarvan op die kerk, maar ook die wyer samelewing. Op hierdie punt kom ŉ oorsigtelike verkenning van die betekenis en rol van Sosiale Kapitaal aan die woord ten einde die rol daarvan in die vorm van Christelike gemeenskap, wat blote sosiale groepering transendeer, te verken. Die rol van liturgie en ritueel in die vorming van Sosiale Kapitaal kom ook aan die woord.

### 4.3 DIE ROL VAN SOSIALE KAPITAAL IN DIE VORMING VAN KOINONIA

In 2008 het ŉ nuwe navorsingsprojek van die *National Research Foundation* (NRF) getiteld, *Exploring the role of Religious ritual in Social Capital formation for poverty alleviation* die lig gesien. Hierdie projek wou die rol van godsdienstige ritueel in die vorming van Sosiale Kapitaal verken, asook die gebruik van godsdienstige ritueel as ŉ lens waardeur Sosiale Kapitaal tot die ontstaan van verskillende gemeenskappe benut kan word (Wepener 2010:1).

Cilliers & Wepener (2007:40-42) verduidelik dat daar ŉ wye verskeidenheid definisies van Sosiale Kapitaal bestaan, maar dat die verstaan van Sosiale Kapitaal *Social* as 'consisting of a combination of bonding, bridging and linking capital' tans wye goedkeuring geniet. Met *bonding* word bedoel die horisontale verbande tussen mense, bestaande uit sosiale netwerke en gepaardgaande norme. Ten einde te voorkom dat hierdie horisontale assosiasies tot verdeeldheid en sektariese belange lei, moet dit aangevul word deur die vertikale komponent (*bridging*) wat verskeie sosiale dimensies soos godsdiens, etnisiteit en sosio-ekonomiese



© University of Pretoria

status insluit. Nancy Ammerman (1999:362-367) vra die vraag oor die kwaliteite van Sosiale Kapitaal wat deur godsdienstige instansies genereer word verskil van ander vrywillige organisasies. Sy het tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel die kwaliteite van Sosiale Kapitaal in godsdienstige instansies en vrywillige organisasies grootliks dieselfde blyk te wees, godsdienstige instansies wel ŉ groter mate van identifikasie en 'gevoel van behoort' genereer. Hierdie lei tot vertrouensverhoudings wat weer op hul beurt meer doeltreffende kommunikasie en koördinasie van aktiwiteite binne die gemeenskap tot gevolg het. Nog meer – vanweë die kwaliteite van Sosiale Kapitaal in godsdienstige instansies, word dit die ruimte waar die ongehoordes ŉ stem gegee word om hul bekommernisse te verwoord. Veral laasgenoemde is baie belangrik binne die Suid-Afrikaanse konteks (Cilliers & Wepener 2007:40).

#### 4.3.1 DIE ROL VAN LITURGIE EN RITUEEL IN DIE VORMING VAN SOSIALE KAPITAAL

Die rol van liturgie en ritueel in die vorming van Sosiale Kapitaal mag nie uit die oog verloor word nie. Wepener (2009a:36) verwoord ritueel as volg:

> Rituals are often repeated, self-evident, symbolic actions, that are always interactive and corporeal, sometimes accompanied by texts and formulas, aimed at the transfer of values in the individual or the group, and of which the form and content are always culture, context and time bound, so that the involvement in the reality which is presented in the rituals remains dynamic.

Gedurende die apartheids-era het die sogenaamde swart kerke gedien as ruimte waar die hulpkrete van pyn gehoor kon word – wat tot gevolg gehad het dat dié kerke later gemeenskappe in solidariteit met die onderdruktes geword het. Nog meer – hierdie kerkgeboue het mettertyd organisatoriese ruimtes vir 'struggle'-aktiwiteite geword. Cilliers & Wepener (2007:41) wys daarop dat die liturgie veral in dié verband ŉ belangrike rol gespeel het. Die nagmaal het in dié tyd die simbool van die lyding van die mens geword en het in die proses nie net nuwe betekenis aan hul verhaal gegee nie, maar ook hernude krag en hoop voorsien (Schreiter 1992:55,74-76).

Die tafel as liturgiese ritueel het ook ŉ besondere rol te speel in die vorming van Sosiale Kapitaal. Mary Douglas (1921-2007) het baanbrekerswerk gedoen, nie net ten opsigte van



© University of Pretoria

sosiale antropologie nie, maar ook ten opsigte van kosstudies as sub-domein binne die groter domein van die antropologie. In ŉ artikel genaamd *Deciphering a meal*, vra Douglas (1971) die vraag: 'If food is a code, where is the precoded message?' Sy antwoord dat die boodskap gevind sal word in die patrone waarvolgens die verskillende sosiale verhoudings uitgedruk word. Hierdie boodskap vertel iets van die sosiale hiërargie, inklusiwiteit en eksklusiwiteit, asook grense en transaksies oor ras, kultuur en geslag grense heen. Sy noem dan verder dat kos, soos seks, beide ŉ biologiese en sosiale komponent beslaan (Douglas 1971:61). Met betrekking tot die rol van die tafelmetafoor in die vorming van Sosiale Kapitaal skryf Marthinus Versfeld (1983:53) in sy boek, *The Philosopher's Cookbook* dat 'nothing is more indicative of what you are than your food and table customs'. Nie net help kos- en tafelgemeenskap as metafoor ons om die menslike wese en die wyse waarop die mens met ander assosieer beter te verstaan nie, maar het dit ook die potensiaal om Sosiale Kapitaal te produseer (Wepener 2010:2,6). Wepener (2010:4) wys op enkele voorbeelde in Lukas en Handelinge van die rol wat die tafel metafoor speel in die vorming van Bybelse Sosiale Kapitaal:

- Aan tafel by Emmaus (Lukas 24). Gasvryheid teenoor die 'vreemdeling' lei (byna) tot gemeenskap met die 'vreemdeling'. Nog meer – die breek van die brood, die seën en gemeenskap lei tot *bonding* vir die mense van Emmaus, maar ook vir diegene wat terug reis na Jerusalem.
- In die verhaal van Jesus en Simon, die Fariseër (Lukas 7) sit JESUS aan tafel waarna ŉ sondige vrou Hom aanraak, met haar trane Jesus se voete natmaak en daarna met haar hare afdroog. Hier het die tafel gelei tot *bridging* tussen twee geslagte.
- In Lukas 14 (na sy besoek aan nog ŉ belangrike Fariseër) vertel Jesus die gelykenis van die tafel van die koninkryk van die hemel – waar die armes, blindes, kreupeles en onderdruktes die eregaste sal wees. Hierdie gebruik van die tafelmetafoor kan moontlik gesien word as ŉ poging tot *linking capital*, waar die armes en rykes met mekaar verbind word.
- So vind ons ook voorbeelde van die diepe gemeenskap (koinonia) in Handelinge 2 waar die gelowiges hulle kos en besittings met mekaar gedeel het.

Die rol van belydenis as liturgiese ritueel mag ook nie in dié verband nagelaat word nie. Die Apostoliese Geloofsbelydenis se fokus op een, heilige, algemene Christelike kerk wys op die



© University of Pretoria

gemeenskap tussen alle kinders van die Here – ŉ gemeenskap wat enige horisontale onderskeidings transendeer. Nel (2009:166-167) wys verder op die moontlike rol wat die belydenis van Belhar in dié verband kan speel. Nie net het die belydenis van Belhar volgens hom ŉ rol te speel ten opsigte van die identiteitsvorming van die gemeente nie, maar ook ten opsigte van ŉ breek met die verlede, asook die aktiewe deelname aan die bou van ŉ nuwe toekoms deur middel van programme wat gemik is op voortdurende sosiale en gemeenskaplike betrokkenheid. Belydenis wil nie net aan die individu die geleentheid gun om sy/haar geloof te bely en te konkretiseer nie, maar wil die individu ook herinner aan God se roeping om hierdie belydenis in woord en daad, saam met ander medegelowiges uit te dra na ander in nood.

#### 4.3.2 DIE SOSIALE DIMENSIE VAN LITURGIE EN RITUEEL

Ritueel het nie alleenlik ŉ *liturgiese dimensie* nie, maar ook ŉ *sosiale dimensie* en -impak. Ritueel speel ŉ rol in die skep van *vertrouensverhoudings en ŉ gevoel van behoort*. Lukken (1999:67,69) verduidelik dat ritueel nie net ŉ uitdrukking van die self is nie, maar ook ŉ oproep aan ander om met my te kommunikeer. Beide individue en groepe vind hul identiteit in en deur ritueel. Dus speel ritueel ŉ belangrike rol binne gemeentes, kleingroepe, families en nog meer, nie net in die vorming van identiteit nie, maar ook om die individu te integreer met die wyer gemeenskap. Hierdie sosiale dimensie met sy potensiaal rakende identiteits- en groepformasie het ŉ belangrike bydrae te lewer in die skep van hierdie vertrouensverhoudings en ŉ gevoel van behoort. Die sogenaamde Afrika-kerke se gasvryheid en gemeenskap is ŉ voorbeeld van die rol wat liturgie en ritueel in dié verband kan speel. Besoekers by hierdie gemeentes word selde alleen gelaat en ŉ doelbewuste poging word aangewend om besoekers te groet en hartlik te verwelkom by die gemeente. Regdeur die liturgie word die beginsel van *Ubuntu* toegepas. In die tradisionele Afrikaanse protestantse gemeentes, met hul meer individualistiese oriëntasie, word daar voor en na die diens gekuier. Tydens die liturgie word daar ook gebid vir persone wat siekte of verlies beleef (Cilliers & Wepener 2007:47-49).

Ritueel help nie net in die skep van verhoudings binne die hier en nou nie, maar plaas hierdie verhoudings ook binne die groter historiese konteks en gemeenskap. Ritueel help die individu om die gebeure van die verlede en die verskillende rolspelers daarin te onthou en só sy/haar



© University of Pretoria

identiteit te verstaan binne die huidige bestaanswerklikheid wat nie binne ŉ vakuum verstaan moet word nie, maar as deel van ŉ groter werklikheid (Wepener & Cilliers 2006:792-793). So byvoorbeeld help ritueel die gelowige individu om sy/haar identiteit nie net te verstaan binne die gemeente waaraan hy/sy behoort nie, maar ook as deel van die gemeenskap van gelowiges oor alle tye heen. Deur die individu met die verlede te verbind, help ritueel hom/haar nie net om te onthou nie, maar gee dit ook hoop vir die toekoms. Só gesien, help ritueel die individu om sy/haar identiteit nie net binne die huidige geloofsgemeenskap te verstaan nie, maar ook binne die groter geloofsgemeenskap van die verlede en die toekoms (Lukken 1999:58).

Die skadukant van hierdie dimensie is egter dat ritueel benut kan word om die *status quo* ten alle koste te probeer handhaaf en kan gevolglik lei tot weerstandigheid teenoor verandering (Wepener & Cilliers 2006:793). Veral binne die Suid-Afrikaanse konteks met sy gepaardgaande uitdagings ten opsigte van versoening en transformasie is dit baie belangrik om te let op die besonderhede en samestelling van die groep waarin die individu op rituele wyse integreer word. Ritueel wat funksioneer binne die integrasie van persone in homogene groepe op grond van kriteria soos ras of klas sal beslis teenproduktief wees ten opsigte van die vervaardiging van sosiale kapitaal in Suid-Afrika (Wepener & Cilliers 2006:794). Lukken (1999:59) wys op die belangrike rol wat die konsep van *bridging* in dié verband speel. ŉ Samehorigheidsgevoel en gemeenskaplike identiteit moet geskep word oor sekere grense soos taal, kultuur, geslag, ensovoorts heen. Ritueel moet oor die vermoë beskik om die individu aan te moedig om in aanraking te kom met diversiteit en dit te omhels as ŉ Christelike waarde.

Lukken (1999:64) wys verder daarop dat ritueel ook bydra ten opsigte van die *ontwikkeling van vermoëns en vaardighede*. Hy verduidelik dat ritueel aan die individu die geleentheid gee om aan sy/haar ervarings uitdrukking te gee, byvoorbeeld in die sing van lof- of klaagliedere. Hierdie uitdrukking het nie alleenlik sielkundige voordele nie, maar ook spirituele en terapeutiese eienskappe wat tot voordeel van die individu kan wees. Só verstaan help ritueel die individu om die wyses waarop hy/sy uitdrukking aan sy/haar lewenswerklikhede gee, te ontwikkel en verskaf dit ook ŉ veilige ruimte waarbinne uitdrukking gegee kan word (Wepener & Cilliers 2006:794). Lukken (1999:67) verduidelik dat enige ritueel wat getrou



© University of Pretoria

aan die Bybelse waarhede en met oorgawe en toewyding uitgevoer word, ook ŉ etiese impak sal hê deurdat dit die individu sal vorm en toerus om op etiese wyse in die samelewing op te tree. Hierdie etiese dimensie is in lyn met die beginsels van formasie en transformasie wat binne verskeie liturgiese handelinge toegepas word en waar gelowiges deur ritueel geleer word om te gee en te ontvang, te vergewe en self te vergeef, en ŉ lewe van liefde en geregtigheid te leef (Smit 2004a:13-14). Saam met die proses van formasie en transformasie, is ŉ proses van bemagtiging ook teenwoordig binne die leerstellige elemente binne die liturgie. Gelowiges word nie net geleer nie, maar ook toegerus vir die Koninkrykswerk wat voordelig kan wees vir die verdere ontwikkeling van vaardighede en dus sosiale kapitaal (Wepener & Cilliers 2006:795).

Grimes (1990:14,46) identifiseer verdere kwaliteite wat belangrik is ten opsigte van die ontwikkeling van vaardighede binne die konteks van die liturgie. Uitvoering, deelname, simboliek asook drama/speelsheid is enkele kwaliteite wat hier van belang is. Cilliers & Wepener (2007:50) verwys na die rol van sang in die liturgie as geleentheid waardeur die individu se vokale vaardighede ontwikkel word wat weer vir die individu in ander sfere van die samelewing tot voordeel kan wees. Vergaderings gee weer aan individue die geleentheid om te leer hoe vergaderingstrukture funksioneer, insluitend die rol van die voorsitter, agenda en notules, besluitnemingsprosesse en nog meer. Só dra die liturgie by tot die vervaardiging van *civic capital* deurdat persone deur middel van liturgiese en rituele bemiddelingsvaardighede ontwikkel wat weer in ander dele van hul daaglikse bestaan gebruik kan word, tot voordeel van die groter gemeenskap en samelewing (Cilliers & Wepener 2007:51).

Die sosiale dimensie van ritueel help verder met die *ontwikkeling van materiële infrastruktuur en hulpbronne*. Ritueel en liturgie leer gelowiges en moedig hulle aan om na mekaar om te sien en te deel in mekaar se nood. Deur hierdie spirituele en materiële omgee word ŉ materiële infrastruktuur en hulpbronne gestig waar die mens in nood ŉ stem ontvang en die geleentheid gegun word om gehoor te word. In hierdie veilige ruimte word die noodlydendes en onderdruktes die geleentheid gegun om aan gesprekke deel te neem, te lei in gebed en ook hul gemeenskaplike vaardighede te ontwikkel. Nog meer – sekere Christelike rituele het die verdere potensiaal om te voorsien in die materiële behoeftes van deelnemers,



© University of Pretoria

byvoorbeeld die deel van voedsel tydens die Agapé maaltyd (Wepener & Cilliers 2006:795-796).

Cilliers & Wepener (2007:53) waarsku dat, alhoewel daar heelwat navorsing gedoen is oor die potensiaal en rol van sosiale kapitaal ten opsigte van formasie en transformasie, dit egter steeds grootliks ŉ afwesige dimensie in die liturgie en kerklike rituele is. Die navorser wil by hulle aansluit en is van mening dat, indien die ware betekenis van bogenoemde (en ander) liturgiese rituele in die erediens op duidelik verstaanbare en praktiese wyse gestalte vind en aan die individu só verwoord word, dit ŉ definitiewe rol te speel het in die vorming van sosiale kapitaal, wat moontlik tot ŉ dieper verstaan van Christelike identiteit - nie net as sosiale groepering nie, maar ware geloofsgemeenskap wat alle grense oorskry - kan lei. Die rol van die leraar en ander leiersfigure in dié verband mag nie gering geskat word nie.

#### 4.3.3 DIE ROL VAN LEIERSKAP IN DIE VORMING VAN SOSIALE KAPITAAL.

Wepener (2007:735,736) wys op die uitdagings en noodsaaklikheid van liturgiese *inkulturasie* en *inter-kulturasie* vir die NG Kerk in Suid-Afrika en dat hierdie nie net op die agenda van die kerk moet wees nie, maar ook elke individuele liturg, leraar of kerkleier. Waar liturgiese *inkulturasie* verwys na die dinamiese en voortdurende wisselwerking tussen die Christelike boodskap en plaaslike kultuur, verwys *interkulturasie* na die multilaterale verkeer tussen verskillende teologiese sienswyses en tradisies vanuit verskillende dele van die wêreld, op só ‘n wyse dat die Weste nie as die gewer en die Derde Wêreldlande as die ontvangers beskou word nie, maar dat almal in ŉ konstante proses van gee en ontvang is en so liturgies en teologies verryk word (Bosch 1991:455-456, De Klerk 2001:57-75). Kerkleiers het ŉ belangrike rol te speel in die realisering van hierdie ideaal en word genoodsaak om in gesprek met kollegas oor verskeie kerklike denominasies en tradisies te tree ten einde ŉ dieper begrip en waardering vir die liturgiese diversiteit tussen gemeentes te bekom (Wepener 2007:742). Hierdie tipe leierskap sal bydra tot die ontstaan van liturgie as ŉ oop ruimte, ŉ ruimte waar die stil stemme gehoor word, waar die waarheid in al sy fasette verkondig word en waar ryk en arm met mekaar verbind word – dus: ŉ ruimte waar transformasie ŉ werklikheid word (Cilliers & Wepener 2007:54).



© University of Pretoria

Emeritus Aartsbiskop, Desmond Tutu (2008) het in ŉ toespraak tydens die Seboka Konferensie in die VSA, getiteld: *The role of moral and ethical leadership in transforming society: Challenges for Southern Africa* die volgende uitspraak gelewer:

> In very recent times we have been afforded some dramatic and often deeply distressing examples of failed leadership, or indeed what we should without equivocating call unethical leadership.

Nell (2009:160-161) verwys na hierdie uitspraak en verduidelik dan verder dat die uitdaging vir die kerk en samelewing in Suid-Afrika, binne ŉ voortgaande oorgangsproses een van leierskap is – leiers wat verlore of verdwaald voorkom binne hierdie oorgangstyd. In die boek getiteld *Systems-Sensitive Leadership* verwys Armour en Browning (1995) na die vier groot uitdagings/realiteite van ons tyd, naamlik: verandering, kompleksiteit, verwarring en konflik. Nell (2009:162) verwys hierna en noem dat 'these four factors are of special importance in times of transition, leading to a situation in which many leaders experience not only loss but also being lost'. Osmer (2005:161) verduidelik dat die uitdagings wat spesifiek deur kerkleiers in die gesig gestaar word is '[to] focus on helping congregations become learning organisations that can face the adaptive challenges confronting their communities at any given time'. Nell (2009:163) is van mening dat binne die Suid-Afrikaanse konteks en vanweë ons spesifieke geskiedenis, profetiese leierskap van kardinale belang is. Hiervolgens het die kerk leiers nodig wat voortdurend met ŉ interne en eksterne dialoog betrokke is rakende die identiteit van die kerk as geloofgemeenskap ten einde die gemeente se rituele en pastorale getuienis te versterk.

Nie net is profetiese leierskap nodig nie, maar ook etiese en morele leierskap waar die klem op die uitleef van ŉ vasgestelde stel waardes val. Binne die Christelike geloof beteken dit dat leierskap altyd gegrond is op die waardes soos gevind in die Bybel en die Christelike tradisie. Osmer (2005:157-165) identifiseer twee perspektiewe op leierskap. Die eerste perspektief is ŉ *teologiese perspektief* waar gemeentes en hul leiers as gemeenskap van gestuurdes gesien word. Só gesien word die hele gemeente as ŉ leier in die gemeenskap gesien. Die tweede is die 'organisation learning and leadership theory perspective' waardeur leierskap verstaan word as die vermoë om ŉ organisasie of gemeenskap by innoverende en transformerende optrede te betrek. Vir leierskap om by te dra tot die vorming van sosiale kapitaal is beide hierdie perspektiewe noodsaaklik (Nell 2009:168).



© University of Pretoria

Hierbo is opgemerk dat die Suid-Afrikaanse konteks en -kerk haar uitdagings te danke het aan haar eie, spesifieke geskiedenis. Die impak van hierdie [en 'n ander][4] geskiedenis op die kerk en elke individu se identiteit, moet deel vorm van elke gesprek wat oor identiteit, en ook die rol van liturgie in die vorming van hierdie identiteit speel, verreken word.

### 4.4 Sosiale geheue en Identiteit: Ons is wie/wat ons onthou.

Sommige sosioloë en sielkundiges sien geheue as 'n individuele aangeleentheid, 'the property of individual minds' (Schudson, in Klein 2000:130). Met die begin van die twintigste eeu het 'n meer sosiale perspektief op geheue na vore gekom, wat aanleiding gegee het tot die term *collective memory* (Olick 1999, 2006, Olick & Robbins 1998). Ernest van Eck (2011:201) noem dat "om te onthou" beide individueel en sosiaal is en dat dit in gemeenskap is wat die mens onthou. In die woorde van Olick (1999:346): 'There is no individual memory without social experiences, nor is there any collective memory without individuals participating in communal life'. Geheue is dus 'n kollektiewe aangeleentheid en nie 'n individuele aangeleentheid nie (Olick 2006:10-11).

Die begrip *sosiale geheue* kan toegeskryf word aan die verdere bydraes wat deur Aguilar en Duling tot die belangstellingsveld van kollektiewe geheue gevoeg is. Volgens Aguilar (2005:60-66) kan kollektiewe geheue beskryf word as 'n 'single authorative narrative, consisting of social memories, that is, all memories of a specific event or chain of events in the past, even when contradictory'. Van Eck (2011:201) wys verder op die sosiologie van geheue wat wys op 'n verband wat tussen geheue, identiteit en narratief bestaan: *identiteit* (byvoorbeeld van 'n groep) word geskep deur die *onthou* van (oorvertelling) *narratiewe* van die verlede; en die hede word herskep (identiteit) deur die vertelling (narratiewe) van wat onthou word. Sosiale geheue het dus nie net te make met die onthou van historiese gebeure nie, maar meer spesifiek die betekenis wat deur 'n gemeenskap aan daardie gebeure toegeskryf word en die impak daarvan op hul identiteit en selfverstaan in die hede (Duling 2006:2). Die samehorigheid en identiteit van 'n groep is volgens Olick (2006:6) 'n saak van kollektiewe verbeelding en word grootliks bepaal deur die vertel en oorvertel van stories, wat

[4] Die woorde "en 'n ander" word doelbewus in hakies geplaas om die leser se aandag te rig op die moontlikheid van 'n ander geskiedenis – die historiese kruisgebeure van JESUS – wat nie tot spesifieke die sosiaal-kulturele geskiedenis van Suid-Afrika beperk is nie, maar dit transendeer. Die belangrikheid van só siening word in die komende paragrawe uiteengesit.



© University of Pretoria

op hul beurt die grense van die groep stel en die groep se morele kompas suggereer. Storievertelling is dus nie bloot iets wat gemeenskappe *doen* nie, maar eerder ŉ uitbeelding van wie hulle *is* (Olick 2006:6,8).

Vanuit die perspektief van sosiale geheue is identiteit dus nooit ŉ voltooide feit nie, maar altyd in ŉ proses van wording – ŉ proses wat deur geheue en vertelling gestuur word (Hall 1993:222-226). Wat onthou word, word grootliks bepaal deur die huidige lewenswerklikhede van die groep (Olick 1999:341). Hierin lê die uitdagings vir die kerk ten opsigte van versoening en transformasie binne die Suid-Afrikaanse konteks – aangesien diegene wat in "bevoorregte posisies" sekere narratiewe hoër sal ag as ander, terwyl diegene aan die ander kant van die sosiale leer weer hul voorkeur-narratiewe sal hê (Olick 1999:342). Die gevolg hiervan is dat, wanneer dit by algemene narratiewe kom, die interpretasie daarvan en die betekenis/waarde wat daaraan gekoppel word, anders onthou sal word (byvoorbeeld herinneringe rakende Apartheid in Suid-Afrika).

Vir die besondere fokus van hierdie navorsing op die moontlike impak wat liturgie op die vorming van Christelike identiteit het, is die volgende waarneming van Kansteiner (2002:180) van belang:

> We should conceptualize *collective memory* as the result of the interaction among three types of historical factors: the *intellectual and cultural traditions* that frame all our representations of the past, the *memory makers* who selectively adopt and manipulate these traditions, and the *memory consumers* who use, ignore, or transform such artifacts according to their own interests (eie beklemtoning bygevoeg).

Om Kansteiner se observasie saam te vat, kan gesê word dat sosiale geheue in wese te make het met *wie* (memory makers) onthou *wat* (kulturele tradisies), *wanneer* (historiese feite), *vir wie* (memory consumers) en *waarom* (Confino 1997:1393). Sosiale geheue en die moontlike impak daarvan op die identiteit van die kerk as geloofsgemeenskap, maar ook die gelowige individu, het ŉ waardevolle bydrae te lewer as transformasie agent binne die Suid-Afrikaanse konteks en samelewing. Sosiale geheue vind veral plaas wanneer daar ŉ behoefte vir transformasie van die huidige samelewingsstrukture ontstaan (Schwartz 1982:375). Om te onthou verwys na gemeenskap of identiteit, met die doel van mimesis - om te bepaal hoe die



© University of Pretoria

gemeenskap en samelewing daarna moet uitsien en hoe opgetree moet word om hierdie ideaal te bereik (Aguilar 2005:65).

Die navorser is van mening dat die liturgie ŉ belangrike rol te speel het in hierdie *onthou*-proses en gevolglik ook in die vorming van die identiteit van die gemeente as gemeenskap van gelowiges, maar ook die individuele gelowige. Daar bestaan tans ŉ vakuum ten opsigte van die wyse waarop die liturgie benut kan word om ons te help sosiaal onthou. ŉ Moontlike wegspringplek kan wees by *wat* ons onthou. Die navorser is van mening dat die liturgie ŉ belangrike rol te speel het in die onthou van die kruisverhaal van Jesus Christus. Alhoewel die verskillende historiese gebeure van Suid-Afrika nie misken mag word nie en beslis in die liturgie uitgebeeld moet word, is die kruis van Jesus Christus die kern historiese gebeurtenis wat alle sosiaal-kulturele gebeure van die verlede transendeer. Wanneer die kruisgebeure in die hart van die liturgie verwoord en in die geheue van die gemeente gehou word, word die gelowige se identiteit nie meer bepaal op grond van ras, taal, kultuur of sosiale status nie – maar op grond van sy/haar onverdiende voorreg om te mag behoort aan die *Corpus Christi* (liggaam van Christus) – ŉ liggaam insluitend van alle mense oor alle grense heen. Nie net het die liturgie ŉ rol te speel in die vorming van die gelowige se selfverstaan as lid van die liggaam van Christus nie, maar moet die liturgie die individu ook toerus om sy/haar nuwe identiteit in Christus prakties uit te leef in die alledaagse bestaanswerklikheid. Die prediking, nagmaal as fees van die tafel, gasvryheid en ander liturgiese rituele moet die gemeente se gedagtes rig op die gebeure van ongeveer 2000 jaar gelede, maar ook op die implikasie daarvan vir ons lewe en selfverstaan in die hier en nou.

### 4.5 SAMEVATTING

In dié hoofstuk is spesiale aandag geskenk aan die ontmoeting tussen mense ten einde ŉ dieper verstaan ten opsigte van die aard en impak van kollektiewe identiteit, veral ten opsigte van die kerk as geloofsgemeenskap, te bekom. Daar is ondersoek ingestel na die belangrikheid van sosiale geheue in die vorming van sosiale identiteit. Verskeie sosiale identiteitsteorieë is kortliks uiteengesit waarna die begrip sosiale kapitaal verken is met die doel om ŉ saak te stel vir die belangrikheid van interpersoonlike ontmoetings, nie net binne die kerk as geloofsgemeenskap nie, maar ook vir die groter samelewing. Aangesien die



© University of Pretoria

navorsing gerig is op die liturgie as veld binne die Praktiese Teologie, is die rol wat die liturgie in hierdie proses speel deurgaans verreken.

Die navorsingsvraagstuk waarmee hierdie studie besig is, is: *Watter rol speel ontmoetings in die vorming van ŉ Christelike identiteit en lewenswyse*? In die vorige hoofstuk is verwoord dat die liturgie ŉ belangrike rol te speel het as ruimte waarbinne God en mens mekaar ontmoet. Die navorser het probeer aandui dat hierdie ontmoeting, waarin God aan die mens openbaar word, nie net ŉ impak op die mens se verstaan van wie God is het nie, maar ook vanuit die verstaan van die mens as *Imago Dei*, ŉ definitiewe impak op die gelowige individu se selfverstaan en identiteit.

In hierdie hoofstuk is die verkenning verder uitgebrei na die interpersoonlike (sosiale) dimensie van identiteit. Vanuit ŉ sosiologiese standpunt is dit duidelik dat die mens ŉ geneigdheid het om met groepe te assosieer en dat hoe ons met ander groepeer en assosieer uiteindelik ŉ direkte impak op ons eie identiteit en lewenswyse tot gevolg het. Die kerk as godsdienstige organisasie is, alhoewel dit ook ŉ vorm van kollektiewe identiteit is, wel ŉ uitsondering tot die sosiale norm – aangesien die identiteit van die kerk nie eerstens spruit vanuit die invloed van die sosiale stimuli nie, maar vanuit die verstaan van die mens as *Imago Dei*, en gevolglik as lid van die *Corpus Christi*. ŉ Saak is gestel vir die moontlikheid dat liturgie kan bydra tot die ontstaan van dieper interpersoonlike verhoudings, wat nie net kollektiewe identiteit is nie, maar wel ware gemeenskaplike identiteit (koinonia). Die kerk as geloofsgemeenskap transendeer tradisionele sosiale onderskeidings en vind sy grondslag in die kruisgebeure van Jesus Christus. In terme van die insigte van die sosiale identiteitsteorieë beteken dit dat die gelowige se *in-groep* nie meer bepaal word deur sosiaal-kulturele kriteria nie, maar vanuit die geloof dat elkeen wat in Christus glo deel van Sy liggaam is – gedeelde geloof in Christus word dus die bepalende kriteria, en die voorbeeld van Jesus as prototipe vir die waardes van die groep.

Deur hierdie gebeure te onthou en oor te vertel, kry die kruisgebeure van Jesus Christus hernude betekenis en relevansie binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks, en word ŉ gemeenskap gevorm bestaande uit persone wat vanuit hul identiteit in Christus gestuur word



© University of Pretoria

na ander in nood. Dit wil dus voorkom dat die liturgie, ook ten opsigte van die sosiale dimensie daarvan, ŉ besliste impak het op Christelike identiteit en gepaardgaande lewenswyse – beide vir die individu, maar ook vir die kerk as gemeenskap van gelowiges – ŉ gemeenskap wat deur die kruisgebeure getransformeer is, en geroep word om transformerend in die alledaagse te lewe.

In die hoofstuk wat volg word die klem geplaas op die gestuurdheid van die gelowige en kerk na die wêreld – die ontmoeting tussen die mens en die wêreld in nood.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

## ONTMOETINGS MET DIE SAMELEWING:

## DIE KERK [EN GELOWIGE] SE IDENTITEIT AS GESTUURDES

### 5.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is spesiale aandag geskenk aan die ontmoeting tussen mense ten einde ŉ dieper verstaan van die aard en impak van kollektiewe identiteit, veral ten opsigte van die kerk as geloofsgemeenskap te bekom. Daar is ondersoek ingestel na die belangrikheid van sosiale geheue in die vorming van sosiale identiteit. Verskeie sosiale identiteitsteorieë is kortliks uitgepak waarna die begrip sosiale kapitaal verken is met die doel om ŉ saak te stel vir die belangrikheid van interpersoonlike ontmoetings, nie net binne die kerk as geloofsgemeenskap nie, maar ook vir die groter samelewing. Daar is vasgestel dat, vanuit ŉ sosiologiese standpunt, die mens ŉ geneigdheid het om met groepe te assosieer en dat hoe ons met ander groepeer en assosieer uiteindelik ŉ direkte impak op ons eie identiteit en lewenswyse tot gevolg het.

Die kerk as godsdienstige organisasie is, alhoewel dit ook ŉ vorm van kollektiewe identiteit is, wel ŉ uitsondering tot die sosiale norm – aangesien die identiteit van die kerk nie eerstens spruit vanuit die invloed van die sosiale stimuli nie, maar vanuit die verstaan van die mens as *Imago Dei* en gevolglik as lid van die *Corpus Christi*. ŉ Saak is gestel vir die moontlikheid dat liturgie kan bydra tot die ontstaan van dieper interpersoonlike verhoudings, wat nie net kollektiewe identiteit is nie, maar wel ware gemeenskaplike identiteit (koinonia). Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die liturgie, ook ten opsigte van die sosiale dimensie daarvan, ŉ besliste impak het op Christelike identiteit en gepaardgaande lewenswyse – beide vir die individu, maar ook vir die kerk as gemeenskap van gelowiges – ŉ gemeenskap wat deur die kruisgebeure getransformeer is, en geroep word om transformerend in die alledaagse te lewe te wees.

In hierdie hoofstuk gee ons ŉ verdere tree op die ontdekkingsreis na die rol van liturgie op Christelike identiteitsvorming en die gepaardgaande lewenswyse. Die klem word geplaas op



© University of Pretoria

die gestuurdheid van die gelowige en kerk na die wêreld – die ontmoeting tussen die mens en die wêreld in nood. Hierdie derde ontmoeting moet nie as losstaande ontmoeting beskou word nie, maar eerder as ŉ natuurlike uitvloeisel van die vorige twee ontmoetings, naamlik: die ontmoeting tussen God en mens (sien hoofstuk 3) en die ontmoetings tussen mekaar (sien hoofstuk 4), en wat op sy beurt weer lei tot ŉ dieper ontmoeting met God aangesien God se 'binnekant' slegs geken kan word vanuit God se 'buitekant', dit is God se beweging na die skepping toe (Peterson 2013:94). Johannes Verkuyl (1979:171) stel dit as volg:

> According to the New Testament, proclaiming the messianic message must always be accompanied by gathering, preserving and adding to the people of God. When Jesus invites us to become his disciples, he calls us to join a community and become members of the people of God, not to stand isolated and alone...The factors which unite this people were not economic or political or cultural ties which usually bind human communities together; this people emerged from the ranks of Israel and the Gentiles by the words, deeds, and Spirit of the Messiah and existed only in complete dependence on him, its shepherd and king. He calls it, cares for it, and frees it through the forgiveness of sins and the renewal which proceeds from him. Furthermore, he desires to employ this people as the means of realizing his world-embracing plans.

Nelus Niemandt (2013:20) wys daarop dat die snelheid waarteen verandering in die wyer samelewing en wêreld in sy geheel plaasvind, tot gevolg het dat die kerk genoodsaak word om nuut te dink oor hoé Christene die kerk, maar ook sy/haar eie identiteit as gelowige sien. Begrippe soos *gestuurde gemeentes* en *missionale ekklesiologie* wys vir ons iets van hierdie nuwe begrip oor die identiteit en bestaansdoel van die kerk en elke gelowige individu. Hierdie navorsing wil hierby aansluit en spesiale aandag skenk aan die betekenis en praktiese implikasie van só verstaan van die kerk binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks. Aangesien hierdie navorsing veral daarop uit is om die impak van hierdie ontmoetings op Christelike identiteit en lewenswyse (beide van die kerk en gelowige individu) te verken, kom enkele opmerkings oor die missionale verstaan van ons kerklike identiteit aan die woord. Die moontlike rol wat die liturgie in dié verband speel word ook later in die hoofstuk verken.

Eerstens word enkele samevattende opmerkings oor die definisie van ŉ missionale verstaan, as raamwerk vir die gesprek wat volg, gemaak.



© University of Pretoria

## 5.2 MISSIO DEI: VAN ʼn ONTMOETING MET DIE GOD "WAT STUUR" NA DIE VERSTAAN VAN DIE KERK [EN GELOWIGE] SE IDENTITEIT AS "GESTUURDE".

In hoofstuk drie van hierdie navorsing is daarop gewys dat die ontmoeting met God nie net die gelowige individu tot ʼn dieper insig en kennis van "wie God is" bring nie, maar ook tot ʼn beter besef van "wie ek is". Namate ons die wese en hartklop van God leer ken, ontdek ons ook ons eie identiteit as *Imago Dei* (beeld van God). Hierdie is veral ook van belang in ons verkenning wat volg na die verstaan van ons identiteit as gestuurdes – gestuur na die wêreld om die wêreld [en haar nood] te ontmoet, aan ons lywe te voel en ons rol as gestuurdes daarheen te verstaan.

### 5.2.1 TEOLOGIESE BEGRONDING

Die basis vir ons verstaan van die *missio Dei* word gevind in die wete dat God die wêreld liefhet en in die wêreld betrokke is. Só verstaan wys die *missio Dei* op God se aktiewe teenwoordigheid en deelname in die wêreld en waaraan die kerk [en elke gelowige] geroep word om aan deel te neem (Bosch 1991:10, 391; Hancke 2005:25). Bosch (1991:390) en Meiring (1994:40-41) wys verder op die Trinitariese verstaan van die *missio Dei* as die Drie-Enige God wat die kerk [en dus elke gelowige] die wêreld instuur. Om as gestuurde deel te neem aan hierdie sending is om eerstens te erken dat God in liefde teenwoordig is in die wêreld en daarom die kerk stuur om deel te neem aan die beweging van God se liefde aan mense – só verstaan word die kerk [en elke gelowige] gestuur om die praktiese manifestering van God se liefde vir ʼn stukkende wêreld en mensdom te wees. Bosch (1991:392) verduidelik verder dat die missionale verstaan van die kerk [en elke gelowige] sy beginpunt by die hart van God het. God is vir hom die fontein van sturende liefde. God se liefde vir Sy skepping is die oorsprong van God se sending – dus, is daar ʼn sending, enkel en alleen omdat God mense liefhet.

Bosch (1991:393-510) verduidelik dat sending meer behels as die blote wen van siele. Vir hom is sending die bemiddeling van God se reddende werke in ʼn persoon se lewe, ʼn soeke na geregtigheid, kontekstualisering, bevryding van alle vorme van onderdrukking/hindernis, inkulturasie, evangelisasie, asook getuienis teenoor ander gelowe. Armstrong (1997:60) verduidelik verder dat sosiale aksie onlosmaaklik deel van die sendingroeping van die kerk



© University of Pretoria

[en gelowige] is. Bosch (1991:398) sluit hierby aan en verduidelik dat die klassieke verstaan van sending (spesifiek met die oog op redding) gesien word as bloot ŉ ontsnapping van God se straf en toorn en die verlossing van die individu se siel met die oog op die lewe na die dood. Hy meen tereg dat ŉ meer holistiese verstaan van redding nodig is, wat nie alleenlik gemik is op die redding van die persoon se siel met die oog op die hiernamaals nie, maar ook redding/bevryding van huidige omstandighede/onderdrukking/ongeregtighede – ŉ redding met sosiale en praktiese implikasies vir die individu se lewe in die hier-en-nou. As gestuurdes is die kerk [en gelowige] die draers van God se hoop – beide vir die hede en die toekoms.

Baie is al geskryf oor die teologiese begronding en verstaan van die *missio Dei*. Vir die doeleindes van hierdie navorsing, met sy spesifieke fokus op die uitdagings van die kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks, is dit nodig om op hierdie punt ons fokus te verskuif na die praktiese en sosiale implikasies van die verstaan van die kerk [en elke gelowige] as gestuurde, en die moontlike impak van só verstaan op die sosiale uitdagings wat die Suid-Afrikaanse samelewing daagliks in die gesig staar.

#### 5.2.2 DIE MISSIO DEI BINNE 'N SUID-AFRIKAANSE KERKLIKE- EN SAMELEWINGS KONTEKS

Bosch (1991) verduidelik dat daar nog nooit ŉ tydperk in die geskiedenis deur soveel sosiale nood gekenmerk is as die 20ste eeu nie, maar dat hierdie uitdagings tot gevolg het dat die kerk [en elke gelowige] nog nooit soveel geleenthede gehad het om iets aan hierdie nood te doen nie. Die uitdagings kan nie misken word nie, maar bied wel ongekende moontlikhede en potensiaal vir die kerk vir vandag. Hy stel dit as volg:

> Poverty, misery, sickness, criminality, and social chaos have assumed unheard-of proportions. On unprecedented scale people have become victims of other people; *homo homini lupus* (The human being is a wolf to other human beings). Marginalized groups in many countries of the world lack every vorm of active and even passive participation in society; inter-human relationships are disintegrating; people are in the grip of a pattern of life from which they cannot possibly wrench themselves free; marginality characterizes every aspect of their existence (Bosch 1991:399-400).

Die kerk [en gelowige] as dienskneg is van sentrale belang in die verstaan van die gestuurdheid van die kerk [en gelowige] na die wêreld. Dulles (2002:89) verduidelik dat die kerk die 'aktiewe subjek' en die wêreld die 'objek' is en dat die kerk as gestuurdes die wêreld



© University of Pretoria

probeer 'beïnvloed'. Ook Armstrong (1997:38) is van mening dat indien daar een sentrale Bybelse beeld vir die kerk as gestuurde is, dit dié van ŉ dienskneg is. Schoeman (2012:302-303) noem dat binne die Suid-Afrikaanse konteks en -samelewing die vraag na die kerk se integriteit en geloofwaardigheid van uiterste belang is – ŉ vraag wat direk gekoppel is aan die gedagte van die kerk as dienskneg. Burger (1999:289) is veral krities teenoor die nadenke oor gemeentewees in terme van begrippe soos suksesvol, effektief en relevansie en sê: 'Dit is nie maklik om vir die kruis en die kruis evangelie plek te maak in ŉ suksesvolle kerk nie – ook nie vir die belangrike Bybelse motiewe soos diens, selfverloëning of lyding nie'. Burger (1999:122) stel voor dat in plaas van nadenke oor ons gemeentewees in terme van sukses, gewildheid of erkenning die vraag veel eerder oor ons geloofwaardigheid moet gaan. Die vraag is nie soseer of mense met ons saamstem en van ons hou nie, maar eerder of 'hulle respek het vir ons integriteit en vir ons eerlike toewyding aan dit waarin ons glo'.

Die kerk as geloofsgemeenskap (sien hoofstuk 4) het ŉ baie definitiewe en belangrike sosiale rol te speel binne die breër samelewing. Die kerk is nie net oor haar eie lidmate besorg nie, maar speel ook in die samelewing ŉ belangrike rol, omdat God die Verlosser vir die wêreld is en vanuit Sy liefde vir die wêreld die kerk [en elke gelowige] daarheen stuur (Bosch 2008:249). Om die potensiële impak van die missionale identiteit van die kerk [en gelowige] binne die unieke uitdagings van die Suid-Afrikaanse samelewing te ontgin, is dit nodig om nuut te dink oor die missionale identiteit en die praktiese uitvoering daarvan binne ŉ Suid-Afrikaanse (en dus grootliks Afrika) konteks. Meiring (2008:791) verduidelik dit as volg:

> When Missio Dei is examined from the perspective of Postmodern and African Theologies, new possibilities and metaphors emerge that can contribute to our understanding of God and Church's mission in the world. Missio Dei, it is shown, should also deal with panentheism[5], relationships, sacrifice and justice.

Om hierdie nuwe verstaan van die *missio Dei* binne ŉ Afrika (en dus Suid-Afrikaanse konteks) te verken is enkele opmerkings oor die verstaan van enkele terme, naamlik: eskatologie en verlossing nodig[6].

[5] In die gebruik van die term panenteïsme verwys Meiring na die oortuiging dat GOD in die skepping gesien kan word, terwyl GOD die skepping ook tegelyke tyd transendeer.
[6] Vanweë die feit dat hierdie navorsing slegs 'n mini-verhandeling is, word die keuse gemaak om op slegs twee terme as voorbeeld van die implikasie van 'n nuwe verstaan van *missio Dei* binne 'n Suid-Afrikaanse konteks te fokus. Die navorser erken egter dat daar 'n groot verskeidenheid terme wat hier van toepassing mag wees



© University of Pretoria

#### 5.2.2.1 MISSIO DEI EN ESKATOLOGIE

Die begrip *missio Dei* behels ŉ omvattende eskatologiese dimensie met ŉ beklemtoning van die voortdurende toetrede van God na die wêreld deur die Seun, Heilige Gees en kerk. Ongelukkig plaas die tradisionele verstaan van die missio Dei ŉ besondere klem op die wederkoms van die Messias en die gevolglike lewe in die hiernamaals. In die proses word die kreatiewe spanning tussen die "reeds" en die "nog nie", die "hede" en die "toekomstige" ondermyn (Bosch 1991:508-509). Zygmunt Bauman (1998:59) waarsku ook teen die oormatige beklemtoning van die 'posthumous fate' as ŉ poging om die Christelike geloof aanloklik vir potensiële "verbruikers" te maak. Hy verduidelik verder dat die hedendaagse samelewing ŉ "anti-eskatologiese revolusie" ondergaan het waar die mens veel meer besorgd is oor hul menslike identiteit, bestaan en dag-tot-dag probleme in die hier-en-nou lewenswerklikhede – in plaas van ŉ belangstelling in die lewe na die dood (Bauman 1998:63-69). Hierdie is veral ook kenmerkend van die eskatologiese sienswyse binne ŉ Suid-Afrikaanse (en Afrika) konteks.

John Mbiti (1969:16-17) verduidelik dat Afrikane tradisioneel nie ŉ sterk futuristiese eskatologie het nie en eerder terugkyk na die verlede waar alles en almal in vrede met mekaar geleef het. Vir die Afrikaan strek die toekoms nie verder as ses maande nie – twee jaar op die meeste. Gebeure wat buite hierdie grense val word nie beskou as deel van ware tyd nie. Soos Mbiti (1969:17) dit stel: 'At most we can say that this short future is only an extension of the present'. Met die koms van die westerse wêreldbeeld en die gepaardgaande teologiese invloed na Afrika, het dit ŉ nuwe eskatologiese verwagting tot gevolg het – dikwels met gevaarlike gevolge. Mbiti (1969:221) verduidelik:

> Their hopes are stirred up and set on the future. They work for progress, they wait for an immediate realisation of their hopes, and they create new myths of the future. It is here that we find the key to understanding Africa's political, economic and ecclesiastical instability.

Vir die kerk om geloofwaardig en relevant te wees binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse samelewing, sal dit nodig wees om, in ons nadenke oor ons gestuurdheid na die wêreld, erns te maak met die unieke uitgangspunte van Afrika – veral met die besondere klem om die hier-en-nou bestaanswerklikhede. Afrika-eskatologie is baie beslis gerig op hier-en-

bestaan en wat nie hier verhaal word nie. Nietemin word eskatologie en verlossing gekies vanweë hulle besondere relevansie vir die uitdagings wat die Suid Afrikaanse samelewing in die gesig staar.



© University of Pretoria

nou bestaanswerklikhede en is daarop uit om oplossings vir die uitdagings van "hierdie wêreld" te bekom (Bediako 1995:101; Du Toit 1998:393). Die belangrike fokus op die hier-en-nou realiteite verduidelik waarom verskeie Afrika-teoloë besondere klem lê op reg en geregtigheid, versoening, transformasie en die oortuiging dat verlossing met solidariteit met die onderdruktes gepaardgaan (Meiring 2008:810). Soos Oduyoye (1998:362) dit stel: 'Jesus is the friend who stands in solidarity with the marginalised'.

#### 5.2.2.2 MISSIO DEI EN VERLOSSING

Soos reeds hierbo genoem, verskil die Afrika-teologie se verstaan van verlossing aansienlik van die tradisioneel-eng verstaan van verlossing as die vergewing van Adam se oersonde en die gevolglike belofte van die ewige lewe in die hiernamaals. Verlossing binne die Afrika-verstaan daarvan, het baie praktiese implikasies vir ons daaglikse bestaan. Verlossing binne die Afrika (en dus Suid-Afrikaanse) konteks, is onlosmaaklik gekoppel aan solidariteit met die onderdruktes; is gerig op die herstel van verhoudings; die regstelling van ongeregtighede en die ophef van die totale gemeenskap. Só verstaan moet die kerk [en elke gelowige] haar identiteit verstaan as gestuurde na die wêreld met die doel om 'n nuwe geloofsgemeenskap daar te stel – 'n gemeenskap waar almal welkom is, aanvaar word en gelykmatig hanteer word (Meiring 2008:812). John Milbank (1997:273-274) is dit eens dat die idee van verlossing deur middel van 'n nuwe gemeenskap eg Christelik is en dat Christus self die bose oorwin deur middel van gemeenskap met sy volgelinge.

Binne die Afrika-teologie is solidariteit die vergestalting van God se verlossingswerk in Christus vir hierdie wêreld en deel van die kerk se missionale roeping binne die alledaagse bestaanswerklikhede van die samelewing. Die kerk [en elke gelowige] sal opnuut weer moet erns maak met die dag-tot-dag sosiale uitdagings van ons tyd en daadwerklik dink aan maniere om draers van hoop te wees op 'n baie praktiese en daadwerklike wyse. Volgens Daniël Veldsman (1998:61) was hierdie nog altyd die doel van verlossing en noem hy dat '...this idea was also espoused by Moltmann who said that through the cross, Jesus identified himself with the present reality of the world in all its negativity. The cross represents solidarity'.



© University of Pretoria

ʼn Nuwe besef van die kerk [en elke gelowige] se roeping as deelnemers aan God se liefdevolle toetrede en verlossingswerk in die wêreld, kan alleenlik realiseer word indien die kerk wegskram van die versoeking om geestelik te ontvlug van die harde lewenswerklikhede en gepaardgaande uitdagings wat ons in die gesig staar. Dat daar vir ons ʼn ewige hoop op ʼn ewige erfenis is, is steeds een van die kernwaarhede van ons geloof, maar mag dit nooit tot só mate beklemtoon word, dat die hier-en-nou implikasies van Christus se verlossingswerk op die agtergrond geplaas word nie. Die kerk [en elke gelowige] se nuwe identiteit word gevind in die besef dat ons deur die sturende God gestuur word na die wêreld, as draers van hoop en as ʼn gemeenskap wat reg, geregtigheid, bevryding, opheffing, transformasie en versoening nastreef en help realiseer – ʼn nuwe gemeenskap wat solidariteit met die gemarginaliseerdes het (Meiring 2008:813).

Hierdie nuwe verstaan van die betekenis en implikasie van die *missio Dei*, binne die Suid-Afrikaanse samelewing noodsaak die kerk [en elke gelowige] om krities en nuut te dink oor haar identiteit – ʼn missionale identiteit as natuurlike uitvloeisel van ons identiteit as *Imago Dei* (hoofstuk 3) en *Koinonia* (hoofstuk 4) is nodig.

## 5.3 ʼn Missionale ekklesiologie: Die volgende tree op ons ondersoek na ʼn lewensimpakterende Christelike identiteit en lewenswyse.

Van der Merwe (2014:3) verskaf gronde vir hierdie navorsing se besondere fokus op die rol van ontmoetings in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse, as hy noem dat die missionale uitdaging van hoofstroomkerke afkomstig van ʼn diep onderliggende identiteitskrisis is. Hy is van mening dat een van die redes waarom die kerk die gevaar loop om kultureel irrelevant te wees, daaraan toegeskryf kan word dat gelowiges nie weet wie hulle as kerk is nie. Hy stel voor dat ‘in plaas van te soek na oplossings en strategieë om lidmate te behou of te bekom, moet die kerke eerder opnuut besig raak met ʼn teologiese vraag wat ʼn teologiese antwoord vereis, naamlik: wie is die kerk?’ (Van der Merwe 2014:3).

Vir geruime tyd nou al is daar ʼn ontwaking oor hoe Christene die kerk sien, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld. Begrippe soos *gestuurdheid* en *missionaal* is aan die orde van die dag. ʼn Missionale ekklesiologie is besig om te ontvou – ʼn nuwe missionale kerk-



© University of Pretoria

identiteit. Reeds in 1995 het J.P. Oberholzer, professor in Ou Testament aan die Universiteit van Pretoria, tydens ŉ toespraak by ŉ nasionale konfensie vir predikante gewaarsku teen die gevaar wat ŉ uitgedateerde ekklesiologie vir die kerk in Suid Afrika inhou. Hy pleit vir ŉ nuwe missionale ekklesiologie en kerk praxis en verduidelik dat 'the new millennium confronts us with the failure of almost that kept the church occupied. The church is getting smaller, it struggles to survive economically, its theology became unusable and its political history lies shattered' (Oberholzer 1999:851). In hierdie tyd het G.M.M. Pelser, professor in Nuwe Testament Studies (UP) navorsing gedoen oor die verskillende ekklesiologiese metafore wat in die Nuwe Testament na vore kom. In sy navorsing het Pelser (1995:647-673) die volgende kern begrippe uitgelig:

- Kerkwees impliseer dissipelskap.
- Kerkwees gaan gepaard met die neerlê van spesifieke ideale en belange ten gunste van God se Koninkryk.
- Die kerk is in wese ŉ eskatologiese geloofsgemeenskap.
- Eenheid in Christus en die inwoning van die Heilige Gees vorm die wese van kerkwees.
- Armoede, onderdrukking en verlies was kern waarhede/uitdagings van die Christelike gemeenskappe, wat gelei het tot die verstaan van die kerk as gemeenskap wat omsien na die huisgesin van God.
- Die kerk bestaan as liggaam onder die heerskappy van Christus en word só ŉ refleksie van God se Koninkryk op aarde.
- Die kerk is die sfeer waar verlossing in en deur Christus realiseer word – hierdie lei tot versoening tussen God en mens, asook versoening tussen mense.

Steenkamp (1995:620) stem saam dat ŉ nuwe paradigma vir die identiteit en bestaansdoel van die kerk [en gelowige] nodig is en identifiseer dan hierdie nuwe paradigma in terme van die *missio Dei*. Vir hóm is die hart van kerkwees die missionale teenwoordigheid in die wêreld wat vloei vanuit ŉ lewende geloof in Jesus Christus. Niemandt (2007:52) stem saam dat die veranderende milieu van die 21ste eeu van die kerk diepgewortelde verandering eis – verandering wat die hart en denke van gelowige individue en gemeentes behels. Hooker (2008:1-2) verwoord die verstaan van ŉ missionale ekklesiologie as volg:

> Missional ecclesiology demands more of the church than deciding which community service projects to undertake or setting congregational priorities for the coming year. Missional



© University of Pretoria

> ecclesiology is a way of understanding the church. It begins with the Missio Dei – God's own 'self-sending' in Christ by the Spirit to redeem and transform creation. In a missionale ecclesiology, the Church is not a building or an institution but a community of witness, called into being an equipped by God, and sent into the world to testify to and participate in Christ's work
>
> .

Guder (2000:150) noem verder dat 'n missionale ekklesiologie beteken dat die kerk voortdurend getransformeer moet word. Die kerk moet haarself voortdurend afvra "wie is ons" en "wie moet ons wees", en transformeer om voortdurend relevant en geloofwaardig te wees binne 'n snel-veranderende Suid-Afrikaanse samelewing en tydsgees. Dreyer (2013:4) verduidelik dat die fundamentele beginsels van hierdie transformasie 'n denkskuif, weg van gemeentelike instandhouding, na 'n openheid vir die wêreld en aktiewe deelname aan God se toetrede tot die mens en wêreld se nood, beteken. Niemandt (2007:62) verduidelik dat missionale gemeentes die volgende gewoontes het:

- 'n Vereenselwiging met die lewe en voorbeeld van Jesus Christus, met 'n gepaardgaande fokus op die koninkryk van God.
- Die aflê van die dualisme tussen geestelike en wêreldse sake.
- 'n Sterk klem op die kerk as geloofsgemeenskap.
- Openheid teenoor vreemdelinge.
- Vrygewige diensbaarheid sonder om iets in ruil daarvoor te verwag.
- 'n Fokus op aktiewe deelname van gemeentelede.
- 'n Klem op kreatiwiteit.
- Leierskap wat deur netwerke, eerder as hiërargiese strukture ontwikkel en funksioneer.
- Die kontemporêre aanbieding van antieke godsdienstige waarhede en tradisies.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks sou 'n missionale ekklesiologie tot gevolg hê dat die kerk [en elke gelowige] haar identiteit en bestaansdoel verstaan as gestuurdes na die totale konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Missionale ekklesiologie [identiteit] binne Suid-Afrikaanse konteks sal nie beperk tot of uitsluitend van enige kultuur, groep, geslag, taal, ensovoorts wees nie, maar gesien word as 'n alles-en-almal-inklusiewe geloofsgemeenskap wat bewus is van die werklike nood in die samelewing, hul rol ten opsigte van hierdie nood verstaan en aktief in die wyer samelewing betrokke raak (cf. Pieterse 2001 & 2011; Van der



© University of Pretoria

Merwe 2014:4). Só verstaan is die kerk meer as net vier mure waarbinne gelowiges een maal 'n week vergader, maar 'n dinamiese, gestuurde, lewende gemeenskap wat in die hier-en-nou werklikhede, oor alle grense heen en in alle dele van die samelewing Christus se hande en voete is. Soos Van der Merwe (2014:9-10) dit stel:

> As die kerk se bestaansdoel is om deel te neem aan waar en wanneer God in sy wêreld besig is, eerder as dat die kerk bloot daarna strewe om in eie institusionele behoeftes te voorsien, behoort die doel van die teologie te wees om die lidmate van die kerk – korporatief sowel as individueel – te bemagtig om inderdaad God se mense te wees, dit is getroue getuies van Christus en Sy koninkryk in hulle huise, woonbuurte, werkplekke en in die gemeenskap as geheel.

Soos reeds in hierdie hoofstuk genoem moet hierdie missionale perspektief op die identiteit van die kerk [en elke gelowige] nie geïsoleerd beskou word nie, maar as 'n natuurlike uitvloeisel van die eerste twee identiteitsvormde ontmoetings wat in hierdie navorsing verken word. Die ontmoeting tussen God en mens bring die gelowige individu onder die indruk van God se verlossingswerk in sy/haar lewe, bring hom/haar tot 'n dieper kennis van God en ook van sy/haar eie identiteit as Imago Dei. Vanuit hierdie ontdekking van die beeld van God word die mens daaraan herinner dat God in wese 'n relasionele God is wat ons nooi na 'n persoonlike verhouding met God, maar ook met ander persone. Vanuit die persoonlike ontmoeting en die impak daarvan op sy/haar identiteit word die individu herinner dat sy/haar identiteit nie in isolasie verstaan kan word nie, maar in gemeenskap met ander hoort. Vanuit hierdie gemeenskaplike identiteit word identiteit verder gevorm deur die diepe besef van die kerk as gemeenskap se gestuurdheid na die wyer gemeenskap en samelewing. Van der Merwe (2014:10) bevestig hierdie oortuiging van die navorser as hy sê:

> Die Gees bemagtig die kerk om aan die een kant die evangelie se belofte van vergifnis van sonde te ontvang en om dit tegelykertyd uit te leef in 'n koinonia van verhoudings wat uitloop in die groter gemeenskap, en wat dié instelling steeds verder oor grense lei, terwyl die evangelie in woord en daad met 'n gebroke wêreld gedeel word.

Peterson (2013:44) wys daarop dat die kerk haar plan vir *oorlewing* moet vervang met 'n plan vir *herlewing*. Met herlewing word bedoel om die kerk terug te bring na die lewe toe. Niemandt (2013:72) verkies om die term *ontwaking* te gebruik, omrede hierdie term vir hom meer 'omvattend' as herlewing is. Ontwaking is vir hom die verandering in die ganse manier waarop mense leef en die wese van hul Christelike identiteit en lewe behels. Die Bybelse



© University of Pretoria

narratief van die kerk, soos vertel in Handelinge, is vir hom ‘n voorbeeld van hierdie *ontwaking* wat nodig is vir die kerk binne Suid Afrika.

Die navorser is van mening dat die metafoor van GOD se Koninkryk (as grondslag vir ons missionale identiteit en bestaan) relevant is vir die kerk [en elke gelowige] binne die Suid Afrikaanse konteks en samelewing. Verkuyl (1979:173) verduidelik die belangrikheid van “koninkryksdenke” soos volg:

> Viewing our missionary task within the wider perspective of the kingdom will lead us to still another insight: participation in the fight against every vestige of evil plaguing mankind is an intrinsic part of our calling. According to the Bible the kingdom does not belong to the future. It is a present reality which, though not yet fully revealed, does nevertheless show definite signs of being underway…it is both present and future. Between these two points, said Jesus, one can detect signs of the ongoing fight being waged against those forces and powers spreading human suffering.

‘n Missionale kerklike [en individuele] identiteit sal binne die Suid-Afrikaanse samelewing erns moet maak met die bevryding van fisiese en sielkundige ongerief, verligting van armoede en hongersnood, stappe teen rasse-diskriminasie, die stryd teen HIV/Vigs en ander sosiale uitdagings. Ook op ekologiese vlak vind die missionale roeping van die kerk [en elke gelowige] gestalte, waar stappe teen droogte en waterbesparing geneem word, waar verantwoordelik omgegaan word met ons natuurlike hulpbronne, waar die stryd teen renosterstropery en dieremishandeling opgeneem word, en nog meer. Die punt is dit: die kerk is nie net kerk tydens die erediens nie, maar ten alle tye en in alle dele van die alledaagse bestaan. Christelike identiteit en lewenswyse word gevind in die voorbeeld van God se liefdevolle betrokkenheid en versorging van mens, plant en dier.

Die uitdaging is egter dat Christelike teologie nog steeds te dikwels beoefen word sonder om die volle implikasie van die *missio Dei* ten volle te verreken. Alhoewel baie hoofstroomkerke missionale taal gebruik en missionale denke toon, het hulle nog nie in hul wese ‘n missionale selfverstaan nie – ‘n gebrek wat deursyfer na die lidmate se eie selfverstaan en lewe. Van der Merwe (2014:10) verduidelik dat elke geslag se teoloë só met die evangelie boodskap moet omgaan dat die Heilige Gees hulle in hul eie, unieke omstandighede en konteks lei tot ‘n nuwe lewende en relevante rekontekstualisering van die evangelie.



© University of Pretoria

Op hierdie punt verskuif die fokus na die rol wat liturgie speel in die vorming van 'n missionale selfverstaan en gepaardgaande lewenswyse.

### 5.4 MISSIONALE LITURGIE: DIE ROL VAN LITURGIE AS RUIMTE WAAR DIE MENS DIE NOOD IN DIE WÊRELD ONTMOET, EN SY/HAAR ROL AS GESTUURDE NA DIE WÊRELD ONTDEK.

Smit (2010:2) noem tereg dat, alhoewel die erediens nie as die begin en einde van die gemeente se openbare byeenkomste beskou moet word en verhef word tot die enigste openbare gesig van die gemeente nie, die erediens steeds van sentrale belang in die lewe van die gemeente en gelowige individu is. Die erediens is vir hom die kernruimte waar geloofsvorming plaasvind. Hy verduidelik verder dat die erediens die ruimte is waar die gemeente as geloofsgemeenskap God saam aanbid en Sy teenwoordigheid vier, terwyl dit ook die missionêre omgewing is van waar die bediening van die gemeente ontstaan, gerig en uitgestuur word. Ook Barnard (1981:3) en Müller (1990:3) is van mening dat die erediens steeds die kernplek in die kerk inneem. Smit (2004c:351) gaan hiermee akkoord en noem dat die hart van die kerk die erediens, die liturgie en aanbidding van die geloofsgemeenskap op die opstandingsdag is. Individue kom na die erediens met die verlange en verwagting dat hulle God deur die erediens sal 'ontmoet' (Smit 2008:108-110; Minatrea 2004:67). Verder is die kerk in haar wese 'n aanbiddende gemeenskap van gelowiges en 'in die hart van dié aanbidding klop die nood van die wêreld, die sugte van die skepping, die vrae, swaarkry en sorge van elke samelewing en van alle mense. Christelike aanbidding word gebore uit die ervaring van die nood van die lewe' (Smit 2004c:351-352).

Liturgie kan gesien word as die antwoord op God se roeping wat vloei vanuit die *missio Dei,* sowel as die manier waarop die kerk deel word en deelneem aan God se uitwaardse beweging na die wêreld. Só verstaan is liturgie die sigbare uitbeelding van die kerk se missionale identiteit (Niemandt 2015:1). Wepener (2008:206) noem dat die daarstel van 'n missionale liturgie nie 'n maklike taak is nie, en gekenmerk moet word deur fyn aanvoeling en onderskeiding. Frederick Marais (2005) verwys na bevindinge van 'n ondersoek wat deur die *Southern African Partnership for Missional Churches* (SAPMC) uitgevoer is en noem dat besige gemeentes dikwels probleme met onderskeiding ervaar. Twee ander faktore wat moontlik onderskeiding kan verhinder en so ons missionale identiteit en roepingsbewussyn kan inhibeer, is 'n oormaat fokus op kerkgroei aan die een kant, en aan die ander kant 'n sterk



© University of Pretoria

fokus op gemeentelike instandhouding[7] en oorlewing (Hall 2007:35). As ‘n vertrekpunt na ‘n definisie van missionale liturgie stel Wepener (2008:207) ‘n verstaan van missionale liturgie as primêr gerig tot God en gefokus op onderskeiding ten opsigte van sending en wie God is, voor. Vir hom is die beweging na ‘n missionale liturgie ‘n beweging na ‘n voortdurende pneumatologiese interaksie tussen die aanbidders en die Woord, met spesifieke bewusmaking van waar die spesifieke gemeente in hul konteks is en waar die Drie-Enige God reeds aan die werk in daardie konteks is. Missionale liturgie streef na ontmoetingsgebeure tussen God en die gemeente [gelowige] en skep ‘n ruimte waarbinne God die aanbidder kan ontmoet en God se wil vir sy/haar lewe kan kommunikeer (Wepener 2008:214).

Die daarstel van ‘n definisie van ‘n missionale liturgie is geen eenvoudige taak nie en beslis ‘n area waaroor daar nog heelwat kritiese denke nodig is. Tog kan enkele merkers genoem word as moontlike riglyne vir hoé ‘n missionale liturgie daarna kan uitsien.

#### 5.4.1 NIE MISSIONALISTIES NIE, MAAR MISSIONAAL

Wepener (2008:215) waarsku tereg dat ‘n fyn onderskeiding nodig is tussen ‘n missionalistiese liturgie, en ‘n missionale liturgie. ‘n Missionalistiese liturgie se fokus is om so aantreklik as moontlik te wees met die oog op die sogenaamde *seekers*, en die waarde van hierdie tipe liturgie word bepaal deur die *hoeveelheid* persone wat daarby aanklank vind en daardeur getrek word. Alhoewel hierdie nie opsigself sleg is nie, kan dit nie as die sentrale fokus van opregte missionale liturgie beskou word nie. Hall (2007:35-36) merk tereg op dat ‘n missionale liturgie nie altyd ‘n aantrekkende liturgie is nie, maar ook nie noodwendig dit nié is nie. Wepener (2008:215) noem dat ‘n missionale liturgie selfs mag lei tot ‘n afname in bywoning, maar dat die fokus nie soseer op lidmaatgetalle is nie, maar veel eerder op die toegewydheid van hierdie lidmate.

---

[7] Alhoewel die navorser met hierdie bevinding saamstem, staan hy ook krities teenoor só ‘n standpunt. ‘n Missionale bewussyn en identiteit staan nie los van die konteks en eie realiteit of uitdagings van die gemeente nie. Kleiner, dikwels plattelandse gemeentes, se realiteit is dikwels onvermydelik deurdat hulle om oorlewing veg en is instandhouding nie bloot ‘n keuse wat hulle uitoefen nie, maar ‘n lewensnoodsaaklike vereiste. In só geval moet die gemeente nie oor-krities as nie-missionaal gebrandmerk word nie.



© University of Pretoria

### 5.4.2 OPREGTE BYBELSE GASVRYHEID

Wepener (2008:215) stel dit tereg dat gasvryheid vandag op die voorgrond van vele gemeentes se bedieningsstrategie is. Die nadeel hiervan is dat hierdie gasvryheid dikwels meganies voorkom en as 'n strategie ingespan word om nuwe lidmate gou welkom te laat voel en só vir die gemeente te wen. Die gevolg is dat daar steeds 'n kern-groep van 'insiders' in die gemeente is, en die nuwe persoon – alhoewel vriendelik ontvang en gegroet – dikwels steeds 'n 'outsider' bly. 'n Missionale liturgie word gekenmerk deur 'n aanbiddende gemeenskap wat gasvry, maar nie in oormaat gasvry is nie – ander gestel: 'n missionale liturgie is 'n beweging na ware Bybelse gasvryheid wat nie 'n strategie is nie, maar lewe in die harte van die geloofsgemeenskap en waar 'outsiders' hartklik verwelkom en aanvaar word in liefde (Long 2001:15,17).

### 5.4.3 TEOLOGIES & ANTROPOLOGIES

In verskeie gemeentes is duidelike spanning tussen 'n teologiese en antropologiese fokus binne die liturgie sigbaar. Daar is 'n opregte voorneme om die aanbidding tydens die erediens dogmaties korrek op God te rig, maar dit ook aan te pas in 'n poging om die geestelike voorkeure en behoeftes van die individu dien. Hierdie is nie opsigself 'n slegte spanning nie. Wepener (2008:216) verduidelik dit as volg:

> We are convinced that in a missional liturgy both anthropology (what people want) and theology (what God wants) are important, but to borrow terminology from Van Ruler – in a theonomic reciprocal way. There is indeed an inherent danger of liturgical consumerism in the anthropological side, but so is there also a risk of becoming totally alien to the world of the worshiping people by not taking their realities into account.

'n Missionale liturgie maak erns met God en mens, met teologie en antropologie, met liturgie en lewe. Dit is 'n liturgie wat op God gerig is, waar die mens God in sy/haar lewenswerklikheid ontmoet, en deur God gestuur word na die markplein en publieke lewe.

### 5.4.4 'N VERSKEIDENHEID VAN 'HEILIGE' RUIMTES

Soos reeds in hierdie hoofstuk genoem is die erediens steeds in die hart van die kerk se aanbidding, maar kan dit nie beskou word as die begin en einde van die kerk se aanbiddingsbelewenis nie. Wepener (2008:216) wys tereg daarop dat 'n missionale liturgie



© University of Pretoria

erns sal moet maak met die aanbiddingservarings wat buite die formele Sondag liturgie plaasvind, soos byvoorbeeld: kleingroepe en ander nie-tradisionele aanbiddingsruimtes.

#### 5.4.5 INKULTURASIE & INTERKULTURASIE

In hoofstuk 4 (4.3.3) van hierdie navorsing is 'n saak gestel vir die noodsaaklikheid van liturgiese *inkulturasie* en *inter-kulturasie* vir die NG Kerk in Suid-Afrika en dat hierdie nie net op die agenda van die kerk moet wees nie, maar ook elke individuele liturg, leraar of kerkleier (Wepener 2007:735-736). In sommige gevalle kan liturgie aan die een kant geheel en al pessimisties oor die omringende kultuur wees, terwyl dit weer aan die ander kant oormatig positief daaroor kan wees. Die ontvanklikheid (of gebrek daaraan) teenoor die omringende kultuur gaan dikwels gepaard met die gesindheid teenoor buitestanders en vreemdelinge. Wepener (2008:216-217) wys op die belangrikheid van kritiese denke oor *inkulturasie* en *interkulturasie* as elemente vir 'n missionale liturgie as hy sê:

> A truly missional liturgy will always be looking for the best ways of expressing the message of the Gospel in the culture of the worshiping people and thereby utilizing cultural phenomena in the liturgical encounters with God, without selling out to all aspects of the surrounding culture and subjecting this encounter to negative aspects of the culture such as consumerism. This inculturation should also be interculturation where different cultures (plural) of which the liturgy is an integral part meet and enrich each other and thereby creating the opportunity for a liturgy that not only incorporates some aspects of a culture…Being open to strangers, to outsiders, to the public square, to our surrounding cultures, requires real listening, real Biblical hospitality, which will include both potential to be blessed by angels and to be raped by scoundrels.

'n Missionale liturgie sal erns maak met die omringende konteks en kultuur, en na maniere soek om die evangelie van Jesus Christus te verkondig in woord en daad, beide in die erediens ontmoetingsgebeure en in die sosiale sfeer – in die alledaagse lewenswerklikhede van gebroke, honger, siek en wanhopige mense.

#### 5.4.6 BIDDENDE GEMEENSKAP

Smit (2004:351) noem dat een van die kerntake van die kerk se missionale roeping is om te kan bid – om 'n biddende geloofsgemeenskap te wees wat bid dat God se koninkryk sal kom. In die hart van dié aanbidding klop die nood van die wêreld en die uitdagings, seer en hulpkrete van die samelewing en alle mense. Smit (2004:352) gaan dan verder en noem dat



© University of Pretoria

die hart van Christelike aanbidding, wat in diepte bewus is van die nood in die wêreld, klop in die lofsange, danksegging, skuldbelydenis, toewyding en voorbidding tydens die erediensliturgie (Smit 2004:352). Ook in die nagmaal word die 'gedooptes', wat reeds die gawes van die ryk ervaar, opgeroep om die brood en wyn in 'n stukkende wêreld te gaan wees en die boodskap van God se liefde vir alle mense, in alle omstandighede te verkondig (Smit 2004:353).

### 5.4.7 LEWENDE GEMEENSKAP

Smit (2004:354) verduidelik dat 'n onlosmaaklike deel van die kerk [en elke gelowige] se aanbidding die uitvloei vanaf die erediensbelewenis na 'n lewe in gehoorsaamheid en diensbaarheid in die gemeenskap is. Die kerk as geloofsgemeenskap aanbid God nie net in die erediens nie, maar staan op, gaan uit en lewe as nuwe mense. Hulle lewe as gemeente oral, altyd en op elke plek. Hierdie lewende manifestering van God se liefdeswerk is vir hom die kerk se ware erediens – hier vind ons 'n aanknopingspunt na die belangrike impak van die liturgie van die lewe (sien hoofstuk twee van hierdie navorsing). 'n Missionale liturgie is 'n lewende liturgie wat afspeel in die dag tot dag bestaanswerklikhede van die mens.

### 5.4.8 ERVARINGSGEGROND

In 'n artikel oor die aanbidding en prediking in missionale gemeentes, skryf Smit (2010:3) dat 'n missionale liturgie in wese ervaringsgegrond is. Hy verduidelik dat die evangelie nie 'n stel waarhede is wat bewys moet word voordat dit geglo word nie, maar eerder die ruimte waarbinne God se teenwoordigheid en uitnodiging tot dissipelskap ervaar word deur gevoel, musiek, en nog meer. Anders gestel: in plaas van die logiese beredenering van die evangelie boodskap, moet die kerk (as missionale gemeenskap) eerder betekenisvolle en lewensimpakterende geloofservarings aan kerkgangers bied (Sweet 1999:215). Wepener (2009a:13) wys verder op die verband tussen die verkondiging van die evangelie en viering in die erediens as hy sê dat 'liturgy…strives to develop the celebration/doksa of the congregation which finds expression in worship and celebration so that the gospel can be effectively communicated'.



© University of Pretoria

Hierdie duidelike kommunikasie van die evangelieboodskap is van kardinale belang vir elke gelowige se verstaan van God, van sy/haar eie identiteit, sy/haar verstaan van die rol van die geloofsgemeenskap en sy/haar roeping en rol ten opsigte van God se koninkryksplan vir die wêreld. ‘n Missionale identiteit en lewenswyse kan slegs moontlik wees indien die Goddelike oorsprong en praktiese implikasie daarvan gekommunikeer en meegeleef word.

#### 5.4.9 DEELNEMEND & INTERAKTIEF

Sweet (1999:216) verduidelik dat kommunikasie nie alleenlik daarop gerig is om ‘n boodskap oor te dra nie, maar om ‘n gemeenskaplike ervaring/belewenis en deelname te fasiliteer. Vir hom is [missionale][8] kommunikasie en deelname sinoniem en onlosmaaklik deel van die missionale eredienservaring. Pieterse (2008:148) bepleit ook ‘n groter klem op deelname binne die erediens en sê ‘lidmate wil betrokke wees en deelneem aan die erediens’. ‘n Missionale liturgie sal aan lidmate ruimte laat om deel te neem aan die erediens gebeure, met die uitwerking dat hulle ook sal deelneem aan die erediens van die lewe, in die lewenswerklikhede van die samelewing.

Gekoppel aan die element van deelname, bied ‘n missionale liturgie ook ruimte vir die interaksie tussen twee wêrelde: die wêreld (kultuur) van die gemeente, en die wêreld van die wyer samelewing (Sweet 1999:220). Só verstaan laat ‘n missionale liturgie ruimte vir die individu om nuut te dink oor die huidige werklikheid, asook oor sy/haar rol binne hierdie werklikheid. ‘n Missionale liturgie sal die gemeente [en elke gelowige] se wêreld in gesprek bring met dié van die wyer samelewing, tot só mate dat die lidmaat die nood in die wêreld ‘ontmoet’ en sy/haar rol as gestuurde daarheen ontdek, verstaan en leef. ‘n Missionale liturgie fasiliteer hierdie *ontmoeting* deur die gemeente [en gelowige] se aangesig na die wêreld te draai, omdat GOD sy aangesig daarheen gedraai het (Cilliers 2008b:15).

#### 5.4.10 DIE GEBRUIK VAN NARRATIEF

Narratief kan op praktiese wyse gebruik word om lidmate deur middel van storievertelling uit te daag om nuut te dink oor die vraag: *wie is die kerk*? Die Bybel, die geloofsbelydenisse en

[8] Die navorser se eie toevoeging.



© University of Pretoria

die liedere van die kerk is alles moontlike narratiewe bronne wat tot die vorming van ‘n missionale liturgie kan bydra (Van der Merwe 2014:10). So byvoorbeeld kan die leraar die gemeente toerus om die Bybel deur die lens van deelname aan die *missio Dei* te lees. Narratiewe prediking kan ook as hulpmiddel gebruik word om ‘n verbintenis tussen die Bybelse verhaal en die verhaal van die lidmaat en die wyer samelewing te vorm. Die uitdaging van narratief is om die gemeente daarop te wys dat God nie net in die verlede iets gedoen het nie, maar steeds vandag werksaam is in en deur die gemeenskap van gelowiges (Van der Merwe 2014:11).

### 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is spesiale aandag gegee aan die derde ontmoeting wat deur hierdie navorsing identifiseer is, naamlik: die ontmoeting tussen die mens en die nood in die wêreld – dus die missionale dimensie van hierdie navorsingsfokus. ‘n Kort oorsig oor die teologiese begronding vir die verstaan van die *mission Dei* is bespreek, waarna die praktiese implikasies vir ‘n missionale verstaan van die kerk [en elke gelowige] binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks en samelewing bespreek is. Met die navorsing se besondere fokus op die rol van hierdie ontmoetings op die vorming van ‘n Christelike identiteit en lewenswyse in gedagte, is ‘n saak gestel vir ‘n *missionale ekklesiologie* as gepaste *identiteit* en bestaansdoel vir die kerk binne Suid-Afrika. Die eerste tree op die weg na ‘n missionale liturgie is geneem deur enkele elemente wat moontlik deel kan vorm van só ‘n liturgie oorsigtelik te verken.

Dat die liturgie as *ontmoetingsgebeure* wel ‘n belangrike rol te speel het in die vorming van ‘n missionale identiteit en lewenswyse, is duidelik deurdat daar tydens die *15de Vergadering van die Algemene Sinode van die NG kerk* spesiale aandag aan die aard en doel van ‘n missionale liturgie gegee is. Daar is voorgestel dat ‘n missionale liturgie oor die volgende eienskappe moet beskik (NGK 2013a:211):

- ‘n Liturgie gefokus op God en wat die oortuiging ondersteun dat die kerk geroep word om deel te neem aan God se beweging na die wêreld.
- ‘n Liturgie wat ‘n proses van onderskeiding ondersteun en wat ‘n ruimte skep waar gelowiges God in aanbidding kan ontmoet – wat lei tot die waardering van kontekstueel relevante aanbidding en liturgie.



© University of Pretoria

- ‘n Liturgie van die lewe waar aanbidding oorvloei tot die dag tot dag bestaanswerklikhede. So bereik die liturgie sy volle doel.

Ons verkenning van die missionale ontmoeting in hierdie hoofstuk word op ‘n gepaste wyse afgesluit deur die woorde van Smit (2004:358):

> Die kerk bestaan bestaan uit mense, wat as sout van die aarde en lig vir die wêreld leef, in die konkrete alledaagsheid, mense wat ons naaste liefhet soos onsself. Dááraan sal die wêreld weet dat ons sy dissipels is. Uiteindelik is dit konkrete mense, gelowiges, dissipels wat Jesus dien deurdat ons ons naaste dien op die derduisende praktiese maniere van elke dag, deurdat ons nood raaksien – psigies, geestelik, emosioneel, fisies, materieel – en genoeg omgee, sodat ons iets van onsself gee.

In die hoofstuk wat volg word die praktiese ervaring (ten opsigte van die voorgestelde drie fokus ontmoetings) van vyf lidmate ondersoek, met die doel om te bepaal of hierdie ontmoetings wel tydens die erediens (of erediens van die lewe) plaasvind en indien wel – watter impak dit op hulle identiteit en lewe het (al dan nie).



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

## EMPIRIESE ONDERSOEK:

## IN GESPREK MET LIDMATE OOR HUL EREDIENS ERVARINGS

### 6.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is spesiale aandag gegee aan die ontmoeting tussen die mens en die nood in die wêreld – dus die missionale dimensie van hierdie navorsingsfokus. ‘n Kort oorsig oor die teologiese begronding vir die verstaan van die *missio Dei* is bespreek, waarna die praktiese implikasies vir ‘n missionale verstaan van die kerk [en elke gelowige] binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks en -samelewing bespreek is. Met die navorsing se besondere fokus op die rol van hierdie ontmoetings op die vorming van ‘n Christelike identiteit en lewenswyse in gedagte, is ‘n saak gestel vir ‘n missionale ekklesiologie as gepaste identiteit en bestaansdoel vir die kerk binne Suid-Afrika.

In hoofstuk een[9] van hierdie navorsing is daarop gewys dat daar hoofsaaklik van literatuurstudie gebruik gemaak gaan word, maar dat dié bevindinge aangevul sal word deur empiriese navorsing, met die doel om die teoretiese en empiriese bevindinge met mekaar te verbind. Metodologie geskied nooit binne ŉ vakuum nie. Dit is nodig om die verskillende makro- en mikrokontekste van die individu en hoe hierdie kontekste met mekaar omgaan, te verreken (Struwig & Stead 2001:12). Om hierdie rede is besluit op ŉ kwalitatiewe metodologie vir hierdie studie. Kwalitatiewe navorsing verken antwoorde op vrae deur persone binne ŉ gegewe sosiale omgewing te bestudeer. Kwalitatiewe navorsing stel ook belang in die verstaan van die onderwerp wat verken word vanuit die perspektief van die persone wat by die navorsing betrek word. Jy verken dus die onderwerp deur die “bril” van die individu (Berg 2004:7).

In die hoofstuk wat volg word die eredienservarings (ten opsigte van die voorgestelde drie fokus ontmoetings) van vyf lidmate, van ‘n gemeente in die noorde van Pretoria, na afloop van die gemeente se primêre erediens, ondersoek, met die doel om te bepaal of die

[9] Sien punt 1.3



© University of Pretoria

ontmoetings waarop die navorsing fokus wel tydens die gemeente se eredienste (of erediens van die lewe) plaasvind en indien wel – watter impak dit op hulle identiteit en lewe het (al dan nie).

Vanweë die beperkte bestek van hierdie navorsing as meestersverhandeling word gebruik gemaak van ‘n beperkte navorsingsteekproef. Die bevindinge van dié empiriese ondersoek kan dien as ‘n vertrekpunt vir verdere empiriese ondersoeke en is nie replisaarbaar ten opsigte van die NG Kerk in Suid-Afrika as geheel nie. Nogtans is die bevindinge van dié ondersoek betroubaar ten opsigte van die konteks waarbinne dit afspeel en gee dit ‘n aanknopingspunt vir verdere gesprekvoering ten opsigte van hierdie navorsing se besondere fokus op ontmoetings in die erediens. Die navorsing het ten doel om ‘n praxis teorie te ontwikkel wat deel sal word van die prakties-teologiese spiraal van die voortdurende beweging tussen teorie en praxis met betrekking tot die liturgie. Só verstaan wil die navorsing ‘n praxis teorie ontwikkel wat altyd oop is vir verbetering en voortdurend in ‘n proses van wording is. Om hierdie rede is dit nodig om vanuit die teoretiese en teologiese grondslag wat in die voorafgaande hoofstukke vasgepen is, ook te luister na die stemme van lidmate en hul ervaring ten opsigte van dié onderwerp te verken en te verreken.

In die hoofstuk wat volg gaan die navorser poog om die erediens- en liturgiese ervarings van gewone lidmate, met die voorafgaande literatuurstudie in gesprek te bring.

## 6.2 Metode van empiriese ondersoek

Die navorser het self ‘n erediens op die oggend van 24 Julie 2016 bygewoon en enkele observasies rakende die liturgiese ruimte en liturgie verloop gemaak. Na afloop van dié erediens is onderhoude met lidmate gevoer ten einde hul eredienservaring te ondersoek.

Ingeligte toestemming vir deelname aan hierdie navorsing is verkry vanaf die Bestuursraad van die betrokke gemeente, asook elke individuele mede-navorser[10]. Nadat toestemming vir die deelname aan hierdie navorsing bekom is, is ŉ gesprek met die leraars van die betrokke

[10] Sien Addendum A tot F



© University of Pretoria

gemeente gevoer ten einde ŉ beter verstaan van die geskiedenis, identiteit, uitdagings en toekomsplanne van die gemeente te bekom.

ŉ Verteenwoordigende steekproef, bestaande uit vyf persone (van verskillende profiele) wat elk lidmaat van die betrokke gemeente is, is saamgestel. Die samestelling van die steekproef is as volg:

- Geslag – twee vroulik & drie manlik
- Ras – vier blank & een persoon van kleur
- Ouderdom – 15, 26, 36, 47 en 67 jarige ouderdom.

Die onderhoude het na afloop van die gemeente se primêre erediens (die gesinsdiens om 9:00) geskied. Die navorser het hierdie diens bygewoon en enkele observasies van die diens word ook in die ondersoek vervat. Dit is belangrik om daarop te let dat die fokus van die onderhoude nie slegs die ervaring tydens die betrokke diens was nie, maar die ervarings tydens enige erediens, in enige gemeente of liturgiese ruimte, wat vir hom/haar uitstaan. Die transkripte van hierdie onderhoude is by hierdie navorsing ingesluit[11].

Aangesien die persoonlike ervarings van individue in hierdie ondersoek verken is, het die ondersoek streng etiese riglyne in die kwalitatiewe werk gevolg. Deelname aan die navorsing het op vrywillige basis geskied en ingeligte toestemming vir deelname aan die navorsing deur onderskeidelik die Bestuursraad van die betrokke gemeente, asook elke individuele deelnemer, is verkry. Die konfidensialiteit van elke deelnemende party, asook die betrokke gemeente word deurgaans verseker. ŉ Afkrif van die resultate sal ook beskikbaar gestel word sou die gemeente of individu dit versoek.

In die afdeling wat volg word eerstens ‘n deskriptiewe-empiriese beskrywing van die liturgiese ruimte en liturgiese verloop gebied, waarna ondersoek ingestel gaan word na die wyse waarop die lidmate dié erediens (en ander eredienste) beleef. Die fokus is dus op die

[11] Sien Addendum G tot K



© University of Pretoria

toe-eiening van die erediensgebeure en meer spesifiek oor die vraag na hoé die erediensgangers die erediens gebeure vir hulleself toe-eien (Post 2001:47-77).

### 6.3 BIOGRAFIESE INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE DEELNEMENDE GEMEENTE

Die deelnemende gemeente is ‘n stadsgemeente in die noorde van Pretoria. Die gemeente bestaan uit 2 124 lidmate, waarvan 1769 belydende- en 350 dooplidmate is. Ongeveer 56% van die gemeentelidmate is tussen die ouderdom van 40 en 79, terwyl ‘n verdere 6% ouer as 80 jaar is. ‘n Keuse vir dié gemeente is gemaak vanweë die aard van die gemeente se bediening, spesifiek ten opsigte van die erediens. Die gemeente streef na ‘n balans tussen ‘n meer kontemporêre en tradisionele eredienservaring en bied daarom ‘n meer gebalanseerde navorsingsperspektief as ‘n gemeente wat slegs ‘n tradisionele of kontemporêre erediens identiteit het. ‘n Verdere motivering vir die keuse van hierdie gemeente word gevind in die visie van die gemeente, naamlik: ‘Aanbid…gee om…bring hoop’. Hierdie visie wys daarop dat die drie ontmoetings waarop hierdie navorsing fokus reeds in die hart van die gemeente *behoort* te leef en in die erediens asook gemeentebediening gestalte *behoort* te vind.

Die gemeente is op 22 September 1978 gestig en die eerste twee leraars is op 1 Oktober 1978 beroep en op 21 Oktober 1987 bevestig. Aanvanklik is die eredienste en kategese by die nabygeleë hoërskool gehou. Teen 1985 is die gemeente bedien deur vyf voltydse leraars en is die gemeente in vyf predikantswyke verdeel. Die gemeentebediening het in dié tyd op die *herder-kudde model* gefunksioneer. So het dié gemeente die eerste makrogemeente in die noorde van Pretoria geword. Die erediens in hierdie tyd was tradisioneel van aard en die liturgie was kenmerkend van die gespreksmodel vir die erediens.

Die landskap van die gemeente het met die verloop van tyd verander en teen ongeveer 1996 is die gemeente deur drie voltydse leraars bedien en het die bedieningsmodel verskuif van die *herder-kudde model* na die *liggaam-van-Christus model*. Daar was ook in dié tyd herbesin oor die aard en identiteit van die eredienste en is besluit om drie eredienste in die gemeente aan te bied: twee oggenddienste (van dieselfde aard) en ‘n aanddiens (wat ‘n meer informele karakter sou hê). Hierdie indeling was van korte duur en kort voor lank het ‘n verdere onderskeid gevolg tot die erediens-indeling soos dit vandag daarna uitsien, naamlik: een



© University of Pretoria

oggenddiens en een aanddiens. Die oggenddiens vind om 9:00 plaas met ‘n liturgie wat ruimte laat vir beide tradisionele en kontemporêre elemente. Die aanddiens om 18:00 is ‘n jeugdiens met ‘n meer informele aanslag. Vandag word die gemeente deur 3 voltydse leraars bedien, en is die gemeente steeds in predikantswyke opgedeel.

Huidige uitdagings wat die gemeente in die gesig staar, is die ontstaan van verskeie Pinksterkerke in die omgewing wat ŉ sterk aantrekkingkrag vir die jonger generasie in dié omgewing het. Dié omgewing self het ontwikkel tot ŉ besigheidsentrum met die gevolg dat daar al minder woonbuurte in die omgewing bestaan. ŉ Groot hoeveelheid lidmate van die gemeente het staatsdiensposte beklee voor 1994, en daarom is taal en kultuur sensitiewe onderwerpe in dié deel van Pretoria. Een van die leraars tree ook teen die einde van die jaar 2016 af, en só bevind die gemeente haar in ŉ tipe oorgangstyd waar besluite oor die toekoms van die gemeente ten opsigte van die gemeentebediening en leraarskorps geneem moet word.

### 6.4 Enkele observasies met betrekking tot die erediens en liturgie

Met die navorsing se spesifieke fokus op die liturgie en erediensgebeure, is die ondersoek nie gerig op die algehele bedieningstruktuur van die gemeente nie, maar eerder op die erediensgebeure en -identiteit. Die navorser het die oggenddiens van 24 Julie 2016 bygewoon en die volgende observasies gemaak rondom die erediensgebeure wat veral vir dié navorsing se fokus op ontmoetings van belang is. Daar word, getrou aan die metodologie van Grimes (2014), gelet op die liturgiese rituele asook die liturgiese veld (ruimte) waarin die liturgie afspeel.

#### 6.4.1 Liturgiese ruimte

Die gemeente beskik oor ‘n ruim liturgiese ruimte. Daar is beide ŉ preekstoel, asook ŉ verhoog en die leraars gebruik beide afhangend van die spesifieke leraar se voorkeur. Wat opmerklik is, is dat die preekstoel en verhoog ver verwyder is van die eerste ry banke. Die gevolg is dat daar ‘n groot afstand tussen die liturg en die res van die gemeente is. Tydens die gesprek met die leraars het dit duidelik geword dat hierdie dikwels ‘n hindernis is vir ‘n meer persoonlike en interaktiewe eredienservaring. Hierdie afstand kan moontlik ‘n hindernis in die liturgie as ontmoetingsruimte wees, en kan moontlik ook die liturg van die res van die



© University of Pretoria

gemeente as mede-liturge verwyder. Hierdie afstand kan op ‘n onbewustelike wyse op die erediensgangers inwerk en die idee skep dat die liturg die diens lei, en die res van die gemeente as blote toeskouers aan die erediens deelneem.

Die ruimte laat baie liturgiese potensiaal in die uitbeelding van die gemeente se identiteit en roeping, en daar kan beslis op meer kreatiewe wyse gedink word oor die "inkleur" van die liturgiese ruimte. Die voorste ruimte is grootliks onaangeraak, met die preekstoel in die middel (kenmerkend van die gereformeerde fokus op die sentraliteit van God se Woord), ‘n verhoog met die aanddiens se musiekinstrumente aan die linkerkant en die dataskerm aan die regterkant van die ruimte. Teen die regterkant se muur is uitbeeldings van jeugmateriaal wat tydens die kategese-siklus gebruik word. Behalwe vir hierdie is daar geen opmerklike simboliek of visuele inkleding van die liturgiese ruimte nie. Die navorser is van mening dat, deur middel van nuut te besin oor die inkleding van die liturgiese ruimte (deur middel van simboliek, visuele uitbeeldings, ensomeer), die liturgiese ruimte só vanaf ‘n fisiese en eksistensiële ruimte getransformeer kan word na ‘n verbeeldings- en antisiperende ruimte[12].

Die lofprysing en aanbidding word gelei deur die orrelis, wat voor in die middelste blok van die liturgiese ruimte geplaas is, met sy rug na die res van die gemeente toe. Die musiekbegeleiding in die gemeente funksioneer grootliks by wyse van die orrel met die orrelis wat ‘n bekende persoonlikheid in die gemeente is. Die leraars is ook van mening dat die orrelis met sy orrelspel en musikale begeleiding ‘n kenmerkende en unieke eienskap van dié gemeente vorm. Die moontlikheid bestaan wel dat hierdie wyse van lofprysing en aanbidding as ietwat onpersoonlik kan voorkom, aangesien die gemeente nie die musiekleier se persoon kan sien, en so sy eie belewenis en meelewing kan aanskou nie. Nietemin, blyk hierdie benutting van die ruimte nie te pla nie, en sing die gemeente myns insiens lekker saam.

Die uitgange van die liturgiese ruimte loop direk uit op die kombuisarea waar gemeentelede na afloop van die diens saamkuier oor ‘n koppie koffie of tee. Hierdie is ‘n potensiële positiewe benutting van die ruimte aangesien dit ontmoetings met mekaar, direk na afloop

[12] Sien hoofstuk 2, punt 2.6.



© University of Pretoria

van die erediensgebeure fasiliteer en aanmoedig. Hierdie kombuisruimte word ‘n heilige ontmoetingsruimte as natuurlike uitvloeisel en voortsetting van die erediens as ontmoetingsgebeure, want hier in die saamwees word God ontmoet in die stories van ander, en word lidmate en besoekers genooi na ontmoetings met mekaar. Hierdie kombuisarea word as’t ware ‘n gedesentraliseerde heilige ruimte[13]. Dit is egter belangrik om ook te let op die moontlike skadukant van hierdie ontmoetingsruimte deur te wys op die gevaar wat groepsvorming inhou vir die ontmoetings tussen mense, veral teenoor besoekers of vreemdelinge in die gemeente. Soos een van die mede-navorsers dit stel dat “’n mens het maar jou gewone ou groepetjie wat jy nou al amper maar sê wat sleg is” (Addendum G:192)

#### 6.4.2 LITURGIESE VERLOOP

Die liturgiese verloop het myns insiens volgens die gespreksmodel vir die erediens daarna uitgesien, alhoewel daar doelbewuste pogings aangewend was deur die liturg om ontmoetings te fasiliteer. Die liturgiese verloop kan as volg saamgevat word:

- Met die toetrede tot die liturgiese ruimte is die navorser vriendelik ontvang by die ingang en ‘n afkondigings-pamflet in die hand gegee.
- Vooraf is ‘n reeks afkondigings op repeterende wyse op die dataskerm vertoon. Die winterfees met sy stalletjies is sterk bemark, asook die ‘garage-verkope’ as fondsinsamelingsprojek. In die lees van die afkondigings-pamflet was dit opmerklik dat baie aandag aan die verskeie uitreik-aksies van die gemeente gegee word, asook inligting rondom siekes en noodlydendes in die gemeente. Daar is selfs ‘n ‘kuier-komitee’ wat in die komende weke sou vergader. Hieruit kan afgelei word dat die “gee om” (ontmoetings met mekaar[14]) en “bring hoop” (ontmoetings met die samelewing[15]) komponente van die gemeente hier baie sterk na vore kom.
- Daar is begin met die voorsang onder die begeleiding van die orrelis. Vanweë die meer tradisionele musikale aanslag is die deelname grootliks beperk tot saamsing met stemme en nie baie liggaamlike meelewing en deelname nie. Liedere uit die kerk se liederebundels is gebruik.
- Na afloop van die voorsang het een van die leraars (nie die prediker nie) na vore gekom en die mondelinge afkondigings behartig. Behalwe vir enkele belangrike

[13] Sien hoofstuk 2, punt 2.6.
[14] Sien hoofstuk 4
[15] Sien hoofstuk 5



© University of Pretoria

datums is baie aandag gegee aan die siekes, noodlydendes en afgestorwenes en is die gemeente aangemoedig om uit te reik na hul mede-gemeentelede in nood. Die leraar het die afkondigings afgesluit deur die prediker aan die woord te stel. Daar was 'n ligte woordspel tussen die twee leraars wat 'n hartlike atmosfeer help voorsien het en getuig van die goeie verhouding tussen die leraars.

- Die prediker het voortgegaan deur te wys op die verskillende persone, elkeen met sy/haar eie storie, wat teenwoordig is en tydens die diens deel word van God se storie. Hierna is geleentheid gegee om stil te word in die teenwoordigheid van God, waarna die seëngroet uitgespreek is. Hiermee het die liturg gepoog om 'n ruimte te skep vir 'n besondere ontmoeting met die Here en het dié moment myns insiens (volgens die navorser) daarin geslaag. Die liturg kon moontlik met sy woordkeuse 'n sterker fokus geplaas het op die teenwoordigheid van God, en God se opregte belangstelling in die stories van elke lidmaat. Hierdie sterker klem sou moontlik 'n positiewe bydrae tot hierdie ontmoetingsmoment kon lewer – soos later in die terugvoer uit die onderhoude na vore sal kom.
- Na die seëngroet uitgespreek is, het die gemeente geantwoord deur twee lofliedere saam te sing.
- Hierna is die doop bedien deur die derde leraar. Voor die doop bedien is, het die leraar die gemeente vertel van die pad wat hy en die betrokke gesin en familie al deur die jare saamgeloop het. Die dooppaar se troubelofte is herdenk en verbind aan die doopbelofte wat nou afgelê word. Hiermee is 'n ruimte geskep vir die gemeentelede om die dooppaar en hul familie te 'ontmoet' en het die doop die karakter van 'n familie-aangeleentheid gekry – met die gemeente wat as uitgebreide familie deel in die doopgebeure, en het daarop geantwoord deur 'n lied as gebed vir die dooppaar en dopeling te sing. Hierdie moment kon moontlik nog 'n dieper dimensie bekom het as die dooppaar self 'n spreekbeurt kon kry, of dalk 'n gebed vir hul dogtertjie kon doen. Die 'ontmoeting' met die doopgesin is ook tot so mate beklemtoon dat die 'ontmoeting' met God, wat intiem teenwoordig en betrokke is tydens die doop, ietwat nagelaat is. Daar was beslis potensiaal om die aanvang van die diens se klem op lewensstories deur te trek na die doopgebeure as 'n viering van God wat in liefde toetree tot ons stories en steeds teenwoordig is.
- Na afloop van die doopseremonie het die skriflesing plaasgevind. Die prediker het voorgelees uit Filippense 4. Vanuit die skriflesing het die woordverkondiging gefokus



© University of Pretoria

op die tema van *Coram Deo* en wat dit beteken om in God se aangesig en teenwoordigheid te wandel. Die prediker se preekstyl was gemaklik en interaktief (daar is byvoorbeeld na ‘n beeld op die skerm gekyk en die gemeente is gevra om opinies te lewer oor wat die beeld vir hulle sê). Die prediker het daarin geslaag om die verhaal van dié gemeente in verband te bring met die teks en skopus van die boodskap. Hierdie was uiters relevant gegewe die feit dat die gemeente ‘n oorgangstyd in hul bestaan betree met een van die senior leraars wat binnekort aftree. Met sy aftrede betree die gemeente ‘n fase waarin daar belangrike besluite ten opsigte van die gemeente se identiteit en bediening gemaak moet word. Dus was die boodskap van ‘n gemeente wat *Coram Deo* lewe, ook met die oog op die toekoms, uiters relevant en gepas. Die prediker het wel ook per geleentheid die boodskap op die individuele lidmaat van toepassing probeer maak, maar kon moontlik hierdie aspek sterker beklemtoon. Uit die onderhoude met die lidmate het dit geblyk dat dié persoonlike ontmoetingskomponent ontbreek het.

- Ná die woordverkondiging is ‘n gebed gedoen, waarna geleentheid gegee is vir die gee van dankoffers.
- Hierna is die diens afgesluit met ‘n slotlied, waarna die seën uitgespreek is en die gemeente geantwoord het deur ‘n musikale ‘amen’ te sing.

Die erediens het ‘n hartlike en gemaklike atmosfeer gehad, alhoewel dit hoofsaaklik ‘n tradisionele en gestruktureerde liturgiese verloop getoon het. Die leraars slaag dus daarin om die informele en tradisionele met mekaar in verband te bring, soos hulle doelwit vir die oggenddiens dan ook is. Die wisselwerking tussen die leraars as liturge het bygedra tot ‘n familie-gevoel in die erediens. Die navorser is van mening dat die erediens ‘n goeie grondslag in die gemeente het, en dat daar op enkele meer kreatiewe maniere te werk kan gaan om die erediens ‘n steeds intiemer ontmoetingsruimte te maak. Herbesinning oor die benutting van die liturgiese ruimte kan moontlik ‘n eerste tree in dié verband wees. Die stem van die leraars en die orrelis is baie prominent tydens die erediens (wat nie noodwendig steur nie), maar die stem van gewone gemeentelede as mede-liturge sal ‘n aangename toevoeging tot die erediens wees (hetsy as voorsangers, getuienisgeleentheid, persoonlike afkondigings/uitnodiging na aksies, voorbidding, ensomeer).



© University of Pretoria

Die navorser se observasies, soos hierbo uiteengesit, kan egter nie as omvattende observasies beskou word nie, aangesien hierdie observasies op slegs ‘n enkele erediens gegrond is. Daarom is dit nodig om die eredienservarings van gemeentelede met dié observasies hierbo in gesprek te bring, ten einde ŉ meer gebalanseerde en verteenwoordigende beeld te bekom. Deelnemende observasies, as deel van die empiriese ondersoek, ontsluit nie net inligting wat nie deur blote literatuurstudie bekom sou word nie, maar lei verder tot ‘n dieper en meer omvattende navorsingsondersoek (Denny 2013:123).

### 6.5 Die erediens as ontmoetingsruimte: In gesprek met gewone lidmate

Soos reeds genoem, is onderhoude met ŉ redelik verteenwoordigende groep van vyf lidmate, van verskillende profiele, na afloop van die oggenddiens op 24 Julie 2016 gevoer. Die lidmate se eredienservarings is bespreek met dié navorsing se fokus op die erediens as ontmoetingsruimte as raamwerk vir die gesprek. Die lidmate is gepols oor hulle erediens-ervarings ten opsigte van die voorgestelde drie ontmoetings wat in dié navorsing bespreek is, nie net ten opsigte van dié een erediens nie, maar wel oor enige erediens wat vir hulle uitstaan.

#### 6.5.1 Fokuspunte in die gesprek

Die raamwerk vir dié gesprekke is voorsien deur dié navorsing se fokus op die erediens as ontmoetingsruimte, asook die impak van hierdie ontmoetings op die persoon se Christelike identiteit en lewenswyse. Die drie ontmoetings van belang is gebruik as wegspringpplek en die gespreksvrae is saamgestel met hierdie drie ontmoetings in gedagte. Drie primêre vrae is aan die lidmate gestel, en op grond van hul terugvoer is ‘n reeks opvolgvrae gevra ten einde verdere inligting te bekom oor die wyse waarop dié mede-navorsers die erediensgebeure toe-eien (Stringer 2005; Wepener 2009:22) soos verlang. Die drie primêre gespreksvrae wat aan die lidmate gestel is, was:

1. Kan jy my vertel van ‘n persoonlike ontmoeting wat jy met die Here gehad het tydens vanoggend se erediens of enige ander erediens?
2. Elke Sondag sit daar ander mense rondom ons in die diens. Hierdie mense het hul eie stories en omstandighede. Kan jy my vertel van ‘n geleentheid tydens ‘n erediens of



© University of Pretoria

na die diens waar jy geleentheid gekry het om iemand anders te ontmoet en beter te leer ken?

3. As Christene glo ons dat God ons stuur om uit te reik na ander in nood, en om die evangelie van Jesus uit te dra na die wêreld. Kan jy my vertel van 'n geleentheid in vanoggend se diens of enige ander diens waar jy iets geleer het van die nood in die wêreld, en hoe jy daar 'n verskil kan maak?

In die afdeling wat volg word enkele samevattende opmerkings, op grond van die terugvoer vanuit hierdie onderhoude, wat vir dié navorsingsfokus van belang is en moontlik kan bydra tot die beantwoording van die navorsingsvraagstuk, gemaak.

### 6.5.2 LITURGIE AS ONTMOETINGSRUIMTE

Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers wil dit voorkom dat beide die erediensruimte (gesentraliseerde ruimte), en die ruimtes van die alledaagse lewe (gedesentraliseerde ruimtes) bydra tot die ervaring van 'n intieme ontmoeting tussen God en mens. Dit wil verder voorkom dat 'n persoonlike ontmoeting met God dikwels met die erediensgebeure te make het, maar eers ná afloop van die erediens plaas gevind het. Hierdie ontmoeting tussen God en mens het dikwels plaasgevind wanneer die lidmaat by die huis stil word en oor die erediensgebeure nadink, of na afloop van die diens met 'n mede-lidmaat oor die diens gesels, ensomeer. Dit blyk dat die erediens beslis oorspoel in die erediens van die lewe, waar die erediens in die 'heilige ruimtes' van die dag tot dag bestaan van die lidmate gestalte vind. Dit wil voorkom asof die erediens beslis meer as net die Sondag-erediens behels, maar die alledaagse lewenswerklikhede van die mens betree. So byvoorbeeld noem 'n vroulike lidmaat dat sy en haar eggenoot na afloop van die diens stil geword het, en in die stilte onder die besef van God se teenwoordigheid en sorg gekom het (Addendum G:195-196). Nog 'n jong lidmaat vertel dat sy dikwels 'n ontmoeting met God het wanneer sy by die huis weer oor die erediens nadink (Addendum H:202), terwyl 'n jong manlike lidmaat weer getuig van besondere ontmoetingsgebeure wanneer hy die erediensgebeure met sy kollegas en vriende bespreek (Addendum I:208). Hierdie dien as bewyse vir die belangrikheid van alledaagse



© University of Pretoria

ruimtes en dat heilige ruimtes nie net tot die Sondag-erediens beperk is nie, maar ook in die alledaagse ruimtes gestalte vind[16].

Ten opsigte van die prediking het dit vanuit die gesprekke na vore gekom dat *praktiese prediking* wat van toepassing op die alledaagse bestaanswerklikhede van die lidmate is, ‘n sterker impak op die persoon se identiteit, lewensuitkyk en Godsbegrip gehad het. Prediking met ‘n baie sterk teologiese klem (en minder praktiese van aard), het byna geen lewensvatbare impak op die lidmate gehad nie.

Ten opsigte van die gebruik van die *sakramente* wil dit vanuit die gesprekke voorkom asof die sakramente, veral ten opsigte van die praktiese betekenis en waarde daarvan, grootliks onderbenut word. Geen-een van die mede-navorsers het ten opsigte van hul erediens belewenisse verwys na die sakramente, of die bediening daarvan nie.

Ten opsigte van die liturgie as ontmoetingsruimte speel *musiek* ‘n baie belangrike rol as liturgiese moment en -handeling. Uit byna elkeen van die gesprekke het dit na vore gekom dat musiek (lofprysing en aanbidding) ‘n belangrike deel uitmaak van die erediens as ontmoetingsgebeure. Enkele van die mede-navorsers het ‘n sterk voorkeur vir ŉ meer kontemporêre musiek en aanbiddingstyl getoon, terwyl ander weer orrelspel en liedere uit die liederebundels van die kerk verkies. ‘n Vrouelidmaat noem dat “wat vir my altyd lekker was is daardie lang sing voor die tyd...maar nou praat ek, ek praat nou Doxa toe. Weet jy as ons daardie halfuur of wat, 45 minute gesing het dan voel jy so naby aan God...” (Addendum G:200). ‘n Ander lidmaat verwys weer na die verskillende aanbiddingstyle ten opsigte van die oggend- en aanddiens en noem dan dat “ek verkies die oggenddiens...oggenddiens met die orrel” (Addendum I:212-213). Dit wil voorkom dat, ongeag van die tipe begeleiding en musikale styl, die ruimte (atmosfeer) wat deur die musiek geskep word, belangrik is en help om ‘n intieme ontmoeting met God moontlik te maak.

[16] Sien hoofstuk 3, punt 3.2.2



© University of Pretoria

Die rol van *narratief (verhale)* in die liturgie blyk van kardinale belang te wees. Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers wil dit voorkom dat (veral ten opsigte van die ontmoetings met mekaar en die samelewing) die blote deurgee van inligting nie dieselfde impak het as wanneer hierdie inligting gekoppel word aan werklike verhale nie. Dus, in plaas van inligting oor die nood in die samelewing deur te gee, word 'n groter impak gemaak op die persoon se identiteit en lewenswyse wanneer die werklike verhale van mense in nood gedeel word. Net so speel getuienismomente weer 'n belangrike rol in die ontmoeting met God (in ander se storie), asook die ontmoeting met mekaar.

Ten opsigte van die *erediensverloop* en *-struktuur* het enkele mede-navorsers 'n voorkeur vir 'n tradisionele en meer gestruktureerde erediens verloop getoon. 'n Middeljarige manlike lidmaat stel dit as volg:

> Kyk ek is 'n baie, hoe kan ek sê tradisiegewys nie, weet dinge moet op 'n sekere manier vir my gebeur, jy weet, ek is in 'n professie wat weet 'n sekere ding moet gebeur voordat daar is stappe wat gevolg moet word en ek hou daarvan om in die erediens ook deur daardie stappe te kan gaan om te sê "okay" ek is nou hier daar gaan nou sekere dinge met my gebeur (Addendum J:214).

Uit die onderhoude het dit ook na vore gekom dat lidmate 'n intieme ontmoeting met God, die mens of samelewing gehad het wanneer daar kreatief met die erediens verloop omgegaan is – mits dit doelmatig en nie lukraak gedoen is nie. So vertel 'n lidmaat van 'n erediens op Goeie Vrydag, waar die liturgie nie met die gebruiklike seën beïndig is nie en noem dat "dinge in 'n sekere volgorde gebeur is goed, maar baie keer dan, as dit nie in daardie volgorde gebeur nie dan dink jy wat gaan nou aan...en dan dink jy weer hoekom? Hoekom is dit so..." (Addendum J:222). Ook 'n jong vroulike lidmaat noem dat die erediens vir haar 'n besondere ervaring is omdat dit beide informeel is, maar nie "enige ontspanne lekker partytjie waar jy is nie" (Addendum H:206). Vir haar is die erediens 'n heilige ruimte omdat die grote God daar teenwoordig is.

Dus wil dit voorkom dat die struktuur van die erediens nie soseer die fokuspunt in ons nadenke oor die liturgie moet wees nie, maar eerder die doel wat daardeur bereik wil word – en dus – watter ruimte daarvoor geskep moet word. Anders gestel: in hoofstuk twee van hierdie navorsing is daarop gewys dat daar 'n hedendaagse paradigmaskuif weg van 'n



© University of Pretoria

gespreksmodel vir die erediens na 'n ontmoetingsmodel plaasvind, waar die individu nie net GOD se woorde leer ken nie, maar GOD self. Gesprekvoering is 'n belangrike ontmoetingsmoment, en dus is die kritiek teen die bestaande gespreksmodel nie soseer op die gesprekvoering gerig nie, maar op die sistematiese hantering van die liturgiese momente as agendapunte wat 'afgehandel' moet word (Van der Merwe 2009b:251). In só geval dreig 'n rigiede, formalistiese struktuur om die natuurlike vloei van die erediens as ontmoetingsgebeure te verhinder. Uit die onderhoude wil dit egter voorkom dat 'n ontmoetingsmodel ook nie sonder struktuur kan funksioneer nie, maar dat 'n mate van struktuur juis die erediens as ontmoetingsgebeure kan dien.

Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers was dit opvallend dat sommige lidmate wel al enkele Pinksterkerke besoek het, en aanklank gevind het by dié eredienservarings. Die lewendige musiek, informele erediensstyl, praktiese woordverkondiging en oorgawe momente was positief ervaar.

Die [verantwoordelike en doelmatige][17] gebruik van *beelde* en *visuele materiaal* in die erediens blyk belangrik te wees. Uit 'n gesprek met een van die mede-navorsers het dit na vore gekom dat een van sy intiemste ontmoetings met God, en wat 'n definitiewe impak op sy identiteit as kind van God gehad het, tydens die gebruik van 'n video-greep as deel van die prediking plaasgevind het (Addendum I:207-208).

Die rol van *stilte* of stilword-momente in die erediens moet nie gering geskat word nie. Tydens die gesprekke het dit duidelik na vore gekom dat, veral binne die gejaagde samelewing en tydsgees, die geleentheid om stil te word ruimte skep vir 'n besondere ervaring van God se teenwoordigheid (Addendum G:196; Addendum J:215). Van die mede-navorsers se intiemste ontmoetings met God het plaasgevind in stilwees-tye saam met God. 'n 'Oorvol' en 'besige' liturgie wat in die proses nie tyd vir stilte laat nie, kan moontlik 'n hindernis ten opsigte van die erediens as ontmoetingsgebeure wees. Vanuit lidmate se besige

[17] Die navorser se eie toevoeging, aangesien die verkeerde gebruik van video-grepe en ander beeldmateriaal dikwels 'n negatiewe ervaring kan wees.



© University of Pretoria

en gejaagde programme is die laaste ding wat nodig is ‘n nog besiger en gejaagde liturgie en erediens.

#### 6.5.3 ONTMOETINGS TUSSEN GOD EN MENS

In hoofstuk drie van dié navorsing is gewys op die belangrike rol wat die Sondag-erediens as ontmoetingsgebeure tussen God en mens speel[18]. Oor die vraag na die eie aard van die gereformeerde erediens, noem Dirkie Smit dat dit in die gereformeerde erediens hoofsaaklik handel oor God se teenwoordigheid by ons. Vir die gereformeerde lewensgevoel is die lewende God by ons teenwoordig nie in die kerk self of in ons subjektiewe gevoelens nie, maar deur die bemiddeling van die Heilige Gees (Smit 2009:100). Anders gestel: As gereformeerdes glo ons dat God ons in die erediens ontmoet.

Die navorser deel hierdie geloofsoortuiging en is dit eens dat die erediens wel ‘n besondere en heilige ruimte is, enkel en alleen omdat God daar teenwoordig is en die mens daar ontmoet, wil vorm en leer. Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers wil dit egter voorkom dat, alhoewel God ons in die erediens ontmoet, dit nie ‘n gegewe is dat hierdie ontmoeting wederkerig plaasvind nie. Anders gestel: vanuit ‘n teologiese oogpunt is dit waar dat God ons in die erediens [wil] ontmoet, maar die wederkerigheid van hierdie ontmoeting is nie ‘n gegewe nie. Slegs twee van die mede-navorsers het genoem dat hulle tydens die betrokke erediens ‘n persoonlike en intieme ontmoeting met God beleef het, terwyl al die mede-navorsers wel per geleentheid tydens ‘n erediens (of na afloop van die erediens) só ontmoeting beleef het. Hierdie is insiggewend in dié sin dat dit wel getuig van die erediens se potensiaal as ruimte waar God en mens mekaar ontmoet, maar dat hierdie ontmoeting nie ‘n gegewe is nie.

Die navorser is dit eens dat hierdie ontmoeting tussen God en mens nie beperk moet word tot subjektiewe gevoelens nie, maar net so moet die impak van ‘n praktiese ervaring en belewenis van God se teenwoordigheid nie gering geag word nie. Soos genoem in die bespreking van die spesifieke oggenddiens (en liturgiese verloop), kan ʼn herbesinning oor die inruim en benutting van die liturgiese ruimte deur middel van simbole, kuns en visuele

[18] Sien hoofstuk 3, punt 3.2.2



© University of Pretoria

stimuli, liggaamlike deelname aan die liturgie deur die erediensgangers, asook die musiekbediening en bediening van die sakramente bydra tot 'n meer intieme ontmoetingsgebeure tussen God en mens, met mekaar en die samelewing (Barnard et al. 2014:207; Wepener 2006:387; Wepener & Vos 2014:16; Smit 2009:100; Burger 2005:57-58; Zimmerman 1993:78). Die rol van liturgie is juis om deur simbole en simboliese handelinge, deur kuns en musiek, deur appél op emosie (en du sook gevoelens) en vele ander wyses 'n atmosfeer te skep waarbinne die persoon kan ervaar dat hy/sy God beleef en ontmoet (Smit 2009:101) en moet deurgaans deur die liturg verreken en waardeer word.

Soos reeds in hierdie navorsing verduidelik, val die fokus vanuit die gereformeerde perspektief nie net op die feit dat God in die erediens teenwoordig is nie, maar ook op die opregte soeke na Wie dié God is wat so by ons teenwoordig is[19]. Daarom is dit ook nodig om die mate waartoe die liturgiese gebruike en vernuwing inspeel op ons Godsbeeld in ons bespreking van hierdie gesprekke te verreken (Smit 2009:102). Vanuit die gesprekke wil dit nie net voorkom dat die erediensgebeure 'n direkte impak op die vorming van bepaalde Godsbeelde (en gepaardgaande attribute van God) het nie, maar ook dat hierdie Godsbeelde 'n definitiewe impak op die individu se eie identiteit en lewenswyse het. Die volgende Godsbeelde (en attribute van God) het uit die gesprekke na vore gekom:

- God is 'n genadige God. Aangesien God soveel onverdiende genade aan ons bewys, moet ons hierdie genade uitdeel in ons optrede teenoor ander mense en uitreik na ander in nood.
- God is die liefdevolle God wat ons tot die uiterste toe liefhet. God sien ons omstandighede raak, sien óns raak en belowe om ons in Sy liefde te versorg. Wanneer ons besef dat God ons lief het, verander dit nie net die manier waarop ons na onsself kyk nie, maar ook in ons waardering van ander mense. Ons word geroep om onsself en ander lief te hê, soos wat God ons eerste liefhet.
- God is die Een wat ons voortdurend vorm en maak soos Hy ons wil hê. Uit sy/haar eie kan die mens niks doen of wees nie – die mens is bloot die instrument in God se hand, wat deur God gevorm word tot die mens wat Hy wil hê ons moet wees.
- God is 'n groot God, wat alles gemaak het en steeds onderhou. Dit bring die mens onder die indruk van hoe 'klein' hy/sy werklik is. Met klein word nie bedoel

[19] Sien hoofstuk 3, punt 3.3



© University of Pretoria

onbelangrik nie, maar doodgewoon 'klein' in vergelyking met God se grootheid. Wanneer die mens besef hoe klein hy/sy is, kan hy/sy nie anders as om te buig voor God, God te vertrou en te aanbid nie.

Soos reeds in dié hoofstuk genoem in die bespreking van die liturgie as ontmoetingsruimte, het dit vanuit die gesprekke met die mede-navorsers duidelik na vore gekom dat praktiese prediking, musiek en die gebruik van verhale belangrike liturgiese elemente was waartydens 'n ontmoeting tussen God en mens plaasgevind het. Behalwe vir hierdie liturgiese elemente het die rol van persoonlike belydenis (beide van geloof en skuld) uitgestaan. Die geleentheid om weer 'reg te maak met God', of om persoonlik jou geloof in God te bely blyk kragtige ontmoetingsgebeure te wees.

In hoofstuk drie is enkele wyses waarop God die mens ontmoet bespreek. Op grond van die terugvoer van die mede-navorsers blyk hierdie bespreking akkuraat te wees, en dat God die persone op 'n besondere wyse ontmoet deur die verhale van ander gelowiges, in tye van swaarkry en nood, en in dade van gehoorsaamheid en diens[20].

Vanuit dié gesprekke wil dit verder voorkom dat die drie ontmoetings, soos in hierdie navorsing verwoord is, nie onafhanklik van mekaar beskou kan word nie, maar eerder as interafhanklike ontmoetings wat wedersyds op mekaar inspeel en mekaar verdiep. Vanuit die persoonlike ontmoeting met God het die mede-navorsers al meer onder die indruk gekom van die belangrikheid om ander te ontmoet, lief te hê en te ondersteun. Vanuit die ontmoetings met ander mense is nuwe ontmoetings met God weer moontlik gemaak deurdat God ontmoet is in die stories en getuienis van ander. Deur uit te reik na ander nood is God ook ontmoet as die Een wat die mens deel maak van Sy koninkryksplan vir ander en het dit waarde tot die mens toegevoeg – 'n besef dat my lewe beteken iets en God wil my gebruik. 'n Manlike lidmaat vertel van die impak wat die ontmoeting met God op sy identiteit gehad het en noem dat "oor myself leer dit vir my ek is net 'n instrument in die hand van die Here...ek moet my oopstel vir die Heilige Gees om te hoor wat Hy vir my wil sê en waar Hy my benodig" (Addendum K:226).

[20] Sien hoofstuk 3, punt 3.2



© University of Pretoria

### 6.5.4 ONTMOETINGS MET MEKAAR

In hoofstuk vier van hierdie navorsing is spesiale aandag verleen aan die ontmoeting tussen mense ten einde ‘n dieper verstaan van die aard en impak van kollektiewe identiteit, veral ten opsigte van die kerk as geloofsgemeenskap, te bekom. Daar is veral gelet op die belangrike rol wat die kerk (ook ten opsigte van die erediensgebeure) te speel het in die vorming van hierdie interpersoonlike verhouding met die oog op ŉ ware geloofsgemeenskap[21].

Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers is dit opvallend dat verhale ŉ belangrike element in hierdie ontmoetingsgebeure is. Van die intiemste en lewensimpakterende ontmoetings met ander het plaasgevind na afloop van die erediens waar die verhale van lidmate in siekte/nood gedeel is en waarna die mede-navorser hierdie persone besoek het. Net so het hierdie ontmoetings op ŉ besondere wyse plaasgevind in die deel van getuienisse, waar mense se verhale met mekaar in kontak gebring is. Wat dus belangrik is, is dat hierdie ontmoetings tussen mense meer as ŉ blote groet en handdruk behels. Die groet of vriendelike verwelkoming kan as die inisiërende handeling beskou word, maar die leer ken en deel word van mekaar se lewenswerklikhede en verhale is die einddoel en kenmerk van ware ontmoetings met mekaar.

Die mede-navorsers noem dat, tydens die erediens ŉ ruimte vir hierdie ontmoetings hoofsaaklik op twee wyses geskep word. Eerstens, deur tydens die erediens die voorbiddingslys met die gemeente te bespreek en siekte, nood of dood te kommunikeer. Hieruit kom die oproep dan aan die gemeente om dié persone te kontak, te besoek of voor te bid[22]. Tweedens, word ruimte geskep vir hierdie ontmoetings deur aan die begin van die diens ŉ geleentheid te skep waar lidmate aangemoedig word om na mekaar te draai en mekaar te groet. In die gesprek met die mede-navorsers het dit voorgekom asof eersgenoemde positief beleef word en ŉ belangrike deel van die erediens is, terwyl laasgenoemde ongemak by sommige mede-navorsers veroorsaak het en deur ander as ‘geforseerd’ beskryf is (Addendum G:198). Ander mede-navorsers het weer die groetgeleentheid as ŉ positiewe en belangrike element van die erediens ervaar, en beskryf dit

[21] Sien hoofstuk 4, punt 4.2.1
[22] Hierdie kan verder uitgebrei word om geboortes en huwelikke ook in te sluit. Vanuit die gesprekke was verwysings na geboortes en huwelike egter ontbrekend.



© University of Pretoria

as ŉ belangrike geleentheid waarby vreemdelinge welkom geheet kan word in die gemeente (Addendum I:209; Addendum J:217-218). Vanuit die terugvoer wil dit voorkom asof hierdie groetmoment waarde toevoeg ten opsigte van die gasvryheid teenoor vreemdelinge, maar in die proses die mede-navorser ook laat voel dat hy/sy iets vir iemand beteken en dus ŉ positiewe impak op sy/haar eie identiteit het.

Gedesentraliseerde ruimtes (voor en na afloop van die erediens) blyk egter die primêre ontmoetingsruimtes in dié verband te wees. Die mede-navorsers het genoem dat die verwelkoming by die deur voor die begin van die erediens ŉ positiewe ervaring is wat hom/haar dadelik welkom laat voel. Feitelik elke mede-navorser het dit laat blyk dat die kombuisarea, waar daar na afloop van die erediens saam tee en koffie gedrink word, die primêre ontmoetingsruimte in dié gemeente se erediensgebeure is. Só verstaan word die kombuisarea ŉ voortsetting van die erediensgebeure en dien dit as ŉ heilige ontmoetingsruimte waar lidmate mekaar ontmoet, vreemdelinge tuis voel, en die erediens-belewenis met mekaar bespreek word (waartydens ŉ ontmoeting met God ook plaasvind).

Ten opsigte van die kerk as geloofsgemeenskap is daar in hierdie navorsing spesiale melding gemaak van die waarde van sosiale kapitaal (Cilliers & Wepener 2007:40-42; Ammerman 1999:362-367) ten opsigte van die skep van ŉ ware geloofsgemeenskap wat alle sosiale grense transendeer[23]. Vanuit dié gesprekke was dit duidelik dat die ontmoetings tussen mense as uiters belangrik beleef is, aangesien dit lei tot ŉ ondersteuningsnetwerk waar lidmate na mekaar omsien in tye van nood terwyl dit ook ŉ gemeenskap tot gevolg het waar die persoon kan voel 'ek behoort'. Hierdie ontmoetings gee ook betekenis aan lidmate se eie swaarkry en lyding, deurdat dit hulle voorberei om daar te wees vir ander wat deur soortgelyke omstandighede moet gaan. 'n Manlike lidmaat getuig as volg hiervan:

> Ja, weereens dit gaan oor of jy die mens se omstandighede ken, weet ek het al sekere 'experiences' gehad waar, weet ek deur baie moeilike omstandighede gegaan het met, om 'n voorbeeld te noem ek het 'n kind aan die dood afgestaan en ander mense in die gemeente het mos nou gehoor dat daar ook deur dieselfde prosesse moet gaan en so-aan en ons kon, ek kon, ek en my vrou kon hulle bystaan en hulle help... (Addendum J:218-219).

[23] Sien hoofstuk 4, punt 4.3



© University of Pretoria

Só lei dié ontmoetings in die erediens en die erediens van die lewe tot die daarstel van ŉ hegte geloofsgemeenskap waar die persoon veilig, tuis en geliefd voel terwyl hulle mekaar ondersteun en ook teregwys (waar nodig).

Die rol van kleingroepe ten opsigte van hierdie ontmoetings met mekaar verdien ook spesiale aandag. Alhoewel kleingroepe dikwels dreig om aan individuele voorkeure en behoeftes te veel aandag te gee, kan die waarde daarvan ten opsigte van die vorming van ŉ geloofsgemeenskap nie ontken word nie. Vanuit die gesprekke kan ons aflei dat jeuggroepe, bybelstudiegroepe en belangegroepe ŉ belangrike hulpbron in die daarstel van ŉ ontmoetingsruimte is.

ŉ Laaste opmerking ten opsigte van die ontmoetings met mekaar is nodig. Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers het die navorser tot die oortuiging gekom dat die beskouïng van die kerk as geloofsgemeenskap nie net tot die daarstel van groepe beperk moet word nie, maar ook een-tot-een verhoudings moet insluit. Nie alle persone is gemaklik om tussen groot groepe mense te beweeg nie, maar wel om een-tot-een verhoudings met ŉ ander persoon te bou. Beide verhoudings (in groepe en individueel) moet as onlosmaaklike deel van die skep van ŉ ware geloofsgemeenskap beskou word. Hierdie ontmoetings vind dikwels plaas in groepe, en op ander geleenthede in ŉ een-tot-een gesprek. So kan beide ekstrovert en introvert deel hê en bydra tot die daarstel van *koinonia* in die gemeente.

#### 6.5.5 ONTMOETINGS MET DIE SAMELEWING

In hierdie navorsing is reeds gewys op die belangrikheid van ‘n missionale ekklesiologie, maar ook spesifiek hoe só ‘n kerklike identiteit binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks, met sy unieke uitdagings ten opigte van transformasie, versoening, armoede, ensomeer daarna sal uitsien[24]. Die kerk [en gelowige] as gestuurde moet, vanuit ‘n ontmoeting met die nood in die wêreld, aktief betrokke raak by die dag-tot-dag bestaanswerklikhede van die wyer samelewing en Jesus se hande en voete (op baie praktiese wyse) in Suid-Afrika (en die wêreld) wees (cf. Pieterse 2001; 2009 & 2011).

[24] Sien hoofstuk 5, punt 5.2.2



© University of Pretoria

Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers blyk dit dat die lidmate hul missionale roeping grootliks verstaan ten opsigte van die onderlinge versorging (barmhartigheid) van die gelowiges (met spesiale klem op mede-gemeentelede). Daar was wel ‘n geleentheid waar die gemeente gevra is om hulpbronne te stuur aan ‘n plakkerskamp wat afgebrand het, wat vir die lidmate van spesiale belang was. Vanuit die gesprekke was daar egter geensins bewyse van ‘n verstaan van die kerk se missionale roeping as die bring van die evangelie aan die onbereiktes, of van die ekologiese dimensie van die kerk [en gelowige] se missionale identiteit en roeping nie[25].

Wat verder opvallend was, was die gebrek aan begrip dat die mens se dag-tot-dag bestaan deel uitmaak van ons gestuurdheid na die wêreld. Enkele mede-navorsers het verwys na geleenthede waar hulle uitgereik het na ander in nood, maar het dan pertinent genoem dat dit nie deel van ‘n kerk-aksie was nie – en dus het hulle dit nie as sending of uitreik beleef nie. Dit het by sommige mede-navorsers gelei tot ‘n skuldgevoel aangesien hy/sy nie baie ‘betrokke’ is nie, alhoewel hy/sy in werklikheid sy/haar identiteit as gestuurde in die gedesentraliseerde ruimtes geleef het, hetsy saam met die Voortrekkers, of in ‘n persoonlike besoek aan ou vriende, of by die werk waar met kinders in nood omgegaan word. Hierdie wanpersepsie kan moontlik daaraan toegeskryf word dat, volgens die terugvoer van die mede-navorsers, daar nie doelgerig in die erediensgebeure op die definisie en praktiese implikasie van die kerk [en gelowige] se missionale identiteit en roeping gefokus word nie. Die algehele indruk wat vanuit die gesprekke gevorm word, is dat die erediens nie werklik bydra tot die verstaan van hul Christelike identiteit as gestuurdes na die samelewing (spesifiek binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks) nie. Daar moet dus nuut gedink word oor die wyse waarop die missionale identiteit van die gemeente [en lidmaat] deurlopend in die erediensgebeure teenwoordig moet wees en prakties, verstaanbaar kommunikeer word.

Wat ten opsigte van die ontmoeting met die samelewing (net soos met die ontmoeting tussen God en mens, en die mens met mekaar) duidelik na vore gekom het, is dat die rol van verhale uiters belangrik is in die skep van ‘n ruimte waarbinne hierdie ontmoeting kan plaasvind. Waar die erediens wel ‘n impak op die mede-navorsers se missionale identiteit en optrede

[25] Die wyse waarop die vraag gestel is, met spesiale vermelding na die “nood” in die wêreld, kon moontlik hiertoe bygedra het.



© University of Pretoria

gehad het, was wanneer daar nie net inligting oor ‘n betrokke uitreikaksie gekommunikeer is nie, maar waar hierdie inligting aan werklike verhale van die mense wat daarby baatvind gekoppel is.

In hoofstuk vier van hierdie navorsing is daarop gewys dat in die gemeentepraktyk die betrokkenheid by ’n diverse kulturele samelewing en sy uitdagings makliker as hulpverlening en/of barmhartigheid beleef word (Ries & Hendriks 2013:2). Dit het tot gevolg dat gemeenskapsbetrokkenheid eerder beskou word as die ondersteuning van projekte, in plaas van verhoudingsbou as ŉ vorm van *koinonia*. Dit blyk moontlik die geval te wees binne die betrokke gemeente, aangesien die meerderheid van die mede-navorsers só verstaan van die gemeente se missionale betrokkenheid het. Die uitdaging vir die kerk se uitleef van haar missionale roeping en invloed ten opsigte van die sosiale uitdagings binne Suid-Afrika lê in die vestiging van ŉ saambestaan tussen die betrokkenheid by sosiale uitdagings (diakonia) en gepaardgaande pogings tot effektiewe verhoudingsbou (koinonia) oor kulturele grense heen[26]. Van die vyf mede-navorsers het slegs een getuig van ‘n onlosmaaklike band tussen hulpverlening en betrokkenheid by sosiale uitdagings en die bou van verhoudings – dus word die hulpverlening ‘n hulpmiddel tot die uiteindelike doel, naamlik: intrek by, of deel maak van die geloofsgemeenskap.

**6.6 SAMEVATTING**

In dié hoofstuk is die praktiese ervaring (ten opsige van die voorgestelde drie fokus ontmoetings) van vyf lidmate, van ‘n gemeente in die noorde van Pretoria, na afloop van die gemeente se primêre erediens ondersoek, met die doel om te bepaal hoe die ontmoetings waarop die navorsing fokus tydens die erediens (of erediens van die lewe) ervaar is en op grond daarvan enkele afleidings rakende die impak wat dit op hulle identiteit en lewe gehad het (al dan nie) te maak.

Enkele opmerkings oor ‘n erediens van die gemeente is deur die navorser gemaak, waarna die eredienservarings van gewone lidmate van die gemeente ondersoek is. Die empiriese bevindinge wat in hierdie hoofstuk weergegee is, dien grootliks as bevestiging en

[26] Sien hoofstuk 4, punt 4.2.2



© University of Pretoria

ondersteuning vir die teoretiese uitgangspunte wat in die voorafgaande hoofstukke ondersoek is, alhoewel dit ook waarsku teen die gevaar om hierdie ontmoetings in die erediens as gegewe werklikhede te aanvaar.

Daar moet doelgerig besin word oor wyses waarop die erediens as ontmoetingsruimte ingeruim word, en hoe die verskillende simbole, beelde en rituele in die liturgie hierdie ontmoetingsruimte kan dien. Vanuit hierdie empiriese navorsing blyk dit duidelik te wees dat die erediens [en erediens van die lewe] oor baie potensiaal as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsruimte beskik en dat verdere ondersoek nodig is om hierdie potensiaal van die erediens as ontmoetingsgebeure te ontsluit. Die navorser is van mening dat die volgende tree op hierdie verdere ondersoek 'n groter en meer verteenwoordigende steekproef behoort te wees, waar daar na meer lidmate, van 'n groter verskeidenheid gemeentes, se eredienservarings geluister kan word.

Dank word uitgespreek teenoor die betrokke gemeente, die leraars en die mede-navorsers vir hul insigte en bydraes tot hierdie navorsing. In die hoofstuk wat volg bereik die navorsing sy klimaks en word die individuele 'drade', soos in elke hoofstuk voorsien, met mekaar verbind ten einde een enkele, saamgevlegde 'tou' daar te stel.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE OPMERKINGS AS WEGWYSERS VIR DIE TOEKOMS

### 7.1 INLEIDING

Dié navorsing het ontstaan vanuit die navorser se liefde vir en belangstelling in die erediens. Die navorser stem saam met die opmerking van Smit (2010:2) dat, alhoewel die erediens nie as die begin en einde van die gemeente se openbare byeenkomste beskou moet word nie, die erediens steeds van sentrale belang in die lewe van die gemeente en gelowige individu is. Die erediens is die kernruimte waar geloofsvorming plaasvind en waar die gemeente as geloofsgemeenskap God saam aanbid en Sy teenwoordigheid vier, terwyl dit ook die missionêre omgewing is van waar die bediening van die gemeente ontstaan, gerig en uitgestuur word. Hierdie siening word gedeel deur Barnard (1981:3) en Müller (1990:3), wat van mening is dat die erediens steeds die kernplek in die kerk inneem. Aan die hart van die kerk is die erediens, die liturgie en aanbidding van die geloofsgemeenskap op die opstandingsdag (Smit 2004c:351).

Die navorser se eie konteks - as leraar van ŉ stadsgemeente in die Ooste van Pretoria - moet verreken word as ŉ bepalende faktor in die navorser se beskouïng dat die erediens juis vandag belangrik is vir die gemeente en individu se Christelike identiteit en -lewenswyse. In die navorser se eie gemeente is dit opmerklik dat, in ŉ gejaagde samelewing waar tyd uiters beperk is, die Sondag-erediens dié geleentheid waar toegang tot die gemeentelede se lewe verkry word is. Die erediens moet dus ten volle benut word en die identiteitsvormende en lewensimpakterende potensiaal daarvan ontgin word om maksimum impak te maak in die lewe van die gemeentelede, en gemeente as geheel. Om hierdie te verwesenlik moet daar egter krities en opnuut besin word oor die totale eredienservaring, -ruimte en -liturgie.

Die erediens kan so maklik in ŉ vaste roetine of gewoonte verval, waar ŉ reeks elemente soos agendapunte 'afgehandel' word, en die lidmaat wel ŉ baie mooi preek gehoor het – maar nie noodwendig die Here ontmoet het nie. Net so sit lidmate Sondag na Sondag langs mekaar in die kerkbanke, sonder om noodwendig mekaar te ontmoet en leer ken – so word ons



© University of Pretoria

omring deur mense, maar bly ons steeds alleen en geïsoleerd – vreemdelinge van mekaar. Ontmoetings met mekaar, waar lidmate mekaar leer ken en inspraak in mekaar se lewens maak, is nodig. So ook bereik die erediens nie sy volle doel as die eredíensgebeure agtergelaat word by die uitgang van die kerkgebou nie. Die erediens wat sy doel bereik sal uitloop op lewens van gehoorsaamheid en diens in ŉ stukkende samelewing in nood – hierdie kan alleenlik moontlik wees as die lidmaat die nood in die wêreld ontmoet en sy/haar rol as gestuurde daarheen verstaan. Die navorser is van mening dat die erediens in wese ŉ *identiteitsvormende* en *lewensimpakterende* ruimte moet wees – ŉ *ontmoetingsruimte*. Met hierdie navorsing word gepoog om die eerste tree op die verkenning van hierdie hipotese te gee in die hoop dat dit sal aanleiding gee tot verdere gesprekke oor die belangrikheid van ontmoetings in die erediens.

Die navorsing het afgespeel in die veld van die praktiese teologie met ŉ definitiewe fokus op die liturgie. Praktiese teologie is die wetenskap van die teologiese, kritiese en hermeneutiese refleksie op die intensies en betekenis van menslike aksies soos dit in die daaglikse bestaan gestalte vind (Louw 2008:71). Richard Osmer verduidelik dat die praktiese teologie altyd ŉ hermeneutiese aangeleentheid is en gevolglik nooit neutraal of objektief is nie. Praktiese teologie is gevolglik altyd ŉ proses van interpretasie waardeur betekenis aan sekere gebeure gegee word. Osmer verduidelik dat hierdie proses van interpretasie hoofsaaklik uit vier take bestaan:

1. Die eerste taak is die deskriptief-empiriese taak wat vra: *"Wat is besig om te gebeur?"*
2. Die tweede taak is die interpretatiewe taak wat fokus op die vraag: *"Waarom is dit besig om te gebeur?"*
3. Die normatiewe taak is die derde taak van praktiese teologiese-interpretasie en wil bepaal *"wat is veronderstel om te gebeur?"*
4. Die laaste taak is die pragmatiese taak en hier is die fokus op *"hoe moet ons reageer op wat besig is om te gebeur?"*

In hierdie hoofstuk word enkele samevattende opmerkings, aan die hand van die bevindings van hierdie navorsing, gemaak op grond van Osmer se bogenoemde vier take, ten einde 'n liturgiese teorie vir die praxis daar te stel.



© University of Pretoria

### 7.2 DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK: WAT IS BESIG OM TE GEBEUR

Coenie Burger (2009:15) wys tereg daarop dat in die eerste wêreld, veral Europa en Brittanje, nie net erediensbywoning nie, maar ook die belang van die erediens in die lewens van mense dramaties afgeneem het. Nog meer, ‘n groot getal Christene se mening is dat die erediens nie vir hulle sin maak nie, en dus nie werklik die gewensde impak op hulle identiteit en lewenswyse het nie. Dit het gelei tot die ontstaan van die sogenaamde anonieme Christendom – ‘n groot groep mense wat wel Christene is, maar nie aan ‘n gemeente behoort of eredienste bywoon nie (Burger 2009:16).

Binne ‘n Afrika (en dus Suid-Afrikaanse) konteks, lyk die prentjie egter anders en is daarop gewys dat die kerk as religieuse groep steeds ŉ baie belangrike rol te speel het in die sosiale en interpersoonlike verhoudings van individue. Net so is ook daarop gewys dat die oorgrote meerderheid perone steeds jaarliks aanbiddingsgeleenthede bywoon, en dat ŉ groot hoeveelheid mense op ŉ weeklikse basis deur die Christelike kerk bereik word. Hierdie gegewens wys daarop dat die erediens beslis ŉ belangrike rol in die lewens van individue in Suid-Afrika te speel het[27].

Huidiglik word daar in kerke regoor Suid-Afrika, insluitend die NG Kerk, doelbewuste pogings aangewend om nuut te dink oor die sinvolheid van die erediens binne ŉ Suid-Afrikaanse konteks met sy unieke uitdagings van multikulturaliteit, transformasie, versoening, armoede en nog meer (Burger 2009:16). Vandag is dit bykans onmoontlik om oor die algemeen te praat van die liturgiese gebruik (en ook die erediens) in die NG Kerk. Tog kan enkele huidige liturgiese tendense onderskei word[28]:

- **ŉ SKUIF VAN *BLENDED WORSHIP* NA ŉ KONVERGENSIE LITURGIE:** *Blended worship* is nie net kenmerkend van die liturgiese landskap in die VSA nie, maar ook binne die NG Kerk in Suid-Afrika. Long (2001:12) verduidelik dat *Blended worship* sy wortels in die voorkeure en giere van die individu, in plaas van die evangelie van God het. Johan van der Merwe deel Long se sentiment en noem dat daar huidiglik ŉ liturgiese klemverskuiwing weg van *blended worship* na ŉ *konvergensie liturgie* is. ŉ

[27] Sien hoofstuk 4, punt 4.2.1
[2828] Sien hoofstuk 2, punt 2.4



© University of Pretoria

*Konvergensie liturgie* verwys na 'die saamvloei van liturgiese bronne uit die breër Christelike tradisie met kontemporêre uitdrukkingsvorms in die één stroom van die plaaslike gemeente se liturgie' is (Van der Merwe 2009b:251).

- **INKULTURASIE & INTERKULTURASIE:** In 'n poging om weg te breek van die westerse invloed op die samelewing en kerk, is daar huidiglik in Afrika hernude pogings om ook in die liturgie terug te keer na wat eg aan die Afrika konteks is. Gemeentes het byvoorbeeld teruggekeer na die gebruik van tradisionele musiek, instrumente (Afrika-trom) en gebare binne die liturgie (De Klerk 2013:26). Vir liturgie om waarlik 'n transformerende invloed binne die Afrika konteks te hê is daar tans 'n herwaardering vir die belangrikheid van *inkulturasie* en *interkulturasie* binne die liturgie. Wepener (2007:735,736) wys op die uitdagings en noodsaaklikheid van liturgiese *inkulturasie* en *interkulturasie* vir die NG Kerk in Suid-Afrika en dat hierdie nie net op die agenda van die kerk moet wees nie, maar ook elke individuele liturg, leraar of kerkleier.

- **'n SKUIF VAN 'n GESPREKSMODEL NA 'n ONTMOETINGSMODEL VIR DIE EREDIENS:** Aan die begin van die twintigste eeu het liturgie grootliks inligting rakende God kommunikeer. In die tweede deel van dié eeu het die liturgiese landskap merkwaardige verandering ondergaan, met 'n nuwe waardering vir die rol van persoonlike betrokkenheid [ontmoetings] met God (De Klerk 2013:56), asook die liggaamlike deelname van die erediensganger (Muller 1990:1-2, Wepener 2006:387, Barnard et al. 2014:207). Johan van der Merwe (2009b:251) stem saam dat daar 'n hedendaagse skuiwe in die liturgie weg van 'n gespreksmodel (bestaande uit 'agendapunte' wat op meganiese wyse hanteer word), na 'n *ontmoetingsmodel* waar die individu nie net God se woorde leer ken nie, maar God self. Dit is vanuit dié hedendaagse liturgiese skuif wat hierdie navorsing die eerste tree op die normatiewe vraag na "wat is veronderstel om te gebeur" wil neem met 'n verkenning van die belangrikheid en impak van ontmoetings in die erediens – meer hieroor volg onder punt 7.4.

Die kerklike- en liturgiese landskap ervaar die afgelope tyd merkwaardige veranderinge, sommige ten goede en ander minder so. Hierdie veranderinge geskied egter nie lukraak nie,



© University of Pretoria

maar word toegeskryf aan ŉ vinnig veranderende wêreld en samelewing. Dit bring ons by die interpretatiewe taak van hierdie navorsing.

### 7.3 INTERPRETATIEWE TAAK: WAAROM IS DIT BESIG OM TE GEBEUR

Die politieke oorgang na ŉ regering van nasionale eenheid in April 1994 het ŉ definitiewe oorgangstyd vir kerk en samelewing in Suid-Afrika te weë gebring – die sogenaamde *liminale* tyd. Hierdie oorgangstyd het nie net radikale skuiwe in die onderwys, en op sosiale en plaaslike bestuursvlak beteken nie, maar die kerk ook genoodsaak om nuut te dink oor die kerk (en elke gelowige) se rol daarbinne (Burger 1995:13).

Dat daar ŉ definitiewe groei binne die sogenaamde Pinkster- en Onafhanklike kerke in Afrika plaasvind, kan nie ontken word nie. Die gevaar is egter dat saam met hierdie groei die kontras (en gevolglike konflik) tussen die moderne Westerse lewe en wêreldbeeld en die tradisionele Afrika bestaan en wêreldbeeld aan die toeneem is (De Klerk 2013:21, Ter Haar 2009:7-9,21). Die kerk vind dit moeilik om kreatiewe oplossings vir die vinnige tempo waarteen die wêreld aan die verander is, te vind. Tog is dit duidelik dat daar op nuwe vars maniere oor ons kerk-wees gedink moet word. Ons tradisionele manier van dink oor die kerk, laat doodgewoon nie nuwe, vars oplossings vir die huidige tydsgees se uitdagings nie (Niemandt 2013:17).

Dit laat ons met die vraag: "Wat is veronderstel om te gebeur?" Dié navorsing wil ŉ saak stel vir die beantwoording van hierdie vraag deur ŉ nuwe manier van dink oor die erediens en liturgie as ŉ ruimte waar God, mens en samelewing ontmoet.

### 7.4 NORMATIEWE TAAK: WAT IS VERONDERSTEL OM TE GEBEUR

Die vraag moet krities gevra word of Suid-Afrika steeds binne ŉ liminale (oorgangs) fase is en of ŉ nuwe diskoers nie nodig is nie. Die navorsing steun die oortuiging van Wepener (2011:206-207) dat diskoers binne teologiese literatuur oor versoening, geregtigheid en genesing verby die idee van liminaliteit moet beweeg, aangesien die fase van liminaliteit baie maklik ŉ wegkruipplek en verskoning kan wees om nie daadwerklik betrokke te raak in ŉ soeke na ŉ nuwe *societas* in Suid-Afrika, gekenmerk deur rekonsiliasie, transformasie en



© University of Pretoria

eenheid. Vir die kerk om geloofwaardig en relevant te wees binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse samelewing sal dit nodig wees om, in ons nadenke oor ons identiteit en roeping na die wêreld, erns te maak met die unieke uitgangspunte van Afrika (en spesifiek Suid-Afrika), veral met die besondere klem om die hier-en-nou bestaanswerklikhede en uitdagings.

Dié navorsing het gepoog om te bewys dat die eksistensiële vraagstuk vir die individu en kerk een van identiteit is. In die voortslepende oorgangstyd word die individu en kerk gekonfronteer met die vraag: Wie is ek en hoe verstaan ek my plek en doel binne die huidige konteks van Suid-Afrika (in die vorming van ŉ nuwe ***societas***)? Coenie Burger verduidelik dat die kerk (en elke gelowige) drie eksistensiële vrae het. Eerstens, die vraag na God: waar vind ek God en hoe leer ek God beter ken? Tweedens, die vraag na onsself en ons selfverstaan. Laastens, die vraag na die sin van die lewe: hoe kry ek sin gemaak van die wêreld daarbuite en hoe vind ek my plek en rol daarin (Burger 2005:13)? Die navorser is van mening dat ontmoetings ŉ belangrike rol te speel het in die beantwoording van hierdie drie vrae, en dat drie ontmoetings veral van belang is:

- Eerstens, ŉ ontmoeting tussen God en mens, waar die mens God persoonlik en intiem op nuwe maniere leer ken;
- Tweedens word die mens genooi om ander persone in hul eie lewenswerklikhede te ontmoet en so ontdek die mens ŉ nuwe verstaan van hulleself in die stories van ander;
- Derdens, word die mens genooi na ŉ ontmoeting met die wêreld en die nood daarin. So word ŉ dieper insig in die doel van die lewe en die mens se rol daarin bekom.

Die primêre vraagstelling van hierdie navorsing was: Watter rol speel ontmoetings in die vorming van ŉ Christelike identiteit en lewenswyse? In dié navorsing is die verband tussen bogenoemde ontmoetings en die eksistensiële vraagstuk na identiteit (soos hierbo genoem) binne ŉ vinnig veranderende wêreld verken. Die beantwoording van hierdie vraagstelling is nie ŉ eenvoudige taak nie en beslis een wat nog verdere navorsing noodsaak (aangesien onsself nog op onbekende grond in die liturgiek bevind ten opsigte van die spesifieke fokus op ontmoetings in die erediens). Tóg kan enkele opmerkings na afloop van hierdie navorsing gemaak word as merkers vir die pad vorentoe.



© University of Pretoria

Teoreties en teologies gesproke blyk daar 'n duidelike verband tussen ontmoetings en die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te bestaan. Anders gestel: Vanuit 'n teologiese oogpunt het die drie ontmoetings wat in dié navorsing bestudeer is, beslis 'n impak op die vorming van Christelike identiteit en die gepaardgaande lewenswyse. Die empiriese bevindinge dien as bevestiging van hierdie uitgangspunt. Die diagram[29] wat volg beeld die bevindinge van hierdie navorsing op grafiese wyse uit.

***Figuur 2: Die verband tussen ontmoetings en identiteit.***




**7.4.1 ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS:**

Die erediens, binne die Christelike geloof vind haar wortels in die liefdesverhouding tussen die drie-enige God en sy volk, die kerk (Burger 2009:18)[30]. Vanuit die gereformeerde oortuiging word erken dat God die inisiatief neem en Homself aan ons openbaar. Getrou aan die taal van hierdie navorsing kan ons dus sê dat God die mens ontmoet wanneer God tot die liturgiese ruimte toetree en ons toelaat om Hom te leer ken[31]. Die erediens as heilige ruimte behels 'n *nuwe ontmoeting met God* waarin die mens God beter en op nuwe wyses leer ken, 'n *nuwe verstaan van hulleself* en hul lewensdoel en laastens 'n *dieper insig in die lewe* en

[29] Sien figuur twee
[30] Sien hoofstuk 1, onder punt 1.5.3
[31] Sien hoofstuk 3, onder punt 3.1



© University of Pretoria

waar hulle in die groter prentjie inpas[32]. In hierdie ontmoeting met God ontdek die mens verskillende Godsbeelde en attribute in die erediens en liturgie. Vanuit die geloof dat enige verstaan van die mens se identiteit spruit vanuit die siening van die mens as *Imago Dei* (beeld van God), beteken dit per implikasie dat in die ontdekking van die beeld van God, die mens die voor[beeld] van wie sy/hy moet wees ontdek. Namate die individu God ontdek en leer ken, ontdek hy/sy ook wie hy/sy moet wees en hoe hy/sy moet leef[33]. Binne ŉ Suid-Afrikaanse konteks sou dit beteken dat die gelowige individu sy/haar identiteit verstaan vanuit die inisiërende, versoenende, transformerende en liefdevolle voorbeeld van God as die Een wat omgee vir alle persone ongeag van taal, kultuur en ander sosiale onderskeiding; wat sorg vir die armes en hoop bring aan die onderdruktes; wat ongeregtigheid aanspreek en een nuwe gemeenskap daarstel – ŉ gemeenskap waar almal welkom is[34]. God wys Homself aan lidmate as ŉ genadige God wat ons stuur na ander in nood om hulle genadig te wees; as liefdevolle Vader wat alle mense liefhet en ons vra om ander en onsself ook só lief te hê; as vormende God was ons nuut maak, vorm en gebruik; en as grote God wat alles gemaak het en steeds onderhou[35].

Die empiriese ondersoek het daarop gewys dat, alhoewel God ons in die erediens ontmoet, dit nie ‘n gegewe is dat hierdie ontmoeting wederkerig plaasvind nie. Hierdie is insiggewend in dié sin dat dit wel getuig van die erediens se potensiaal as ruimte waar God en mens mekaar ontmoet, maar dat hierdie ontmoeting nie ‘n gegewe is nie[36]. Die rol van liturgie, as ruimte waar, deur simbole en simboliese handelinge, deur kuns en musiek, deur appél op emosie (en dus ook gevoelens) en vele ander wyses ‘n atmosfeer geskep word waarbinne die persoon kan ervaar dat hy/sy God beleef en ontmoet (Smit 2009:101), moet opnuut weer in die gedagtes van elke liturg lewe en waardeer word. Dit wil voorkom dat, vanuit die ervarings van gewone lidmate, praktiese prediking; vurige lofprysing en aanbidding; persoonlike geloofs- en skuldbelydenis; asook die gebruik van verhale belangrike liturgiese ontmoetingsmomente is waartydens God op ŉ besondere wyse ontmoet word[37].

---

[32] Sien hoofstuk 3, onder punt 3.2
[33] Sien hoofstuk 3, onder punt 3.3
[34] Sien hoofstuk 3, onder punt 3.4
[35] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.3
[36] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.3
[37] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.3



© University of Pretoria

### 7.4.2 ONTMOETINGS MET MEKAAR:

Vanuit bogenoemde ontmoeting tussen God en mens word die grondslag vir 'n nuwe selfverstaan en identiteit gevind. Vanuit die ontdekking van sy/haar identiteit as *Imago Dei,* kom die gelowige individu onder die indruk dat God 'n relasionele God is, wat in verhouding met Sy skepping/skepsels leef – daarom, vanuit die verstaan van die mens as *Imago Dei* word ons identiteit nie in isolasie gevind nie, maar in verhoudings met ander[38]. Vanuit 'n teologiese oogpunt behels hierdie veel meer as sosiale groepering en identiteitsvorming (op grond van verskeie sosiale assosiasies en grense), en word die gelowige individu uitgenooi om deel te word van 'n *koinonia* (gemeenskap van gelowiges) – 'n gemeenskap wat alle sosiale grense transendeer[39]. Só verstaan word die gelowige individu gehelp om nie net te vra "wie is ek" nie, maar om te ontdek dat die antwoord op dié vraag alleenlik in sy volheid beantwoord kan word as daar ook gevra word "wie is ons".

Die empiriese ondersoek het gewys op die rol van die erediens as gesentraliseerde heilige ruimte, maar veral ook die gedesentraliseerde heilige ruimtes van die alledaagse bestaan as belangrike ontmoetingsruimtes tussen mense. Een van hierdie gedesentraliseerde ruimtes is die koffiekroeg waar gemeentelede na afloop van die erediens saam kuier, mekaar ontmoet en ook God in die getuienisse van ander ontmoet[40]. Hierdie ontmoetings dra by tot 'n samehorigheidsgevoel en skep 'n vertrouensruimte waar lidmate veilig voel, mekaar ondersteun en versorg en so dra hierdie ontmoetings by tot die ontstaan van sosiale kapitaal – en dus 'n gemeenskap wat alle sosiale grense transendeer[41].

Binne die uitdagings van die Suid-Afrikaanse konteks het die kerk as gemeenskap 'n baie belangrike rol te speel in die sosiale en interpersoonlike verhoudings van individue. Die kerk as gemeenskap moet die draers van hoop vir die daarstel van só gemeenskap in die wyer samelewing van Suid-Afrika wees – 'n gemeenskap vry van vooroordeel, onderskeid, uitbuiting, korrupsie, en nog meer – 'n gemeenskap waar elkeen welkom is, versorg word en bemagtig word, liefgehê word[42].

---

[38] Sien hoofstuk 4, onder punt 4.1
[39] Sien hoofstuk 4, onder punt 4.2
[40] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.3
[41] Sien hoofstuk 4, onder punt 4.3
[42] Sien hoofstuk 4, onder punt 4.2.1 & 4.2.2



© University of Pretoria

**7.4.3 ONTMOETINGS MET DIE SAMELEWING:**

Vanuit die ontmoeting met God ontdek die individu wie hy/sy (as *Imago Dei*) is. Vanuit hierdie ontmoeting ontdek die individu dat God nie net ŉ relasionale God is nie, maar ook ŉ sturende God is. Vervolgens word die gelowige individu uitgenooi om sy/haar identiteit as gestuurde na die wêreld te ontdek, omhels en te leef. Hierdie derde ontmoeting moet dus nie as losstaande ontmoeting beskou word nie, maar eerder as ŉ natuurlike uitvloeisel van die vorige twee ontmoetings, naamlik: die ontmoeting tussen God en mens, en die ontmoetings tussen mekaar.

Hierdie derde ontmoeting dwing die kerk [en elke gelowige] om nuut te dink oor Christelike identiteit, roeping en lewenswyse. Begrippe soos *gestuurde gemeentes* en *missionale ekklesiologie* wys vir ons iets van hierdie nuwe begrip oor die identiteit en bestaansdoel van die kerk en elke gelowige individu[43]. Hierdie gestuurdheid van die kerk [en elke gelowige] behels meer as blote wen van siele. Veral binne ŉ Suid-Afrikaanse konteks behels hierdie verstaan van Christelike identiteit dat die kerk [en elke gelowige] die bemiddeling van God se totale reddende werke in ŉ persoon se lewe, ŉ soeke na geregtigheid, kontekstualisering, bevryding van alle vorme van onderdrukking/hindernis, inkulturasie, evangelisasie asook getuienis teenoor ander gelowe – sosiale aksie is beslis ŉ onlosmaaklike deel van dié roeping van die kerk [en elke gelowige] (cf. Pieterse 2001, 2009 & 2011; Bosch 1991:393-510; Armstrong 1997:60)[44].

Vanuit die empiriese ondersoek is bevind dat die missionale bewussyn onder lidmate moontlik steeds beperk is tot betrokkenheid by barmhartigheids-optrede teenoor mede-gemeentelede in nood, en in meeste gevalle nog nie groter betrokkenheid in die wyer samelewing en wêreld of ekologie insluit nie. Missionale betrokkenheid, volgens die empiriese ondersoek, blyk steeds verstaan te word as enkele projekte waarby sekere bedieninge (gewoonlik die klein groepie lede van die missionale bediening) van die gemeente betrokke is, en dat gemeentelede se deelname grootliks ten opsigte van donasies verstaan word. Dit wil voorkom asof die besef dat die kerk [en gelowige] se missionale identiteit en roeping die totaliteit van ons dag tot dag bestaan insluit, grootliks ontbreek[45].

---

[43] Sien hoofstuk 5, onder punt 5.1
[44] Sien hoofstuk 5, onder punt 5.2.1
[45] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.5



© University of Pretoria

In die beantwoording op die vraag “wie is ons” moet daar, vandag meer as ooit, gefokus word op die verstaan van die kerk as *dienskneg* en haar rol in die dag-tot-dag bestaanswerklikhede, eerder as om te fokus op begrippe soos *suksesvol*, *groeiend* en *effektief*[46]. Binne die Suid-Afrikaanse konteks sou ‘n missionale ekklesiologie tot gevolg hê dat die kerk [en elke gelowige] haar identiteit en bestaansdoel verstaan as gestuurdes na die totale konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing en sal haar lewenswyse gekenmerk word deur die bestaan van ‘n gemeenskap wat nie beperk tot of uitsluitend van enige kultuur, groep, geslag, taal, ensovoorts is nie, maar gesien word as ‘n alles-en-almal-inklusiewe geloofsgemeenskap wat bewus is van die werklike nood in die samelewing, hul rol ten opsigte van hierdie nood verstaan en aktief in die wyer samelewing betrokke raak (Van der Merwe 2014:4). Só verstaan is die kerk meer as net vier mure waarbinne gelowiges een maal ‘n week vergader, maar ‘n dinamiese, gestuurde, lewende gemeenskap wat in die hier-en-nou werklikhede, oor alle grense heen en in alle dele van die samelewing Christus se hande en voete is.[47]

Daar sal oor nuwe maniere besin moet word oor die rol wat die liturgie in hierdie ontmoeting speel. ‘n Liturgie wat nie missionalisties is nie, maar missionaal; waar Bybelse gasvryheid ‘n belangrike fokuspunt is en waar met teologie en antropologie (God en mens) erns mee gemaak word is nodig. Wepener (2007:735,736) wys op die uitdagings en noodsaaklikheid van liturgiese *inkulturasie* en *interkulturasie* as belangrike elemente van ŉ ware missionale liturgie en erediensbelewenis. Verder sal ŉ missionale liturgie uiting vind in ŉ biddende, lewende, deelnemende gemeenskap, terwyl narratief ook ŉ belangrike rol te speel het[48].

### 7.4.4 DIE VERBAND TUSSEN DIE ONTMOETINGS

Met die gebruik van die grafiek (figuur 2) om die verband tussen die drie ontmoetings uit te beeld, is die keuse gemaak om ŉ sirkel diagram hiervoor te gebruik, met die ontmoeting met God in die middel van die diagram. Hiermee word uitgebeeld dat hierdie ontmoetings nie ŉ eenmalige geleentheid kan/moet wees nie, maar ŉ voortdurende ontmoetingssiklus wat in die Sondag-erediens, maar ook in die erediens van die lewe afspeel. Die ontmoeting met God is die beginpunt en oorsprong van elkeen van die ontmoetings – as dit nie is vir die feit dat God ons ontmoet nie en aan ons openbaar word nie, sou geen ontmoeting (en gepaardgaande

[46] Sien hoofstuk 5, onder punt 5.2.2
[47] Sien hoofstuk 5, onder punt 5.3
[48] Sien hoofstuk 5, onder punt 5.4



© University of Pretoria

identitietsvorming en lewenswyse) moontlik wees nie. Omdat God ons ontmoet en ons toelaat om Hom te leer ken, leer ken ons ons eie persoonlike identiteit as beeld van God, word ons genooi om ander mense en hul stories te ontmoet en ontdek ons dat ons ŉ roeping het as gestuurde na die wêreld. Tóg is hierdie ontmoetings nie losstaande van mekaar nie, maar het dit ŉ wedersydse impak op mekaar:

- Wanneer ons luister na die getuienis van ander, of deur ander se omgee God se teenwoordigheid ervaar, lei dit tot ŉ dieper kennis van God, wat weer lei tot die potensiaal om onsself beter te leer ken as beeld van God. Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat God in die verhale en opinies van ander ontmoet word[49]. Dus: wanneer ons ander ontmoet, word ŉ ruimte geskep waarbinne ŉ ontmoeting tussen God en mens kan plaasvind[50].
- Wanneer ons betrokke raak in die nood van die wêreld, leer ken ons God se *binnekant* deur middel van God se *buitekant.*[51] Hierdie dieper kennis van die beeld van God lei weer tot ŉ dieper verstaan ons eie identiteit as beeld van God. Die empiriese ondersoek beskryf die moontlikheid dat God ontmoet word in dade van gehoorsaamheid en diens[52], en dat die individu se eie identiteit ook in die proses gevorm word wanneer hy/sy tot die besef kom dat God hom/haar wil gebruik.
- Namate ons onder die indruk van God se liefde vir ons kom, het dit die uitwerking dat ons hierdie liefde met ander wil deel en aan ander wil wys – dus lei dit tot dieper gemeenskap met ander[53].
- Nie net het elkeen van die ontmoetings hulle ontstaan te danke aan God nie, maar wys hulle ook telkens weer terug na God. Hoe meer ons groei in ons persoonlike identiteit, hoe meer wil ons soos Dawid in Psalm 139 God loof vir Sy wonderlike handewerk. Ons ontdek God se teenwoordigheid, liefde en sorg in die stories en omgee van ander. Net so vind ons self hoop in God namate ons deel in Sy toetrede tot ŉ stukkende wêreld.

Vanuit die ondersoek (beide teoreties en empiries) van hierdie navorsing blyk daar dus min twyfel te wees oor die belangrikheid van ontmoetings en dat hierdie ontmoetings wel ŉ impak op Christelike identiteit en lewenswyse het. Vanweë die belangrike rol wat die

[49] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.4
[50] Sien hoofstuk 3, onder punt 3.2.4
[51] Sien hoofstuk 5, onder punt 5.1
[52] Sien hoofstuk 3, onder punt 3.2.5
[53] Sien hoofstuk 6, onder punt 6.5.4



© University of Pretoria

erediens in die gereformeerde tradisie vervul, word ŉ sterk saak gestel vir verdere ondersoek na die erediens as ontmoetingsgebeure.

### 7.5 Pragmatiese taak: Hoe moet ons reageer op wat besig is om te gebeur

Om nuut te dink oor ons kerkwees en Christenwees is een ding. Die probleem is nie om nuut te dink nie, maar om nuut te dink en kreatiewe oplossings te vind binne die vinnige tempo waarteen die wêreld aan die verander is. Binne die NG Kerk familie, moet daar vanuit ŉ waardering vir die geskiedenis en die lesse wat daaruit geleer is, op nuwe vars maniere oor ons kerkwees gedink word – ŉ kerkwees waar ons relevant en geloofwaardig binne die huidige tydsgees met sy uitdagings leef. Die navorser sluit aan by die oortuiging van Long (2001:9-11) dat lewende gemeentes juis dié is wat dit regkry om voortdurend nuut te word binne die veranderende konteks, maar steeds getrou te bly aan die ryke geskiedenis en erfenis van die kerk[54].

Dit is die navorser se oortuiging dat die erediens juis vandag ŉ belangrike rol te speel het en dat nuwe moontlikhede vir die erediens en liturgie verken moet word. Die erediens staan sentraal tot die ontdekking en realisering van die kerk se identiteitsvormende- en lewensimpakterende potensiaal in ons bepaalde tydsgees. Dirkie Smit skryf tereg dat die erediens in die hart van die gereformeerde lewe staan, aangesien die erediens die vormende rol binne die gereformeerde tradisie vervul (Smit 2009:106-107). Die erediens se volle potensiaal word ontsluit wanneer ruimte gelaat word vir die ervaring van God se teenwoordigheid, vir pogings om gasvryheid teenoor vreemdelinge te bewys en wanneer daar duidelike lyne getrek word tussen die erediens gebeure en die gemeente se roeping na die wêreld (Van der Merwe 2009a:148-157).

### 7.6 Slotopmerkings

ŉ Nuwe diskoers vir die erediens as lewensimpakterende en identiteitsvormende *ontmoetingsgebeure* is nodig. Dié navorsing is slegs die eerste tree op ŉ uiters noodsaaklike verkenning van ontmoetings in die erediens. Die navorser is van mening dat ŉ herwaardering

[54] Sien hoofstuk 1, onder punt 1.1



© University of Pretoria

van die erediens as ontmoetingsgebeure nodig is. So gesien sal die volgende temas verder ondersoek moet word:

- Ten opsigte van die gebruik van die *sakramente* wil dit vanuit die empiriese ondersoek voorkom asof die sakramente, veral ten opsigte van die praktiese betekenis en waarde daarvan, grootliks onderbenut word. Geen-een van die mede-navorsers het ten opsigte van hul erediens-belewenisse verwys na die sakramente, of die bediening daarvan nie. Tóg, wanneer die sakramente op só wyse bedien word dat die teologiese betekenis daarvan en die toepaslikheid op die individu se lewenswerklikhede duidelik kommunikeer word, behoort hierdie ‘n noemenswaardige impak op die persoon se identiteit en lewensuitkyk te hê. Die sakramente behoort die ideale ruimte te skep vir ‘n intieme ontmoeting met God, met ander en die nood van die wêreld. Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers blyk dit egter nie die geval te wees nie, en moet daar nuut gedink word oor die wyse waarop die sakramente in dié gemeente (en moontlik die kerk in haar geheel) bedien word.
- Die rol van narratief (verhale) in die liturgie blyk van kardinale belang te wees. Vanuit die gesprekke met die mede-navorsers wil dit voorkom dat (veral ten opsigte van die ontmoetings met mekaar en die samelewing) die blote deurgee van inligting nie dieselfde impak het as wanneer hierdie inligting gekoppel word aan werklike verhale nie. Dit wil voorkom dat ‘n liturgie wat ‘n ontmoetingsruimte wil wees erns sal moet maak met die verhale van mense en gemeenskappe, en dit deel maak van die erediensgebeure.
- Vanuit die empiriese ondersoek was dit opvallend dat sommige lidmate wel al enkele Pinksterkerke besoek het, en aanklank gevind het by dié eredienservarings. Die lewendige musiek, informele erediensstyl, praktiese woordverkondiging en oorgawe-momente was positief ervaar. Die NG Kerk kan moontlik baat vind indien sy nie slegs krities teenoor die Pinkster (en meer Charismatiese) kerke staan nie, maar ook bereid is om te luister na die stemme wat vanuit hierdie tradisie tot die harte van die lidmate spreek. Net so het die Charismatiese kerke weer behoefte aan meer tradisionele elemente, soos byvoorbeeld die viering van die nagmaal (cf. Denny & Wepener 2013:1-9).
- ‘n Waardering vir die ryke verskeidenheid van die ‘heilige’ ruimtes, asook die erediens van die lewe is van uiterste belang. Die afleidings wat in hierdie navorsing gemaak word wil dien as motivering vir ‘n herwaardering van die erediens, as



© University of Pretoria

[ontmoetings] gebeure wat sonder begin of einde is, maar eerder voortdurend heen en weer oorspoel tussen die Sondag-erediens en die erediens van die lewe (dag tot dag bestaanwerklikhede).

- Uit die literatuurstudie, sowel as die empiriese ondersoek, wil dit voorkom dat Godsbeelde (en attribute) in die erediens ‘n belangrike ontmoetingselement is en dat dit ‘n definitiewe impak op die erediensganger se identiteit en lewensuitkyk het. Juis daarom is dit belangrik om te let op die Godsbeeld (en attribute) wat in en deur die liturgie kommunikeer word. Godsbeelde wat wys op God se versoenende, transformerende en versorgende optrede kan veral van belang wees binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks. Wat ook belangrik is, is om die erediensganger te help om hierdie Godsbeelde (attribute) toe te eien en die implikasie daarvan vir sy/haar identiteit en dag tot dag bestaan as beeld van God te begryp.
- Die volle omvang van ‘n missionale ekklesiologie en hoe dit in die liturgie teenwoordig is, en prakties kommunikeer word is uiters belangrik. Hierdie missionale ekklesiologie sal erns maak met ‘n kerklike (en individuele) lewenswyse as gestuurde in die alledaagse bestaanswerklikhede van die lidmaat.
- Laastens, wil dié navorsing weg beweeg van die soeke na ‘n “model” vir die erediens, aangesien ‘n “model” ‘n spesifieke formaat of struktuur bestaande uit sekere elemente impliseer. ‘n Verstaan van die liturgie as ontmoetingsruimte, en die erediens as ontmoetingsgebeure, wil ruimte laat vir ‘n spontane, dinamiese, en somtyds onvoorspelbare ontmoeting tussen die lewende God en lewende mense. Die liturgie se rol is om ‘n ruimte te skep hiervoor. Só verstaan is die liturgie ook altyd ‘n liturgie in wording, aangesien God voortdurend met die mens en Sy skepping op reis is, en vorm. Dus is nie net die liturgie voortdurend in wording nie, maar ook die kerk [en elke gelowige].

Bogenoemde temas sal verder ondersoek word in die PhD studie wat volg op hierdie navorsing en daarop wil voortbou. Die verband tussen die liturgie en die lewe, asook die verstaan van die *erediens van die lewe* sal verken word. Verdere ondersoek na ‘n verstaan van die erediens as iets wat nooit ophou nie is nodig – só verstaan word die Sondag erediens voortgesit in elke oomblik van ons dag tot dag bestaanwerklikhede. Dit beteken verder dat daar ondersoek ingestel moet word na die wyse waarop hierdie waarheid in die erediens aan die lidmaat kommunikeer word, sodat hy/sy verstaan dat elke element van die erediens nie



© University of Pretoria

net op Godswaarhede gerig is nie, maar ook praktiese lewensimplikasie vir sy/haar lewe het. In hierdie navorsing is die belangrike rol van ontmoetings in dié verband, veral binne die steeds veranderende Suid Afrikaanse konteks uitgelig. Die verdere ondersoek na die erediens van die lewe is die volgende tree op die navorser se ontdekkingsreis na die identiteitsvormende en lewensimpakterende potensiaal van die erediens. Hieruit kom ander onderwerpe soos die verband tussen liturgie en etiek (en spesifieke ‘n etiese lewenswyse – beide van die kerk en individu), asook tussen die erediens en ‘n publieke teologie moontlik aan die woord.

Hierdie navorsing word afgesluit met die woorde van Van der Merwe (2014:10):

> Die kerk is nie die skepping of resultaat van mens se werk nie. Die vraag: wie is die kerk? Lei nie na ŉ voorgeskrewe stel aktiwiteite nie, maar na ŉ herontdekking en heropname – of nog beter – om heropgeneem te word deur die Bybelse identiteit wat God aan die kerk gegee het as ŉ Geesgeïnspireerde kerk. Die Gees bemagtig die kerk om aan die een kant die evangelie se belofte van vergifnis van sonde te ontvang en om dit tegelykertyd uit te leef in ŉ koinonia van verhoudings wat uitloop in die groter gemeenskap, en wat dié instelling steeds verder oor grense lei, terwyl die evangelie in woord en daad met ŉ gebroke wêreld gedeel word. Dit gaan dus nie oor ŉ stel nuwe dinge om te doen nie. Dit punt waaroor dit gaan, is eenvoudig: Jy is die kerk, so wees kerk.

Mag dit so wees.



© University of Pretoria

## BIBLIOGRAFIE

Aguilar, M 2005, 'The Archeology of Memory and the Issue of Colonialism: Mimesis and the Controversial Tribute to Caeser in Mark 12:13-17', *Biblical Theology Bulletin*, vol.35, pp.60-66.

Ahmed, AU, Hill, RV, Smith, LC, Wiesman, DM & Frankenberger, T 2007. *Characteristics and causes of extreme poverty and hunger*, International Food Policy Research Institute, Washington, D.C.

Anderson, RS 1997, *The soul of Ministry: Forming Leaders for God's People*, Westminister, John Knox, Louisville, K.Y.

Anderson, RS 2001, *The shape of practical Theology*, Inter Varsity, Downers Grove, IL.

Armour, MC & Browning, D 1995, *Systems-Sensitive Leadership. Empowering Diversity Without Polarizing The Church*, College Press Publishing Company, Missouri.

Armstrong, RS 1997, *Service Evangelism*, Westminster Press: Philadelphia, P.A.

Baldovin, JF 2013, The Development of the Liturgy: Theological and Historical Roots of Sacrosanctum Concilium, *Worship*, vol.87, pp. 517-532, besoek op 07-03-2016, http://eds.a.ebscohost.com.uplib.idm.oclc.org/ehost/pdfviewer/pdfviewer?sid=00eae0a5-fe6c-476c-a3bf-ef8e75461331%40sessionmgr4004&vid=3&hid=4108.

Barnard, AC 1981, *Die erediens*, NGKB Transvaal, Pretoria.



© University of Pretoria

Barnard, M 2000, *Liturgiek als wetenschap van christelijke riten en symbolen*, Vossiuspers, Amsterdam.

Barnard, M, Cilliërs, JH & Wepener, CJ 2014, *Worship in the Network Culture. Liturgical Ritual Studies. Fields and Methods, Concepts and Metaphors*, Peeters Press, Paris.

Barnard, M & Post, P (reds.) 2001, *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*. Meinema, Zoetermeer.

Barnard, M & Schuman, NA (eindred.) 2002, *Nieuwe wegen in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg*. Meinema, Zoetermeer.

Bauman, Z 1998, 'Postmodern religion?' in: Heelas, P (red.), *Religion, Modernity and Postmodernity*. Blackwell Publishers, Oxford, pp.55-78.

Baumstark, A 2011, *On the Historical Development of the Liturgy*, Liturgical Press, Minnesota.

Bediako, K 1995, *Christianity in Africa: The Renewal of a Non-Western Religion*, Edinburgh University Press, Edinburgh.

Bell, C 1992, *Ritual theory, ritual practice,* Oxford University Press, New York.

Berg, BL 2004, *Qualitative Research Methods for the Social Sciences: International student edition*, Pearson Education Inc., California State University, Long Beach.



© University of Pretoria

Blake, CA 2012, 'Social Identity Theory and Biblical Interpretation', *Biblical Theology Bulletin*, vol. 42, nr. 3, pp.129-138, besoek op 11-05-2016, http://btb.sagepub.com.

Boff, L 1988, *Trinity and Society*, Orbis Books, Maryknoll, N.Y.

Bosch, DJ 1991, *Transforming Mission, Paradigm shifts in Theology of Mission*, Maryknoll, New York.

Botman, HR & Petersen, RM 1996, *To remember and to heal*, Human & Rousseau, Cape Town.

Brienen, T 1987, *De liturgie bij Johannes Calvijn: zijn publicaties en zijn visies*, De Groot/Goudriaan, Kampen.

Brink, ER 1995, 'Changing the way we worship', *Reformed Worship*, vol.37, pp.2-3.

Brink, ER (red.) 1997, *Authentic worship in a changing culture: study report CRC*, CRC Publications, Grand Rapids, MI.

Burger, CW 1995, *Gemeentes in Transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*, Lux Verbi, Kaapstad.

Burger, CW 1999, *Gemeentes in die Kragveld van die Gees*, CLF-Drukkers, Bloemfontein.

Burger, CW 2005, *Ontmoetings met die lewende God: Hoe God ons roep, nuut maak en stuur*, Lux Verbi BM, Wellington.



© University of Pretoria

Burger, CW 2008, 'Die reformatoriese verstaan van die geloofgemeenskap (gemeente) as 'n publieke gemeenskap', *Scriptura*, vol. 99, pp. 247-258.

Burger, CW 2009, 'Ontdek die belang van die erediens' in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 15-30.

Cilliers, JH 2008a, *Formations and movements of Christian Spirituality in urban African Contexts*, paper presented at the conference Interkulturelle Religionshermeutik – Das Verstehen des Fremden, Religion und Politik in Afrika. Humboldt University, Berlin, 10 July.

----2008b, 'In die Omtrek van die Gees: 'n Besinning oor die ruimtelikheid van Liturgie', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, vol.23, nr.2, pp.1-21.

Cilliers, JH 2009, 'As it is in Heaven? Reflections on Liturgical Reframing', *Scriptura*, vol. 1002, pp.511-519.

Cilliers, JH 2013, 'Between fragments and fullness: Worshiping in the inbetween spaces of Africa', *HTS Teologiese studies/Theological studies*, vol.69, nr.2, Art.#1296, 6 bladsye, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i2.1296.

Cilliers, JH & Wepener, CJ 2007, 'Ritual and the Generation of Social Capital in Contexts of Poverty: A South African Exploration', *International Journal of Practical Theology*, vol.11, nr.1, pp.39-55.

Clasen, F, Bartlett, A, Carstens, C, & Schoeman, F 2012, Handleiding vir die erediens. Resensie 5, *NGTT*, besoek op 16-03-2016, http://ngtt.journals.ac.za.



© University of Pretoria

Confino, A 1997, ‘Memory and Cultural History: Problems of Method’, *The American Historical Review*, vol.102, pp.1386-1403.

Crime Statistics South Africa, besoek op 26-02-2016, http://www.crimestatssa.com.

De Klerk, BJ 2000, ‘Die liturgie van die huisgesin’, in JH Van Wyk (red.), *Kerk- en Christenwees vandag*, Potchefstroomse Teologiese Publikasies, Potchefstroom, pp.90-109.

De Klerk, BJ 2001, ‘Wisselwerking tussen liturgie en kultuur in die Suid Afrikaanse konteks – Enkele vertrekpunte’, *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, vol.16, nr.2, pp.57-75.

De Klerk, BJ, De Wet, FW & Letšosa, RS 2011, ‘A homiletic reflection on the theological aesthetics involved in picturing God in a fragmented South African society’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, vol.67, nr.2, Art. #1018, 8 bladsye, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i2.1018.

De Klerk, BJ 2013, *Liturgical Involvement in Society. Perspectives from Sub-Saharan Africa*, Potchefstroomse Teologiese Publikasies, Noordbrug.

Denny, L 2013, *The Spirit and the meal. A Ritual-Liturgical evaluation of Charismatic Worship*, University of Pretoria.

Denny, L & Wepener, C, 2013, ‘The Spirit *and* the meal as a model for Charismatic worship: A practicaltheological exploration’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(1), Art.#2025, 9 pages, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.2025, besoek op 12-08-2016.



© University of Pretoria

Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2013.

Douglas, M 1971, 'Deciphering a meal', in C Geertz (red.), *Myth, symbol and culture,* W.W. Norton & Company, New York, pp.61-81.

Drane, J 2001, *The McDonaldization of the Church. Consumer Culture and the church's future,* Smyth & Helwys Publishing Inc., Maco, Georgia.

Dreyer, WA 2013, 'Missional ecclesiology as basis for a new church order: A case study', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, vol.69, nr.1, Art.#1368, 5 bladsye, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.1368.

Dreyer, Y 2012, *Transvaluation of values in Practical Theology – a circular movement* (Inaugural address University of Pretoria, 28 August 2012).

Duling, DC 2006, 'Presenting the Issue – Social Memory and Biblical Studies: Theory, Method and Application', *Biblical Theology Bulletin*, vol.36, pp.2-4.

Dulles, A 2002, *Models of the Church: Expanded edition*. Doubleday, N.Y.

Du Rand, J 2007, *The many faces of God*, SUN Press, Stellenbosch.

Du Toit, C 1998, 'African Hermeneutics', in S Maimela & A König (reds.), *Initiation into Theology: The Rich Variety of Theology and Hermeneutics*. J.L. van Schaik, Pretoria, pp. 373-398.



© University of Pretoria

Easum, W 1995, *Sacred cows make gourmet burgers*, Abingdon, Nashville.

Eliade, M 1959, *The sacred and the profane: the nature of religion*. Trans. WR Trask. Harcourt, Brace & World, Inc, New York.

Felde, M 1998, 'Truly vernacular worship for the sake of the gospel', *International review of Mission*, vol.87, pp.39-47.

Fenwick, JRK & Spinks, BD 1995, *Worship in transition: the liturgical movement in the twentieth century*, Continuum, New York.

Forster, DA 2015, 'What hope is there for South Africa? A public theological reflection on the role of the church as a bearer of hope for the future', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*, vol.71, nr.1, Art. #2814, 13 bladsye, besoek op 13-04-2016, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.2814.

Grimes, RL 1990, *Ritual Criticism: Case Studies in Its Practice, Essays on Its Theory*, University of South Carolina Press, South Carolina.

----2014, *The craft of ritual studies*, Oxford University Press, Oxford:New York.

Guder, DL 1998, *Missional church: A vision for the sending of the church in North America*, Eerdmans, Grand Rapids.

Guder, DL 2000, *The continuing conversion of the church*, Wm. B. Eerdmans Publishing, Grand Rapids.



© University of Pretoria

Guthrie, SC 1994, *Christian Doctrine*, revised edn., Westminister/John Knox Press, Louisville.

Hall, C 2007, *Missional Possible: Steps to transform a consumer church into a missional church*, Leadership Winter.

Hall, S 1993, 'Cultural Identity and Diaspora', in P Williams & L Chrisman (reds.), *Colonial Discourse & Postcolonial Theory: A Reader*, Harvester Wheatsheaf, New York.

Hancke, FJ 2005, *Factors influencing comprehensive personal witness and enlarging missional involvement in the local church*, PhD thesis, Departement of Theology, University of the Free State.

Harper, J 1991, *The forms and orders of western liturgy from the tenth to the eighteenth century*, Clarendon, Oxford.

Hays, RB 1996, *The Moral Vision of the New Testament. Community, Cross, New Creation: A Contemporary Introduction to New Testament Ethics*, HarperOne, New York.

Hendriks, HJ 2005, 'Census 2001: Religion in South Africa with Denominational Trends 1911–2001', in *South African Christian Handbook 2005–2006*, Christian Network, Cape Town, pp. 29, 39-40, 83.

Heyns, W 1903, *Liturgiek*, Holkeboer, Grand Rapids.

Hooker, P 2008, 'What is missional ecclesiology', in *Northeast Georgia Presbytery*, besoek op 14-06-2016, http://www.negapby.org/missionalecc.pdf.



© University of Pretoria

Hubbard, P, Kitchin, R & Valentine, G (reds.) 2004, 'Key thinkers on space and place', *Sage Publications*, pp.1-15, London.

Immink, FG 2001, 'Preken. De Reformatorische preek', in *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*, Meinema, Zoetermeer.

Immink, FG 2011, *Het Heiligegebeurt.Praktijk, theologie en traditie van de protestantsekerkdienst*, Boekencentrum, Zoetermeer.

Immink, FG & Vos, CJA **(**red**.)** 2009, *GOD in 'n kantelende wêreld*, Protea, Hatfield.

Jenni, I & Westerman, C 1997, *Theological lexicon of the Old Testament*, Vol. 3, Hendrickson, Peabody.

Jonker, H s.a. *Liturgische oriëntatie*, Zomer & Keunings, Wageningen.

Klauser, T 1973, *A short history of the Western liturgy: an account and some reflections.* Trans. by John Halliburton, Oxford University Press, London.

Klein, KL 2000, 'On the Emergence of Memory in Historical Discourse', *Representations,* vol.69, pp.127-150.

Kruisgewys, Junie 2013. *Wat sien ons in Kerkspieël 2010? Meningsopname van erediensbywoners*.

Kunin, SD 1998, *God's place in the world. Sacred Space and sacred Place in Judaïsm,* Cassel, London and New York.



© University of Pretoria

Labuschagne, FJ & Eksteen, LC 1993, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, agste uitgawe, J.L van Schaik, Pretoria.

Leijssen, L 1998, 'Geschiedenis van de christelijke verzoening in vogelvlucht: Hermeneutische reflecties', in G Lukken & J de Wit (reds.), *Gebroken bestaan 1: Rituelen rond vergeving en verzoening*, Gooi & Sticht, Baarn.

Lilienthal, D 1998, 'Avoda – gebed en werken', in R Munk (red.), *Voor Zijn aangezicht. Een gesprek van Joden en christenen over bidden*. Kampen, pp. 61-78.

Long, TG 2001, *Beyond the Worship Wars: Building vital and faithful Worship*, Alban Institute, Bethesda,MD.

Louw, JP & Nida, EA 1988, *Greek-English Lexicon of the New Testament*, United Bible Societies, New York.

Louw, D 2008, *Cura Vitae: Illness and the healing of life*, Lux Verbi BM, Wellington.

Lukken, G 1999, *Rituelen in overvloed. Een kritische bezinning op de plaats en de gestalte van het christelijk ritueel in onze cultuur*, Gooi & Sticht, Baarn.

Marais, JFM 2005, *Observations from the Partnership of Missional Churches. Things that struck us thus far and things we thought about*. Unpublished paper: Buvton.

Maynard-Reid, PU 2000, *Diverse Worship*, InterVarsity, Downers Grove.

Mbiti, JS 1969, *African Religions and Philosophy*, Heinemann, London.



© University of Pretoria

McGaughey, DR 1999, “More than right: a theological contribution to a discussion of cultural pluralism’, *Journal of theology for Southern Africa*, vol.104, pp.69-73.

McGrath, AE 2001, *Christian Theology. An Introduction,* 3rd ed., Blackwell Publishing, Oxford.

McKaiser, E 2014, *Could I vote DA? A voter's dilemma,* Bookstorm, Johannesburg.

McKim, DK 2001, *Introducing the Reformed Faith. Biblical revelation, Christian tradition, contemporary significance*, Westminister John Knox Press, London.

McLaren, BD 2006, *Church on the other side,* Zondervan, Grand Rapids, Michigan.

Meiring, PGJ 1994, ‘Mission: Who?’, in JJ Kritzinger, PGJ Meiring & WA Saayman, *On being Witnesses*, Orion Publishers, Halfway House, pp.40-72.

Meiring, A 2008, ‘Rethinking Missio Dei: a conversation with postmodern and African Theologies’, *Verbum et Ecclesia*, vol.29, nr.3, pp.791-818.

Migliore, DL 2004, *Faith seeking understanding: An Introduction to Christian Theology,* William B. Eerdmans Publishing Company, Cambridge.

Milbank, J 1997, ‘Postmodern Critical Augustinianism: A short summa in Forty-two Responses to Unasked Questions’, in G Ward (red.), *The Postmodern God: A Theological Reader*, Blackwell Publishers, Oxford, pp.265-278.



© University of Pretoria

Miller-McLemore, B (red.) 2012, *The Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology*, Oxford.

Minatrea, M 2004, 'Missional Practice Number Four. Rewrite Worship Every Week', in M Minatrea, *Shaped by GOD's heart. The Passion and Practices of Missional Churches*, Jossey-Bass, San Francisco, p.67.

Morris, CG 1999, *Psychology: An Introduction*, Prentice Hall, New Jersey.

Müller, BA 2006a, 'Liturgie as agent in transformasieprosesse', *NGTT*, vol.47, nr.3&4, pp. 600-608.

----2006b. 'The role of worship and ethics on the road towards reconciliation', *Verbum Et Ecclesia JRG*, vol.27, nr.2, pp. 641-663.

Müller, J 1990, *Die erediens as fees*, NGKB, Pretoria.

*Nairobi Statement on Worship and Culture*, 1996, besoek op 18-03-2016, http://worship.calvin.edu/resources/resource-library/nairobi-statement-on-worship-and-culture-full-text/.

Naudé, B 1995, *My land van hoop: Die lewe van Beyers Naudé*, Human & Rousseau, Cape Town.

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), 2013a, *Agenda vir die 15de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduiste Gereformeerde Kerk 2013*, 06-10. Oktober 2013.



© University of Pretoria

Nell, IA 2009, 'Leaders lost in transition: A case study in leadership, ritual and social capital', *NGTT*, vol.50, nr.1 & 2, pp.160-170.

Niemandt, CJP 2015, 'Together towards life and mission: A basis for good governance in church and society today', *Verbum et Ecclesia*, vol.36, nr.1, Art.#1361, pp.1-10, besoek op 15-06-2016, http://www.dx.doi.org/10.4102/ve.v36i1.1361.

Niemandt, N 2007, *Nuwe drome in nuwe werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*, Lux Verbi BM, Wellington.

Niemandt, N 2013, *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Notule Handelinge vir die vyftiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2007. Veremarksaal: Port Elizabeth

Nouwen, HJM 1984, *The Living Reminder: Service and Prayer in Memory of Jesus Christ*, HarperCollins.

Oberholzer, JP 1999, 'Terug op die pad', in DJC van Wyk (red.), *20ste Eeu Hervormde Teologie*, pp. 449-462, Sentik, Pretoria.

Oduyoye, MA 1998, 'African Women's Hermeneutics', in S Maimela, & A König (reds.), *Initiation into Theology and Hermeneutics*, J.L. van Schaik, Pretoria, pp.359-372.

Olick, JK 1999, 'Collective Memory: The Two Cultures', *Sociological Theory*, vol.17, pp.333-348.



© University of Pretoria

Olick, JK 2006, 'Products, Processes and Practices: A Non-Reificatory Approach to Collective Memory', *Biblical Theology Bulletin*, vol.36, pp.5-14.

Olick, JK & Robbins, J 1998, 'Social Memory Studies: From 'Collective Memory' to Historical Sociology of Mnemonic Practices', *Annual Review of Sociology*, vol.24, pp.105-140.

Osmer, RO 2005, *The Teaching Ministry of Congregations*, Westminister, Louisville.

Osmer, RR 2008, *Practical Theology: An Introduction*, Wm.B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

Pannenberg, W 1991, *Systematic Theology*, trans. GW Bromily, 3 vols, Wm.B.Eerdmans Publishing, Grand Rapids, vol. 2, pp.20-35.

Pelser, GMM 1995, 'Die kerk in die Nuwe Testament', *HTS Teologiese studies/Theological studies*, vol.51, nr.3, pp. 645-676, http://dx.doi.org/10.4102/hts.vs1i3.1421.

Peterson, CM 2013, *Who is the church? An ecclesiology for the twenty-first century*, Fortress Press, Minneapolis, MN.

Pieterse, HJC 2001, *Prediking in die konteks van armoede*, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

----2009, 'Prediking oor die koninkryk van God: 'n Uitdaging in 'n nuwe konteks van armoede', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 65(1), Art. #106, 6 pages. Besoek op 12-08-2016, DOI:10.4102/ht s.v65i1.106.



© University of Pretoria

----2011, ‘A church with character and its social capital for projects amongst the poor’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(3), Art. #1046, 8 pages. Besoek op 12-08-2016, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i3.1046.

----2012, *Die Suid-Afrikaanse Liturgiese Landskap*, besoek op 14-03-2016, www.teo.co.za.

Platinga, C & Rozenboom, SA (reds.) 2003, *Discerning the spirits. A guide to thinking about Christian Worship today*, Eerdmans, Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK.

Popenoe, D, Cunningham, P & Boult, B 1998, *Sociology: First South African Edition*. Prentice Hall South Africa (Pty) Ltd, New Jersey.

Post, PGJ 2001, ‘Introduction and application. Feast as a key concept in a liturgical studies research design’, in PGJ Post, G Rouwhorst, L van Tongeren & A Scheer (reds.), *Christian feast and festival: The dynamics of Western liturgy and culture*, pp. 47–77, Peeters, Leuven.

Ramsey, P 1979, ‘Liturgy and ethics’, *Journal of Rel Ethics*, pp.139-171.

Reif, SC 1999, ‘The early liturgy of the synagogue’, in WD Horbury & J Sturdy (reds.), *The Cambridge history of Judaism*, vol.3, pp.326-357, University Press, Cambridge.

Ries, J & Hendriks, HJ 2013, ‘Koinonia en diakonia as ’n missionale koninkryksdans’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, vol.69, nr.2, Art.#1249, 8 bladsye, besoek op 11-05-2016, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i2.1249.

Root, A 2014, *Christopraxis. A Practical Theology of the Cross*, Fortress Press, Minneapolis.

Rossouw, PJ 1988, *Gereformeerde Ampsbediening*, NGKB, Pretoria.



© University of Pretoria

*Sacrosanctum Concilium*, besoek op 12-03-2016, www.vatican.va.

Schoeman, WJ 2012, 'Op soek na gemeentes met integriteit: die bydrae van CW Burger', *NGTT*, vol.53, nr.3&4, pp.302-311.

Schoeman, K 2010, 'The racial discourse and the Dutch Reformed Church: Looking through a descriptive lens towards a normative task', *Acta Theologica*, vol.30, nr.2, pp.130−151.

Schreiter, R 1985, *Constructing local theologies*, Orbis Books, Maryknoll, NY.

Schleiermacher, F 1988, *On Religion: Speeches to its cultured despisers*, transl. R Crouter, Cambridge University Press, Cambridge.

Schreiter, R 1992, 'Reconciliation. Mission and Ministry in a Changing Social Order, *The Boston Theological Institute Series*, vol.3, pp.55-76, Orbis Books, Maryknoll, N.Y.

Schwartz, B 1982, 'The Social Context of Commemoration: A Study in Collective Memory', *Social Forces*, vol.61, pp.374-402.

Senn, FC 1997, *Christian liturgy. Catholic and Evangelical*, Fortress, Minneapolis.

Senn, FC 2000, *New Creation: a liturgical worldview*, Fortress, Minneapolis.

Skhakhane, J 1995, 'African Spirituality', in M Makobane, B Sithole & M Shiya (reds.), *The church and African culture*, Lurnka, Germiston, pp.105-115.



© University of Pretoria

Smit, DJ 2003, *Vernuwe!-na die beeld van ons Skepper. Wat Christene bely oor God die Skepper*, Lux Verbi BM, Wellington.

Smit, DJ 2004a, *Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi? - Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek*. Dokument voorgelees tydens ՚n vergadering getiteld *Liturgy and ethics*. Stellenbosch Universiteit: Buvton.

----2004b, 'Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi? - Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek', *NGTT*, vol.45, nr.3&4, pp.887-907.

----2004c, 'Oor die kerk en maatskaplike uitdagings in ons land', *NGTT*, vol.45, nr.2, pp.350-362.

Smit, DJ 2008, 'Ekklesiologiese merkers vir missionêre gemeentebediening in ՚n postmoderne wêreld', *NGTT*, vol.49, nr.1&2, pp.106-117.

Smit, DJ 2009, 'Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 87-108.

Smit, GH 2010, 'Aanbidding en prediking in missionale gemeentes – homlileties-liturgiese beskouïnge van missionêre gemeentebediening', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, vol.66, nr.1, Art.#313, 6 bladsye, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v66i1.313.

Smith, SB & Dreyer, Y 2014, 'Die betekenis van ritueelteorie vir rousmart pastoraat', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, vol.70, nr.3, Art. #2770, 10 bladsye, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i3.2770.

Soja, EA 1996, *Thirdspace: journeys to Los Angeles and other real-and-imagined places*, Blackwell, Oxford.



© University of Pretoria

Sørensen, J 2007, 'Acts that work: A cognitive approach to ritual agency', *Method and Theory in the Study of Religion,* vol.19, nr.3/4, pp.281−300.

South African Council of Churches (SACC), 1968, *'A message to the people of South Africa',* Johannesburg, besoek op 11-04-2016, http://www.sacc.org.za/ARCHIVED%20SACCNEWS/about/celebrate16.html.

Statistics South Africa, *Statistical Release P0277*, besoek op 26-02-2016, http://www.statssa.gov.za/?page_id=1859.

Steenkamp, LJS 1995, 'Die kerk onderweg na die 21ste eeu: 'n Kritiese besinning oor kerkwees in 'n veranderende konteks in Suid Afrika', *HTS Teologiese studies/Theological Studies*, vol.5 nr.3, pp.604-622, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v51i3.1418.

Stringer, MD 2005, *A Sociological History of Christian Worship*, University Press, Cambridge.

Struwig, FW & Stead, GB 2001, *Planning, designing and reporting research*, Masker Miller Longman (Pty) Ltd., Pinelands, Cape Town.

Sweet, L 1999, *Soultsunami: Sink or swim in new millennium culture*, Zondervan, Grand Rapids.

Tajfel, H 1982, *Social Identity and Intergroup Relations*, University Press, Cambridge.



© University of Pretoria

Tajfel, H & Turner, JC 1986, 'The Social Identity Theory of Intergroup Behavior', in WG Austin & S Worchel (reds.), *Psychology of Intergoup Relation*, Brooks/Cole, Monterey, CA, pp.33-47.

Ter Haar, G 2009, *How GOD became African. African Spirituality and Western Secular thought*, University of Pennsylvania Press, Philadelphia, vii-ix & 21.

*Transparency International* (TI), besoek op 26-02-2016, http://www.transparency.org/research/cpi/overview.

Trimp, C 1983, *De gemeente en haar liturgie*, Van den Berg, Kampen.

Turner, JC 1987, *Rediscovering the Social Group: Self-Categorization Theory*, Blackwell, New York.

Uytenbogaardt, H 2002, 'Breek ons, HEER, het brood: eucharistie en de SoW-kerken', in *Nieuwe wegen in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg*, Meinema, Zoetemeer.

Van den Brom, L 2009, 'Kerk als gemeenschap: beeld van God', in FG Immink & CJA Vos (red.), *GOD in 'n kantelende wêreld*, Protea, Hatfield.

Van der Merwe, J 2009a, 'Ontdek die nege lense op die erediens', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 147-164.

----2009b, 'Tien hedendaagse Liturgiese skuiwe', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 250-251.

----2009c, 'Ontdek die doop en geloofsbevestiging', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 129-146.



© University of Pretoria

Van der Merwe, J & Wepener, C 2009, *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington.

Van der Merwe, JC 2014, ''n Narratief vir kerk-wees vandag', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, vol.70, nr.1, Art.#2699, 13 bladsye, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2699.

Van der Schyff, SP & De Klerk, BJ 2010, 'Basisteoretiese vertrekpunte op die aard en die begronding van 'n skrifgefundeerde liturgie', *In die Skriflig*, vol.44, nr.3&4, pp. 603-626.

Van Eck, E 2011, 'Social Memory and Identity: Luke 19:12b-24 and 27', *Biblical Theology Bulletin*, vol.41, nr.4, pp.201-212, besoek op 24-05-2016, http://btb.sagepub.com.

Van Gelder, C 2007, *The Ministry of the Missional Church. A community led by the Spirit*, Baker Books, Grand Rapids.

Van Tongeren, L 1997, 'Liturgie in context', *Tijdschrift voor liturgie*, vol.81, nr.3, pp.178-198.

*Vir die Erediens. 'n Handleiding* 2007, Bybelmedia, Wellington.

Van Tongeren, L 2001, 'Bidden. Om te worden wie je bent', in *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*, Meinema, Zoetermeer.

Verkuyl, J 1979. 'The Kingdom of God as the goal of the Missio Dei', *International Review of Mission*, vol.68, nr.270, pp.168-175.



© University of Pretoria

Versfeld, M 1983, *The philosopher's cookbook,* Old Castle Books, Harpenden.

Vos, CJA 1995, *Die blye tyding: homilitiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief,* RGN, Pretoria.

Vos, CJA 2010, 'Godsbeelde in die liturgie', *HTS Teologiese studies/Theological Studies*, vol.66, nr.2, pp.1-5.

Vos, CJA & Pieterse, HJC 1997, *Hoe lieflik is U woning*, RGN, Pretoria.

Vos, CJA & Wepener, CJ 2014, *Tussen God en mens. 'n Literêr-estetiese benadering tot liturgie en prediking in 'n skuiwende kultuur*, STN Drukker, Pretoria.

Wuthnow, R 1994, *Sharing the journey: Support groups and America's new quest for Community*, The Free Press, New York.

Webber, RE 1998, *Planning Blended Worship. The creative mixture of old and new*, Abingdon Press, Nashville.

Wegman, HAJ 1976, *Christian Worship in East and West. A Study guide to Liturgical History*, Pueblo Publishing Company, New York.

Wepener, CJ 2003, 'Liturgie en Versoening vóór die Reformasie: 312-600 AD', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, vol.18, nr.2, pp.194-210.



© University of Pretoria

Wepener, CJ & Pauw, C 2004, 'Terug na die toekoms – oor die samehang tussen rituele tyd en identiteit', Scriptura:International Journal of the Bible, Religion and Theology in Southern Africa, vol.85, pp.110-122.

Wepener, CJ 2006a, 'The object and aim of multi-disciplinary liturgical research', *Scriptura*, vol.93, pp.384-400.

----2006b, 'Participation and Power: Opportunities for Method and Theory in Liturgical Research from a Changing (Dutch Reformed) South African Liturgical Landscape', *Jaarboek voor Liturgie-onderzoek*, vol.22, pp.50–51.

Wepener, CJ 2007, 'Participation and power. Opportunities for method and theory in liturgical research from a changing (Dutch Reformed) South African liturgical landscape', *NGTT*, vol.48, nr.3&4, pp.730-742.

Wepener, CJ 2008, 'Towards a missional liturgy', *NGTT*, vol.49, nr.1&2, pp.206-219.

Wepener, CJ 2009a, *From fast to feast. A Ritual-Liturgical Exploration of Reconciliation in South African Cultural Contexts* Liturgia Condenda 19, Peeters Pers, Leuven.

----2009b, 'Ontdek die draaipunte in die geskiedenis van die liturgie', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 69-86.

----2009c, 'Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 181-194.

Wepener, CJ 2010, 'Snert: Ritual-Liturgical measurements and recipes for Social Capital', *Verbum et Ecclesia*, vol.31, nr.1, Art #407, 7 bladsye, besoek op 13-05-2016, http://www.ve.org.za.



© University of Pretoria

Wepener, CJ 2014, 'Liturgical 'Reform' in Sub-Saharan Africa: Some observations on Worship, Language and Culture', *Studia Liturgica*, vol.44, nr.1&2, pp.82-95.

Wepener, CJ 2016, *Appropriating the Psalms in liturgy as a source of spiritual capital for the poor in Africa*, Ongepubliseerde artikel.

Wepener, CJ & Bartlett, A 2014, 'Die erediens as fees of die fees as erediens?: ŉ Andrew Murray pryswenner ŉ kwarteeu later herlees', *Verbum et Ecclesia* vol.35, nr.2, Art.#1249, 8 bladsye, http://dx.dol.org/10.4102/ve.v35/2.1249.

Wepener, CJ & Cilliërs, JH 2006, 'Research on Liturgy and the Generation of Social Capital in Contexts of Poverty in South Africa. A Theoretical Departure', *NGTT*, vol.47, nr.3&4, pp.786-798.

Wepener, CJ, Swart, I, Ter Haar, G & Barnard, M 2010, 'The Role of Religious Ritual in Social Capital Formation for Poverty Alleviation and Social Development. Theoretical and Methodological Points of Departure of a South African Exploration', *Religion & Theology*, vol.17, pp.61–82, Brill.

Wessels, F 2009, 'Ontdek die Joodse wortels van die erediens', in Cas Wepener & Johan van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, Lux Verbi BM, Wellington, pp. 31-50.

White, JF 2000, *Introduction to Christian Worship*, 3rd ed., Abingdon Press, Nashville.

World Values Survey 2000, *Unpublished data obtained from Markinor, Unit for Religion and Development Research*, Stellenbosch.



© University of Pretoria

Ysseldek, R, Matheson, K & Anisman, H 2010, 'Religiosity as Identity: Toward an Understanding of Religion from a Social Identity Perspective', *Personality and Social Psychology Review*, vol.14, nr.1, pp.60-67, SAGE, Canada.

Zimmerman, JA 1993, *Liturgy as Living Faith*, Associated University Press Inc., Cranbury, NJ.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## ADDENDUM A

## INGELIGTE TOESTEMMING VANAF DIE BESTUURSRAAD VAN DIE DEELNEMENDE GEMEENTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Departement Praktiese Teologie

**Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming vir deelname aan akademiese navorsing.**

**Navorsingstitel:**
Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende [ontmoetings] gebeure.
**Navorser:**
Ds. Jaco Barnard (MTh student aan die Universiteit van Pretoria)
0823029807 of jaco@nggars.org.za

---

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsing studie van die rol wat liturgie in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse speel. Die navorsing fokus spesifiek op die NG Kerk in Suid Afrika, en vanweë u lidmaatskap van die NG Kerk familie is u 'n geskikte kandidaat vir deelname aan hierdie studie. Elke deelnemer moet hierdie dokument lees, verstaan en onderteken voor die begin van die studie. Indien 'n kind onder die ouderom van 18jaar is en versoek word om aan die studie deel te neem, moet die ouer/wettige voog toestemming vir deelname aan die studie verleen. Kinders tussen die ouderom van 7 tot 18jaar moet ook die nodige toestemmings vorm voltooi.

- **Doel van die studie**: Die doel van die studie is om die rol van die liturgie (erediens gebeure) in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te ondersoek. Die navorsing kan moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. 'n Afskrif van die bevindinge sal beskikbaar gestel word op versoek.
- **Duur van die studie**: Die studies al geskied oor 'n tydperk van 1 jaar en sal voltooi word op 31 Oktober 2016.
- **Navorsing prosedure**: Die navorsing maak gebruik van literatuurstudie asook persoonlike onderhoude met 5 lidmate (van verskillende profiele) van 1 gemeente na afloop van die gemeente se primêre erediens. Die datum van dié besoek en onderhoude sal in oorleg met die gemeenteleraars en Bestuursraad bepaal word.
- **U regte**: U deelname aan hierdie navorsing is uiters belangrik en sal opreg waardeer word. U mag egter weier om aan die navorsing deel te neem en mag op enige stadium, sonder rede of negatiewe gevolge, ophou om deel te neem. U as deelnemer mag op enige stadium die navorser kontak indien u enige navrae rakende die navorsing het. Die deelnemer, sowel as die navorser moet 'n ondertekende afskrif van hierdie dokument behou.

Faculty of Theology
University of Pretoria
PRETORIA 0002
South Africa



© University of Pretoria

- **Vertroulikheid**: Alle inligting wat deur die navorsing bekom word sal onderhewig wees aan die vertroulikheid van die deelnemende persone en gemeente. Die betrokke gemeente en deelnemers sal anoniem bly. Die onverwerkte data sal slegs deur die navorser (ds. Jaco Barnard), die navorser se studieleier (in dié geval prof. Cas Wepener) en die tikster van die transkrip (mev. Estelle Barnard) onder oë geneem word. Verwerkte data (as deel van die navorsing) mag moontlik in 'n akademiese joernaal publiseer word. Alle inligting sal op versoek van die deelnemer beskikbaar gestel word. Die relevante data sal vernietig word sou u verkies om te onttrek.

## Geskrewe ingeligte toestemming

Hiermee bevestig die Bestuursraad van die deelnemende gemeente (anoniem) dat ons ten volle ingelig was oor die aard en fokus van die navorsing studie waarvan die gemeente gevra is om aan deel te neem. Die Bestuursraad verstaan dat dit op enige stadium, sonder gevolge, ons toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Die Bestuursraad het voldoende geleentheid gehad om vrae te vra.

Voorsitter van die Bestuursraad: ____________________

Navorser: ____________________

Datum: 24/07/2016





© University of Pretoria

## ADDENDUM B

## INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 1

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Departement Praktiese Teologie

**Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming vir deelname aan akademiese navorsing.**

**Navorsingstitel:**
Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende [ontmoetings] gebeure.
**Navorser:**
Ds. Jaco Barnard (MTh student aan die Universiteit van Pretoria)
0823029807 of jaco@nggars.org.za

---

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsing studie van die rol wat liturgie in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse speel. Die navorsing fokus spesifiek op die NG Kerk in Suid Afrika, en vanweë u lidmaatskap van die NG Kerk is u 'n geskikte kandidaat vir deelname aan hierdie studie. Elke deelnemer moet hierdie dokument lees, verstaan en onderteken voor die begin van die studie. Indien 'n kind onder die ouderom van 18jaar is en versoek word om aan die studie deel te neem, moet die ouer/wettige voog toestemming vir deelname aan die studie verleen. Kinders tussen die ouderom van 7 tot 18jaar moet ook die nodige toestemmings vorm voltooi.

- **Doel van die studie**: Die doel van die studie is om die rol van die liturgie (erediens gebeure) in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te ondersoek. Die navorsing kan moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. 'n Afskrif van die bevindinge sal beskikbaar gestel word op versoek.
- **Duur van die studie**: Die studies al geskied oor 'n tydperk van 1 jaar en sal voltooi word op 31 Oktober 2016.
- **Navorsing prosedure**: Die navorsing maak gebruik van literatuurstudie asook persoonlike onderhoude met 5 lidmate (van verskillende profiele) van 1 gemeente na afloop van die gemeente se primêre erediens.
- **U regte**: U deelname aan hierdie navorsing is uiters belangrik en sal opreg waardeer word. U mag egter weier om aan die navorsing deel te neem en mag op enige stadium, sonder rede of negatiewe gevolge, ophou om deel te neem. U as mede-navorser mag op enige stadium die navorser kontak indien u enige navrae rakende die navorsing het. Die mede-navorser, sowel as die navorser moet 'n ondertekende afskrif van hierdie dokument behou.
- **Vertroulikheid**: Alle inligting wat deur die navorsing bekom word sal onderhewig wees aan die vertroulikheid van die deelnemende persone en gemeente. Die

Faculty of Theology
University of Pretoria
PRETORIA 0002
South Africa



© University of Pretoria

betrokke gemeente en mede-navorser sal anoniem bly. Die onverwerkte data sal slegs deur die navorser (ds. Jaco Barnard), die navorser se studieleier (in dié geval prof. Cas Wepener) en die tikster van die transkrip (mev. Estelle Barnard) onder oë geneem word. Verwerkte data (as deel van die navorsing) mag moontlik in 'n akademiese joernaal publiseer word. Alle inligting sal op versoek van die mede-navorser beskikbaar gestel word. Die relevante data sal vernietig word sou u verkies om te onttrek.

**Geskrewe ingeligte toestemming**

Hiermee bevestig ek dat ek ten volle ingelig was oor die aard en fokus van die navorsing studie waarvan ek gevra is om aan deel te neem. Ek verstaan dat ek op enige stadium, sonder gevolge, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek het voldoende geleentheid gehad om vrae te vra.

Mede-navorser: [signature]

Navorser: [signature] Barnard

Datum: 24/07/2016

**Verbale ingeligte toestemming** *(Alleenlik van toepassing indien die respondent nie kan skryf nie)*

Ek, die navorser, het die bekendstellingsbrief aan die mede-navorser, genaamd___________________________________ voorgelees en verduidelik. Die deelnemer het aangedui dat hy/sy die inligting ten volle verstaan en dat hy/sy op enige stadium deelname aan die navorsing mag beëindig.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Getuie: ____________________

Datum: ____________________

2



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ADDENDUM C

## INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 2

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Departement Praktiese Teologie

**Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming
vir deelname aan akademiese navorsing.**

**Navorsingstitel:**
Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende [ontmoetings] gebeure.
**Navorser:**
Ds. Jaco Barnard (MTh student aan die Universiteit van Pretoria)
0823029807 of jaco@nggars.org.za

---

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsing studie van die rol wat liturgie in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse speel. Die navorsing fokus spesifiek op die NG Kerk in Suid Afrika, en vanweë u lidmaatskap van die NG Kerk is u 'n geskikte kandidaat vir deelname aan hierdie studie. Elke deelnemer moet hierdie dokument lees, verstaan en onderteken voor die begin van die studie. Indien 'n kind onder die ouderom van 18jaar is en versoek word om aan die studie deel te neem, moet die ouer/wettige voog toestemming vir deelname aan die studie verleen. Kinders tussen die ouderom van 7 tot 18jaar moet ook die nodige toestemmings vorm voltooi.

- **Doel van die studie**: Die doel van die studie is om die rol van die liturgie (erediens gebeure) in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te ondersoek. Die navorsing kan moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. 'n Afskrif van die bevindinge sal beskikbaar gestel word op versoek.
- **Duur van die studie**: Die studies al geskied oor 'n tydperk van 1 jaar en sal voltooi word op 31 Oktober 2016.
- **Navorsing prosedure**: Die navorsing maak gebruik van literatuurstudie asook persoonlike onderhoude met 5 lidmate (van verskillende profiele) van 1 gemeente na afloop van die gemeente se primêre erediens.
- **U regte**: U deelname aan hierdie navorsing is uiters belangrik en sal opreg waardeer word. U mag egter weier om aan die navorsing deel te neem en mag op enige stadium, sonder rede of negatiewe gevolge, ophou om deel te neem. U as mede-navorser mag op enige stadium die navorser kontak indien u enige navrae rakende die navorsing het. Die mede-navorser, sowel as die navorser moet 'n ondertekende afskrif van hierdie dokument behou.
- **Vertroulikheid**: Alle inligting wat deur die navorsing bekom word sal onderhewig wees aan die vertroulikheid van die deelnemende persone en gemeente. Die

Faculty of Theology
University of Pretoria
PRETORIA 0002
South Africa





© University of Pretoria

betrokke gemeente en mede-navorser sal anoniem bly. Die onverwerkte data sal slegs deur die navorser (ds. Jaco Barnard), die navorser se studieleier (in dié geval prof. Cas Wepener) en die tikster van die transkrip (mev. Estelle Barnard) onder oë geneem word. Verwerkte data (as deel van die navorsing) mag moontlik in 'n akademiese joernaal publiseer word. Alle inligting sal op versoek van die mede-navorser beskikbaar gestel word. Die relevante data sal vernietig word sou u verkies om te onttrek.

**Geskrewe ingeligte toestemming**

Hiermee bevestig ek dat ek ten volle ingelig was oor die aard en fokus van die navorsing studie waarvan ek gevra is om aan deel te neem. Ek verstaan dat ek op enige stadium, sonder gevolge, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek het voldoende geleentheid gehad om vrae te vra.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Datum: 24/07/2016

**Verbale ingeligte toestemming** *(Alleenlik van toepassing indien die respondent nie kan skryf nie)*

Ek, die navorser, het die bekendstellingsbrief aan die mede-navorser, genaamd________________________________ voorgelees en verduidelik. Die deelnemer het aangedui dat hy/sy die inligting ten volle verstaan en dat hy/sy op enige stadium deelname aan die navorsing mag beïndig.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Getuie: ____________________

Datum: ____________________



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## ADDENDUM D

## INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 3

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Departement Praktiese Teologie

**Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming vir deelname aan akademiese navorsing.**

**Navorsingstitel:**
Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende [ontmoetings] gebeure.
**Navorser:**
Ds. Jaco Barnard (MTh student aan die Universiteit van Pretoria)
0823029807 of jaco@nggars.org.za

---

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsing studie van die rol wat liturgie in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse speel. Die navorsing fokus spesifiek op die NG Kerk in Suid Afrika, en vanweë u lidmaatskap van die NG Kerk is u 'n geskikte kandidaat vir deelname aan hierdie studie. Elke deelnemer moet hierdie dokument lees, verstaan en onderteken voor die begin van die studie. Indien 'n kind onder die ouderom van 18jaar is en versoek word om aan die studie deel te neem, moet die ouer/wettige voog toestemming vir deelname aan die studie verleen. Kinders tussen die ouderom van 7 tot 18jaar moet ook die nodige toestemmings vorm voltooi.

- **Doel van die studie**: Die doel van die studie is om die rol van die liturgie (erediens gebeure) in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te ondersoek. Die navorsing kan moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. 'n Afskrif van die bevindinge sal beskikbaar gestel word op versoek.
- **Duur van die studie**: Die studies al geskied oor 'n tydperk van 1 jaar en sal voltooi word op 31 Oktober 2016.
- **Navorsing prosedure**: Die navorsing maak gebruik van literatuurstudie asook persoonlike onderhoude met 5 lidmate (van verskillende profiele) van 1 gemeente na afloop van die gemeente se primêre erediens.
- **U regte**: U deelname aan hierdie navorsing is uiters belangrik en sal opreg waardeer word. U mag egter weier om aan die navorsing deel te neem en mag op enige stadium, sonder rede of negatiewe gevolge, ophou om deel te neem. U as mede-navorser mag op enige stadium die navorser kontak indien u enige navrae rakende die navorsing het. Die mede-navorser, sowel as die navorser moet 'n ondertekende afskrif van hierdie dokument behou.
- **Vertroulikheid**: Alle inligting wat deur die navorsing bekom word sal onderhewig wees aan die vertroulikheid van die deelnemende persone en gemeente. Die

Faculty of Theology
University of Pretoria
PRETORIA 0002
South Africa



© University of Pretoria

betrokke gemeente en mede-navorser sal anoniem bly. Die onverwerkte data sal slegs deur die navorser (ds. Jaco Barnard), die navorser se studieleier (in dié geval prof. Cas Wepener) en die tikster van die transkrip (mev. Estelle Barnard) onder oë geneem word. Verwerkte data (as deel van die navorsing) mag moontlik in 'n akademiese joernaal publiseer word. Alle inligting sal op versoek van die mede-navorser beskikbaar gestel word. Die relevante data sal vernietig word sou u verkies om te onttrek.

## Geskrewe ingeligte toestemming

Hiermee bevestig ek dat ek ten volle ingelig was oor die aard en fokus van die navorsing studie waarvan ek gevra is om aan deel te neem. Ek verstaan dat ek op enige stadium, sonder gevolge, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek het voldoende geleentheid gehad om vrae te vra.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Datum: 24/07/2016

## Verbale ingeligte toestemming *(Alleenlik van toepassing indien die respondent nie kan skryf nie)*

Ek, die navorser, het die bekendstellingsbrief aan die mede-navorser, genaamd________________________________ voorgelees en verduidelik. Die deelnemer het aangedui dat hy/sy die inligting ten volle verstaan en dat hy/sy op enige stadium deelname aan die navorsing mag beïndig.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Getuie: ____________________

Datum: ____________________



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## ADDENDUM E

## INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 4

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Departement Praktiese Teologie

**Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming vir deelname aan akademiese navorsing.**

**Navorsingstitel:**
Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende [ontmoetings] gebeure.
**Navorser:**
Ds. Jaco Barnard (MTh student aan die Universiteit van Pretoria)
0823029807 of jaco@nggars.org.za

---

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsing studie van die rol wat liturgie in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse speel. Die navorsing fokus spesifiek op die NG Kerk in Suid Afrika, en vanweë u lidmaatskap van die NG Kerk familie is u 'n geskikte kandidaat vir deelname aan hierdie studie. Elke deelnemer moet hierdie dokument lees, verstaan en onderteken voor die begin van die studie. Indien 'n kind onder die ouderom van 18jaar is en versoek word om aan die studie deel te neem, moet die ouer/wettige voog toestemming vir deelname aan die studie verleen. Kinders tussen die ouderom van 7 tot 18jaar moet ook die nodige toestemmings vorm voltooi.

- **Doel van die studie**: Die doel van die studie is om die rol van die liturgie (erediens gebeure) in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te ondersoek. Die navorsing kan moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. 'n Afskrif van die bevindinge sal beskikbaar gestel word op versoek.
- **Duur van die studie**: Die studies al geskied oor 'n tydperk van 1 jaar en sal voltooi word op 31 Oktober 2016.
- **Navorsing prosedure**: Die navorsing maak gebruik van literatuurstudie asook persoonlike onderhoude met 5 lidmate (van verskillende profiele) van 1 gemeente na afloop van die gemeente se primêre erediens. Die datum van dié besoek en onderhoude sal in oorleg met die gemeenteleraars en Bestuursraad bepaal word.
- **U regte**: U deelname aan hierdie navorsing is uiters belangrik en sal opreg waardeer word. U mag egter weier om aan die navorsing deel te neem en mag op enige stadium, sonder rede of negatiewe gevolge, ophou om deel te neem. U as deelnemer mag op enige stadium die navorser kontak indien u enige navrae rakende die navorsing het. Die deelnemer, sowel as die navorser moet 'n ondertekende afskrif van hierdie dokument behou.

Faculty of Theology
University of Pretoria
PRETORIA 0002
South Africa



© University of Pretoria

betrokke gemeente en mede-navorser sal anoniem bly. Die onverwerkte data sal slegs deur die navorser (ds. Jaco Barnard), die navorser se studieleier (in dié geval prof. Cas Wepener) en die tikster van die transkrip (mev. Estelle Barnard) onder oë geneem word. Verwerkte data (as deel van die navorsing) mag moontlik in 'n akademiese joernaal publiseer word. Alle inligting sal op versoek van die mede-navorser beskikbaar gestel word. Die relevante data sal vernietig word sou u verkies om te onttrek.

**Geskrewe ingeligte toestemming**

Hiermee bevestig ek dat ek ten volle ingelig was oor die aard en fokus van die navorsing studie waarvan ek gevra is om aan deel te neem. Ek verstaan dat ek op enige stadium, sonder gevolge, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek het voldoende geleentheid gehad om vrae te vra.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Datum: 24/07/2016

**Verbale ingeligte toestemming** *(Alleenlik van toepassing indien die respondent nie kan skryf nie)*

Ek, die navorser, het die bekendstellingsbrief aan die mede-navorser, genaamd________________________________ voorgelees en verduidelik. Die deelnemer het aangedui dat hy/sy die inligting ten volle verstaan en dat hy/sy op enige stadium deelname aan die navorsing mag beïndig.

Mede-navorser: ____________________

Navorser: ____________________

Getuie: ____________________

Datum: ____________________

2



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ADDENDUM F

## INGELIGTE TOESTEMMING VANAF MEDE-NAVORSER 5

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Departement Praktiese Teologie

**Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming vir deelname aan akademiese navorsing.**

**Navorsingstitel:**
Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende [ontmoetings] gebeure.
**Navorser:**
Ds. Jaco Barnard (MTh student aan die Universiteit van Pretoria)
0823029807 of jaco@nggars.org.za

---

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsing studie van die rol wat liturgie in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse speel. Die navorsing fokus spesifiek op die NG Kerk in Suid Afrika, en vanweë u lidmaatskap van die NG Kerk is u 'n geskikte kandidaat vir deelname aan hierdie studie. Elke deelnemer moet hierdie dokument lees, verstaan en onderteken voor die begin van die studie. Indien 'n kind onder die ouderom van 18jaar is en versoek word om aan die studie deel te neem, moet die ouer/wettige voog toestemming vir deelname aan die studie verleen. Kinders tussen die ouderom van 7 tot 18jaar moet ook die nodige toestemmings vorm voltooi.

- **Doel van die studie**: Die doel van die studie is om die rol van die liturgie (erediens gebeure) in die vorming van Christelike identiteit en lewenswyse te ondersoek. Die navorsing kan moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. 'n Afskrif van die bevindinge sal beskikbaar gestel word op versoek.
- **Duur van die studie**: Die studies al geskied oor 'n tydperk van 1 jaar en sal voltooi word op 31 Oktober 2016.
- **Navorsing prosedure**: Die navorsing maak gebruik van literatuurstudie asook persoonlike onderhoude met 5 lidmate (van verskillende profiele) van 1 gemeente na afloop van die gemeente se primêre erediens.
- **U regte**: U deelname aan hierdie navorsing is uiters belangrik en sal opreg waardeer word. U mag egter weier om aan die navorsing deel te neem en mag op enige stadium, sonder rede of negatiewe gevolge, ophou om deel te neem. U as mede-navorser mag op enige stadium die navorser kontak indien u enige navrae rakende die navorsing het. Die mede-navorser, sowel as die navorser moet 'n ondertekende afskrif van hierdie dokument behou.
- **Vertroulikheid**: Alle inligting wat deur die navorsing bekom word sal onderhewig wees aan die vertroulikheid van die deelnemende persone en gemeente. Die

Faculty of Theology
University of Pretoria
PRETORIA 0002
South Africa

PH.



© University of Pretoria

betrokke gemeente en mede-navorser sal anoniem bly. Die onverwerkte data sal slegs deur die navorser (ds. Jaco Barnard), die navorser se studieleier (in dié geval prof. Cas Wepener) en die tikster van die transkrip (mev. Estelle Barnard) onder oë geneem word. Verwerkte data (as deel van die navorsing) mag moontlik in 'n akademiese joernaal publiseer word. Alle inligting sal op versoek van die mede-navorser beskikbaar gestel word. Die relevante data sal vernietig word sou u verkies om te onttrek.

**Geskrewe ingeligte toestemming**

Hiermee bevestig ek dat ek ten volle ingelig was oor die aard en fokus van die navorsing studie waarvan ek gevra is om aan deel te neem. Ek verstaan dat ek op enige stadium, sonder gevolge, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek het voldoende geleentheid gehad om vrae te vra.

Mede-navorser: ____________

Navorser: ____________

Datum: 24/07/2016

**Verbale ingeligte toestemming** *(Alleenlik van toepassing indien die respondent nie kan skryf nie)*

Ek, die navorser, het die bekendstellingsbrief aan die mede-navorser, genaamd____________________________________ voorgelees en verduidelik. Die deelnemer het aangedui dat hy/sy die inligting ten volle verstaan en dat hy/sy op enige stadium deelname aan die navorsing mag beïndig.

Mede-navorser: ____________

Navorser: ____________

Getuie: ____________

Datum: ____________



© University of Pretoria

**ADDENDUM G**

**TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 1**

Onderhoude vir navorsingstitel: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende, lewensimpakterende, ontmoetingsgebeure – onderhoude gehou by gemeente in die noorde van Pretoria op 24 Julie 2016 om 10h30. Onderhoud 1 - medenavorser is 'n blanke dame, 47-jarige ouderdom, gemeentelid van die betrokke gemeente.

Navorser ("N"): Baie dankie dat jy ingestem het om met die navorsing deel te neem. Soos dan in die bekendstellingsbrief genoem is wil hierdie studie twee hoofpunte ondersoek.

Eerstens of daar tydens die erediens drie ontmoetings plaasgevind het tussen jou en God; tussen jou en ander mense of gemeentelede en tussen jou en die wêreld, die stukkend en die nood in die wêreld.

Tweedens wil die studie ook bepaal watter impak hierdie ontmoetings op jou eie identiteit het, of dan ook op jou lewe gehad het.

Wanneer ek die vrae aan jou vra antwoord asseblief deur soveel moontlike inligting van jou ervaring tydens die erediens met my te deel. Onthou daar is nie regte of verkeerde antwoord nie. Ons gaan net lekker saam gesels en 'n bietjie jou hart op die tafel sit ook.

Navorser: Kan jy my vertel van 'n persoonlike ontmoeting wat jy met die Here gehad het tydens vanoggend se erediens of enige ander erediens?

Mede-navorser: Vanoggend het ek nogal 'n bietjie, maar dit was maar, ja dit was maar meer net 'n kwessie van my man is nou deur 'n moeilike tyd gewees so ek het vandag net weer 'n bietjie meer besef hoe Hy daar is vir ons altyd, so ek het dit nie so duidelik nie, ek moet sê my naaste ding, toe ek redelik jonk was het ek eintlik by so 'n tent-diens waar, ek dink daar het ek my grootste ontmoeting eintlik gehad waar ek regtig gevoel het ek is voor Hom en ek is oop vir hom en ek dink daardie keerpunt gewees. Ek dink dit was my grootste werklike ontmoeting. Vandag was nie daardie intensiteit nie, maar dit was net weer daardie besef, weet jy, Hy is daar vir ons. So ek het dit gesien, wel daar. Ja, maar dit was nogal eintlik nogal vir



© University of Pretoria

my 'n bietjie snaaks. Ons het half deur 'n seer-tyd gegaan, ek het gedog ons is daaroor, ewe skielik toe breek die sluise nou hierso. Dit was nogal vir my “weird” gewees. Toe het ek net weer besef “haai” weet jy, maar Hy is tog hier vir ons en ja, dit was nogal vir my snaaks. So ek was al eintlik weg van die diens af gewees, maar dit was net daardie toe ons nou stilstaan toe kom ons weer dit agter, so. Ja toe ek daardie rukkie stil word het dit ewe skielik weer dit net weer 'n bietjie duideliker gebring, so ja. Ek dink vanoggend het ek wel in 'n mate weer dit besef, ja.

“N”: Vertel my van daardie eerste ontmoeting wat so 'n hele rukkie terug gebeur het.

“MN”: Ag nee, dit was maar as 'n student gewees. So het ons 'n paar dienste na 'n paar gegaan en dit was hierdie wat hulle jou uitgeroep het na, ag daardie gewone Pinkster, Apostolie-tipe van goedjies, ja dit was maar net een van daardie wat 'n mens regtig besef het dit is die pad wat jy wil gaan. Ek dink dit was maar my, ja, wat 'n mens net gesien het ja, maar dit is wat jy wil doen met jou lewe. Ja, dit was, ja, ek dink dit was my tweede jaar of so-ietsie’tjie wat ons dit formeel, ek dink dit was my groot draai of die grootste ontmoeting regtig wat ek gesien het toe ek, ag basies dat daardie weerstand so afgebreek is soos dit aangegaan het en ek dink dit was die derde of die vierde aand toe het ek besluit ja, maar dit is wat ek 'n bietjie meer doelgerig sal wil word.

"N": "Okay".

"MN": Ja.

"N": Vertel vir my wat in vandag se erediens gebeur het wat hierdie ontmoeting wat u sê jy gehad het moontlik gemaak het. Wat in die erediens het dit vir jou moontlik gemaak om daardie ontmoeting te hê.

"MN": Ek dink dat ek 'n bietjie stil geword het.

"N": "Okay".

"MN": Ekskuus dat ek dit so noem.

"N": Goed.

"MN": 'n Mens is altyd so besig om te hardloop, nou ewe skielik as jy half stil raak en dit word rustig dan kom baie goeters op en na vore en wat 'n mens nie andersins voor tyd maak terwyl jy besig is met hardloop nie. Ek dink daardie stil word het dit nogal vir my nogal gedoen.



© University of Pretoria

"N": "Okay".

"MN": Gewoonlik hou ek nogal meer van 'n meer gesing en dan voel ek 'n mens is meer geestelik ingestel, maar selfs vandag, vandag was dit net om stil te raak het mens nogal oopgemaak.

"N": "Okay, okay". Wat het hierdie ontmoeting vir jou beteken?

"MN": Ek dink is net daardie bevestiging van die Here is daar met ons. Ekskuus dit is nou nie ene verdriet nie, dit was net, dit was regtig net vir my daardie Hy dra ons. Dit was net daardie, dit was vir my net om dit weer te besef is, ag daardie sekuriteit van die, weet jy die “backing”, daardie, dit was of dit net, dit was lekker gewees.

"N": Veral in die konteks van alles wat nou gebeur het tot die diens toe né?

"MN": Ja.

"N": Absoluut, absoluut. Het jy enigiets van jouself of van God geleer in hierdie ontmoeting?

"MN": Ek dink weer daardie verantwoordelikheid hoe 'n mens moet leef.

"N": Ja.

"MN": Daardie uitgaan. Partykeer word jy so vasgevang in jou eie ou dingetjie en dan, daar waar hy gesê het jy lewe in die Here so hoe jy uitbeweeg is so belangrik.

"N": Ja.

"MN": Partykeer dink ons Oe! ek het nie nou tyd om nou te luister nie of ek het nie nou tyd om geduldig te wees nie en dan, nou het jy weer vandag, ‘haai’ weet jy ek moet eintlik nou maar 'n bietjie kyk oor wat uitgaan as jy daardie “lable”-’tjie wil omsit jy is 'n christen, dan moet jy seker nou maar dit die heeltyd loop anderste doen jy meer kwaad as goed. Ek dink dit is, ja hy het ons nogal 'n bietjie vandag weer gesê daardie en alles né moet ons by die Here wees ja. Dit was nogal goed.

"N": Die hele ***Coram Deo*** konsep.

"MN": Die ***Coram Deo***, ja dit was nou nogal goed om weer net daardie verantwoordelik te besef hoekom.

"N": Absoluut.

"MN": Ja dit was nogal goed.



© University of Pretoria

"N": Ek waardeer u terugvoer verskriklik baie hoor. Die tweede fokus is elke Sondag sit daar ander mense rondom ons in die diens.

"MN": Ja.

"N": Hierdie mense het hulle eie stories en omstandighede. Ek dink hulle het dit mooi in vanoggend se diens ook uitgelig. Kan jy my vertel van 'n geleentheid tydens 'n erediens of na die diens waar jy geleentheid gekry het om met iemand anderste te ontmoet en beter te leer ken?

"MN": Dit is heeltemal vreemd eintlik. Dominee ek wil amper sê 'n mens het nou jou gewone ou groepietjie wat jy gewoonlik gaan, half mee te doen het. Ek dink miskien een keer wat ek met die ou kleintjies, 'n ou kleintjie wat nogal 'n bietjie dinges was, wat 'n mens mee te doen het, maar dit is toe ek met die Sondagskool, dit is nie nou vanoggend nou gewees nie.

"N": Dit is reg, vertel my.

"MN": Ja net hierdie ou kleintjies wat so half 'n bietjie verwese was, 'n mens 'n bietjie kon, dit was nogal lekker om net 'n bietjie na haar toe te gaan en net 'n bietjie te gehelp het tot sy nou haar plekkie gekry het. Daardie is nogal lekker om sulke tipe van goedjies te doen, maar grootmense, nee ek het nie regtig ander goeters daar gehad nie. 'n Mens het maar jou gewone ou groepietjie wat jy nou al amper maar sê wat sleg is.

"N": "Okay". "Okay".

"MN": Ja.

"N": Dink jy hierdie ontmoetings, ontmoetings met ander is belangrik in dié sin dit kan iets vir jou of vir die ander persoon beteken?

"MN": Ek dink so. Ek dink dit hang af, ja ek weet baie van die ouens hou van die sosiale ding. Ek is nie baie goed daarmee nie. Ek het byvoorbeeld nou die ou omie wat nog, toe ek die Sondagskool begin het nuut ingekom het, so ons het kontak elke keer met hom, so ek hou daarvan om met hom te gesels en sulke goed, want hy is half vir my 'n mentor gewees toe ek hier ingekom het. Toe het ek nou Sondagskool en goedtertjies gegee en dit is so lekker om saam met hom elke keer 'n pad te stap, maar ek weet baie ander hou van die “social” na die tyd. Ek weet nie hoe diep is dit partykeer nie. Ek dink partykeer dit is net 'n behoefte om te gesels. Hulle het miskien daardie wat hulle nie ander dingesse het nie, so daar is 'n behoefte daaraan. Ja ek self is nie een van die kuier-ouens nie.



© University of Pretoria

"N": "Okay".

"MN": Ja.

"N": In die diens maak hulle gereeld tyd vir draai na mekaar toe en hoe is daardie ervaring vir jou?

"MN": Glad nie, dit is dat kom ons kry dit nou net oor en verby.

"N": "Okay".

"MN": Ja so dit is vir my glad nie 'n dinges nie.

"N": "Okay".

"MN": Vir my man is dit baie sleg. Ek was “actually” half studente-tyd was ek by Doxa gewees, so ek was half 'n Apostolie so daar was ons half meer ontspanne en dit is vir hom verskriklik hierdie is soos half van, ek kan sien hoe wriemel hy ook as dit opkom so dit is vir ons nie 'n goeie ding nie. Vir ons kinders hou ook nie regtig daarvan of 'n mens sal dink, maar kom seker nou maar van ons af. Ja so ons sal nou maar, ek weet nie, maar ja dit is nou nie 'n “wow”, dit voel vir my so 'n geforseerde, so persoonlik is dit nie 'n lekker ding nie.

"N": "Okay".

"MN": Maar ek dink is goed seker om die mense kontak te maak, maar.

"N": Baie dankie vir jou eerlikheid daaroor.

"MN": Ekskuus.

"N": Nee glad nie. Vraag drie.

"MN": Maar jy gaan nou maar hoor.

"N": As christene glo ons dat God ons stuur om uit te reik na ander mense in nood en om die Evangelie van Jesus uit te dra na die wêreld. Kan jy my vertel van 'n geleentheid in vanoggend se diens of enige ander diens waar jy iets geleer het van wat die nood in die wêreld is, maar ook jou rol daarin beter verstaan het?

"MN": Vanoggend?

"N": Of enige ander diens?

"MN": Weet jy ek dink julle vertel ons kort-kort van wat die kerk doen en waar die behoeftes is so dit is nogal goed dat 'n mens weet waar en wat te gaan. As 'n mens half van iets weet kan 'n jy dit half kanaliseer of self, selfs toe ons 'n bietjie by die, ag ons blanke plakkerskampe het ons so 'n bietjie goed wat ons partykeer gaan, so maar dit is nie regtig kerk-



© University of Pretoria

gebonde, ons is maar half die Voortrekkers daar uitgekom. My sussie is by 'n groep, so nee, ek kan nie, ek dink wat goed was is dat 'n mens weet waar dit is, want ek het byvoorbeeld 'n tannie wat nou gebrei het wat sy wou geweet het waarheen om met die goed te gaan, dan is dit lekker, jy weet waarnatoe om die mense te kanaliseer, so, maar self is nie by een van die daardie groepe betrokke op hierdie stadium nie.

"N": "Okay".

"MN": So ek is relatief onbetrokke op hierdie stadium, so wat sleg is, maar 'n mens weet waarnatoe om mense te stuur. So dit was lekker nou die tannie met die musse en goed en die en hulle het reggekom en nou is sy sommer permanent daar, so ek voel, tyd is mos maar net so 'n instrument tussenin dan kom die regte mense by die regte mense uit, so vanoggend kan ek nie dink dat daar regtig, ek het miskien nie geluister nie, van uitreik-goete of iets wat ek gevoel het ek moet betrokke raak of iets nie.

"N": "Okay". Voel jy dat jy God se plan vir jou lewe beter verstaan na vanoggend se diens? Verduidelik waarom jy so sê?

"MN": Ek dink is daardie wat 'n mens reeds gesê het dat jy in alles is God teenwoordig, so dit maak nie saak net waar jy is nie. So dit is nie net hier by die kerk nie. As jy uitstap vat jy Hom saam en Hy is orals met jou saam, so daardie verantwoordelikheid van hoe jy gaan lewe. Jy moet 'n bietjie twee keer dink wat jy sê en hoe jy dit doen. Ja ek dink dit is wat net vandag vir my uitgestaan het met God se Woord.

"N": "Okay".

"MN": Ja so wat jy gaan doen en wat jy gaan sê moet jy bietjie meer twee keer weer dink.

"N": "Okay".

"MN": Ja en 'n bietjie moeite insit.

"N": Het jy vanoggend geleer oor wat dit beteken om deur God gestuur te word na die wêreld?

"MN": Ek dink is weereens jy vat hom met jou saam. So my ding op hierdie stadium ek het 'n Voortrekkerspannetjie en dit is half my fokuspunt half dat ek voel, want party van daardie kinders kom nie eers meer, soos ons nou-nou gekyk hier die Sondagskool is net so en dit voel vir my daar het ek nou 'n groepie en as ons Voortrekker-werk doen, doen ons eintlik



© University of Pretoria

insae op ander goed ook, so 'n mens let daar, so ek dink daardie gestuur is dus my ding waar ek voel ek is gestuur en dit is my groep waar ek nou verskil moet probeer maak.

"N": "Okay".

"MN": Ja. So ek voel dit is maar ons taak.

"N": So 'n laaste vragie.

"MN": "Okay".

"N": Hierdie is 'n lekker ene. Is daar enigiets anders wat jy my wil vertel van jou ervaring van vanoggend se erediens of enige ander erediens wat vir jou uitstaan?

"MN": Vanoggend was ek 'n bietjie afwesig, so is 'n bietjie vir my sleg om hierdie een, ek het nou meer met my eie “issues” gestaan en karring, so ek vra ...

"N": Reg.

"MN": Iets wat vir my uitstaan, wat vir my altyd lekker was is daardie lang sing voor die tyd. Die voel vir my altyd half, maar nou praat ek, ek praat nou Doxa toe. Weet jy as ons daardie halfuur of wat, 45 minute gesing het dan voel jy so naby God en jy voel jy is stil en jy het heeltemal alles daar agter agtergelos en as jy dan daar sit is dit net vir my, dit was vir my dieper gewees as wat ek gewoonlik andersins kan ervaar. So ja dit is nogal, as ek dink van eredienste, dit is altyd vir my lekker.

"N": "Okay".

"MN": Daardie gewyde sing voor die tyd en jy probeer weer die hoë note net sommer net lekker sing. Ja, so ek dink dit is nogal iets wat vir my in die erediens wat ek partykeer mis is die, daardie atmosfeer is net soveel lekkerder as 'n mens so lank en dit is snaaks ek bedoel nou kerm party as ons 15 minute moet sit of sulke goed, maar daar sing ons 'n uur en jy kom nie eers agter jy het gestaan of miskien... ***(opname onduidelik).***

"N": Ja.

"MN": Maar in elk geval dit was altyd so lekker, jy het gesing, jy het gestaan en dit was jy kom net regtig in die teenwoordigheid van die Here en jy het regtig tyd om stil te raak en jy regtig te vergeet wat daar is.

"N": Ja.



© University of Pretoria

"MN": Daardie is vir my altyd lekker, dit is vir my lekker. Ja ek dink dit is wat vir my in eredienste nogal lekker is, want ek bedoel wat die dominee praat ook al, dit kom deur, maak nie saak hoe en wat hulle sal sê nie. Ek bedoel kyk met watter bril jy na hom gaan kyk en gaan luister. Soos vandag het ek nou halfpad geluister, ekskuus, maar dit was my probleem. Dit is nie ds Corné nie, ek bedoel hy het pragtig gepraat en hier en daar het iets teruggekom, maar ek het partykeer gedwaal, maar ek moet deur my eie “issues” hard werk, maar ja ek dink daardie stil word, as ek iets kan sê en dit is lekker as hulle jou groet by die deur, daardie inkom en dit is nogal lekker, daardie persoonlike ietsie’tjie, so dit is “nice”. Ek dink hulle moet daarmee volhou, dit is nou ietsie’tjie wat nogal oulik is, maar die gegroetery hier langs mekaar. As jy mos verbystap dan groet jy mos soos jy mos nou instap en na jou plek toe. Om nou weer te gaan staan en draai soos graad een’tjies, een, twee, drie. Daardie is nou nie vir my so lekker nie.

"N": "Okay". Sal ek dit reg stel dat in vanoggend se diens het jy God ontmoet toe daar vir jou kans gegee is vir stilte.

"MN": Ja.

"N": Maar ek lei tog af dat musiek veral 'n groot rol by jou speel.

"MN": Ja, ek hou van musiek.

"N": In ‘n ontmoeting met die Here.

"MN": Ja. Om die atmosfeer half te skep. Ek wil amper half sê daardie, dit gaan, maar in dieselfde asem, ja, ja nee ek dink dit is reg net so.

"N": "Okay".

"MN": Ja.

"N": Verskriklik dankie vir u terugvoer, ek waardeer dit.

"MN": "Okay".

"N": En baie dankie dat jy deelneem aan hierdie navorsing hoor!

"MN": Ag “shame” het jy genoeg gekry?



© University of Pretoria

## ADDENDUM H

## TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 2

Onderhoud 2 vir navorsingstitel: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende, lewensimpakterende, ontmoetingsgebeure – vir meester-studies - gehou by 'n gemeente in die noorde van Pretoria op 24 Julie 2016. Onderhoud 2 vind plaas 11-uur die oggend. Mede-navorser is 'n 15-jarige blanke dame en gemeentelid van die betrokke gemeente.

Navorser (“N”): Baie dankie dat u ingestem het om deel te neem aan die navorsing. Soos reeds verduidelik in daardie bekendstellings-brief wat ons onderteken het, gaan ons gesels oor twee goedjies.

Eerstens die ontmoetings wat plaasvind. Ontmoetings tussen jou en God. Ontmoetings tussen jou en ander mense en ontmoetings met die nood in die wêreld en ons rol daarin, maar ook 'n bietjie gesels oor watter impak dit op jou identiteit en op jou lewe ook gehad het. Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie. Ons gaan net lekker gesels. Probeer so volledig as moontlik antwoord en vir my soveel as moontlik inligting gee. "Alright"? Eerste vraag. Kan jy my vertel van 'n persoonlike ontmoeting wat jy met die Here gehad het tydens vanoggend se erediens of enige ander erediens wat vir jou uitstaan?

Mede-navorser (“MN”): Wel daar is, somtyds is daar eredienste wat 'n mens voel wat regtig vir jou iets beteken het. Ek kan nie dink aan enige.

"N": "Okay".

"MN": Erediens wat ek kan onthou wat met my gebeur het nie, maar ek meen as ons nou huis toe gaan en sê weer by die huis wat dinge vir jou meer sin maak. Waar die vraag vir jou uitlê, wat vir jou meer duideliker is en ....

"N": "Okay". Kan jy vir my meer vertel van so 'n ontmoeting, nie noodwendig waar in die diens en watter diens nie, maar wat vir jou uitstaan van dit?



© University of Pretoria

"MN": Ek is nie heeltemal seker nie, maar ek dink dit is wanneer, ja ek, wel ek kan nie seker wees nie ek bedoel.

"N": "Okay". "Okay". Vertel vir my van watter verskil of impak hierdie ontmoetings wat jy met die Here het op jou lewe of op jou identiteit, jou manier van dink oor jouself op jou het.

"MN": Ek kan dink hierdie eienskap op jouself maak 'n invloed oor hoe jy oor ander mense dink. 'n Mens ***...(opname onduidelik)*** die Here oor jou as persoon voel en ***...(opname onduidelik)*** as 'n mens net dink dat jy meer met ander mense oor die weg kan kom as gevolg van dit.

"N": "Okay".

"MN": 'n Mens voel nie net meer stabiel in jouself nie, maar ook asof jy ander mense met meer respek en goed kan behandel.

"N": "Okay". Wat het jy al van jouself geleer wanneer jy so 'n persoonlike ontmoeting met die Here het? Wie Hy vir jou is en wie jy vir Hom is.

"MN": Ja wel ek het meer geleer dat ek tot meer dinge in staat is, en omdat ek minder van myself dink as wat ek eintlik werd is.

"N": "Okay".

"MN": Ek dink ek voel nou die Here gee Hom vir my dat ek meer van myself kan omgee as gevolg daarvan.

"N": "Okay". So die Here is vir jou iemand wat vir jou lief is, iemand wat daar is, iemand wat omgee.

"MN": Ja.

"N": "Okay". Elke Sondag sit daar ander mense rondom ons in die diens en hierdie mense het hulle eie stories en hulle eie omstandighede. Kan jy my vertel van 'n keer tydens 'n erediens of na die erediens of 'n ander geleentheid by die kerk waar jy geleentheid gekry het om iemand anderste te ontmoet en hulle storie beter te leer ken?

"MN": Nee, nog nie eintlik by die kerk nie. Die gesprek was nie heeltemal so diep nie.

"N": "Okay".

"MN": Dit was vir my meer in jou kop oor jou eie storie, wat is jou storie. Ons luister nie eintlik na ander mense se stories baie nie.

"N": "Okay".



© University of Pretoria

"MN": Maar ons was by 'n kerkkamp gewees, #Imagine, well evangelie, baie menslike stories gedeel het met ons en ja.

"N": "Okay". Kan jy vir my vertel van dalk 'n storie wat jy by gewees by #Imagine gehoor het wat vir jou uitstaan?

"MN": Ek kan nie onthou, een onthou nie, maar ja, ek kan nie nou onmiddelik dink aan een nie, maar hulle het wel daarso, het hulle meer vir ons gedeel meer ander mense se storie, hulle is partykeer ingekry en ons vertel het van hierdie ou het groot geword in 'n plakkerskamp en van sy pa en sy huisomstandighede en hoe hy later ook tronk toe is, maar dat hy opgestaan het en hy nou 'n “motivational speaker” is.

"N": Ja.

"MN": By sulke geleenthede.

"N": "Okay". Wat het dit vir jou beteken?

"MN": Ek het net gevoel dat maak nie saak wat die lewe vir jou gooi nie, 'n mens kan opstaan. Die Here is by jou en ja. Wat gebeur is jy kan opstaan.

"N": "Okay". Ontmoetings met vriende hier by die gemeente by julle jeugaksies.

"MN": Ek het al baie nuwe mense hierso ontmoet.

"N": "Okay".

"MN": Maar ek sien hulle net by die kerk en soms is ek die enigste een van my skool wat hier is, so ons sien hulle net by die kerk, maar 'n mens leer, kerke leer ken baie mense hier. Dit is nogal heel lekker.

"N": Sal jy sê dit maak 'n verskil in jou eie lewe wanneer jy by ander mense se stories hoor wat die Here in hulle lewe doen?

"MN": Ja, 'n mens voel dat die Here het dit met hulle gedoen, hulle het dit reggekry, jy sal ook, as jy net probeer.

"N": "Okay".

"MN": So ek dink dit gee meer moed vir die lewe. Ja.

"N": "Okay". "Okay". As christene glo ons dat God ons stuur om sy dissipels in die wêreld te gaan wees, om uit te reik na ander in nood, maar ook om die evangelie van Jesus, die boodskap van Jesus uit te dra na ander wat dit nog nie gehoor het nie of moet hoor. Kan jy my vertel van 'n geleentheid tydens 'n erediens of 'n ander geleentheid by die kerk waar jy



© University of Pretoria

gehoor het wat hierdie nood in die wêreld is, maar ook beter verstaan het wat jou rol is ten opsigte daarvan?

"MN": Hulle wys vir ons tydens die erediens wanneer hulle kollektes opneem by die aanddienste wys hulle vir ons video's van die uitreik wat hulle gedoen het by kinderhuise, tehuise vir bejaardes en sulke plekke, waar die gemeentelede dan blikkieskos en sulke goeters skenk.

"N": "Okay".

"MN": Wys hulle watter impak dit het op ander mense se lewens. Dit laat jou meer betrokke voel of dit laat jou betrokke voel asof jy deel kan wees van daardie ding en vir jou 'n plek gee om wel deel te neem aan sulke aktiwiteite.

"N": "Okay". Voel jy dat die erediens of 'n erediens jou al gehelp het om God se plan vir jou lewe beter te verstaan?

"MN": Ja daar is aanddienste wat 'n mens kan voel ja 'n mens voel dit is jou, dit is die Here se plan vir jou.

"N": "Okay".

"MN": En, ja ek dink daar is sommige eredienste wat 'n mens kan voel dit is nogal dit is die Here se doel vir jou. Dit is jy jou lewe 'n bietjie moet aanpas om in te pas by God se plan vir jou.

"N": "Okay".

"MN": Ja.

"N": En wat dink jy is daardie plan?

"MN": Nee ek is nog nie seker van my plan nie.

"N": "Okay".

"MN": Maar ja, ek is seker is maar ander gemeentelede wat al wel presies gesien het dit is wat die Here wil hê hulle moet gaan doen.

"N": "Okay". Wat het jy vanoggend of by enige ander erediens al geleer oor wat dit beteken dat God ons stuur na die wêreld toe?

"MN": Ek kan nie nou spesifiek dink aan 'n erediens waar ons al spesifiek oor daardie onderwerp al gepraat het nie.

"N": "Okay".

"MN": Ja.

"N": "Okay".

"MN": "Sorry" ek kan nou nie veel daaroor uitwei nie.



© University of Pretoria

"N": Ja. Laaste vragie en dit is 'n slot-vraag en dit is 'n lekker oop ene. Is daar enigiets anderste wat jy my wil vertel van jou ervaring van vanoggend of enige ander erediens wat vir jou uitstaan?

"MN": Ek dink is lekker ontspanne, gemaklik, maar tog is ***...(opname onduidelik)*** God asook medegelowiges. Die eredienste se struktuur is heel goed.

"N": Hoekom sê jy so?

"MN": Die bid voor ons die skrifgedeeltes lees maak jou ook, mens bewus dat die Here by jou is en saam met jou wel die erediens bywoon, as ek dit so kan sê. Die Gesange en Psalms sing tydens eredienste laat die lofprysingselement in en is 'n bietjie half ontspanne, maar tog formeel, as ek dit so kan sê. 'n Mens verstaan die ding van die grootheid van God is hier by jou, so dit is nie sommer net maar enige ontspanne lekker partytjie waar jy is nie. 'n Mens kry daardie grootheid van God is by jou, maar ja. Dit is nog ontspanne genoeg dat Hy kan praat met die mens.

"N": "Okay". As daar 'n erediens was wat jy sal beskou as een van jou meer spesiale eredienste wat jy nog gehad het, wat kan jy van dit onthou en wat het dit so spesiaal gemaak?

"MN": Nee ek kan nou nie dink aan een nie, wat ek spesifiek kan onthou nie.

"N": "Okay". Baie dankie dat jy deelneem aan die navorsing, ek waardeer dit verskriklik baie en mag jy 'n lekker dag hê verder hoor.

"MN": Baie dankie jy ook.



© University of Pretoria

## ADDENDUM I

## TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 3

Onderhoud 3 vir navorsingstitel: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende, lewensimpakterende, ontmoetingsgebeure, vir meesterstudie, navorser ds. Jaco Barnard MTh Student aan die Universiteit van Pretoria. Mede-navorser is 'n 26-jarige manlike persoon van kleur, lidmaat van die betrokke gemeente. Onderhoud gevoer op 24 Julie 2016 om 11h30 by 'n gemeente in die noorde van Pretoria na afloop van hulle primêre gesinsdiens om 9-uur.

Navorser ("N"): Eerstens, baie dankie dat jy ingestem het om aan die navorsing deel te neem. Soos ons reeds gesels het en daar die bekendstellingsbrief gesê is gaan ons 'n bietjie fokus op twee vrae. Die eerste vrae is rondom ontmoetings en of daar ontmoetings in die erediens of 'n erediens plaasvind, ontmoetings tussen jou en God. Ontmoeting tussen jou en ander mense en ontmoetings met jou en die nood in die wêreld, maar ook in die tweede aspek is watter impak dit het op jou identiteit, jou christelike identiteit en jou lewe. Daar is nie reg of verkeerde antwoorde nie. Gee vir my soveel info as moontlik. Die eerste vraag is, kan jy my vertel van 'n persoonlike ontmoeting wat jy met die Here gehad het tydens vanoggend se erediens of enige ander erediens waaraan jy kan dink?
Mede-navorser ("MN"): Ja, as ek nou kan dink aan een so 'n rukkie terug het, ek dink dit was Ds Heinrich het vir ons 'n video gewys hier in die kerk van wat hy vir jou wys wat die, dit was nou 'n predikant gewees en dan het hy nou gepraat oor, weet oor die heelal en hoe groot is God.
"N": "Okay",
"MN": En dan het hy dit nou vergelyk met 'n gholfbal.
"N": "Okay".
"MN": So hy het vir jou nou gesê byvoorbeeld die aarde is nou die grootte van die gholfbal, dit is byvoorbeeld die grootte van die son en dan het dit nou vir jou, jy weet, jy weet die grootte van die foto op die skerm gewys



© University of Pretoria

en goed en daardie het ook 'n rol in my lewe gespeel, want dit wys jou net hoe groot is die Here.

"N": "Okay".

"MN": En jy weet hoe klein is jy en dit wat Hy altyd vir jou doen.

"N": "Okay".

"MN": En jy weet sulke goed is, ek is altyd lief daarvoor om dit met ander dan te deel, soos by die werk.

"N": "Okay".

"MN": En jy weet die storie oor te vertel en jy weet dit met die mede-kollegas te deel daar, jy weet met jou vriende en goed. Net om vir jou te verduidelik, jy weet hoe klein, jy weet as jy nou die aarde moet vergelyk met 'n gholfbal hoe klein jy is op hierdie aarde en wat God alles vir jou doen.

"N": "Okay".

"MN": En hoe bevoorreg ons is.

"N": "Okay". Jy het eintlik reeds daarna verwys nou reeds, maar wat het in hierdie erediens gebeur wat hierdie ontmoeting moontlik gemaak het. Jy het nou gesê van die video wat gewys is, maar is daar iets wat rondom dit gebeur het wat vir jou ruimte geskep het waarom hierdie ontmoeting plaasgevind het - of was dit die video gewees?

"MN": Ek sal sê dit was die video en die storie van dit.

"N": "Okay".

"MN": Jy weet wat hy nou, jy weet wat hy jou nou vertel het van jy weet van waar dit begin het tot die einde en goed en die konklusie wat dit saamgevat het en goed.

"N": "Okay", "okay". Wat het dit vir jou van jouself en van God geleer?

"MN": Dit het my geleer jy weet hoe groot God is, want hy ook gepraat van 'n sel in jou liggaam wat die hele liggaam aanmekaar hou, wat hulle "lamenin" nies" en dan dit as jy dit onder 'n mikroskoop kyk na dit dan is dit ook 'n kruis.

"N": "Okay".

"MN": Dit wys jou net hoe groot God is.

"N": Absoluut. Absoluut. Elke Sondag sit daar ander mense rondom ons in die diens en hierdie mense het hulle eie stories en omstandighede. Ek dink



© University of Pretoria

die dominees het dit vanoggend mooi uitgelig tydens die diens ook, kan jy my vertel van 'n geleentheid tydens 'n erediens of na afloop van 'n erediens wat jy die geleentheid gekry het om iemand anderste te ontmoet en hulle as mens, maar ook hulle storie beter te leer ken?

"MN": "Okay", nou vir jou dink. Daar het 'n tannie, tannie Louise wat altyd "okay" sy het van Johannesburg se gemeente af gekom.

"N": "Okay".

"MN": Die tannie en sy het, u weet sy het van kerk na kerk gegaan en weet net om 'n kerk te soek waar sy gelukkig is toe sy nou Pretoria toe getrek het en goed en sy het die een oggend gekom en sy het daar langs ons kom sit en na die tyd het sy met die dominee ook gepraat. Sy het gesê u weet sy het langs die tannie en 'n swart seun gesit, die een goed en u weet, u weet sy voel gemaklik hier en sy kuier lekker hier en so het ons haar ook leer ken en goed en begin eet by haar en kuier en so-aan.

"N": "Okay", "okay".

"MN": Sy is 'n heel vreemde mens. U weet vreemd vanwaar sy af kom en weet tuis gevoel het hier.

"N": Absoluut. Dink jy hierdie ontmoeting was belangrik vir jou of die ander persoon en verduidelik waarom jy sê wat jy sê.

"MN": Ja, ek dink dit was belangrik vir albei van ons of vir albei partye, want verstaan sy het gemaklik gevoel hier en sy het gevoel dit is waar sy wil wees en u weet mense het haar laat welkom voel en so.

"N": "Okay". Het dit enigiets vir jou beteken as christen, as mens?

"MN": Ja dit voel jy doen iets vir die samelewing.

"N": "Okay".

"MN": Dit is nie net u weet jy kom nie net kerk toe, weet kom kerk toe en 10-uur na die diens ry jy nie. Hier is so 'n ontmoeting na die tyd jy waar almal tee drink en jy hoor mense hoe gaan dit, jy weet.

"N": "Okay".

"MN": Wat is nuus by julle, weet daardie tipe.

"N": Sou jy saamstem dat sulke ontmoetings met ander mense in die gemeente belangrik is en indien jy saamstem wat kan 'n mens in die erediens of rondom die erediens doen om hierdie ontmoetings volgens jou meer te laat gebeur.



© University of Pretoria

"MN": Ek sal sê ja dit is belangrik.

"N": "Okay".

"MN": Soos byvoorbeeld hier by ons, die tee drink na die tyd.

"N": "Okay".

"MN": Is ook weet waar, weet waar mense ander mekaar ontmoet en ek voel u weet as 'n mens net, u weet in die erediens ook sê u weet, almal kom kuier na die tyd, lekker tee drink.

"N": "Okay". Honderd persent. As christen glo ons dat God ons stuur om uit te reik na ander mense in nood en om die Evangelie van Jesus uit te dra aan hulle wat dit nog nie gehoor het nie. Kan jy my vertel van 'n geleentheid in vanoggend se diens of enige ander diens waar jy iets geleer het van hierdie nood in die wêreld en jou rol daarin beter verstaan het.

"MN": "Okay" herhaal net gou vir my die vraag.

"N": Ons glo as christen dat God ons stuur na ander in die wêreld toe né?

"MN": Ja.

"N": Om iets te gaan aan die nood in die wêreld of om ander te vertel van Jesus. Was daar in vanoggend se erediens of enige ander erediens 'n geleentheid wat jy eerstens so 'n ontmoeting gehad het, iets geleer het van die nood in die wêreld en dan ook jou rol beter verstaan het oor wat verwag die Here van jou as gestuurde na die wêreld toe?

"MN": So 'n ruk terug het daar in Pretoria Oos, daardie “squatter camp” daar het die, daar was mos 'n vuur.

"N": Dit is reg.

"MN": 'n Kers of iets het omgeval en goed, en jy weet hulle het hier in die kerk gepraat daarvan en u weet gesê u weet hulle het genoeg hande en so-aan, so al wat hulle van ons nodig het is soos blikkies kos, as jy iets wil bring.

"N": "Okay".

"MN": U weet en daardie gevoel van weet jy kan help, 'n mens is altyd ook so besig, jy het ook nie dalk tyd in die week om jy weet daar te gaan help of so nie, maar net dit wat jy bring help klaar.

"N": Absoluut.

"MN": En dit maak 'n verskil.



© University of Pretoria

"N": Voel jy dat vanoggend se erediens of enige ander erediens jou gehelp het om God se plan vir jou lewe as gestuurde, as iemand wat gestuur is, 'n dissipel, beter te verstaan?

"MN": Herhaal gou weer vir my.

"N": Het vanoggend se erediens of 'n erediens al jou gehelp om God se plan vir jou lewe as 'n dissipel, as iemand wat gestuur word na die wêreld toe prakties beter te verstaan?

"MN": Net gou dink.

"N": Sodat jy nie net hoor daar word gepraat van ons as christene word gestuur na die wêreld toe nie, maar dat jy weet wat dit beteken en ook prakties, "okay" as ek nou van hierdie gebou af uitstap buitekant toe is dit wat die Here van my verwag. Ek kan so 'n verskil maak, ek kan dit doen, ek kan hierdie doen. Was daar al 'n erediens wat jou so gehelp het of het jy, of hoor ons, ons is gestuurdes na die wêreld toe, maar ons weet nie regtig wat dit prakties beteken nie.

"MN": Nee ek sal sê ek sal weer teruggaan na daardie erediens van die gholfbal.

"N": "Okay".

"MN": Daardie, u weet wat jy dit oorvertel aan ander mense en 'n saadjie plant in hulle idee, in hulle gedagtes en goed.

"N": "Okay". "Okay". Wat het jy in vanoggend se erediens spesifiek geleer of gehoor oor wat dit beteken dat God ons stuur?

"MN": Ek sal sê daardie deel van verbly jou in die Heer.

"N": "Okay". Hoekom sê jy so?

"MN": Want verstaan as jy jou christelike waardes uitleef en jy weet naby aan die Here leef en goed dan sien mense dit ook van buite af van jou.

"N": "Okay". "Okay". Laaste vraag is en dit is 'n lekker oop vraag, so jy moet nou asseblief lekker gesels met my. Is daar enigiets anderste wat jy my wil vertel van jou ervaring van vanoggend se erediens of enige ander erediens wat vir jou uitstaan? As 'n reël, as 'n erediens vir jou uitstaan, dit was nou 'n besondere erediens, wat staan vir jou uit. Wat maak 'n erediens spesiaal? Wat maak dat 'n erediens 'n impak op jou as mens het?

"MN": Sjoe! Dat ek nou mooi dink.

"N": Wil jy 'n bietjie dink?



© University of Pretoria

"MN": Ja. Ek dink ek sal sê die boodskap, dit hang af, want verstaan die verskillende dominees gee vir jou boodskap op 'n verskillende manier.

"N": "Okay".

"MN": Jy weet soos meer jou ouer garde sal meer aan oor u weet die Bybel geskiedenis jy weet.

"N": "Okay".

"MN": Jy weet meer uitbrei daaroor waar die meer jonger dominees pas dit vir jou meer toe in die alledaagse lewe.

"N": "Okay"

"MN": Jy weet en in daardie geval, so dit voel 'n mens kry meer jou boodskap meer van die jonger garde jy weet, as hulle dit meer toepas in die alledaagse lewe.

"N": "Okay".

"MN": Verstaan ek dan reg dat as 'n mens kyk, kyk die erediens is vandat 'n mens instap by die kerkgebou né?

"MN": Ja.

"N": En iemand groet jou by die deur tot ek gaan neem my sitplek in.

"MN": Voel of jy welkom is.

"N": Ja.

"MN": Wys vir jou waar jy kan sit.

"N": Ja en daarso is, ons sing liedere en ons bid en ons neem kollekte op. Van die hele eredienservaring as daar iets is wat vir jou uitstaan is die boodskap vir jou belangrik van die erediens.

"MN": Ja.

"N": Dit is waar die Here met jou praat.

"MN": Ja, want dit verskil ook maar van oggend en aand. Verstaan in die oggend sing jy nou jou, jy weet jou toetrede lied en jy weet jy gaan in jou afsluitingslied en so-aan waar jy by die aanddiens sing jy al jou liedere en dan kom die boodskap en dan is dit kollekte.

"N": "Okay", "okay".

"MN": U verstaan ook die, maar die verskillendheid en goed. Oggende is dit meer orrel en daardie goed. In die aand is dit meer jou "band".

"N": Ja.

"MN": So.



© University of Pretoria

"N": "Okay". Enige van daardie dienste waar jy, wat vir jou meer besonder is as die ander of vind jy aanklank by albei?

"MN": Nee, ek verkies 'n oggenddiens.

"N": Verkies jy die oggenddiens.

"MN": Oggenddiens met die orrel.

"N": "Okay".

"MN": En al daardie goed. Ek weet nie dit was maar so in universiteit ook.

"N": "Okay".

"MN": NG Kerk daar jy weet met die orrel en al daardie goed.

"N": "Okay".

"MN": So ek verkies hom eerder. Dit is vir my beter as die aanddiens.

"N": "Okay".

"MN": Maar ek kom ook aanddiens toe, want verstaan 'n mens moet partykeer werk in die aand hier en so-aan.

"N": Ek verstaan.

"MN": Is ook meer 'n jonger “vibe” in die aande.

"N": 'n Heeltemal 'n ander tipe atmosfeer.

"MN": Ja. Oggend is meer ouer mense. In die aand is weer die jonges.

"N": "Okay". Verskriklik dankie vir jou terugvoer. Ek waardeer dit baie en dit gaan ons baie help met die navorsing wat ons verder gaan doen. Ek waardeer dit baie.

"MN": Dit is 'n plesier. Jaco, ek sê vir jou baie dankie.

"N": Dankie hoor.



© University of Pretoria

## ADDENDUM J

## TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 4

Onderhoud 4 vir navorsingstitel: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende, en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure - vir Meesterstudies. Navorser ds Jaco Barnard, MTh student aan die Universiteit van Pretoria. Onderhoud gevoer met 36-jarige manlike blanke persoon, lidmaat van die betrokke gemeente. Onderhoud vind plaas op Sondag 24 Julie 2016 om 12h00 na afloop van die gemeente se primêre erediens, die gesinsdiens om 9-uur. Die gemeente is 'n gemeente in die noorde van Pretoria.

Navorser ("N"): Eerstens baie dankie, dankie dat jy ingestem het om deel te neem aan die navorsing. Soos wat ons in die begin gesels het en met die bekendstellingsbrief gaan ons 'n bietjie gesels rondom drie ontmoetings in die erediens. Ontmoetings tussen jou en God, ontmoetings tussen jou en ander mense in die gemeente en ontmoetings met die nood in die wêreld, maar dan ook watter impak dit het op jou christelike identiteit en self verstaan in jou lewe. So weereens as ek die vrae stel antwoord maar so volledig as moontlik en dan gesels ons lekker saam. Eerste vraag is: kan jy my vertel van 'n persoonlike ontmoeting wat jy met die Here gehad het tydens vanoggend se erediens of enige ander diens wat 'n ontmoeting plaasgevind het wat vir jou uitstaan?

Mede-navorser ("MN"): Weet jy dit is nogal 'n plek wat ek, weet ek kom nogal party eredienste kry jy 'n persoon, 'n baie persoonlike ding en ander eredienste is weer dinge wat pla. Dit hang maar af waar ek met my as persoon is, maar vandag het dit vir my nogal baie persoonlik gewees om my te laat besef ek is hier met 'n doel, weet dinge gebeur nie net in my lewe nie, jy weet daar is 'n sekere doel hoekom ek hier is en hoekom ek tussen sekere mense leef en ook hoekom, hoe kan ek dit stel, hoekom sekere mense oor my pad gekom het en weet vandag se erediens het net weer vir my bevestig dat, weet, ek het heel toevallig langs iemand gesit in die kerk wat al 'n klompie jare terug oor my pad gekom het en weet jy wat, hy wat net weereens daar, weet hierso sit hierdie ou langs my en jy weet ek



© University of Pretoria

het vir 'n hele week of 'n hele twee, drie weke nie met hom gepraat nie en nou is hy weer hier langs my.

"N": "Okay". "Right". Vertel vir my wat in die erediens gebeur het wat 'n ontmoeting tussen jou en die Here moontlik gemaak het?

"MN": Kyk ek is 'n baie, hoe kan ek sê tradisiegewys nie, weet dinge moet op 'n sekere manier vir my gebeur, jy weet, ek is in 'n professie wat weet 'n sekere ding moet gebeur voordat daar is stappe wat gevolg moet word en ek hou daarvan om in die erediens ook deur daardie stappe te kan gaan om te sê "okay" ek is nou hier daar gaan nou sekere dinge met my gebeur.

"N": "Okay".

"MN": En wat gaan maak dat ek weet dit is tyd wat ek met die Here kan spandeer. Jy weet ons is maar in 'n gejaagde wêreld so ek, ek hou daarvan om rustig te raak en weet ek het nou nog kinders en so-aan ook, hulle moet ook deur 'n sekere proses gaan om te weet hier gaan nou iets gebeur en ja, so dit is, ek hou daarvan dat daar 'n gesprek met my gevoer kan word, jy weet waar die Here sê Ek groet jou en ek groet Hom terug jy weet en al daardie tipe dinge.

"N": Vertel vir my wat jy van jouself en van God geleer het tydens vanoggend se erediens.

"MN": Ek het weereens net die gevoel gekry dat die Here met my op 'n pad is, weet en weereens, soos ek vir jou gesê het mense op my pad gekom het wat my dra in sekere tye van waar dit sleg gegaan het en ook natuurlik in die goeie tye waar ek met die Here, hoe kan ek stel, waar die Here met my 'n pad geloop het om te sê moenie op jouself fokus nie. Moenie op jou, jou planne maak nie, ek het planne vir jou en baie keer as jy jou eie planne maak kom daar ander ouens en help jou om jou, om My wil in jou lewe openbaar te maak en te sê "okay" hoor hier jy moet op die regte pad wees.

"N": "Okay". Die erediens is 'n ruimte waar ons glo God ons ontmoet en God self vir ons wys sodat ons God beter kan leer ken. As 'n mens dink nie net aan vanoggend se erediens nie, maar ander eredienste ook, hoe het dit jou prentjie van God en wie God is gevorm.

"MN": Daar is redelike paar eredienste wat by my opkom en in elkeen van daardie eredienste is daar iets van God se genade.

"N": "Okay".



© University of Pretoria

"MN": Weet, weet ek kan maak wat ek wil wat bedoel ek kan nie iets doen om God se genade te verdien nie. God se genade is daar en ons leef in God se genade en die meeste van die eredienste wat ek bygewoon het wat dit weer vir my bevestig het dat ek kan niks doen om God se genade te verdien nie, dit is daar en dit is nogal vir my 'n ding wat ek weer bevestiging en weer bevestiging kry in eredienste wat vir my uitstaan is om te sê, maar weet jy is nie hier, jy moet ook iets, omdat jy in God se genade leef moet jy ook iets gaan doen, ook tussen mense leef en jy moet mense se emosies beleef en mense beleef en daarom weet hou ek daarvan weet om na die tyd met mense te gesels en met mense wat jy nie elke dag sien nie en so dit is nogal vir my 'n ding wat uitgestaan het in eredienste en dan die ander ding is om weet, soos ek vir jou gesê het oor ek van sekere stappe hou, is ek nogal redelik die tradisionele erediens is vir my goed, want daar is 'n gesprek wat plaasvind. Ek moet iets doen nadat God iets vir my gesê het of moet ek terug antwoord en so-aan.

"N": Ja,

"MN": Ek hou nie daarvan om 'n “show” te kyk nie om terug te sit en te sê "okay" gee vir my en ek sal by die huis gaan daaroor weer ding en so-aan nie.

"N": Ja.

"MN": Ek hou daarvan dat daar interaksie is.

"N": "Okay". "Okay". Hy het nou begin raak daaraan, maar elke Sondag sit daar ander mense rondom ons in die diens en hierdie mense het hulle eie stories en hulle eie omstandighede. Ek dink die dominees het by vanoggend se diens nogals mooi aanklank gevind met die stories van mense. Vertel vir my van 'n geleentheid tydens 'n erediens of na afloop van die erediens wat jy geleentheid gekry het om regtig 'n ontmoeting met iemand anderste te hê en daardie persoon en sy of haar stories beter leer ken het?

"MN": Dit gebeur gereeld, soos ek vir jou, daar is geleenthede waar 'n mens ná die erediens wanneer ons nou tee drink en so-aan, waar, jy het mos nou al jou mense wat jy nou al ken by die kerk en wat jy in 'n groepie staan en so-aan en net gesels oor die preek en oor wat in die mense se lewens gebeur en so-aan en dit gebeur gereeld dat daar mense wat ek nie



© University of Pretoria

ken nie, maar wat iemand anders in die groep ken ook nader staan en dan, weet al is dit net van wat se beroep doen jy en wat is jou probleme by die werk en weet, soos daardie tipe gesprekkies wat plaasvind is nogal belangrik dat mense net besef, maar hoor hier hier is ander mense ook wat jou kan bystaan in die eerste plek. Ek het na vandag se erediens het ek weer besef weet my dogtertjie het daar die pad gevat en toe moes ek haar gaan soek, jy weet sy is hier tussen al die geboue deur en so-aan en op 'n stadium toe vra iemand vir my, hoor hier, maar ek het haar nou net hier gesien deurloop en net daar het daar interaksie gekom en ons het 'n bietjie gepraat oor kinders en so-aan, so dit gebeur. Ja so dit is, daar is sekere plekke waar weet, waar jy met jou persoonlike, hoe jy persoonlik met God in interaksie is maak dat jy op sekere maniere met mense praat na kerk en so-aan.

"N": "Okay".

"MN": Ek is nogal, ja dit is nogal 'n ding van partykeer wil ek nie met mense praat nie, ek wil eenkant wees, so dit hang maar af van diens na diens.

"N": "Okay". Ons praat van ‘n persoonlike ontmoeting met die Here en wat die Here in my lewe doen, maar dit beteken die Here doen ook, die Here is betrokke in ander mense se lewens en mense se stories ook en sou jy daarom sê dit is belangrik om daardie ontmoetings te hê en te hoor wat die Here in ander se stories ook doen en die tweede deel van hierdie vraag is wat kan in die erediens of na die erediens gedoen word om meer ruimte te laat vir sulke ontmoetings om plaas te vind?

"MN": Kyk ek het nou dadelik na die tweede gedeelte van jou vraag toe gespring in my gedagtes.

"N": Nee, dit dis reg.

"MN": En weet ek is 'n baie praktiese ou, so ek begin dadelik dink aan maniere hoe om dit reg te kry en so-aan, weet ek dink partykeer moet 'n mens in die banke bly sit en weet dit deel maak van jou erediens om te sê hoor hierso, "okay" mense om jou, weet, vra net hoe gaan dit of wat, wat, stel jouself voor, want baie keer sit jy langs mense wat jy glad nie ken nie, veral hierdie gemeentes waar dit groot gemeentes is waar jy nie die ouens ken nie.



© University of Pretoria

"N": Ja.

"MN": Is om te sê "okay" voor die seën uitgespreek word vertel 'n bietjie iets van jou belewenis of jy weet mense is nie baie gemaklik om na die erediens in te stap, soos ek vir jou gesê het waar jy 'n groepie mense is wat jy ken en so-aan, om nuwe mense in te trek en so-aan nie. Ek sal voorstel dat 'n mens sit en weer net praat, al is dit oor wat die dominee gesê het daar voor of iets wat gebeur het in die gemeente of die doop of weet 'n gesprekvoering het oor dit wat, waaroor daar gepreek is.

"N": Ja.

"MN": Voordat die seën uitgespreek word en opgestaan word. Dit hoef nie 'n lang storie te wees nie, maar so leer jy mense ken om jou en jy leer hulle omstandighede ken. Volgende keer is dit al iemand wat jy weet nog op sy naam groet of kan sê hoor hier ja, weet jy wat hoe was jou week of weet, so-aan.

"N": Ja.

"MN": So daardie ontmoetings is belangrik.

"N": Ja

"MN": En, maar weet ek kom uit 'n gemeente uit waar almal almal geken het, want jy is in 'n klein gemeenskappie gewees en nou ewe skielik kom jy hierso en jy ken net so 'n paar mense. Dit is 'n bietjie, jy weet nie wat is die ander ouens se omstandighede nie.

"N": Ja.

"MN": Waar as jy in die gemeente net sê hoor hier voor jy die seën uitspraak praat 'n bietjie oor die omstandighede of, ek weet nie, ja dit is maar...

"N": Kan jy my vertel van 'n spesifieke ontmoeting wat dalk vir jou uitstaan wat regtig 'n pertinente impak op jou lewe gehad het of waar jy dalk ervaar het dat jy die geleentheid gehad het om 'n verskil vir iemand anderste te maak?

"MN": Ja, weereens dit gaan oor of jy die mense se omstandighede ken, weet ek het al sekere “experiences” gehad waar, weet ek deur baie moeilike omstandighede gegaan het met, om 'n voorbeeld te noem ek het 'n kind aan die dood afgestaan en ander mense in die gemeente het mos nou maar gehoor dat daar ook deur dieselfde prosesse moet gaan en so-aan en



© University of Pretoria

ons kon, ek kon, ek en my vrou kon hulle bystaan en hulle help deur om deur die proses te werk en te sê, maar weet jy wat, dit is nie snaaks dat jy deur hierdie wroegings gaan of deur hierdie prosesse gaan nie, dit is normaal, jy weet daardie tipe goeters.

"N": "Okay".

"MN": En weet mens het dit agtergekom deur gesprekke wat by die kerk gebeur het wat jy kan sê maar "okay" ek weet van jou en kom ek help jou.

"N": "Okay". Die laaste komponent waarna ons wil kyk is as christene glo ons dat God ons stuur na die wêreld toe om uit te reik na ander in nood, maar ook om die Evangelie van Jesus uit te dra na hulle wat dit nog nie gehoor het nie, om, ons praat van sending van die kerk, die kerk die kerk as missionale gemeentes. Kan jy my vertel van 'n geleentheid in vanoggend se erediens of 'n ander erediens wat jy regtig 'n ontmoeting gehad het met die stukkend of die nood in die wêreld daar buite en ook jou rol as gestuurde, baie prakties verstanend.

"MN": Ja dit is 'n moeilike vraag, weet, want toe jy nou begin praat toe dink ek dadelik aan “charity begins at home”.

"N": Ja.

"MN": En weet om mense in die kerk te kan identifiseer en te sê, maar "okay" dit het jou sending begin eintlik in jou kerk en dan begin jy weier werk en so-aan. Nou so ons moet dit, ek kan in vanoggend se erediens kan ek nie eintlik vir jou sê nie, want ek het rondgehardloop met kinders en so-aan, maar waar ander eredienste waar mense ingestap het in die kerk in en jy kon duidelik gesien het, maar hoor hier daar is nood, weet. Nie net pille, jy weet jy kan duidelik sien, sommer aan kleredrag en so-aan dat hierdie persoon het kerk toe gekom, want hy soek iets.

"N": Ja.

"MN": En weet daar is gesprekke weereens begin met die persoon en van daar af het daar uitgewerk, weet, baie keer kom mense dan is hulle in die strate en dan vra hulle vir jou hulle is honger en jy weet daardie tipe van goed. Dit is nou weer 'n ander aspek.

"N": Ja.

"MN": Ek dink nie dit is heeltemal waar ons nou besig is mee nie, want baiekeer dan kom jy in dan vra ek vir jou, jy weet mense op die straat, dan



© University of Pretoria

vra ek waar is jou kerk. Ek is honger. Watter kerk is jy. Waar is jy, want ek voel dat daardie persoon moet sy hulp kry van 'n kerk af, van nie net die kerk as instansie nie, maar van die gemeenskap om die kerk en in die kerk.

"N": Absoluut.

"MN": U weet en, so dit is vir my 'n ding wat weet en dit gebeur al hoe meer, by elke stopstraat is daar 'n ou wat staan en sê ek is honger.

"N": Ja.

"MN": Hoe help jy vir hom deur vir hom geld in die hand te stop, jy weet, hy moet tog inskakel by mense wat hom kan help deurentyd.

"N": Ja.

"MN": Jy weet, dit is maar hoe ek daaroor voel. Daar is 'n paar instansies waar mense in die kerk inkom en jy kon dit gesien het of dat jy in die kerk hoor van mense wat in die gemeenskap is wat hulp nodig het of hulpbehoewend is. 'n Paar preek of 'n erediens so 'n rukkie terug toe ons instap toe sê hulle, maar hoor hier daar het 'n plakkerskamp afgebrand en ons kerk is deel van die plakkerskamp, jy weet, of ons help daar en so-aan en dadelik is daar mense wat ingespring het en gesê het maar ons het staal, ons het sink en ons het dit en kom ons help die mense weer op hulle voete.

"N": Ja.

"MN": Jy weet dit is vir my waar jy kan hoor van mense in nood, want jy weet hierdie is, ons bly in 'n, ek bly in 'n gemeenskap waar jy nie elke dag dit sien nie, jy weet jy gaan werk en jy kom terug, maar dit is nie, jy ry nie basies fisies by die ou se huis verby of jy sien hom in die straat nie.

"N": Ja.

"MN": So jy, die kerk is 'n middel om jou te help om te sien, maar "okay" daar, dit is waar die nood is.

"N": Ja.

"MN": En dit is waar ons dit kry.

"N": Ja. In die kerk praat ons baie keer van woorde soos gestuurde, sending, missionaal en hierdie waaroor ons nou gesels, help die erediens oor die algemeen jou om prakties God se plan vir jou in terme van dit waaroor ons nou gesels beter te verstaan?



© University of Pretoria

"MN": Ja beslis, vir seker. Kyk ek, in my beroep werk elke dag met kinders.

"N": Ja.

"MN": En nee, 'n mens raak partykeer maar redelik negatief, jy weet die ouens luister nie en hulle werk nie, jy weet daardie tipe goeters, en dit gebeur gereeld dat 'n mens in 'n erediens sit en dan kom 'n kind by jou op of 'n situasie by jou op wat in die week gebeur het wat net vir jou weer daardie bevestiging gee van "okay", ek doen nog steeds die regte werk.

"N": Ja.

"MN": Weet, want baie keer sê jy, ag nee wat, ek gaan eerder en ek gaan sit daar in die veld en weet ek boer of ek niemand raak te sien nie of iets en dan weet kom jy in die erediens dan is dit maar net "okay" hoor hier jy is besig met my werk, jy weet daardie gevoel kry jy maar net weer en weet jy maak 'n verskil en dit is waar dit nogal redelik weet week na week druk om te sê jy maak 'n verskil in ander mense se lewens, so gaan weer, volhard, jy weet daardie tipe goed.

"N": Absoluut, absoluut. Laaste vraag is en dit is 'n lekker oop ene, is daar enigiets anderste wat jy vir my oor, of vanoggend of vanoggend of enige ander erediens wat vir jou uitgestaan het, wil vertel en wat het gemaak dat dit uitstaan?

"MN": Kyk daar is 'n paar. Daar is, weet 'n sekere oggend was dit kwaai mistig gewees en jy weet om die kerk en so-aan en dit het net daardie intieme gevoel vir jou gegee.

"N": Ja.

"MN": Dit is nou meer 'n spirituele gevoel en weet toe jy instap toe is dit regtig van hoor hier jy is in my hande en weet ek is jou God en jy doen die regte werk vir My, waar 'n ander keer was ons op 'n plek gewees, nie eers in die kerk nie, maar weet waar daar 'n diens gehou is op 'n toer en dit was onder 'n boom en waar daar vir die ouens gesê is, maar hoor hier Ek is hier en waar daar 'n paar kinders opgestaan het en gesê het, maar ek wil verander en jy kan dit daagliks nou, dit is nou 'n paar jaar later en jy kan daagliks sien hoe daardie ou vorder en so-aan, so daar is selfs weet, ek was vandag in die moederskamer en daardie, op 'n stadium toe sê daar, toe word daar vir die kinders gesê “"okay"” hoor hier daar word nou gebid en



© University of Pretoria

die twee het so in die hoek gaan sit met hulle handjies en weet dit was net daardie kinderlike geloof van en toe die gebed nou te lank raak toe sê albei sommer dadelik amen en hulle is weer op en aan die gang, weet, maar, weet daar is verskillende dinge wat gebeur en ja, dit is nie net een ding wat 'n mens op kan fokus nie in die erediens nie. Ja so, om jou daar weer ander ervarings waar daar lofprysing plaasgevind het wat jy net gevoel het "wow" vandag, jy weet.

"N": Ja.

"MN": Vandag is dit nou, ek weet ek kan die Here loof met my stem en so-aan, maar 'n ander erediens wat jy instap weet daar was 'n erediens waar die dominee klaar gepreek het en opgestaan en geloop het. "Okay" nou moet jy dink wat gaan nou hier aan jy weet, heeltemal iets, heeltemal iets anders, jy weet, waar is die seën, waar is dit, maar dit was, jy weet dit was met Jesus se kruisiging, jy weet, daardie wat hy gesê het maar die diens gaan aan die volgende dag, jy weet daardie.

"N": Ja.

"MN": Jy weet daar is sekere dinge wat gebeur wat jy dink, nee hy laat my nou weer aan 'n ding dink jy weet.

"N": Ja.

"MN": So dat dinge in 'n sekere volgorde gebeur is goed, maar baiekeer dan, as dit nie in daardie volgorde gebeur nie dan dink jy wat gaan nou aan.

"N": Ja.

"MN": En dan dink jy weer hoekom. Hoekom is dit so.

"N": "Okay".

"MN": Die Here het nie daar gesterf nie, hy het opgestaan en hy leef nog steeds. Jy weet daardie effek het daardie diens nou weer vir my oop gegooi. Ander Geloftedag-diens was nou weer waar die verskillende geloftes in die, met sekere volkere weer uitgelig is en gesê het maar daardie gelofte is op daardie stadium volbring en daardie gelofte, daar is nooit 'n gelofte of belofte wat die Here nie nagekom het nie.

"N": Ja.

"MN": En party het oor duisende jare gestrek, so daar is 'n klomp verskillende goed, jy weet.



© University of Pretoria

"N": Ja.

"MN": Ek hou nogal baie daarvan om in die geskiedenis in te gaan en te gaan kyk na weet baie ouens probeer verduidelik, maar dinge het nie gebeur soos dit in die Bybel gebeur het nie. Weet dit is net metafore vir daardie tipe goeters, maar dan kom ander ouens terug dan sê hulle, maar dit gebeur so, so dit is maar 'n aaneenlopende proses.

"N": Ja.

"MN": Maar daar is dienste wat so uitstaan wat elke keer jou, net sodra jy begin dink, nee, weet jy wat dit werk nie dan is dit so asof daar vir jou gesê word spesifiek met jou gepraat word.

"N": Ja.

"MN": So dienste wat daar so in die lug gepraat word en gesê word, maar "okay" die algemene goeters gebeur dit, jy weet hulle verloor my redelik.

"N": Ja.

"MN": Maar sodra daar asof jy voel hoor hier, maar nou word daar spesifiek met jou gepraat en die ander ding weet daar staan sekere dienste vir my uit waar die dominee vir jou gevat het en vir jou gesê het, “hey” nee, nee, nee, dit wat die gemeenskap nou hierso besig is mee is nie reg nie.

"N": Ja

"MN": Ek dink dit, ek kom uit 'n klein gemeentetjie uit en waar ek groot geword het en so-aan, dit het nogal partykeer redelik gebeur waar die dominee gesê het, maar weet dit wat julle hier in hierdie dorp is nie reg nie.

"N": Ja.

"MN": En ek dink baie keer verloor ons dit.

"N": "Okay".

"MN": Weet waar die dominee preek van wat jy wil hoor in plaas van wat jy moet hoor.

"N": Ja.

"MN": Ek dink dit is nogal weet en dit is wat my baie leibaarheid gee.

"N": Sal dit reg wees vir my om so saam te vat dan dat daar is nie noodwendig een spesifieke element van die erediens wat vir jou uitstaan nie, maar eerder 'n verskeidenheid van spontane oomblikke wat plaasvind,



© University of Pretoria

soos die kinders wat bid in die moederskamer of die ontmoetings onder die boom by die kerk buitekant of die weer as dit aankom, so dit is, is eintlik die hele pakkie wat op verskillende tye regtig 'n verskil maak in 'n ou se lewe.

"MN": Ja. Ag en ja, maar ek kan dit saamvat ook as daar is 'n verskeidenheid dinge wat plaasgevind het, jy weet ek hou van sekere dinge wat gebeur, maar as daar is tog 'n variasie aan.

"N": Ja.

"MN": Jy weet. Dit is nie elke week dieselfde dinge nie, jy weet daar is 'n variasie partykeer aan wat jou bybly vir daardie week of vir die maand of vir baie later.

"N": "Okay".

"MN": So nee, jy is reg met jou observasie.

"N": "Okay". Verskriklik baie dankie vir die terugvoer hoor. Ek waardeer dit baie en dankie weereens dat jy hier was en deelgeneem het aan hierdie gesels.

"MN": Dit is 'n plesier.



© University of Pretoria

## ADDENDUM K

## TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET MEDE-NAVORSER 5

Onderhoud 5 ten opsigte van navorsingstitel: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende, en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure. Navorser ds. Jaco Barnard, tans MTh student aan die Universiteit van die Vrystaat (regstelling – Universiteit van Pretoria). Die onderhoud vind plaas by 'n gemeente in die noorde van Pretoria na afloop van hulle primêre gesinsdiens om 9-uur. Hierdie spesifieke onderhoud vind plaas om 12h30. Mede-navorser is 'n 67-jarige manlike blanke persoon wat 'n lidmaat is van die betrokke gemeente.

Navorser (“N”): Oom, baie dankie dat jy ingestem het om aan die navorsing deel te neem. Ons waardeer dit opreg. Soos ons reeds gesels het en in die bekendstellingsbrief genoem is, fokus ons 'n bietjie op ontmoetings in die erediens. Drie ontmoetings veral, persoonlike ontmoeting met God, tussen jou en God, ontmoetings tussen jou en ander persone in die gemeente en dan ook ontmoetings met die nood in die wêreld, maar dan ook spesifiek die impak daarvan op ons christelike identiteit en ons lewens. So weereens ons gaan die vrae vra, antwoord asseblief so volledig as moontlik. Wees rustig en weereens dankie dat jy deelneem aan die navorsing.

Mede-navorser (“MN”): Reg.

"N": Die eerste vraag is kan jy my vertel van ‘n persoonlike ontmoeting wat met die Here in vanoggend se erediens of enige ander erediens gehad het?

"MN": Nie spesifiek uit vanoggend se erediens nie, maar uit baie ander dienste uit wat ek werklik 'n persoonlike ontmoeting met die Here gehad het, waar ek net besef maar dit is wat die Here vandag vir my sou sê. Hy is besig om my te vorm. Hy het 'n eindbestemming vir my en daardie eindbestemming, volgens my, moet 'n ou bereik deur die teenwoordigheid van mede-gelowiges as kerk van die Here, as 'n eenheid.

"N": "Okay".



© University of Pretoria

"MN": Waartydens mense geslyp word, mense deur wedersydse opinies gevorm word tot die neem van jou eie standpunt.

"N": Ja.

"MN": En in die proses nader te groei aan die Here.

"N": "Okay". In hierdie eredienste waar daardie persoonlike ontmoeting met die Here wel plaasgevind het, vertel vir my wat het in die erediens gebeur wat hierdie ontmoeting moontlik gemaak het?

"MN": Dit was by verskeie geleenthede gewees, was by verskeie geleenthede, maar daar was tye wat dit op my persoon gespreek het.

"N": "Okay".

"MN": Ek dink nou en ek gaan 'n bietjie wegbeweeg van 'n erediens, ek gaan 'n bietjie wyer as dit. Ons het so 'n paar jaar gelede het ons so 'n Passiespel hier opgevoer en ek was deel van hierdie Passiespel en dit was vir ons 'n ongelooflike geestelike belewenis, geestelike groei gewees. Ten spyte van 'n paar ander rolle het ek ook die rol van Tomas, die ongelowige Tomas gespeel en na al die feite nou uitgekom het en ek op my knieë geval het en my hand in die wond wat ek net gesê het, maar u is die Christus die Lewende God en ek, dit was vir my baie, baie, baie persoonlik. Dit is geleenthede wat tydens die eredienste geskep word of tydens kerklike aktiwiteite soos daardie.

"N": "Okay".

"MN": Maar Hy word ook in geleenthede in eredienste. Vanmôre nie vir my soseer nie, maar by baie ander.

"N": "Okay". Wanneer hierdie ontmoetings plaasvind wat leer dit vir oom oor jouself, maar ook oor wie God is?

"MN": Oor myself leer dit vir my ek is net 'n instrument in die hand van die Here. Ek is net 'n instrument. Ek kan nie figureer as besluitneming of wat ook al nie, ek is 'n instrument van die Here. Ek moet my oopstel vir die Heilige Gees om te hoor wat hy vir my wil sê en waar hy my wil benodig.

"N": "Okay".

"MN": Dit gaan oor 'n wêreld van nood. Wêreld van absolute nood en dit neem toe in intensiteit en die Gees maak my werklik dan bewus van dit is waar Ek jou wil hê.



© University of Pretoria

"N": "Okay". Ons as christene glo dat God die een is wat ons eerste ontmoet.

"MN": Ja.

"N": In die erediens.

"MN": Absoluut.

"N": En dit beteken by implikasie God laat ons toe om God beter te leer ken en wie God is. Natuurlik oor verskillende eredienste het 'n mens verskillende sulke ervarings, maar as jy 'n paar kan uitlig, wat se beelde van God staan vir oom uit wat oom nou regtig in die erediens na vore gekom het?

"MN": Belydenis van Petrus wat ek vir my absoluut mee identifiseer waar Hy gevra het wie is jy vir My? U is vir my die Christus die Lewende God.

"N": "Okay".

"MN": Dit gaan vir my ons as kerk ons moet as 'n kerk funksioneer, want in die kerksituasie kan jy nie skuil agter die breë spektrum van die kerk nie. Dit gaan steeds vir my om jou persoonlike verhouding met die Here.

"N": "Okay".

"MN": Nie ek is lid van die NG Kerk van Wonderboom of Overkruin of wat ook al nie. Dit gaan vir my en die kerk is vir my 'n geleentheid om my te bring na hierdie vraag toe, waar Jesus wil weet, maar wie sê jy is Ek?

"N": "Okay".

"MN": Is Ek vir jou persoonlik, maar nou kan ek nie los staan, ek kan nie los staan daarvan, met my belydenis kan ek nie los staan van ander gemeente, dit is my broers en susters in Jesus.

"N": Ja.

"MN": En ek moet dit met hulle deel.

"N": "Okay". Op daardie punt. Elke Sondag sit daar mense rondom ons in die diens en elkeen van hierdie mense het hulle eie stories en eie omstandighede. Ek dink die leraar het vanoggend nogal mooi 'n punt daarvan gemaak om ons te wys daarop. Kan jy my vertel van 'n geleentheid of tydens 'n erediens of na afloop van 'n erediens wat jy die geleentheid gehad het om 'n ontmoeting met so-iemand anderste te hê en hulle storie en omstandighede beter te leer ken?



© University of Pretoria

"MN": Ek kan. Dit was nie binne die erediens nie, dit was buite die erediens.

"N": "Okay".

"MN": Na aanleiding van 'n erediens.

"N": "Okay".

"MN": Baie, baie kosbare vriende van my wat geïsoleerd op 'n plaas woon en daar is konflik tussen die ou “landlord” sal ek maar sê en die suster wat jare lank 'n baie wonderlike pad geloop het, maar nou het daar geweldige konflik tussen hierdie twee mense ontstaan en ek het uit die erediens, ek het dit besef, hulle het vir my die storie vertel hulle wil niks meer van die familie weet of wat ook al nie en by my het opgekom dit is nie die wil van die Here nie, dit is nie God se wil nie alhoewel dit 'n baie goeie vriend van my was het die Here my net gelei. Dit was in hierdie week het die ou by my kom kuier, het die Here my gelei en gesê nou moet jy praat. Toe sê ek vir hom weet jy ek dink dit is nie God se wil dat julle in so 'n verhouding met Jansie leef nie, ja, maar dit en dit is die, toe sê ek vir hom weet jy daar is maar dit en dit, maar toe sê hy, O! toe gebruik hy die dinges om vir my te sê, maar die Here het gesê klap op die een wang draai die ander wang, jy weet, hy het nie gesê ek moet aanhoudend my wang draai nie. Toe sê ek ja, maar kom ons gaan 'n bietjie verder. Wat sê God van vergifnis. Die Here sê van vergifnis 70 x 7 en ek moet bereid wees. Toe sê ek vir hom daar kan nie sprake wees van 'n vertikale verhouding met die Here as daar happerende goed is in jou horisontale verhouding met jou medemens nie. Dan ly jy skade in jou vertikale verhouding met die Here. Dit kan nie bestaan nie. Daardie vertikale verhouding met uitgesorteer word tot eer van die horisontale, ag net omgekeerd, ek dink jy verstaan wat ek bedoel.

"N": Ja. "Okay".

"MN": En hy het my teruggebel 'n aand daarna, ek moet ook sê ek het twee aande wakker gelê oor wat jy vir my gesê het en ons as familie werk daaraan. Nou ek dink dit is wat u vir my wou vra uit so 'n situasie. Dit het nou soos in die afgelope week met my gebeur.

"N": "Okay".

"MN": En ek eer die Here die Heilige Gees is besig om te werk in daardie mense se lewe.



© University of Pretoria

"N": Ja. Wat het dit vir jou beteken?

"MN": Vir my?

"N": Ja.

"MN": Triomf vir die Here. Nie oorwinning vir myself nie. Die Here het my net, die Heilige Gees het my onmiddellik daar oortuig as jy nou stilbly, nee, nou moet jy groot, in groot liefde, ek is bitter lief vir die mense en in baie, baie groot liefde het ek gedoen en dit in die gesindheid dit gesien, u weet en die Gees is besig om te werk.

"N": Absoluut.

"MN": Ja.

"N": Ons glo gemeente is 'n gemeenskap van gelowiges.

"MN": Ja.

"N": Mense wat daar is, mense wat saam is, mense wat omgee. Sal oom sê dat hierdie ontmoetings tussen my en ander gemeentelede is belangrik, dit is die een deel van die vraag en die tweede deel van hierdie vraag is.

"MN": Binne die erediens nou?

"N": Binne die erediens, buite die erediens, deel van ons gemeente wees, so dit is enige ruimte en indien wel wat kan gedoen word om ruimte te laat binne die erediens of na afloop van die erediens om hierdie ontmoetings moontlik te maak?

"MN": Myns insiens is hierdie ontmoetings van kardinale belang. Dit is baie, baie, na erediens kom 'n ou bymekaar en jy bespreek elemente van die erediens “joe! dit het vir my dit en dit en dit beteken en terwyl ek hiervan dink weet jy wat met ou Sannie gebeur het hierdie week en dit is onmiddellik 'n aanknopingspunt en jy deel dit met iemand wat geestelik dieselfde of nie dieselfde nie, maar jou empatie met hierdie persoon kan deel. Ja dit maak baie sin.

"N": "Okay". As christene glo ons ook, een van die kern-geloofspunte van ons geloof is dat God ons stuur om uit te reik na ander in nood, ook om die evangelie van Jesus uit te dra aan ander wat dit nog nie ontvang of gehoor het nie. Kan jy my vertel van 'n geleentheid of in vanoggend se erediens of in enige ander erediens wat jy 'n persoonlike ontmoeting gehad het met die nood in die wêreld daar buite, maar ook jou rol as gestuurde van die Here beter verstaan het?



© University of Pretoria

"MN": Ek gaan nie direk verwys na vanoggend se erediens nie, dit is maar 'n hele proses van groei.

"N": "Okay".

"MN": En die tipe van dinge, maar ek het vir baie, baie jare het ek 'n geweldige passie vir nood.

"N": "Okay".

"MN": Vir die nood van ander.

"N": "Okay".

"MN": Ek het verskillende plekke gebly, ek was vir lank seker 4, 5 jaar betrokke by 'n hawelose sentrum in Sunnyside en daardie tyd het ek nie werk gehad nie. Ek was op medies af gewees en ek het my dae volgemaak deur na winkels toe te ry en hulle al hulle kos-produkte, vervaldatum bereik het te gaan bymekaar maak en ek het dit na hierdie sentrums toe gebring en ek en my vrou het ook 'n sopbediening gehad in “Eastern” waar ons in die aande, jy weet gaan uitreik het en 'n geestelike gesprek probeer voer het met hierdie ouens, maar dan ook in die proses iets aangebied het vir die, om die liggaam te, nee, ek het 'n passie, passie vir uitreik en vir, ek voel 'n mens moet 'n magie vol kry om by die essensie daarvan, jy kan nie met 'n honger mens die Evangelie bring nie, maar as 'n aanknopingspunt, as jy dit gebruik en sê “joe” waar kry ons dit, is dit nie wonderlik nie, die Here het dit vir ons moontlik gemaak, kom ons maak nou Sy Naam groot deur, nee ek het 'n passie vir uitreik. Die tipe van ding.

"N": Volgens oom help die erediens oor die algemeen om jou prakties toe te rus en te laat verstaan wat die Here se plan vir jou as gestuurde is?

"MN": Ja. Absoluut. Ek tel dit op in die skriflesing. Ons is besig met die skriflesing dan lees ek die teks “Gaan dan heen maak dissipels.” Baie dinge, jy weet tel ek op daar en dan weet ek, maar dit is nie vir die ou langs my nie. Die Here sê dit nou vir my.

"N": "Okay".

"MN": Binne die konteks van die gemeenskap van gelowiges.

"N": "Okay".

"MN": Hy sê deel van die gemeenskap, maar God gee aan jou vandag die opdrag, wat doen jy daarmee.



© University of Pretoria

"N": Die laaste vraag is 'n lekker oop vraag en dit is eenvoudig net, is daar enigiets anderste wat oom my kan vertel oor wat by van vanoggend se erediens of enige ander erediens uitstaan?

"MN": Ons predikante se regte deernis vir mense wat so duidelik na vore kom, met soveel liefde, soveel empatie en dan word daar ook sommer van die lys van afkondigings word vir mense gesê “joe” man hierdie persoon het behoefte, hierdie persoon het jou nodig, tannie Sannie van Vuuren word 92 Saterdag, wie gaan haar Saterdag bel namens die gemeente, sal jy asseblief bel. Dit maak vir my saak.

"N": "Okay".

"MN": Dit maak vir my saak waar daar moeite gedoen word en 'n ou, man ek wil hê jy moet namens ons gemeente dit en dit en dit, tel vir my punte.

"N": Alles reg. Verskriklik baie dankie vir oom se deelname ons waardeer dit baie.

"MN": Nee, groot plesier.

"N": En weereens dankie dat jy ingestem het om deel te neem aan die navorsing.

"MN": Groot plesier



© University of Pretoria